

METAMORFOSE

Van stagnasie tot transformasie

***Vir elke Christen wat hoop verloor het om
te verander...***

INHOUD

Inleidend	3
Die relevansie van die evangelie	
Hoofstuk 1	13
Oor beelde en weerkaatsers	
Hoofstuk 2	33
Vir die regte rede	
Hoofstuk 3	71
Maar hoe dan?	
Hoofstuk 4	89
En die donker tye?	
Hoofstuk 5	111
Waarhede wat werk!	
Hoofstuk 6	143
Bekeer!	
Hoofstuk 7	164
Benodig: Regte hartseer!	
Hoofstuk 8	175
Saai!	
Hoofstuk 9	196
Help mekaar!	
Hoofstuk 10	112
Laaste gedagtes	
Bronne	228

INLEIDEND

Die relevansie van die evangelie

Die boek in jou hand gaan oor verandering. Niks unieks daaraan nie. Daar is baie boeke, baie resepte vandag wat verandering vir jou lewe beloof. Maar hierdie boek is anders. Dit gaan oor die verandering wat die *evangelie* in jou lewe kan bring.

Laat ek dadelik begin deur te sê dat die evangelie nie in die eerste plek goeie nuus is omrede dit jou kan verander nie. Die evangelie sou absolute, onbegryplike goeie nuus gewees het selfs al sou dit geen verandering in jou lewe bring nie. Wat die evangelie goeie nuus maak is dat ek alreeds vrygespreek is in die hemelse hofsaal. Daar is geen veroordeling vir dié wat in Christus Jesus is nie. Die skuldigbevinding tot ewige, heilige toorn, is in my geval omgekeer. Jesus het dit in my plek geneem. En daarom is 1 Tessalonisense 5:9 waar: "*God het ons tog nie bestem om gestraf te word nie, maar om deur ons Here Jesus Christus verlos te word.*"

Die wonderlike is egter dat die evangelie *wel* ook verandering bring. Die evangelie is die sleutel tot die Christelike lewe. En dit is wat baie mense nie verstaan nie. Petrus, selfs nadat hy 'n leier in die vroeë kerk was, het nie die geweldige implikasies van die evangelie verstaan nie. Hy het, om die waarheid te sê, nog nie die evangelie verstaan nie. God moes met hom werk deur 'n visioen, om hom te oortuig dat hy verkeerd was in sy rassehoogmoed. Die tragiese is egter dat Petrus weer daarin verval het. Hy het weer ná daardie gebeure nie daarin geslaag om die evangelie reg toe te pas nie. Ons lees daarvan in Galasiërs 2:14: "*Toe ek sien dat hulle van die reguit pad van die evangeliese waarheid afwyk...*"

Petrus besluit om ten spyte van sy vorige insig in die saak, as gevolg van God se openbaring aan hom, hom te onttrek van die etes saam met die heidene, waarskynlik uit vrees vir onnodige aanstoot aan die Joodse broeders.

En luister nou na Paulus. Hy sê: Petrus se rasse-hoogmoed was *nie in ooreenstemming met die evangelie nie* (letterlik beteken dit dat dit nie in lyn met die evangelie was nie).

En dit sê vir my dat ons baie seker moet maak dat ons die evangelie verstaan. 'n Mens kan met jou verstand instem tot die evangelie – dit wat God buite ons gedoen het in Jesus Christus – maar dit nog nie verstaan nie!

Die feit dat Petrus selfs ná Handeling 10 weer *nie* in lyn met die evangelie geef het nie, oortuig my dat die onderwerp van *in lyn met die evangelie leef*, ontsaglik belangrik is.

Die hele Christelike lewe is 'n proses van vernuwing wat *elke dimensie* van ons lewe behels: geestelik, sielkundig, korporatief en sosiaal, deurdat ons manier van dink, hoop en lewe in lyn moet wees met die evangelie.

Die evangelie moet toegepas word op elke area van ons denke, ons gevoel, ons werk en gedrag.

Die krag van die evangelie

Eerstens wil Paulus ons laat besef dat wanneer die evangelie-waarheid as't ware gebring word om op elke area van die lewe 'n impak te hê, *dit* die manier is om *verander* te word deur die krag van God. Die evangelie word in die Bybel beskryf in die mees ongelooflike terme.

- Die engele verlang om daarna te kyk (1 Pet. 1:12).
- Dit bring nie net vir ons krag nie, dit is die krag van God (Rom. 1:16).
- Dit is die sien van God met voordele wat almal tref wat daar naby kom (1 Kor. 9:23).
- Dit word selfs die lig van die heerlijkheid van God genoem (2 Kor. 4:4-6).
- Dit het die lewe van God. Dit maak lewend.
- En dan, *nadat* die evangelie ons wederbaar, is dit die instrument van voortgesette groei (Kol. 1:6): “... wat julle sowel as die hele wêreld

bereik het; en dit dra vrug, net soos onder julle ook, van die dag af dat julle dit gehoor het en die genade van God in waarheid leer ken het.”

Uit Kolossense 1:6 leer ons:

- dat die evangelie ’n ”lewende” ding (vgl. Rom. 1:16) is wat soos ’n saad of boom is wat meer en meer nuwe lewe bring;
- dat die evangelie net in ons “geplant” is en vrug dra as ons die grootheid en implikasie daarvan verstaan;
- dat die evangelie voortgaan om in ons te groei en ons te vernuwe dwarsdeur ons lewens (soos dit gedoen het vanaf die dag dat julle dit gehoor het).

Hierdie teks help ons om beide die eksklusiewe, rasionalistiese benadering, óf die mistiese benadering tot vernuwing te vermy.

Aan die een kant het die evangelie inhoud – dit is diep leerstellig. Dit is waarheid en spesifiek die waarheid omtrent God se genade. Maar aan die ander kant is hierdie waarheid ’n lewende krag is wat voortdurend uitbrei en ons lewens beïnvloed, net soos wat ’n groentetuin of ’n boom meer en meer ’n area sal domineer.

☞ Die genoegsaamheid van die evangelie

Tweedens wys Paulus dat ons nooit “verby die evangelie” kom in ons geestelike lewe nie. Ons beweeg nooit na iets meer “gevorderd” nie. Die evangelie is nie die eerste trap in die leer van waarhede nie. Die evangelie is nie net die abc nie, maar die a-z van Christenskap. Die evangelie is nie net die minimum wat vereis word om die koninkryk in te gaan nie, maar die manier waarop ons alle vooruitgang in die koninkryk maak.

Ons word nie geregverdig deur die evangelie en dan geheilig deur gehoorsaamheid nie. Nee, die evangelie is die manier waarop ons groei, soos ons in Galasiërs 3:1-3 lees, en vernuwe word, soos ons in Kolossense 1:6 lees.

“Julle Galasiërs, is julle dan so sonder begrip? Wie het julle verstand benewel? Jesus Christus is tog so duidelik aan julle verkondig dat julle Hom as 't ware aan die kruis

kon sien hang! Net een ding wil ek van julle weet: Het julle die Heilige Gees ontvang deur die wet van Moses te onderhou of deur die evangelie te glo? Is julle dan so sonder begrip? Julle het met die Gees begin; wil julle nou in eie krag eindig?” (Gal. 3:1-3)

“Die evangelie het julle bereik, en net soos dit in die hele wêreld vrug voortbring en verder versprei, gebeur dit ook by julle van die dag af dat julle van God se genade gehoor het en dit leer ken het soos dit werklik is.”(Kol. 1:6)

Dit is die oplossing vir elke probleem, die sleutel tot elke geslote deur, die krag deur elke hindernis (Rom. 1:16). Dit is baie algemeen in die kerk vandag om te dink: “Die evangelie is vir nie-Christene. ’n Mens het dit nodig om gered te word.”

Maar as jy eers gered is, dan groei jy deur harde werk en gehoorsaamheid. Dalk dink jy nog so?

Kolossense 1:6 wys egter dat dit ’n fout is. Alles wat nie in lyn is met die evangelie nie sal jou nie heilig maak nie, dit sal jou verstrengel.

Al ons probleme ontstaan vanuit ’n mislukte poging om die evangelie toe te pas. Interessant, toe Paulus die gemeente van Efese agterlaat, sê hy in Handeling 20:32: *“En nou, broeders, dra ek julle op aan God en aan die woord van sy genade, wat magtig is om julle op te bou en julle ’n erfdeel te gee onder al die geheiligdes.”*

Die hoofprobleem in die Christelike lewe is dat ons nie die implikasies van die evangelie genoegsaam deurdink het nie. Ons het nie die evangelie in al die fasette van ons lewens gebruik nie.

Moenie ’n fout maak nie. Die evangelie word nie maklik begryp nie. Want begrip van die evangelie het nie veel te make met die kopkennis van Gereformeerde belydenisse nie.

Paulus sê dat die evangelie net sy vernuwende werk in ons doen as ons dit verstaan in al sy waarheid. Almal van ons tot ’n meerdere of mindere mate lewe rondom die waarheid van die evangelie maar ons begryp dit nie regtig nie.

Die sleutel tot voortgaande en dieper geestelik vernuwing en herlewing is dus die voortgesette herontdekking van die evangelie.

'n Vlak van vernuwing is altyd die ontdekking van 'n nuwe implikasie of toepassing van die evangelie – om meer te sien van sy waarheid. Dit is waar van individue en van die kerk.

☛ Die twee diewe van die evangelie

Aangesien Paulus die metafoor “in lyn met die evangelie” gebruik, kan ons aanneem dat evangeliese vernuwing plaasvind wanneer ons daaraan slaag om nie na links of regs oor die lyn trap nie.

Die sleutel in die denke rondom die implikasies van die evangelie is om die evangelie as 'n derde weg tussen twee teenoorgestelde wanopvattinge te sien.

Maar baie belangrik: ons moet besef dat die evangelie nie so 'n halfweg-kompromie tussen twee pole is nie; dit bring nie iets “in die middel” nie, maar iets anders as hierdie twee pole. Die evangelie kritiseer beide godsdiens en godsdiensloosheid (Matt. 21:31; 22:10).

Hierdie twee foute, naamlik *godsdiens* en *godsdiensloosheid* is baie kragtig, want dit verteenwoordig die natuurlike geneigdheid van die menslike hart en denke. Onthou die evangelie word geopenbaar deur God (Rom. 1:17) – die menslike verstand kan dit nie sonder hulp verstaan nie.

Die twee diewe kan genoem word *moralisme* of *wettisme* aan die een kant en *bedonisme* of *relativisme* aan die ander kant. Om dit eenvoudiger te stel: Die evangelie staan teenoor beide *godsdiens* en *godsdiensloosheid*.

Godsdiens beklemtoon waarheid sonder genade, want dit sê ons moet die waarheid gehoorsaam as ons gered wil word. Aan die ander kan beklemtoon *godsdiensloosheid* genade sonder waarheid, want dit sê dat ons almal deur God aanvaar word (as daar 'n God is) en ons moet besluit wat vir ons waar is.

Maar waarheid sonder genade is nie werklik waarheid nie, en genade sonder waarheid is nie werklik genade nie. Jesus was vol genade en waarheid.

As een van die kante nie beklemtoon word nie of verloor word, word die vreugde en krag en vrymaking van die evangelie gesteel deur òf die een òf die ander van hierdie twee diewe.

Die evangelie sê: Ek is meer sondig en vol foute as wat ek ooit kon droom (teenoor *relativisme* of *hedonisme*).

Maar terselfdertyd is ek meer aanvaarbaar en geliefd as wat ek ooit kon droom om te wees (teenoor *wettisme*).

➤ Hoe steel die moralisme/godsdiens die vreugde en krag?

Moralisme is die siening dat jy aanvaarbaar is (vir God, die wêreld, ander en jouself) deur dit wat jy vermag. *Moraliste* hoef nie noodwendig godsdienstig te wees nie, maar dikwels is hulle. Wanneer hulle wel godsdienstig is, dan is hulle godsdiens uiters konserwatief en gevul met reëls. Soms sien moraliste God as geweldig heilig en regverdig. Hierdie siening lei

- a) óf tot selfhaat, want jy kan nie aan die standaard voldoen nie,
- b) óf tot selftevreidenheid/opgeblasenheid – want jy dink jy het aan die standaard voldoen.

Dit is ironies om te sien dat beide minderwaardigheids- en meerderwaardigheidskomplekse dieselfde wortel het. Of die moralis uiteindelik eindig as hooghartig en liggeraak of stukkend en skuldig is, hang net af van hoe hoog die standaard is en van 'n persoon se natuurlike voordele soos familie-agtergrond, intelligensie, voorkoms, wilskrag en so meer.

Moralistiese mense kan diep godsdienstig wees, maar daar is geen transformerende vreugde of krag nie.

Hoe steel die relativisme/godsdienslose dief vreugde en krag?

Relativisme is gewoonlik ongodsdiensstig of anders verkies hulle wat genoem word *liberale* godsdiens. Op die oppervlak is hulle gelukkiger en meer verdragsaam as die *moralis/godsdiensstig* mense.

Alhoewel hulle hoogs idealisties op sekere gebiede soos byvoorbeeld politiek kan wees, glo hulle dat elkeen moet bepaal wat reg en verkeerd is vir hulle. Hulle is nie oortuig dat God regverdig is en sondaars moet straf nie. Hulle geloof in God is geneig om Hom te sien as 'n liefdevolle onpersoonlike mag. Hulle mag geweldig baie praat van God se liefde, maar aangesien hulle nie aan hulle self dink as sondaars nie, *kos God se liefde Hom niks nie*. As God ons aanvaar, is dit omdat Hy so gasvry is, of omrede ons nie so sleg is nie. Die konsep van God se liefde in die evangelie is natuurlik baie ryker en dieper en kragtiger.

Wat het beide *godsdiensstige* en *godsdienslose* mense in gemeen? Hulle lyk so verskillend, maar vanuit die gesigspunt van die evangelie is hulle in werklikheid dieselfde.

Hulle is beide maniere om Jesus as Verlosser te vermy en beheer te hou oor hulle lewens. Godsdienslose mense probeer hulle eie verlossers wees deur *nie* godsdiensstigheid, of wêreldse hoogmoed (Niemand sal my sê hoe ek moet leef nie, of wat ek moet doen nie, ek bepaal wat reg en verkeerd is vir my).

Maar *morele, godsdiensstige* mense probeer hulle eie verlossers en here wees deur godsdiens, en godsdiensstige hoogmoed (Ek is meer geestelik en moreel as ander mense, daarom is God verplig om na my gebed te luister en my na die hemel te neem. God kan nie sommer enige ding met my laat gebeur nie – Hy skuld my 'n gelukkige lewe, want ek het dit verdien.)

Die *godsdienslose* persoon verwerp Jesus geheel en al, maar die godsdiensstige persoon gebruik Jesus net as voorbeeld en helper en leraar – nié as Verlosser nie.

Dit is twee verskillende maniere om dieselfde ding te doen – beheer oor ons eie lewens.

Terloops, dit is ironies dat *moraliste* ten spyte van al hulle klem op tradisionele standaarde, op die einde self- gesentreerd en individualisties is, omrede hulle eintlik hulle self as verlossers aangestel het. *Relativiste*, ten spyte van al hulle klem op vryheid en aanvaarbaarheid, is op die einde *moralisties*, omrede hulle steeds aan hulle eie standaarde moet voldoen òf in desperaatheid verval. En dikwels is hulle geweldig hoogmoedig oor hulle geweldige 'open mindedness' en veroordeel ander wat nie so is nie!

Beide is gebaseer op 'n verminkte siening van die ware God.

Die *godsdienslose* verloor sig van die heiligheid van God, en die feit dat Hy verbondsgehoorsaamheid aan Hom vereis. En die *godsdiensstige* verloor sig van die liefde en genade van God – en uiteindelik verloor hulle beide die evangelie. Totaal en al.

Want die evangelie is dat Jesus aan die kruis voldoen het aan 'n volkome verbondsgehoorsame lewe aan God uit liefde vir ons. Sonder 'n verstaan van die werk van Christus aan die kruis, sal die realiteit van God se heiligheid genade onwerklik maak, òf die realiteit van sy liefde sal sy heiligheid onwerklik maak.

Net die evangelie: Die feit dat ons so sondig is dat ons nodig het om totaal uit genade gered te word – net dit laat 'n persoon toe om God te sien soos Hy werklik is.

Die evangelie wys dat God baie heiliger is as wat die *moralis*, of wettiese persoon kan verdra – hy moes *sterf* (God in Christus) omdat ons nie aan sy vereistes kon voldoen) en tog is Hy ver meer genadig as wat 'n *humanis*, 'n *relativis* homself kan indink – Hy moes *sterf* omdat Hy ons liefhet.

Beide verloën sonde en verloor so die vreugde en krag van genade.

Dit is voor die handliggend dat *relativistiese*, *ongodsdiensstige* mense die diepte van sonde verloën, en die boodskap dat *God jou liefhet* dus geen krag vir hulle het nie. Maar alhoewel *godsdiensstige* mense geweldig berouvol en

jammer oor hul sonde kan wees, sien hulle sonde slegs as die mislukking om die standaard te bereik wat hulle aan hulleself stel om gered te word.

Hulle sien nie sonde as die dieper selfgeregtigheid en selfgesentreerdheid, waardeur hulle probeer om onafhanklik van God te lewe nie

As hulle dus na Jesus gaan vir vergifnis, sien hulle Hom net as Een wat hulle kan help in hulle projek van selfverlossing. En as mense sê: “Ek weet God is vergewensgesind, maar ek kan nie myself vergewe nie, bedoel hulle daarmee dat hulle God se genade verwerp en volstaan by die feit dat hulle sy guns waardig is.

Selfs godsdienstige mense met lae selfbeelde is in werklikheid geweldig vol van hulleself, want hulle wil nie die diepste van hul sonde sien nie. Hulle sien dit net as verbreking van reëls, nie as rebellie en selfverlossing nie en ook nie as veragting van die kruis nie.

☛ Wat is 'n Christen dan? Hoe lyk iemand wat die evangelie verstaan?

Mense wat die evangelie verstaan is mense wat 'n heel nuwe sisteem van nadering tot God aangeneem het. Hulle mag *godsdienstige* sowel as *godsdienstlose* fases in hulle lewens gehad het. Maar hulle is mense wat gesien het dat die hele rede vir hulle *godsdien*s en *godsdienstloosheid* in beginsel dieselfde was en in beginsel verkeerd was.

Christene en mense wat die evangelie verstaan is mense wat gesien het dat hulle sonde sowel as hulle beste daade ten diepste maniere was om Jesus as Verlosser te vermy. Hulle het gesien dat Christenskap nie 'n uitnodiging is om meer *godsdienstig* te word nie. 'n Christen is iemand wat by die punt gekom het waar hy sê: Alhoewel ek dikwels misluk het om volgens God se standaard te leef, *was my dieper probleem die rede waarom ek dit probeer gehoorsaam het!*

Selfs my pogings om te gehoorsaam was net 'n manier om my eie verlosser te probeer wees. Met daardie uitkyk is selfs my gehoorsaamheid of my vra vir vergifnis 'n teenstaan van die evangelie en 'n poging om myself

verlosser te maak. As jy die evangelie snap draai jy weg van selfregverdigmaking en vertou op Jesus se verhouding met God.

Ongodsdienstiges bekeer dus glad nie, en *godsdienstiges* bekeer net van sonde. Christene bekeer ook van hulle geregtigheid en dit is die verskil. Sonder kennis van ons diep-diep sondeprobleem lyk die kruis vervelig, en dit transformeer en stimuleer nie. Maar sonder die kennis van Jesus se volkome werk in lewe en in sterwe aan die kruis sal die kennis van sonde ons papdruk of ons beweeg om dit te ontken en te onderdruk.

As jy òf kennis van sonde, òf kennis van genade wegneem, word mense nie verander nie. As ons hierdie onderskeid verstaan kan ons begin om ons hele lewe in lyn met die evangelie te bring.

Nou is jy reg vir hierdie onderwerp van verandering wat betref jou sondige gedrag en emosies. Nou is jy reg vir 'n *metamorfose*.

Wat jy in hierdie boek gaan kry is lesings en preke wat aangebied en gepreek is. Dit is grotendeels gebaseer op 'n boek van Tim Chester, *You can Change*. Chester se basiese uitgangspunte, indeling en gedagtegang word dan ook nagevolg, maar daar is gepoog om veral meer breedvoerig eksegetiese op sekere relevante Skrifgedeeltes te doen. Waar Chester dus kortliks na 'n teks verwys, word daar in hierdie boek deeglik daarop ingesak. 'n Volle preek! Die laaste hoofstuk sien ook heeltemal anders daar uit as die van Chester se boek.

Geniet dit. En word verander!

Hoofstuk 1

Oor beelde en weerkaatsers

... heiligheid of toewyding raak elke deel van ons persoon, dit maak ons wese vol, versprei oor ons lewens, beïnvloed alles wat ons is, of doen, of dink... ons hartseer ons blydschap, ons ontspanning, ons stil wees, ons praat, ons lees, ons skryf, ons inkom ons uitgaan – ons hele mens in elke beweging van gees, siel en liggaam. In die huis, die kerk, die winkel, agter die lessenaar, op die snelweg...dit moet hieruit duidelik word dat ons lewens toegewyd is.

(Horatius Bonar)



Neutedop samevatting

Ons het almal dinge omtrent onself wat ons graag wil verander. God het ook 'n groot agenda vir verandering in ons lewens. Ons is geskep na God se beeld, om God se heerlikheid te weerkaats. Die mens het God egter verwerp, en daardie beeld is verbreek. Maar toe kom Jesus, die ware beeld van God wat God se heerlikheid perfek weerkaats. God wil hê ons moet soos Jesus word – ons moet "sy heerlikheid weerkaatsers" word. Daarom skep God Christene na sy beeld. As ons God se heerlikheid in Jesus, sien deur geloof, lei dit daartoe dat ons God se heerlikheid soos Jesus reflekteer.

As jy as Christen eerlik is met jouself en nie volstruispolitiek toepas as dit by ander Christene kom nie, sal jy met my saamstem: Ons sukkel! Ons sukkel om te verander. Ons as evangeliese Christene weet hoe iemand 'n Christen moet word. Ons sal vir iemand presies kan verduidelik wat hy of sy moet doen om een te word. Maar as iemand eers 'n Christen is, weet ons dikwels nie verder nie. Stagnering tree gou in en wie van ons weet nie van al die teleurstelling in onself en ander Christene rondom ons as dit kom by gedrag en emosies nie?

Ja, ons kan dikwels baie praat en redeneer oor al wat 'n onderwerp is, maar ons sukkel om te verander wat ons daaglikse gedrag en emosies betref.

En tog wil ons verander! Wie van ons wil nie? Daar is so baie dinge wat ons as Christene graag sou wou verander. Die spektrum is natuurlik wyd.

Miskien sou jy graag daardie skewe neus wou verander, of jou vrou wat so kerm; miskien sou jy graag beter gemanierde kinders wou hê. Of dalk sou jy graag net 'n slag 'n ordentlike werk wou hê – sodat jy iets kan wees! Miskien wil jy graag meer pittig wees, die middelpunt van die geselskap, of minder kwaai of depressief. 'n Bietjie minder die slagoffer van jou emosies.

Dalk is jy iemand wat deur almal gerespekteer word as Christen. Iemand wat nie een van die sondes doen waaraan ons mekaar se Christenskap meet nie. Maar jy weet wat die ander nie weet nie. Jou Christelike lewe het bitter min vreugde. Jy is dikwels geïrriteerd, jy kla dikwels. Of jy sukkel met jou humeur. Miskien sukkel jy met 'n geweldige liefde vir geld en nuwe dinge. Miskien met wellus. En jy wil verander.

Dalk lees jy as nuwe Christen wat sukkel om gewoontes van jou vorige lewe te verander hierdie boek. Miskien is jy al jare lank 'n Christen wat voel jy het 'n plato bereik – jy vorder niks. Of miskien is jy as iemand wat in 'n groot sonde geval het. Egbreuk, pornografie...

Wat ook al die geval mag wees, jy moet weet daar is hoop. Daar is hoop op verandering. Ek wil 'n stelling maak: Wát ook al jy en ek wil verander, ons is nie ambisieus genoeg nie! Ons wil te min. Ek en jy neem sekere Bybelse waarhede nog nie ernstig genoeg op nie! Ons is nie ambisieus genoeg nie! God bied ons iets meer – baie-baie meer!

Formidabele beeld

Genesis 1:26-27

Sonder om te diep en te teologies te raak – as jy aan ’n beeld dink, dink jy waarskynlik aan iets soos Paul Kruger se standbeeld in Pretoria. Of as jy soos ek in Windhoek gebore is, sal jy dink aan Kurt Von Francois se standbeeld. ’n Beeld staan vir iemand anders. Dit stel iemand voor wat jy nie meer kan sien nie. Ons is gemaak om God sigbaar voor te stel op aarde. Ons is bedoel om in ’n verhouding met Hom te wees, Hom te ken, te deel in sy heerskappy op die aarde, sy heerlikheid te reflekteer. As jy nou wonder oor die korrektheid van my interpretasie van *beeld* wees, wees geduldig. Jy sal later sien dat dit definitief ingesluit is in die gedagte van *beeld van God*.

Die rede waarom ons nie beelde van lewende dinge mag maak en dit aanbid nie, is juis omrede óns sy beeld is. Ons is God se verteenwoordigers op aarde. Ons is sy heerlikheid. Ons vertoon Hom, wys hoe Hy is in die wêreld! Ons is dus gemaak sodat die hele skepping kan weet hoe God sou lyk as Hy ’n dokter, ’n advokaat, ’n besigheidsman of huisvrou sou wees.

Ná elke skeppingsdag het God gesê dat dit goed was. Na die 6de dag, toe die mens klaar gemaak is, sê Hy dat dit baie goed was. God se werk was nie klaar totdat daar iets in die wêreld was wat sy heerlikheid kon reflekteer nie.

Ons maak dikwels verskoning vir ons optrede deur te sê: “*Ag, dit is net menslik.*” Daar is niks “net” omtrent menswees nie; ons is werklik mens soos ons God se heerlikheid weerspieël.

Neem *jy* hierdie beeld ernstig genoeg op? Ek weet jy sit met baie vrae. Maar beantwoord net eers dít vir jouself.

☞ *Angswekkende tragedie*

📖 **Romeine 3:23; Romeine 3:10-18; Genesis 6:5**

Dink aan 'n beeld wat jy al gesien het. 'n Ongelooflike kosbare beeld. Stel jou voor daardie beeld het 'n gapende kraak in. 'n Kraak wat maak dat jy nie eers meer kan sien wie se beeld dit is nie. As jy nou eerlik is sal jy erken dat jy so 'n gekraakte beeld van God is.

Ons probeer dus ons lewens op óns manier leef en ons maak 'n gemors daarvan. Ons sukkel om God se beeld op aarde te wees. Ons reflekteer nie meer sy heerlijkheid soos ons moet nie.

God se uitspraak oor die mensdom word opgesom in Romeine 3:23: “*Almal het gesondig, en het nie deel aan die heerlijkheid van God nie.*” (NAV) Sommige uitgawes van die NAV se vertaling lees: “*en is ver van God af,*” en dit kan maak dat jy die bedoeling nie verstaan nie. Die OAV stel dit meer letterlik, sodat ons dit beter verstaan: “*dit ontbreek hulle aan die heerlijkheid van God.*” Die meeste Engelse vertalings stel dit soos volg: “*fall short of the glory of God.*”

Terloops, in die Bybel is *beeld* en *heerlikheid* uitruilbare terme. As die *beeld* van God was die mens geskep om die *heerlikheid* van God in miniatuur-geskape vorm te weerspieël. Ons het misluk om te wees waarvoor ons gemaak is. Ons kan nie die mense wees wat ons wil wees nie, laat staan nog wat ons móét wees. Ons lees hoe die mens wat na God se beeld geskape is, vóór die sondvloed gelyk het. Het jy dit gesien in Genesis 6:5? *Die HERE het gesien dat die boosheid van die mens op die aarde groot was en al die versinsels wat hy in sy hart bedink, altyddeur net sleg was.*

Romeine 3:23 word baie beeldryk uitgebeeld in Romeine 3:10-18. Gaan lees dit gou! Ek hoop jy het dit raakgesien? Dít is die teenoorgestelde van die heerlijkheid, die beeld van God!

Neem ons die feit dat ons hopeloos ver is van wat ons moet wees ernstig genoeg op? Neem jy dit ernstig op dat die beeld gebreek is?

Miskien sê jy: “Maar wat is die punt? Is dit nie sinneloos om te praat oor die feit dat ons na die beeld van God geskep is as daar eintlik van Adam se tyd af nooit weer ’n mens was wat werklik die beeld van God was, soos ’n mens dit moet wees nie?” Wel, lees verder.

Jesus Christus – beeld van God!

📖 2 Korintiërs 4:4; Kolossense 1:15; Johannes 1:1;14; Hebreërs 1:3; Romeine 3:9 e.v.; Filippense 2:6-8; Romeine 8:28-30

Het jy die Skrifgedeeltes hierbo gelees. Wat het jy gesien? Jesus is die heerlijkheid van die Vader! Hy is die beeld van God. En nou sien ons dat ons beskrywing van wat die beeld is, reg was. Hy was die naaste aan die Vader, in ’n noue verhouding met Hom. Hy deel in die heerskappy van die Vader. Hy maak God bekend in die wêreld. Hy wys hoe God lyk.

Maar Hy was volkome mens. Jesus was ’n baba, ’n normale baba, gebore op ’n normale manier. Jesus was *regtig mens*. Jesus was ’n baba wat homself vuilgemaak het, melk opgebring het, geskree het as Hy honger was. Hy was volkome afhanklik van sy ouers om in elke behoefte van Hom te voorsien. Hy kon niks vir Homself doen nie. Met sy klein handjies het Hy die vingers gegryp wat na Hom uitgehou is. Hy kon vir eers nie anders kommunikeer as net deur te skree nie. Dit het hom maande geneem om te leer kruip, en nog meer maande om te leer loop en praat – Jesus was ’n normale, menslike baba.

Maar hierdie Jesus het ook opgegroeï en deur al die fases van grootword gegaan. Hy het ook sy tone stukkend gestamp teen klippe, ook gespeel met ander kinders en dalk soms ook paddavissies gevang. Hy het ook puberteit bereik. Hy was ook bewus dat sy liggaam verander en ontwikkel. Daarmee saam het Hy al die normale drange en begeertes van ’n tienerseun beleef. Die enigste verskil tussen Hom en ons – Hy het deur dit alles nooit gesondig nie. Maar Hy verstaan elke versoeking. Hy is in elke opsig versoek soos ons, en daarom verstaan Hy dit! (Heb. 2:18; 4:15). Tydens die

drie jaar van sy bediening het Hy honger en dors geken. Sy voete het seer en vuil geword van die lang afstande op vuil stowwerige Palestynse paaie. Hy het geen plek gehad om sy kop neer te lê nie. Van hard en ongemaklik slaap het Hy alles geweet.

Hy het soos 'n normale jong Joodse man gesels, grappe gemaak en saam met sy nabye vriendekring, die dissipels gelag. En so kan ons aangaan.

Hierdie Jesus, as *mens*, was die beeld van God! In Johannes 1:1 lees ons dat Jesus die *Woord* is. Ons weet 'n woord is die uitdrukking van 'n gedagte. In Hebreërs 1:3 lees ons dat Jesus die *afskynsel van God se heerlikheid* is. Ons weet die helderheid van die strale druk die son uit, openbaar die son, al kan ons nie die son sien nie. In dieselfde vers lees ons dat Jesus die *afdruksel van God se wese* is. 'n Wasafdruk druk presies die seël uit.

Kom dink bietjie saam met my oor die hele gedagte dat Jesus God bekendmaak, wys, of as jy wil, openbaar. Kom ons gebruik die beelde uit die Bybel wat ons nou gebruik het. Ons kan dan sê: Die woord is die 'seun' van 'n gedagte, die wasafdruk is die 'seun' van die seël, die strale is die 'seun' van die son, dus is Jesus die seun van God.

Hy is God in menslike vorm. Hy wys ons wat dit beteken om die beeld van God te wees en om God se heerlikheid te reflekteer.

Jesus is die beeld van God, soos God bedoel het, 'n *mens* moet die beeld van God wees. En dit maak dit nou baie makliker om te verstaan, of hoe? Nou raak dit minder abstrak. Terloops, die Nuwe Testament sê soms dat ons *soos God* moet wees, en soms dat ons *soos Christus* moet wees. Die rede is: Christus is die ware beeld van God.

Om aan te sluit by ons tema: Jesus kom wys ons God se *agenda vir verandering*. God stel nie daarin belang om ons godsdienstig te maak nie. Dink aan Jesus: Hy is deur godsdienstige mense gehaat. God stel ook nie daarin belang om van ons geestelike mense te maak nie, as ons daarmee bedoel kluisenaars iewers in grotte of kamertjies. Jesus was God wat betrokke was.

God stel nie daarin belang om ons self-absorberend te maak nie: Jesus was die verpersoonliking van selfopoffering. God stel nie belang in blote gemoedelikheid nie. Jesus was passievol vir God, woedend oor sonde, Hy het gehuil vir die stad.

Die woord *heilig* beteken *eenkant gesit, toegeny*. Vir Jesus het *heiligmaking* beteken *eenkant gesit*, anders as ons sondige maniere. Dit beteken nie eenkant gesit van die wêreld nie, maar *toegeny aan God* in die wêreld. Hy was God se heerlikheid, in en vir die wêreld.

Die heerlikheid van God is die somtotaal van wat Hy is: Vol van genade en waarheid. Vergelyk dit met wat jy gelees het in Romeine 3:9 en verder.

Hy is liefde, goedheid, skoonheid, reinheid, oordeel, prag, krag, wysheid en majesteit.

Die aardse lewe van Jesus reflekteer die heerlikheid van God in die goedheid van sy optrede, die skoonheid van sy houding en die suiwerheid van sy gedagtes. Hy reflekteer die krag van God in wat lyk soos 'n totaal verkeerdheid manier. Hy vertoon die vryheid en genade van God, nie deur vas te klou aan sy prag nie, maar deur dit in liefde prys te gee om ons te red (Fil. 2:6-8).

Jesus is die ware beeld van God, wat God se heerlikheid vertoon deur sy lewe en deur sy dood.

Jesus se openbare lewe gaan vir drie jaar aan. Drie jaar van geduldige lering gee, en van goed doen met slegs misverstand en vyandskap in ruil daarvoor. Hy wou ook sê: Ek gee op. Ek het dit nie nodig nie. Maar in stede daarvan sê Hy: “*Nie my wil nie, maar U wil.*” ’n Paar ure later hang Hy aan ’n kruis, met spykers wat deur die vlees van sy hande en voete skeur, longe wat hyg na lug, mense wat op Hom spoeg en Hom beledig. Hy wou sê: “*Ek gee op. Ek kom af. Ek kan nie meer nie!*” Maar in stede daarvan sê Hy: “*Vader vergeef hulle.*” Hy gaan voort totdat Hy kon uitroep: “*Dit is volbring.*”

Jesus is die perfekte persoon! Die ware beeld van God. Die heerlikheid van die Vader. En wat ek en jy nou baie duidelik moet hoor is dit: *God se*

agenda vir ons is om soos Jesus te word. Daar is talle Skrifgedeeltes in die Nuwe Testament wat dit aandui.

Kom ons dink net vir 'n oomblik aan Romeine 8:28-30: *“Ons weet dat God alles ten goede laat meewerk vir dié wat Hom liefhet, dié wat volgens sy besluit geroep is. Dié wat Hy lank tevore verkies het, het Hy ook bestem om gelykvormig te wees aan die beeld van sy Seun, sodat sy Seun baie broers kan hê van wie Hy die Eerste is. Dié wat Hy daartoe bestem het, het Hy ook geroep. En dié wat Hy geroep het, het Hy ook vrygespreek. En dié wat Hy vrygespreek het, het Hy ook verbeerlik.”*

In Romeine 8 sê Paulus dat God alles wat gebeur gebruik om ons soos Jesus te maak. Beide die goeie en die slegte. Ja, die slegte dinge word inderdaad in 'n sekere sin vir ons goed, want dit maak ons soos Jesus! In sigself mag dit verkeerd wees, boos wees, maar God gebruik dit vir die goeie in die lewens van dié wat Hom liefhet.

En daardie ‘goed’ is dat ons meer soos Jesus word. Ons moenie teleurgesteld wees hieroor nie. Dit gaan nie hier oor die aanbied van 'n “Steers burger” vir 'n kind en dan gee jy hom 'n bak kool nie. Ons weet kool is goed vir ons, maar ons verkies “Steers burgers”. Nee, Jesus is nie net goed vir ons nie. Hy is goedheid self. Hy definieer goedheid.

Die *geheim van evangeliese verandering* is om oortuig te wees dat Jesus self die goeie lewe en die fontein van alle vreugde is. Enige alternatief wat ons kies sal 'n teleurstelling wees.

Om ons soos Jesus te maak, was van die begin af God se plan gewees. God het ons voorbestem; Hy het beplan dat ons soos sy Seun sal word (Rom. 8:29).

Selfs vóór God die wêreld gemaak het, was sy plan om my en jou soos Jesus te maak. En alles wat gebeur is deel van daardie plan. Daar sal 'n dag kom wanneer ons sal deel in God se heerlijkheid en daardie heerlijkheid sal terugreflekteer sodat Hy deur ons verheerlik sal word (Rom. 8:30).

Ons moet by wyse van spreke 'n “Jesus” word. Ons taak is om die heerlijkheid van God in die lewe en dood van Jesus te bestudeer. Ons moet sy karakter bestudeer, sy rol leer, en sy motivering verstaan. Ons moet dit

doen sodat ons *in elke situasie 'n "Jesus" kan* wees. Ons sal situasies in die gesig staar wat Jesus nooit in die gesig gestaar het nie. Maar as ons sy karakter goed genoeg verstaan, sal ons in staat wees om dit te doen.

Neem jy Jesus Christus as beelddraer van God ernstig op?

☛ *Heerlike nuwe skepping!*

📖 2 Korintiërs 5:17; 2 Korintiërs 4:6; Efesiërs 4:24; 1 Korintiërs 15:49; Kolossense 3:9-10

Miskien voel jy steeds – wel wat is die punt? Ek glo Jesus was die beeld van God, maar wat help dit my. Dit maak my net moedeloos. En jy is reg. Kyk, ek sou graag soos Morné Steyn wou skop. Ek kan na video's van hom in aksie kyk. Ek kan leer wat hy doen. Ek sou hom selfs kon oortuig om my af te rig. Dit mag alles lei tot klein verbeterings in my skopvermoë. Maar dit gaan nie van my die volgende Springbok losskakel maak nie!

Ek wil soos Jesus Christus wees. Ek kan Hom in aksie dophou wanneer ek die evangelies lees. Ek kan die lewe wat Hy geleef het bestudeer, en die liefde wat Hy betoon het navolg. Ek kan baie hard probeer om Hom na te boots. Maar die beste waarop ek kan hoop is 'n klein, kortstondige verbetering, en natuurlik sal daardie klein verbetering my weer trots maak, wat natuurlik weer 'n streep deur alles sal trek.

Ek het meer as 'n voorbeeld nodig. Ek het hulp nodig. Ek het iemand nodig wat my kan verander. Om te probeer om Jesus na te boots sal my net altyd soos 'n mislukking laat voel. Ek kan nie soos Hy wees nie. Ek maak dit nie. Ek het redding nodig. Ek het vergifnis nodig.

En dit is natuurlik die wonderlike nuus. Jesus is nie net my voorbeeld nie, maar ook my Verlosser.

Lees net weer 2 Korintiërs 5:17: *"Iemand wat aan Christus behoort, is 'n nuwe mens. Die oue is verby, die nuwe het gekom."* Letterlik staan hier dat die wat aan Christus behoort 'n nuwe *skepping* is.

Hier is iets wat ons verseker nie ernstig genoeg opneem nie: Wanneer jy 'n Christen word, gebeur iets geweldig; daar kom 'n nuwe *skepping* tot stand.

Die krag van God wat die son en sterre gemaak het, word by wyse van spreke soos 'n laser op jou hart gefokus. God stap jou wêreld binne by wyse van spreke en skep weer oor. Ons is getransformeer, weergebore, nuutgemaak.

Lees nou 2 Korintiërs 4:6: “*God wat gesê het: ‘Laat daar lig skyn uit die duisternis,’ het ook in ons harte ’n lig laat skyn om ons te verlig met die kennis van die heerlijkheid van God, wat van Jesus Christus uitstraal.*”

God het 'n woord in die duisternis ingesprek en daar was lig. Hy het 'n woord in die chaos ingesprek en daar was skoonheid. En nou het God weer 'n woord gesprek deur die evangelie. Hy spreek 'n woord in die duister van ons harte en daar is lig. Hy spreek in die chaos van ons lewens in en daar is skoonheid.

Wat beteken dit vir ons om 'n nuwe skepping te wees? Dit beteken ons is herskep na die beeld van God. Dit beteken ons is nuwe lewe gegee sodat ons kan groei soos Christus. En om soos Christus te wees, beteken om soos God te wees. Om God se heerlijkheid te reflekteer. Gaan lees weer Efesiërs 4:24, 1 Korintiërs 15:49 en Kolossense 3:9-10.

Jesus het gekom om ons *oor te maak* na God se beeld. Hy is die tweede Adam. Almal kry hulle *beeld* van hulle vader Adam. Ons is gemaak na die beeld van Adam. Dit moes beteken dat ons na die beeld van God gemaak is, maar dit beteken nou ná die sondeval dat ons volgens 'n gebroke beeld gemaak is. Ons het almal 'n ingeboude vooroordeel teen God.

Maar Jesus is die tweede Adam en almal wat deur die geloof met Jesus verenig is, word nuutgemaak na die beeld van Jesus Christus, dit is die beeld van God soos dit moes wees.

Jesus het ons gebrokenheid, ons haat en die vloek waaronder ons gestaan het, op Hom geneem aan die kruis. Hy het die straf vir ons sonde op Hom

geneem, en het ons in die plek daarvan 'n nuwe lewe en 'n nuwe liefde gegee. God se werk is verandering! Hy is daarop ingestem om ons soos Jesus te maak.

Hy *herstel* (let wel: Hy hoop nie net om dit te doen nie) sy beeld in ons, sodat ons Hom weer kan ken, saam kan heers en sy heerlikheid kan reflekteer.

Ons gaan nou sien dat Christenwees ten diepste juis is om die heerlikheid, die beeld, van God te reflekteer, sodat ander verander word. Daarna sal ons later kyk.

Dink weer aan wat jy graag sou wou verander: Ek hoop jy sien jou ambisie is hopeeloos te klein. God het ontsaglik baie meer wat Hy in en deur jou wil doen.

Bedoel om heerlikheid te weerkaats

2 Korintiërs 3

Ons het nou gesien dat ons almal dinge het wat ons wil verander. Vanaf ons voorkoms en huweliksmaats tot ons vreugdelose, middelmatige Christenskap. En ek het probeer om die gordyn bietjie oop te trek en te probeer aandui dat ons heeltemal te min wil verander. Ek het probeer om jou te laat sien dat God se agenda vir jou net een ding is: Jy moet sy beeld wees.

En ons het gesien dat dit geen “*pie in the sky*” is nie. Ja, die beeld van God is liederlik vermink deur die sondeval – ons weet nie meer hoe dit moet lyk nie, maar daar was een Man wat kom wys het hoe dit lyk. Jesus Christus wat in Kolossense 1:15, en ander plekke eksplisiet die beeld van God genoem word. En as jy as Christen hier lees, dan het daar iets geweldig in jou plaasgevind – 'n herskepping, wat jou nou in staat stel om soos die nuwe, laaste Adam, Jesus te word.

Kyk na jouself, vat aan jouself en sê vir jouself: Dit is waarvoor ek gemaak is. Beeld van God.

Ek wil hierdie gedagte voltooi, deur te fokus op die feit dat ons nie net beelddraers van God moet wees nie, maar weerkaatsers. Anders gestel: ons moet verstaan dat ons weerkaatsers van God se heerlijkheid *kan* wees. Onthou ons het nou aangedui dat *beeld* en *heerlikheid* uitruilbare terme is. Wat ons nou veral moet sien is dat ons weerkaatsers moet wees in so mate dat ander rondom ons verander na die beeld, of dan heerlijkheid van God.

En dit is die wonderlike waarheid wat Paulus in 2 Korintiërs 3 belig.

Moses ware mens in verkeerde bedeling

Paulus verwys na Moses 2 Korintiërs 3:7. Die gedeelte waarna hy verwys is Eksodus 34:29-35. Gaan lees dit gou weer as jy dit nog nie gedoen het nie. Wat ons daar sien is dat Moses se gesig geskyn het met die heerlijkheid van God toe hy van die berg af gekom het. Hy het die heerlijkheid weerkaats. In so mate dat die Israeliete bang was daarvoor en hy sy gesig moes toemaak.

Wat ons moet raaksien is dít. Moses wat God ontmoet en dan skyn met sy heerlijkheid, is *wat die mens bedoel was om te wees*.

Jy sou sien dat Paulus sê daar het iets kortgekom, daar was iets fout hier. Kyk na 2 Korintiërs 3:13. Wat sê Paulus? Hy sê sy bediening en die tyd waarin die Christene in Korintiërs geleef en daarom die tyd waarin ek en jy leef, is 'n beter bedeling as dié waarin Moses geleef het. Het jy dit gesien? Paulus praat oor Moses se tyd, se bedeling en sy bediening, en hy maak dit duidelik dat daar wel bietjie heerlijkheid was, bietjie beeld van God was, soos gesien in Moses se gesig wat skyn – maar daar was nie genoeg nie! Hy wys dat hierdie tydperk aan die verbygaan was. Dat dit 'n tydperk is wat moes vergaan (2 Kor. 3:11).

Die groot tekortkoming van die heerlijkheid van hierdie bedeling was dit: slegs Moses se gesig het geskyn, die ander kon nie na hom kyk nie, hulle

kon nie kyk na die heerlijkheid van hierdie bedeling wat vergaan nie, en hulle gesigte het nie geskyn nie.

Die bedeling van alles oortreffende heerlijkheid

Wat Paulus kom wys is dít: die bedeling waarin hy leef en waarin die Korintiërs leef, en waarin ons, is die *beter* bedeling. Die bedeling waarin heerlijkheid weerkaatsing kan plaasvind!

Waarom is sy tyd en die tyd waarin ons leef beter? Wel omrede daar 'n verskil is tussen ons en die mense in Moses se tyd. En dit is veral wat Paulus wil wys. Moses se hoorders kon nie na Moses kyk nie, omrede daar 'n bedekking was tussen hulle en die heerlijkheid. En Paulus wys dat die eintlike bedekking in hulle hart was. Ons lees in 2 Korintiërs 3:15: “*Maar vandag nog, elke keer as die wet van Moses voorgelees word, is daar 'n sluier oor hulle verstand.*”

Hulle kon nie kyk nie, hulle was nie vry om te kyk, soos Moses die sluier kon afhaal en vry na God kyk nie. Hoekom nie? Want dit is die werk van die Heilige Gees. Wat Paulus wil wys is dít: Die groot verskil tussen die bedeling waarin hy en sy hoorders is en waar in Moses en sy hoorders was is dít: *die Heilige Gees*. Hierdie saak van die Gees word reeds in 2 Korintiërs 3:2-3 aangeraak: “*Julle is self ons aanbevelingsbrief, geskryf op ons harte, vir almal om te lees en te verstaan. Dit is tog duidelik dat julle 'n brief van Christus is, deur ons diens geskrywe, nie met ink nie, maar met die Gees van die lewende God, nie op klip nie maar op die harte van mense.*”

Wat Paulus wys is dít: Wanneer mense nou tot die Here, en hy verwys hier na Jesus, bekeer (2 Kor. 3:16), word die sluier weggeneem (dit wil sê verander die hart). (Let op verskil in vertalings. (In die Grieks is daar 'n “hy” in vers 16. Die NAV lees dit as *vernysende na Paulus*. Die OAV, lees dit as *vernysende na die mense in vers 15*. Die punt is: Soos Moses hom na die Here gewend het en die sluier dan weggeneem is, so moet mense vandag dit ook doen – tot die Here “keer” en dan word die sluier weggeneem). En let op: die Here is die Gees, sê Paulus. En hierdie bekering, hierdie draai bring vryheid. Soos Moses vry was, sonder sluier voor God was.

Waarom skielik die verwysing na vryheid? Let wel, Paulus wys dat hierdie Vryheid nou kan gebeur. Ek dink wat hy bedoel is die volgende: wat mense grotendeels gesien het en sien as hulle deur hierdie “sluier” na God se heerlijkheid gekyk het, was ’n soort wet wat hulle verslaaf eerder as bevry het. Hulle het die wet gesien as bevele van God wat op hulle gelaai is van buite, sonder enige geestelike, veranderende krag van binne wat hulle die begeerte gee het om dit te doen. En dit is die betekenis van slawerny. Slawerny is wanneer jy bevele van buite kry wat jy nie van binne wil doen nie. Die resultate is rebellie of wettisme. Jy kan òf sê: “ek verwerp jou bevel”. Òf jy kan sê “ek sal probeer om daaraan te voldoen met uiterlike gehoorsaamheid”, terwyl daar binne geen werklike vreugde in die bevele is nie. Geen “ek wil” nie. Dit is slawerny. Dit is nie die heerlijkheid van God nie.

En die teenmiddel vir hierdie soort slawerny is die veranderende krag van die Heilige Gees. Waar die Gees van die Here is, daar is vryheid. Dit waaroor die Nuwe Verbond gaan – die krag van die Heilige Gees om ons van binne te verander sodat ons soos Jesus wil en kan lewe. Paulus sê in 2 Korintiërs 3:17 dat die rede waarom hierdie verslawende sluier weggeëem word as ons tot die Here bekeer, is omdat die Here die Gees is en waar die Gees van die Here is daar is vryheid. Die rede waarom die Gees vryheid gee, is omdat die Gees daardie innerlike verandering bring wat ons die begeerte gee om te doen wat God wil hê ons moet doen. Vryheid is as jy wil doen wat God beveel. God sê: “Julle moet liefhê!” Die vrug van die Gees is liefde. Daarom waar die Gees is, is daar vryheid.

Wanneer bring die Gees daardie vryheid? As ons ons tot Jesus, die Here tot *Hom bekeer*. As 2 Korintiërs 4:6 plaasvind.

En dit is die geheim van hierdie bedeling! Kyk na 2 Korintiërs 4:4, 6.
“Hulle is die ongeloniges wie se verstand deur die god van hierdie wêreld verblind is, sodat hulle die lig van die evangelie nie kan sien nie. Dit is die evangelie van die heerlijkheid van Christus, wat die beeld van God is... God wat gesê het: “Laat daar lig skyn uit die duisternis,” het ook in ons harte ’n lig laat skyn om ons te verlig met die kennis van die heerlijkheid van God, wat van Jesus Christus uitstraal.”

As ons die evangelie hoor, daardie evangelie boodskap wat gaan oor wie God in Christus is en gedoen het, dan gebeur iets. Ons sien die heerlijkheid van God, soos Moses dit gesien het, maar baie duideliker en dit skyn uit ons, soos dit uit Moses geskyn het, maar baie meer omvattend.

Die heerlijkheid van God, die beeld van God word gesien in wat God in Jesus Christus aan die kruis gedoen het. Sy liefde, sy regverdigheid, sy waarheid, sy barmhartigheid aan die wat die teenoorgestelde verdien.

En die Gees maak ons oë daarvoor oop, ons sien dat God nie deur allerhande reëls en regulasies bevredig word nie – ons word vry! Die sluier val af, ons harte (ons hele manier van kyk en dink) word verander.

En nou: Wat skyn uit ons? Wel, wat was die heerlijkheid van Jesus toe Hy op aarde was? ’n Vergelyking van Johannes 1:18 en Johannes 17:22, 26 dui daarop dat die heerlijkheid van Jesus op aarde nie ’n “stralekrans” was nie, maar opofferende kruisdraende liefde teenoor die wat die teenoorgestelde verdien. Kortweg: genade wat niks anders as opofferende liefde was nie.

Johannes 13:35: *”As julle mekaar liefbet, sal almal weet dat julle dissipels van My is”* is dus ’n sleutel as ons wil weet wat die heerlijkheid is waarna ons verander moet word en moet uitstraal. Wanneer lyk ons soos Jesus? As ons liefde het! Opofferende, kruisdraende liefde!

Ons sien hierdie heerlijkheid van Jesus in werking in die evangelies. As Hy melaatses – die uitgeworpenes aanraak, blindes laat sien, die huis van die tollenaar Matteus besoek en by die skelm Saggéüs eet. As Hy ’n heidense vrou se sonde vergewe, en veral as Hy wat God is ’n bak water neem en die vuil stowwerige voete van sy dissipels was. Dit was destyds die werk van ’n huisbediende. En wie se voete was Hy? Die voete van Petrus wat Hy geweet het hom gaan verloën, die voete van Tomas wat sou twyfel en die voete van Judas wat Hom sou verrai! Ja, Hy het dit alles geweet en tog was Hy hulle voete. Hierdie voetewas was ook simbolies van die feit dat Hy Homself vir hulle aan die kruis sou verneder om hulle skoon te maak, met sy bloed... en vir ander wat nog vuiler as hulle is. Ander soos ek en jy!

Dit is die heerlikheid, die liefde wat ek en jy moet uitstraal. Dit is God se wil vir ons.

En baie belangrik, hierdie bekering, hierdie kyk na die heerlikheid moet weer en weer gebeur as ons weerkaatsers daarvan wil word. Jy sal dit in hierdie boek sien. Wel, dit is nie net iets wat eenmaal gebeur nie, maar dit moet *daaglik*s gebeur (vgl. 2 Kor. 4:16). Elke keer wanneer ons op ons eie probeer om die bevele van die Here te gehoorsaam en vol sekerheid is dat ons dit wel kan doen, wel dan is daar 'n sluier oor ons gesig – die sluier van slawediens. Daar is nie vryheid nie, ons sukkel en slaag nie. Ons lees die Bybel, ons weet ons moet hierdie dinge doen, maar ons het nie lus nie! Maar as ons ons tot die Here bekeer, dit wil sê in hulpeloosheid omdraai van ons eie “pogings” en erken ons kan nie en is nie lus nie, wat gebeur dan? Eweskielik word die sluier weggeneem. Eweskielik kan ons sien. En wat sien ons? Ons sien die heerlikheid van die Here – wat Hy ten diepste is, sy beeld, en dit begin uit ons straal, soos Moses se gesig gestraal het.

Heerlikheid-weerkaatsers verander mekaar

Nou is ons reg vir 2 Korintiërs 3:18. Hierdie vers kan op twee maniere gelees word – twee maniere vertaal word (vgl. die OAV en NAV). Sien jy dit? Ek dink hier is 'n doelbewuste dubbelsinnigheid. *“En termynl ons almal met onbedekte gesig soos in 'n spieël die heerlikheid van die Here aanskou, word ons van gedaante verander na dieselfde beeld, van heerlikheid tot heerlikheid, as deur die Here wat die Gees is.”* (OAV)

“Ons almal weerspieël die heerlikheid van die Here, want die sluier is van ons gesig af weggeneem. Ons word al meer verander om aan die beeld van Christus gelyk te word. Die heerlikheid wat van ons uitstraal, neem steeds toe. Dit doen die Here wat die Gees is.” (NAV)

Die groot vraag is: Wat is die spieël? Ek wil waag om te sê dat, in die lig van die eksegeese tot hier toe, die spieël waarin Christene die heerlikheid van die Here sien, of weerkaats sien, is nie (in elk geval nie in hierdie gedeelte nie) die evangelie of selfs Jesus Christus nie. Ons het klaar daarvoor gepraat – as ons ons aanvanklik en daaglik deur die evangelie bekeer, kom ons in aanraking met die heerlikheid van God in Jesus.

Maar dit is nie waarom dit hier gaan nie. Hier is die spieël – mekaar! Let op die “ons almal”. En dit is natuurlik wat in die tyd van Moses nie gebeur het nie, net Moses was ’n weerkaatser!

In die klimaks van Paulus se argument maak hy dus die ongelooflike aanspraak dat dié wat behoort aan die Nuwe Verbond, deur die Gees verander word na die heerlijkheid van die Here, wanneer hulle van aangesig tot aangesig met *mekaar kom, want dan aanskou hulle soos in ’n spieël, die heerlijkheid self.*

As hulle na Paulus kyk, sien hulle dus die heerlijkheid en as Paulus na hulle kyk sien hy die heerlijkheid van die nuwe verbond. ’n Beter bedeling as in die tyd van Moses nê?

En dit maak alles in die konteks van die brief nie waar nie? Lees net weer Korintiërs 3:2. Dit is briewe waarop die nuwe verbondsbediening geskryf is, en hierdie bediening is bediening van heerlijkheid. Paulus sê: *Julle is my aanbeveling!*

Ware, egte bediening is dus waar gelowiges na mekaar kan kyk, en al meer en meer verander word. Maar nou. Die laaste verrassing.

Wat het hulle gesien as hulle na Paulus gekyk het? Gaan lees weer hoofstuk 11:23-33 en hoofstuk 12: 10 van 2 Korintiërs. Swakheid en lyding. Die heerlijkheid wat hulle in mekaar aanskou het en waartoe hulle verander is, is dus nie dié van selfversekerde super -Christene nie. Nee, die heerlijkheid is die heerlijkheid wat skyn deur lyding heen. Die nederigheid, sagmoedigheid en so meer in lyding, in swakheid. Lees net weer 2 Korintiërs 4:7-10: “*Maar ons het hierdie skat in erdekruike, sodat die voortreflikheid van die krag van God mag wees en nie uit ons nie. In alles word ons verdruk, maar ons is nie terneergedruk nie; ons is verleë, maar nie radeloos nie; vervolg, maar nie verlate nie; neergewerp, maar nie vernietig nie. Gedurig dra ons die doding van die Here Jesus in die liggaam om, sodat ook die lewe van Christus in ons liggaam openbaar kan word.*”

Was dit nie die heerlijkheid van Jesus nie? Ons lees in 2 Korintiërs 4 dat die heerlijkheid van God in die aangesig van Jesus skyn. Hoe het die aangesig

van Jesus gelyk? Gaan lees bietjie Jesaja 52:14: “*Soos baie hulle oor U verstom het – so misvormd was sy voorkoms, geen mens meer nie, en sy gestalte was nie soos dié van ’n mensekind nie*” –sien jy dit? Ja, ’n gesig van smart en lyding! Maar daarin alles was daar onbeskryflike heerlikheid en oorwinning. Dit is wat ons in mekaar sien. Dit is wat ons verander!

Een dag as Jesus ...

Max Lucado het iewers hieroor gepraat. Ek wil dit met jou deel. Ek wil nou hê jy moet vir ’n oomblik bietjie jou verbeelding gebruik. Sê nou Jesus sou vir een dag *jy* word. Sê nou, vir 24 uur word Jesus wakker in jou bed, lewe in jou huis, volg jou skedule. Jou baas word sy baas, jou ma word sy ma, jou pyne word sy pyne? Met een uitsondering, niks omtrent jou lewe verander nie. Jou gesondheid verander nie. Jou omstandighede verander nie. Jou skedule verander nie. Jou probleme verander nie.

Anders gestel, sê nou, vir een dag en nag, leef Jesus jou lewe met sy hart? Jou hart kry die dag af, en jou lewe word gelei deur die hart van Christus (dit wil sê sy denke, emosies ensovoorts). Sy prioriteite beheers jou optrede. Sy begeertes bepaal jou besluite. Sy liefde gee rigting aan jou gedrag.

Sê nou dit was so. Hoe sou jy gewees het? Selfs terwyl jy ernstige finansiële probleme en stres het? Sou mense ’n verandering opgelet het? Sou jou familie iets anders gesien het? Sou jou kollegas bewus word van ’n verandering? Wat omtrent die minder bevoorregtes? Sou jy hulle dieselfde behandel het? En jou vriende? Kinders by die skool, by die sport of musiekklasse. Sou hulle meer vreugde by jou opmerk? Wat van jou vyande? Sou hulle meer barmhartigheid van Christus se hart ontvang as van joune?

En jy? Hou sou jy voel? Watter veranderings sal hierdie “oorplanting” op jou stres- vlak hê? Jou gemoedsveranderinge? Jou humeur? Sou jy beter slaap? Sou jy die sonsondergang anders sien? Jou siekte en finansies? Sou jy die dood anders sien? En Pretoria ? Sou jy nog so baie hoofpynpille en slaappille gebruik? Wat van jou reaksie teenoor verkeersknoppe, taxi’s? Sou jy steeds bang wees vir dit waarvoor jy nou bang is. Meer nog sou jy steeds

doen wat jy nou doen? Sou jy steeds doen wat jy beplan het vir die volgende 24 uur? Dink vir 'n oomblik aan jou skedule. Verpligtinge, uitstappies, afsprake. Met Jesus wat jou hart oorneem, sou enigiets verander?

Bedink dit vir 'n oomblik. Verstel die lens van jou verbeelding totdat jy 'n duidelike prentjie het van Jesus wat jou lewe lei, druk dan die knoppie en raam die beeld.

Wat jy sien is wat God wil hê. Niks minder nie. Wat jy sien is die punt van Christen wees!

Vir jou stiltetyd



Maandag: Eksodus 34:29-35 en 2 Korintiërs 3:16-18.

- Hoe het Moses God se heerlijkheid reflekteer? Hoe doen ons dit?



Dinsdag: Lukas 4:1-13.

- Hoe het Jesus op versoeking gereageer?



Woensdag: Lukas 4:14-29, 42-44.

- Wat het Jesus kom doen?



Donderdag: Lukas 5:1-16.

- Wat wil Jesus hê moet sy volgeling doen?
- Hoe het Jesus gereageer op mense in nood?
- In watter soort verhouding het Jesus met sy Vader gestaan?



Vrydag: Lukas 5:27-32.

- Hoe het Jesus teenoor randfigure opgetree?



Saterdag: Lukas 6:20-42.

- Hoe wil Jesus hê moet ons lewe?



Sondag: Markus 8:34. Die diensbaarheid, onderwerping en lyding wat aan die kruis gesien word, is die spesiale kentekens van wat dit beteken om soos Jesus te wees. Hoe pas die Nuwe Testament dit toe op ons houding tot:

- ander Christene? (Rom. 15:7 & Fil. 2:1-11)
- kulturele invloede en groepsdruk? (Gal. 6:14)
- die wat in nood is? (2 Kor. 8:8-9 & 1 Joh. 3:16)
- ons huweliksmaat? (Ef. 5:22-25)
- lyding? (1 Pet. 2:18-25)
- sonde? (1 Pet. 4:1-2)



Dink aan spesifieke mense wat jy beskou as “soos Jesus Christus.” Wat omtrent hulle maak hulle soos Jesus? Wat maak hulle so aantreklik? Wat het in hulle lewens gebeur om hulle so te maak? Hoe dink hulle oor hulleself? Hoe dink jy oor Jesus Christus?

Hoofstuk 2

Vir die regte rede

Ek weet nie wat jy mag dink nie, maar ek kan sê dat ek nie eers kan bid sonder om te sondig nie – ek kan nie vir jou of ander preek sonder om te sondig nie -ek kan niks doen sonder om te sondig nie... my bekering het bekering nodig... as jy nog nooit die mislukking van jou eie geregtigheid gesien het nie, kan jy nie na Jesus Christus kom nie... baie mag nou sê, Ons glo dit, maar daar is 'n groot verskil tussen praat en voel. Het jy al ooit die behoefte aan 'n Verlosser gevoel?

(George Whitefield)



Neutedop samevatting

Daar is drie algemene redes waarom ons wil verander: *om onself te bewys voor God* (sodat Hy ons sal sien of red); *om onself te bewys voor ander mense* (sodat mense van ons kan hou, of om ons ware self weg te steek); en *om onself aan onself te bewys* (sodat ons goed voel oor onself). Nie een van hierdie redes werk nie omrede dit "my" in die sentrum plaas: en dit is die kern van sonde. Die goeie nuus is dat God ons goedkeur, of dan regverdig, deur Jesus Christus, sodat ons nie nodig het om onself te bewys nie. God gee ons 'n nuwe identiteit en die nuwe identiteit is die motief en basis vir verandering. Jy is 'n kind van die Vader, die bruid van die Seun en die tuiste van die Heilige Gees. Die rede waarom Christene dus behoort te wil verander is om die vryheid van sonde te geniet en die vreugde in God wat Hy ons gee deur Jesus Christus.

☞ Dink vir 'n oomblik: Hoekom wil *jy* meer soos Jesus word?
Voor jy 'n antwoord daarop gee- lees eers hierdie storie.

☞ 'n Storie wat diep sny

📖 Lukas 18:9 e.v.

Dink vir 'n oomblik aan hierdie gelykenis. Twee mans gaan na die tempel om te bid. Wonderlik. Beide het gekom om te bid en beide het werklik geglo dat hulle wel gebid het. Tog is die hele punt van die gelykenis dat *een* van die twee werklik deur God gehoor is, terwyl die ander een, ten spyte van sy goeie bedoelings, bloot met homself gepraat het. Dit is wat letterlik in die Grieks staan. Hy het tot homself gebid.

Kom ons begin deur 'n vraag te vra: *“Wat was verkeerd met die Fariseër se gebed en wat was reg omtrent die tollenaar se gebed, dat God se beoordeling daarvan so radikaal anders is as ons beoordeling?”* Wel, ek dink nie dit is so moeilik om die antwoord raak te sien nie. Let op hoe die Fariseër begin: *“Ek dank U dat ek nie soos ander mense is nie”*.

Kan jy jou voorstel: 'n man wat na sy dokter gaan en sê: “Dokter ek wil hê jy moet weet, ek is in 'n uitstekende kondisie. Om die lang storie kort te maak dokter, anders as die miserabele klomp daar voor in die wagkamer, is daar niks met my verkeerd nie.”

Wat kan 'n dokter vir so 'n man doen? Hy kan niks ontvang nie, want hy het niks gevra nie. En hoekom vra hy niks nie? Omdat hy geen nood voel, geen behoefte het om te vra nie.

Indien hy toegelaat het dat die dokter hom ondersoek, kon hierdie selfvertroue dalk vinnig verdamp het. Maar hierdie man se selfvertroue is só groot, hy vra vir geen ondersoek nie. Jy sien, die afwesigheid van enige gevoel van nood, maak sy besoek aan die dokter se spreekkamer absurd.

Die Fariseër is 'n perfekte voorbeeld hiervan. Hy het na die tempel gekom om homself geluk te wens met sy geestelike en morele gesondheid – met sy verandering. Hy het nie gekom om te bid nie.

Ek veronderstel die tollenaar het geweet vir wie hierdie gebed bedoel is. Hy het die Fariseër natuurlik gehoor bid, hoe anders? Lees maar weer. Dit was 'n doelbewuste stekie na sy kant toe. Maar hy was gewoon aan hierdie tipe opmerkings. Hy het geweet dat hy dit verdien. Hy het onder geen illusie verkeer wat betref sy morele en geestelike toestand nie. Hy was pynlik bewus van die siekte van sy siel. Hy het geweet die swaard van oordeel hang oor sy bestemming.

En daarom hoor ons niks van enige selfaanbidding oor sy lippe kom nie. Hy was bewus van sy nood. Dit het gebrand. En daarom slaan hy op sy bors – 'n gebaar wat geen Jood uitgevoer het behalwe in tye van geweldige emosionele spanning nie. Vier kort sinne word uit hom uit geskeur: “*O God, wees my, sondaar, genadig !*” Ja, dit is wat hy 'die sondaar' letterlik sê, want in hierdie oomblikke voel hy soos die enigste sondaar in die heelal.

Jesus sê: Dít is die soort gebed wat God hoor. Ek wil 'n stelling maak: Dít is die persoon wat kan begin om te verander vir die regte rede.

Wat jy eerste in hierdie gelykenis moet sien is dat, as jy wil verander, daar twee tipes skuld is.

Hoe meer jy daaraan dink, hoe meer ironies raak dit. Daar is die tollenaar: hy voel skuldig en God sê hy gaan huis toe – regverdige. En daar is die Fariseër: hy voel onskuldig, en Jesus impliseer hy gaan huis toe – as 'n verdoemde.

Ja, ons almal weet daar is so iets soos irrasionele skuld, 'n gevoel van skuld wat totaal uit verband is met dit wat ons werklik gedoen het. Maar daar is iets soos werklike skuld. Skuld is nie net 'n gevoel nie, dit is 'n feit. Ongelukkig gaan die gevoel en die feit nie altyd saam nie.

En nou is dit so dat baie mense wil verander, en besig raak met Christelike dinge om beter te voel oor hulleself.

Dit was presies die funksie van die Fariseër se godsdiensoefening. Let bietjie op drie baie duidelike tegniese wat hy gebruik het in hierdie proses.

Hy was sterk op negatiewe gehoorsaamheid

Hy het homself getroos met al die sondes wat hy nie gepleeg het nie, soos egbreek en diefstal. Dit is altyd goed vir die vrede van die gewete, want natuurlik is sulke negatiewe gehoorsaamheid 'n baie gerieflike rookskerm waaragter ons die baie sondes wat ons wel pleeg, kan wegsteek. En dit is natuurlik waarom die wêreld daar- buite 'n prentjie het van die kerk as 'n vreugdelose ou klomp. Juis omdat so baie godsdienstige mense gehoorsaamheid in negatiewe terme definieer. Al die 'mag nie' dinge. Maar geen positiewe, vreugdevolle heilige lewe nie.

Hy was sterk op wettiese gehoorsaamheid

Ja, hy het selfs twee keer 'n week gevas, waar die wet van Moses gesê het een keer is genoeg. Hy gee 'n tiende van alles wat hy het, selfs van die kruie in die kombuis, terwyl Moses gesê het 'n tiende van jou inkomste is genoeg. As jy sterk is op hierdie tipe geestelikheid, kan jy maklik dink dat jy hierdeur kompenseer vir al die werklike sondes wat jy pleeg. Dit is soos om na die magistraat te gaan en te sê ja ek het 200 km per uur op die N1 gery. Maar onthou anders as die meeste mense parkeer ek nooit op 'n geel streep nie, jy moet dit tog in gedagte hou.

Baie mense doen presies dít. Sommige mans is baie trots daarop dat hulle nie rook of drink nie, ander is weer perfeksioniste in hulle stokperdjies, of werk hulle dood in hulle beroep. Sommige vrouens is fanaties huis-trots. Hulle reinig as't ware hulle gewetens deur oordadige gebruik van ontsmettingsmiddels in die badkamer. En natuurlik is daar dié wat hulle gewetens stil deur gereelde en stiptelike bywoning van al wat geestelike byeenkoms is. Ander doen dit weer deur die bydraes wat hulle gee. Ander deur die lang en indrukwekkende gebede by die biduur en ander deur hulle dienswerk in die kerk.

Dít is hoe die Fariseërs was. En al sulke gedrag word gedryf deur die begeerte om skuldgevoelens te vermy, om ontslae te raak van skuld. Ons voel goed as ons ons klein wetjies kan hou. En ons vergeet dat ons, volgens Galasiërs, ons juis so onder die vloek van die wet plaas.

Hy was sterk op vergelykende gehoorsaamheid

”Ek is nie soos ...” Jy sien, hierdie strategie van self-regverdiging slaag altyd, want daar is altyd ’n ou wat slegter as jy is. Die tragedie is dat baie van ons juis deur hierdie selfde vergelykende gehoorsaamheid, die vermanende effek van hierdie gelykenis gaan vermy.

Het julle gehoor van die Sondagskoolonderwyseres wat hierdie gelykenis vir haar klas vertel het, en toe die toepassing deurtrek: Goed kinders kom ons dank nou die Here dat ons nie soos die Fariseër is nie.

Dit is al te maklik vir ’n Christen om in die Fariseër se skoene in te glip sonder om dit te besef, juis terwyl hy besig is om jouself van hom te distansieer.

Deur hierdie drie klassieke tegnieke het die Fariseër daarin geslaag om goed te voel oor homself. Ja, hy voel goed, maar sy gevoelens stem nie ooreen met die toestand van sy siel nie. Hy mag dalk emosioneel meer stabiel gewees het as gevolg van sy godsdienstige oefening, maar hy was nader aan die hel.

Is ek verkeerd as ek bekommerd is dat sommige van ons wat hier lees, dalk onder dieselfde illusie mag verkeer? Of dat ek self in dieselfde slaggat mag trap deur hierdie gelykenis te gebruik as kritiek op jou as leser, terwyl ek eerder myself moet ondersoek?

Hoe handel ek met my skuld? Dit is die groot vraag. Is ek tevrede om die pyne van my gewete te verlig deur myself te oortuig dat ek 'oukei' is? Of, verlang ek, soos die tollenaar, na ’n baie meer radikale oplossing?

Kyk weer na die tollenaar. Hy maak geen flou verskonings nie. Hy pleit nie vir versagter omstandighede nie. Hy pleit bloot, soos ’n bedelaar: *God, wees my, die sondaar genadig!* En Jesus sê daardie man het huis toe gegaan, en nie net beter gevoel nie. Nee, sy morele status het drasties verander in die oë van God.

Geregverdig meen letterlik: *God verklaar hom onskuldig*. God het 'n uitspraak oor hom gemaak. Nie skuldig nie! En Jesus wil hê ons moet weet dat die ontdekking van sulke regverdigmaking die hart van ware godsdiens is. Die begin van ware verandering.

Dit is die geestelike medisyne waardeur ons bevry word, nie net van ons skuldgevoelens nie, maar ook van skuld self. Dit is nie net 'n metode waardeur ons gewetens gesus word nie. Regverdigmaking beteken ons lewens is skoon in God se oë.

Ten diepste is die verskil tussen hierdie twee die grond waarop hulle aanvaarding in God se oë soek. Die Fariseër was een van die wat soos Lukas 18:9 dit stel: “wat op hulleself vertrou dat hulle gereguldig is.” Hy het niks om voor skaam te wees voor God nie, ek meen hy het hard gewerk om daar te kom.

Sien, die Fariseër wou die hemel instap met sy kop hoog gelig. Hy wou 'n geregtigheid hê waarop hy trots kon wees. Maar daar bestaan nie so 'n geregtigheid nie. Want dit is onveranderlike beleid by God: “... *elkeen wat homself verhoog, sal verneder word, en hy wat homself verneder, sal verhoog word* (vers 14).

Kyk na Jesus self. Hy sê nie net ons moet nederig wees nie. Hy openbaar in sy menswording en lyding dat die hart van God self nederig is. Hy wat God is hang vrywilliglik aan 'n kruis.

Geen wonder die Fariseër kan nie hemel toe gaan nie. Hy verag nederigheid. Vir die tollenaar was dit die enigste hoop op verlossing. “O God, wees my, sondaar, genadig.” (vers 13).

Nou *genadig* is hier 'n swak vertaling. Die woord wat hier gebruik word, wat ons met *genade* vertaal, is 'n woord wat geassosieer is met die *offersisteem* in die tempel. Dit het te doen met die versoening van sondes deur 'n plaasvervangende offer. Ek weet nie hoe sou jy dit in Afrikaans korrek vertaal. Miskien soos volg: “*Wees my genadig op grond van 'n plaasvervangende offer.*”

Want sien, die tollenaar se hoop is nie net in God se liefdevolle ontfermende karakter nie. Onthou nou waar staan hierdie tollenaar. Sy oë is gerig op die altaar waar die tempel priesters tydens die gebedsuur juis 'n offer vir die sondes van die volk gebring het. Die tollenaar sê in effek: “Asseblief O God, ek sien die bloedvlekke daar op die altaar. Aanvaar daardie offer in my plek.” Hy maak dus nie net aanspraak op God se goeie karakter nie, nee, hy maak aanspraak op God se eie geneesmiddel vir sondaars se siekte.

En deur so te doen onderstreep hy nog 'n kardinaal belangrike les, wat selftevrede moraliste dikwels vergeet. Daar kan geen werklike sekerheid van vergifnis wees sonder 'n soenoffer wat God tevrede stel nie.

Sommige mense dink vergifnis is maklik vir God. Natuurlik sal God my vergewe, dit is sy werk. Jy maak 'n fout. Dit is ontsettend moeilik vir God om sonde te vergewe. Onthou, Hy is die morele regeerder van die heelal. As hy sonde oorsien is dit so goed as dat hy sê dit maak nie saak nie. Die integriteit van sy eie geregtigheid vereis dat Hy hom moet distansieer van enige vorm van sonde. Hy kan homself nie blootstel aan die klag van morele traak-my-nie-agtigheid of morele inkonsekwentheid nie. Indien wel, sou Hy nie meer die regverdige God wees nie. En dis waarom daar in die Ou Testament 'n altaar moes wees, daar moes 'n offer wees.

Daardie offer was in die eerste plek 'n teken van die erns van sonde in God se oë. Ons as mense gril vir bloed. Wel, God gril vir sonde. Hy walg aan die stank daarvan. Die bloedoffer op die altaar was 'n teken van sy morele walging.

Meer as dit: Die offer was 'n simbool van die straf vir sonde. Want soos bloed van dood praat, so vereis sonde die dood. Geen minderwaardige prys is genoeg om uit te druk hoe God oor sonde voel nie.

Vergifnis word gratis aangebied in die evangelie; dank die Here daarvoor! Maar moet nooit dink dit is goedkoop nie. Ja dit kos jōu niks, niks, niks, maar dit het God alles, alles, alles gekos. Die tollenaar het dit besef; “*O God vergewe my sonde. Ek maak nie die erns van my sonde af nie. Ek onderskat nie die straf wat ek verdien nie. Ek sien die bloed. Ek ken die prys. So asseblief, o God,*

draai U toorn van my weg. Aanvaar dat 'n plaasvervanger in my plek op die altaar gesterf het. En wees my so genadig."

Dit mag 'n snaakse vraag wees, maar ek is bevrees ek moet dit vra: Het jy God se vergifnis op die manier van die tollenaar gesoek? Op grond van sy voorsiening van 'n versoenende offer? Of soek jy dit op die manier van die Fariseër, gebou op godsdienstige reputasie en morele prestasie. Begrawe jy jou skuld, in plaas van om dit op God se manier op te los?

'n Mens hoor dikwels dat Christene kla: "Ag ek is 'n swak Christen, ek het geen sekerheid van verlossing nie, geen vreugde in aanbidding, geen entoesiasme om te getuig nie. Ek is sommer 'n lamsakkige Christen – dít is wat ek is!" Ander sê hulle is depressief, hulle kan nie meer nie, hulle maak altyd van alles 'n gemors, hulle is van geen nut vir enige iemand nie, en daar is geen sin in om hulleself te verbeter nie.

Wat is verkeerd met hierdie mense?

Ek wil nie oorvereenvoudig deur veralgemening nie. Maar ek is oortuig dat 'n aansienlike hoeveelheid van hierdie mense ly aan onopgeloste gevoelens van onderdrukte skuld. Hulle ingesteldhede is gevorm deur die skuldontkennende-wêreld waarin ons leef en as gevolg daarvan is hulle nog nooit oortuig van hulle sonde nie, en daarmee saam het hulle nog nooit gevoel hulle is vergewe nie. Dit is waarom hulle geen sekerheid het nie; dit is waarom hulle nutteloos voel. Die rede waarom hulle ook nie werklik kan verander nie.

Wat is die antwoord? Die antwoord is dat hulle moet kom staan waar die tollenaar gestaan het. Regverdigmaking deur geloof moet uitgehaal word uit die belydenisskrif en ons slim teologiese gesprekke en 'n waarheid van ons harte word. Hierdie mense moet staan waar die tollenaar gestaan het, met al die maskers van verdediging af, al die illusies van morele respektabiliteit verpletter, alle voorgee van selfgeregtigheid weggewerp.

O, en hulle moet kyk na waar die tollenaar gekyk het – na 'n offer. Maar na 'n ver beter, baie duurder offer as wat ooit op die tempel-altaar geslag is. Hulle moet kyk na die kruis waar die Seun van God self sy bloed eens en vir altyd gestort het om versoening te bring vir die sondes van die wêreld.

En hulle moet bid soos die tollenaar gebid het. *“God, wees my genadig, ek vra nie vir goedkoop vergifnis nie. Ek onderskat nie die erns van my oortredings nie, ek weet die straf vir my sonde is die dood, maar asseblief, o God, aanvaar dat ’n waardige plaasvervanger die prys in my plek betaal het, en wees daarom my, die sondaar genadig.”*

Ek wil nou geleentheid gee, vir die wat hier en nou, dit wil bid, om dit te doen. Maak nie saak wie jy is nie. Maak nie saak of jy tot nou toe beskou is as ’n Christen of nie. Maak nie saak of jy geen sekerheid van verlossing het of nie. Nou is die tyd. Kom sê dít wat die tollenaar vir die Here gesê het. Ja, jy hoef niks verder te verstaan nie. Vergeet van al die diep teologiese leerstellings van die kerk. Vergeet alles. Kom, kom bid hierdie gebed. Kinders, jongmense, dit is vir julle ook. Kom nou. Jy hoef nooit weer te wonder of jy ’n Christen nie, nooit weer nie. Maak hierdie die dag van jou bekering. Bid die gebed van die tollenaar.

As jy nou gebid het, luister na die uitspraak van die Here Jesus: *“Ek sê vir julle: Hierdie man, en nie die ander een nie, het huis toe gegaan as iemand wie se saak met God reg is.”* (vers 14).

Die tollenaar en jy staan nou nie meer voor God as ’n verwerplike gedoemde krimineel nie, maar as ’n geliefde en aanvaarde kind. Geregverdig deur die geloof, kon hy en kan ook jy nou vrede met God hê.

Wat het dit alles met verandering te doen. Dit: Jy sal nooit sonde uit jou lewe uitroei as jy dit nie eers gesien het as vergewe deur die kruis nie. Die rede hiervoor is: heiligheid begin in die hart. Die essensie van heiligheid is nie nuwe gedrag nie, ook nie aktiwiteit of dissiplines nie. Dit is nuwe gevoelens, nuwe motivering, nuwe begeertes, wat lei tot nuwe gedrag.

As jy nog nie sien dat jou sonde volkome vergewe is nie, sal jou gevoelens, jou begeertes en jou motiewe verkeerd wees. Jou doelwit sal wees om jouself te bewys, die gevolge van jou sonde, eerder as die haat van sonde self, en die begeerte vir God in die plek daarvan.

Indien jy nog nie gaan staan het waar die tollenaar gestaan het nie, is die rede waarom jy wil verander waarskynlik nog een van die volgende:

Om myself voor God te bewys

Dit mag wees dat jy wil verander sodat God beïndruk met jou sal wees, jou op een of ander manier sal seën, of jou sal red. Baie mense, dalk jy ook, bewustelike of onbewustelik dat goeie mense hemel toe gaan; as jy dus wil hemel toe gaan moet jy goed wees. Jy moet jou kant bring in die span. As jy 'n nul gaan aanteken in jou kolfbeurt gaan God jou uit die span gooi!

Of jy mag dink dat jy op die laaste dag aanvaar sal word op grond van God se genade. Maar jy wil God steeds beïndruk sodat Hy jou intussen sal seën. Jy sê byvoorbeeld: *“Ek het probeer om op God se manier te leef, maar Hy het nie vir my 'n man gegee nie...”*

Die instink om onself te verlos loop baie diep in ons harte. Ons wil op ons eie regstellings as gevolg van ons sonde maak. Maar die punt is: God het dit alles deur Christus gedoen op grond van genade, Sy onverdiende liefde teenoor ons. Genade is so eenvoudig om te verstaan, en tog so moeilik om te aanvaar.

Dit is nie die ingewikkeldheid daarvan wat dit moeilik maak nie. Die probleem is dat ons blykbaar so 'bedraad' is om te dink dat ons iets moet doen om God gunstig teenoor ons te stem. Ons wil nie glo ons is in die span en sal in die span bly omdat Jesus Christus alreeds alles gedoen het om ons in die span te plaas en te laat bly nie!

Ons wil die krediet neem. Maar die hele tyd sê God: *“In my liefde het ek my Seun vir jou gegee. Hy het alles gedoen om my seëning te verseker. Ek het jou lief soos jy is en Ek aanvaar jou in Hom.”*

God kan jou nie méér liefhê as wat Hy jou nou het nie – maak nie saak hoe baie jy jou lewe verander nie. En God kan jou nie minder liefhê as wat Hy jou nou het – maak nie saak watter gemors jy van jou lewe maak nie.

Bepeins weer hierdie wonderlike woord in Romeine 5:6-9: “*Want toe ons nog swak was, het Christus op die regte tyd vir die goddelose gesterf. Want nouliks sal iemand vir ’n regverdige sterwe vir ’n goeie mens sal iemand miskien nog die moed hê om te sterwe maar God beny’s sy liefde tot ons daarin dat Christus vir ons gesterf het toe ons nog sonde was. Veel meer dan sal ons, nou dat ons geregtig is in sy bloed, deur Hom gered word van die toorn.*” Bedink dit. Bid hieroor.

Om myself voor ander mense te bewys

Ek moet myself bewys voor ander mense. Dit is dikwels waarom ons wil verander. Ek wil hê mense moet beïndruk wees met my. Ons wil dalk inpas of ander se goedkeuring wegdra. Ons wil sekerlik nie hê mense moet uitvind hoe ons aan die binnekant lyk nie. Dalk sien hulle die doodsbeendere! Ons dra ’n masker om ons ware self te verberg. Om so ’n masker te dra kan ’n vreeslike belemmering wees: dit is om heeltyd ’n rol te speel. Ons durf nie toelaat dat mense ons sien soos ons werklik is nie.

Een van die probleme met bogenoemde is dat ander mense dan die standaard stel. Hulle standaard mag selfs goddeloos wees, maar ons neem hulle gedrag aan om in te pas. Hulle standarde mag Bybels wees, maar dan leef ons nog steeds in gehoorsaamheid aan mense eerder as aan God.

Wat dikwels gebeur is dat ons uiteindelik gelukkig is om te leef soos ander mense, selfs al skiet hierdie lewenswyse ver tekort aan die voorbeeld wat Jesus gestel het. Of erger, ons meet ons teen ander mense en besluit dat ons méér regverdig is. Ons mag selfs vinger wys na ander se foute sodat ons beter kan voel omtrent onself.

Ons moet onself egter vergelyk met Jesus, besef ons skiet ver tekort aan God se standarde, en ontdek ons het dringend ’n Verlosser nodig.

Om myself aan myself te bewys

Nog ’n algemene rede waarom ons wil verander is sodat ons kan goed voel oor onself. Wanneer ons droogmaak, voel ons die skaamte van ons sonde. Dan wil ons dinge reg stel. Ons wil aan onself dink as ’n ’voormalige gebruiker van pornografie’ eerder as ’n pornografie –

verslaafde. Ons wil sê: “*Ek het in die verlede ’n probleem met jaloesie gehad*” eerder as “*Ek het ’n probleem met jaloesie.*”

Ons kan nie goed voel oor onself totdat ons bietjie afstand gekry het tussen onself en ons laaste groot sonde nie. Sonde word dan in die eerste plek sonde teen onself. As ek gesondig het, het ek myself te na gekom. Wat ek dus voel as ek sondig, is die oortreding teen myself en my selfbeeld, nié die oortreding teen God nie.

Wat is verkeerd daarmee om te verander sodat ons onself aan God, of mense of onself kan bewys? Wel, dit werk nie. Ons mag ander mense vir ’n rukkie mislei. Maar ons kan nooit genoeg verander om God te beïndruk nie. En hier is die rede. Om te probeer om God te beïndruk, of ander of onself, plaas ons in die middel van ons verandering. Dit maak die verandering iets wat my laat goed lyk. Dit word gedoen vir my eer en dit is presies die definisie van sonde.

Let mooi op: Ons verander nie sodat ons onself aan God kan bewys nie. *Ons is aanvaarbaar by God sodat ons kan verander.*

God gee ons ’n **nuwe identiteit** en daardie identiteit is die motief en basis vir ons verandering. Kom ons kyk dus hierna.

Kind van God

1 Johannes 3:1

As Christen is jy ’n kind van God. Ek weet wat jy nou dink: Komaan, vertel my iets wat ek nie weet nie! Hierdie waarheid is so bekend dat ons dit kan sê terwyl ons gaap. Wel, ek wil hê ons moet dit weer hoor en aanvaar, want dit lei tot verandering. Ons gaan eers kyk na 1 Johannes 3:1.

Seunskap meer as ’n redding en aanneming

Let op 1Johannes 3:1. Kyk! *Kyk wat ’n groot liefde...*

Johannes sê as't ware: Raak weer 'n bietjie verstom oor die groot liefde van die Vader, dat ons kinders van God genoem word.

Verbeel jou jy is 'n seuntjie in 'n Afrikastaat. Burgeroorlog breek uit. Op 'n dag bestorm soldate die dorpie en moor almal uit. Jy bly alleen oor. Ternyl jy in benoudheid en vrees oor jou toekoms dink, verskyn 'n man wat aanbied dat jy saam met hom gaan. Jy vind uit dat hierdie man 'n lid is van die stam wat julle aangeval het. Hy was op die stamvergadering waar oor die aanval besluit is. Hy het tussenbeide probeer tree om dit te verhoed en as gevolg daarvan is sy oudste seun doodgemaak. Jy beseef hierdie man moet jou liefhê as hy bereid was om sy seun op te offer. Maar jy vind ook uit dat jou pa 'n aartsvyand was van hierdie man, en hom baie leed veroorsaak het. Tog, ten spyte daarvan benyts hy hierdie goedheid aan jou. Jy kom later agter die man het 'n universiteitsgraad aan Oxford. 'n Besigheid in Londen en in jou land. 'n Skaapplaas in Engeland. Later sou jy uitvind dat die man alles aan jou bemaak het. Jy erf alles.

Ek dink dít is die soort van ernstige denke wat agter Johannes se woord in 1 Johannes 3:1 lê.

“Kyk watter groot liefde...”

Nie alleen het dit Hom sy seun gekos om ons te red van sonde, dood en hel nie (Joh. 3:16, 1 Joh. 3:16) en nie alleen was ons vyande, sodat God sy eie regverdige woede moes tevrede stel om ons te red nie (1 Joh. 4:10).

Nee, Hy gaan verder as die liefde van *redding* en die liefde van 'n *offer* en die liefde van *begenadiging* van sy vyande. In en deur dit alles het Hy 'n groter plan in gedagte. Hy wys ons 'n liefde wat veel meer is.

Hy kon ons gered het, vir ons opgeoffer het, vergewe het en nie verder gegaan het nie. Maar Hy het nie. Hy wys ons 'n ander soort liefde – Hy neem ons in sy familie in. Hy maak ons kinders van God.

Moet dit nie as vanselfsprekend aanvaar nie. Eerstens, Hy hoef ons hoegenaamd nie te gered het nie. Hy kon gesê het: Vyande verdien nie redding nie, en dit is dit. Hy kon gesê het: My seun is te kosbaar om vir engele te betaal, wat nog te sê vir mense, wat nog te sê goddelose, rebelse mense.

Maar Hy kon ook gesê het: “Ek sal hulle red van die hel en hulle sonde vergewe en hulle ewige bestaan gee op ’n ander planeet, en ek sal met hulle kommunikeer deur engele.” Niks in ons, of in die aard van die wêreld verplig God om verder te gaan as al die verlossende, vergewende, reddende genesende liefde na hierdie ekstreme liefde van aanneming nie.

Dit is ’n liefde wat nie tevrede is met ’n wapenstilstand, of ’n formele dankbaarheid of ’n ver planeet of materiële plesier nie, maar ’n liefde wat die hele pad stap om jou, ’n kind van God, lid van die familie te maak.

Maar selfs dit is nie ’n genoegsame beskrywing van hierdie soort liefde nie. Wanneer Johannes praat van ons wat kinders van God word, dink hy nie hoofsaaklik in terme van aanneming nie. Hy dink aan iets nog meer ongelooflik. Hy dink aan ’n nuwe geboorte.

Daar is geen menslike vergelyking hiermee nie. As ek ’n weggooikind in die hande kry en hom in my huis wil inneem, kan ek nie veroorsaak dat daardie kind weer gebore word nie. Ek neem hom in en gee hom liefde net soos hy is, met die persoonlikheid en temperament wat hy van sy biologiese ouers gekry. Ek kan hom beïnvloed met my liefde, maar ek kan nie in die aard, die natuur van die kind ingaan en dit verander nie.

Maar God doen dit. Die liefde wat Johannes hier in gedagte het, is nie liefde wat bloot die papierwerk afhandel en aanneem nie. Dit sou al te veel vir woorde wees. Om aangeneem te wees in God se familie. Paulus beskryf dit inderdaad op dié manier. Maar Johannes sien meer. God neem nie aan nie. Hy beweeg in, deur sy Gees. Johannes noem dit sy saad – en Hy plant iets van Homself in ons, sodat ons familietrekke begin ontwikkel!

Lees 1 Johannes 3:9: “*Iemand wat ’n kind van God is, doen nie meer sonde nie, omdat die Gees van God in hom bly; en hy kan nie meer sondig nie, omdat hy uit God gebore is*” (1 Joh. 5:1 OAV). As jy ’n kind van God is, is jy dit deur aanneming, ja, en meer as aanneming, deur nuwe geboorte.

Die liefde van God gaan dus baie verder as die storie van die ryk besigheidsman wat sorg vir al die wetlike aspekte om die weeskind van

Afrika aan te neem. God sal nie stop in sy heilig – aggressiewe soeke na nabyheid en gemeenskap totdat Hy ons siele binnegegaan het en sy saad in ons geplant het en ons ’n nuwe natuur gegee het nie. Dis nie ’n goddelike natuur nie, want ons is nie God nie, maar ’n het natuur soos God s’n, in die beeld van God.

Paulus vertel vir ons dat dit God se plan was lank voor die wêreld gemaak was. Hy het die val van die mens in sonde gesien, Hy het die geskiedenis gesien, Hy het die geskiedenis van verlossing gesien, en Hy het die menswording en dood en opstanding van sy Seun gesien. En in dit alles het God gefokus op ons verandering na sy beeld. Luister na Romeine 8:29: *“Want die wat Hy vantevore geken het, die het Hy ook vantevore verordineer om gelykvormig te wees aan die beeld van sy Seun, sodat Hy die eersgeborene kan wees onder baie broeders...”*

God het dit verordineer (gepredestineer). Hy het dit lank tevore beplan. Wat? Dat sy Seun baie broers en susters sou hê. Hoe? Deur aanneming? Ja (Ef. 1:5). Maar meer as aanneming. Hy het verordineer om gelykvormig te word aan die beeld van sy Seun. Dit beteken Hy het veroorsaak dat ons weergebore word (Gal. 4:29). Hy het ons nuwe skepsels in Christus gemaak (Gal. 6:15). Hy het sy Gees in ons geplaas en ’n transformerende werk van binne begin om ons die familie-eienskappe (beeld) van God se familie te gee. Hy wil ons in die familie hê. En Hy wil hê ons moet so tuis wees dat Hy verder as aanneming gaan, Hy gee ons nóg ’n geboorte.

Dit is wat ons *nou* is. Ja, en kom ons erken dit maar, dit is vir ons moeilik om dit te aanvaar. Want oppervlakkig beskou lyk ons nie juis anders as ander mense nie. Ek bedoel ons het nie rooi kolle op ons kop wat ons merk, of ’n stralekrans wat vir almal aandui dat ons is kinders van God is nie. Nee, ons lyk van buite maar soos alle ander mense. Die wêreld rondom ons weet ook nie wie ons is as hulle van buite na ons kyk nie. Dit is waarom Paulus in Romeine 8:19 sê letterlik die hele skepping staan op hulle tone in afwagting dat die kinders van God sal sigbaar word!

Ons moet dit egter deur die geloof vat. En dit is revolusionêr. Meeste van ons geestelike probleme ontstaan juis as gevolg van die feit dat ons hierdie waarheid nie toepas nie. Ons gebedslewe, ja alles, sal radikaal verander as

ons bewus sal raak van die feit dat ons kinders van God is wat elke dag voor Hom as Vader, leef.

Kind van God: Vry van Sonde

Romeine 6

Nou wil ek hê ons moet kyk na die feit dat ons kindskap van God ons in 'n radikaal ander verhouding *met sonde gebring* het. Vanaf slawerny na vryheid. Later gaan ons sien dat kindskap van God my in 'n radikaal ander verhouding tot die wet gebring. Ook van slawerny na vryheid.

Maar nou: Ek wil die stelling maak dat ek en jy net werklik sal kan verander wat ons sondige gedrag en emosies betref as ons verstaan dat ons totaal, radikaal vry van sonde is. Dat ons dood is vir sonde.

En ek weet jy dink: “Ja dit is alles behalwe die waarheid in my lewe!” Wel, kom ons kyk na Romeine 6 om dit reg te probeer verstaan.

Jy sal moontlik onmiddellik sê: Maar hier staan niks van kindskap nie. Hoekom sê jy hierdie radikale nuwe verhouding is 'n gevolg van kindskap? Wel, Paulus gebruik nie die term *kind van God* hier nie, maar lees Romeine 8:15-16. Onthou Paulus is eintlik besig met een lang argument. Sien, hier bring hy slawerny en kindskap en die Gees bymekaar. Ons kan dus weet dit is wat ook onderliggend aan Romeine 6 lê. In Galasiërs 4 gebruik hy hierdie terme ook in 'n konteks waarin hy juis praat oor kindskap.

Stelling in die teks

Kyk na Romeine 6:2: “*Hoe kan ons wat dood is vir die sonde, nog daarin voortlewe?*” en Romeine 6:6b. “*sodat ons sondige bestaan beëindig kon word. Ons is dus nie langer slawe van die sonde nie.*” En dan Romeine 6:11: “*Julle moet dus altyd onthou dat ook julle vir die sonde dood is.*”

Sien jy dit? Ons *was* slawe van sonde. Ons is dit nie meer nie. Ons is dood vir die sonde.

Wie is die "óns" wat dood is?

Hoe moet ons dit verstaan? Wie is die "ons" wat "ons" was? Wel, Paulus gebruik die term die *ou mens* (OAV), of *ou sondige mens* (NAV).

Die *ou mens*, verwys nie hier na een helfte van 'n gesplete persoonlikheid in ons, of net die materiële deel van ons teenoor die geestelike deel nie. Nee, dit is die hele *ons*, soos ons gebore word. Dit is die mens in Adam. Die mens waarvan hy praat in Romeine 5:12 en volgende. Dit is die mens buite die nuwe lewe van God se Gees. Let wel: jy kan nie hierdie mens doodmaak nie. Hy is dood.

En hierdie *ou mens* waarvan Paulus praat met al sy lede, tong, ore, ensovoorts, was die troon van sonde. Sonde het daar geheers. Sonde was op die troon (Rom. 5:12).

En, let wel, deur begeertes. Begeertes was die manier waarop hy regeer het.

Kyk, die begeerte vir *kos (honger)* is 'n wonderlike dienskneg vir ons, maar wanneer sonde dit gevange neem word hierdie begeerte brassery of bulimie of anorexia en dit beheer ons in diens van die vyand, en ons tong en mond en maag word wapens van ongeregtigheid (Rom. 5:13).

Die begeerte vir *drink (dors)* dien ons baie goed, maar wanneer sonde dit gevange neem kan die begeerte alkoholisme of kafeïenverslawing word en die tong 'n wapen van ongeregtigheid.

Die begeerte vir *seksuele satisfaksie* wat ons goed dien en 'n dienskneg van voortplanting en huwelik vreugde is. Wel, as sonde dit gevange neem, word die begeerte 'n drang na pornografie of masturbasie of flirtasie of egbreuk of homoseksuele verhoudings en ons organe word wapens van ongeregtigheid.

Die begeerte na *rus en slaap* dien ons goed, maar as sonde dit gevange neem, word die begeerte lamsakkigheid en luiheid.

Maar die punt is: wát Paulus in Romeine 6:12 sê is dat in die lig van Romeine 6:11 ons dit nie meer moet toelaat nie. Want hy het nou net gesê *ons is dood*, en in Romeine 6:6 ons is nie *langer slave nie*.

Hoe het ons in hierdie nuwe posisie gekom en 'n nuwe identiteit verkry?

Daardie ou mens, wat die troon was, het gesterf. Hoe? Wanneer? Toe Christus gesterf het, het daardie ou mens gesterf (vers 6a). Gaan lees nou verse 7-10. Die punt wat Paulus in vers 7-10 wil maak is dít. Kyk na Jesus, kyk na wat met Hom gebeur het. Wat? Wel Hy het gesterf vir sonde. Sonde vereis die dood. Jesus het gesterf. Sonde veroorsaak dat Hy sterf vir sy sonde nie maar vir ons s'n. Die punt is hy het sonde op Hom en moet dus sterf. So, Hy is nou vry van die sonde. Hoekom? Want hy het klaar gesterf, daarom hoef Hy hoef nie weer nie. Hy het opgestaan, en Hy leef nou vir God. Kyk, met sonde het Hy niks meer te make nie.

Nou sê Paulus: “Onthou presies dieselfde is waar van julle.” Hoe kan dit wees. Wel kyk na die Romeine 6:3-5. Dit wat by ons doop gebeur het, is 'n afbeelding daarvan. Waarvan? Van die feit dat ons in Christus se dood ingeplant is. Inbeweeg het. Wat dus waar is van Hom is waar van ons.

Ons is dood vir sonde. Wat beteken dit? Ons is dood vir sonde in die sin dat ons (die mens wat ons in Adam *was*) in Christus was toe Hy gesterf het, doodgemaak is vir sonde. Maar ons het ook saam met Hom opgestaan. Hy staan op as Een wat nie meer kan sterf vir sonde nie. Want die straf vir sonde, die dood, is reeds gedra. Ons was in Hom. Maar ook in Sy opstanding is ons Een met Hom. 'n Nuwe mens het dus opgestaan. Een wat nie meer vir sonde kan sterf nie. En daarom is ons klaar met sonde, dood vir sonde. Die mens wat opgestaan het, is 'n nuwe mens. Dit is nie meer die mens wat hoef te sterf vir sonde nie. Hy het klaar gesterf? Sonde het niks meer met hierdie nuwe mens te maak nie. Dit het geen reg meer op hom nie. As sonde by wyse van spreke na die ou mens, die mens wat hy kon doodmaak, wat ons was, kyk, sien hy 'n lyk. Ons is dood vir sonde uit sonde se perspektief gesien, maar sonde is ook vir ons dood in die sin dat ons nou 'n nuwe mens is wat saam met Christus opgestaan het

– vir ons bestaan sonde in daardie sin nie meer nie, net soos dit nie meer vir Jesus bestaan nie.

Wat óns nou betref, het sonde geen troon meer nie. Hy kan nie meer heers nie. Ons begeertes is nie meer sy diensknegte nie.

Dit is wat met jou gebeur het, dit is nou jou posisie. Die oomblik as jy tot geloof kom, dit doen wat die tollenaar gedoen het, dan is jy regverdig verklaar, is jy kind van God, en is jy in hierdie posisie. En dít is radikaal.

Kind van God: vry van die wet

Galasiërs 3:23-4:11

Ons sal nooit kan verander na die beeld van God soos vergestalt in Jesus, as ons nie verstaan dat ons vry is van die wet nie – dat ons nie meer *slawe* van die wet is nie. Met ander woorde, ons sal nooit kan verander om, soos Jesus, opofferende liefde aan dié wat die teenoorgestelde verdien, uit te straal as ons nie leef as mense wat vry is van die wet nie.

Vry van die wet vir meer

Kyk net weer na Galasiërs 4:7: *”Jy is dus nie meer ’n slaaf nie; jy is nou ’n kind van God...”* Waarvan is ons nie meer slawe nie? In Galasiërs 4:5 lees ons: *“om ons, wat aan die wet onderworpe was, los te koop sodat ons as kinders van God aangeneem kon word.”* Daar is sprake van ’n loskoping van die wet. Dis natuurlik die beeld van die destydse slawemark.

Wat is die wet waarvan hier gepraat word? Wel, dit is die wet wat 430 jaar na Abraham gekom het (Gal. 3:17). Wat beteken dit? Dit beteken die verbond met Moses, wat 430 jaar na Abraham met die nasate van Abraham wat bevry is uit Egipte, gesluit is. Met hulle word ’n verbond gesluit en die inhoud van daardie verbond was al die wette en stipulasies wat van die berg en vanuit die tent van samekoms afgekondig is. Dit alles saam het die verbond se inhoud gevorm, dit was wat die volk moes

onderhou as hulle kant van die verbond. Let wel, dit het al die wette en stipulasies ingesluit – die tien gebooie sowel as al die ander wette.

Wat was die wet waarna Paulus verwys? In watter sin was die mense onder hierdie bedeling slawe? Wat was die posisie van die wat geleef het onder hierdie bedeling?

Wel, Paulus verduidelik dit. Lees net weer Galasiërs 3:23-24. Die frase “*voordat hierdie geloof gekom het*”, verwys na ’n tydperk. Die nuwe bedeling waarin Paulus en ek en jy lewe. Die tydperk van *geloof in Jesus Christus* (Gal. 3:22b). Soos Paulus sê, vóór hierdie tydperk was daar ’n tydperk waar mense gevang was onder die wet.

Maar in watter sin? Wel, in die sin dat hulle onder die toesig van die wet gestaan het. Die OAV gebruik die woord *tugmeester*. In Grieks: *Pedagogos*. Die *pedagogos*, was die slaaf wat die kinders opgepas het. Hulle was dus *slawe in die sin wat klein kindertjies slawe* is. Klein kindertjies kan nooit vir hulleself besluit nie, hulle moet net doen wat daar vir hulle gesê word. Dit was die toestand van Israel.

Lees weer Galasiërs 4:1-2 “*Hierby wil ek nog dit sê: Solank ’n erfgenaam nog minderjarig is, verskil sy posisie nie werklik van dié van ’n slaaf nie, al behoort die hele erfenis aan hom. Tot die dag wat sy pa bepaal het, staan hy onder toesig van voogde en word sy besittings deur bestuurders beheer.*”

Die punt hier is dít. Al is jy ’n erfgenaam, beteken dit in praktyk niks as jy ’n klein kindjie is nie. Die Griekse woord wat hier gebruik word vir kind, laat spesifiek die klem op minderjarigheid en onvolwassenheid val.

’n Erfgenaam is onder toesig terwyl hy nog minderjarig is. In hierdie tyd is daar prakties nie veel verskil tussen hom en ’n dienskneg (slaaf) nie, hy is nie beter af as ’n slaaf wat betref vryheid van optrede nie (dink maar aan ’n seuntjie wat op ’n plaas grootword). Die kind is wel *de jure* erfgenaam van alles, maar *de facto* het hy geen mag of gesag nie. Hy is onder die toesig van ander en moet maak soos sy oppassers sê. Hierdie tydperk duur totdat die pa besluit om dit op te hef.

Wat Paulus wil sê is dít: Die pa het dit opgehef. Geestelik gesproke het God hierdie tyd opgehef.

Maar hoe? Galasiërs 4:4 sê: “*Maar toe die tyd wat God daarvoor bepaal het, aangebreek het, het Hy sy Seun gestuur. Hy is uit ’n vrou gebore en van sy geboorte af was Hy aan die wet onderworpe.*”

Dit beteken nie dat God sy Seun gestuur het toe die toestande ryp was vir sy koms as gevolg van bepaalde omstandighede in die wêreld nie. In die konteks van die heilsgeskiedenis beteken dit dat die verskyning van die Seun “*die volheid van die tyd teweeggebring het*”, die einde van ’n bedeling en die begin van ’n nuwe bedeling. Dit maak sin in dié konteks –die einde van die tydperk van voogdyskap. Net soos die pa in die menslike voorbeeld besluit dat die tydperk van minderjarigheid en onderworpenheid aan voogdyskap moet beëindig moet word, het God binne die heilsgeskiedenis die tydperk van geestelike onvolwassenheid (die bedeling van die wet) opgehef deur die koms van Jesus. Weereens die wet was tydelik en van verbygaande aard (Gal. 3:18).

Hoe word ons nou bevry? Deur Jesus wat self aan die wet onderworpe was. Van sy geboorte was Hy onderworpe aan die wet. Onder die wet. Die rede waarom Hy self aan die wet onderworpe was, word in Galasiërs 4:5 gegee – *om ons los te koop sodat ons die status van seuns kan verkry*. Christus het dit bewerk deurdat Hy die volle verpligting van die wet volmaak na gekom het, en dat Hy ook die vloek van die wet namens ons gedra het. Die vloek van die wet as geheel, nie net sekere dele nie. Hy het die eise van die wet ten volle vervul, sodat ons vry kan wees (selfs besny op die agste dag).

Ons is dus vry, vry van die status van klein kindertjies wat in effek niks anders as slawe is nie; ons is nou volwasse seuns.

Om die bevoorregte posisie te beklemtoon, Galasiërs 4:6. Die Gees gee die sekerheid van kindskap en stel gelowiges in staat om God hulle Vader te noem (Rom. 8:14, 16). ABBA – is die gevoelvolle Aramese verkleinwoord vir vader (pappa) wat binne die *intieme* familiekring gebruik is.

Paulus lê klem op hierdie persoonlike, intieme toegang tot God, wat ons nou kan beleef om die kontras met dit wat waar was onder die ou bedeling te beklemtoon. God was in 'n sekere sin ver. Verborge. Hy het met die gewone Israeliete gepraat deur die middelaarskap van Moses.

Ons is nou nie meer in daardie posisie nie. Ons is nie meer slawe, *soos klein kindertjies slawe is nie, ons is nie meer soos hulle in 'n posisie waar daar geen vryheid, en verantwoordelikheid is nie.* Ons is nou volwasse, vry seuns.

Kom ek probeer aan die hand van 'n beeld verduidelik in watter sin ons vry is, vry van die “kleuterskool”, regulasies van die wet van Moses. 'n Klein seuntjie moet byvoorbeeld die ligte om 20h00 afskakel, terwyl 'n volwasse seun die vryheid gegun word om sy eie diskresie in hierdie verband te gebruik. Sy pa mag hom daaraan herinner dat hy dwaas sal wees om die hele nag wakker te bly, maar sy pa plaas hom nie onder die verpligting van regulasies wat by klein kindertjies pas nie. Hy sê aan sy seun: *“Aangesien jy oud genoeg is om die beginsel agter hierdie reëls te verstaan, gaan ek dit nie langer op jou afdwing nie. Jy kan kom en gaan soos jy wil. Jy mag steeds hierdie reëls nuttige dissipline vind, maar jy is vry om dit aan te pas by jou omstandighede.”*

God wou gehad het dat Israel oorfloedig en vrygewig moes wees in dit wat God aan hulle gegee het en Hom sou erken as die Gewer en Besitter van alles. Om hulle hierin te help, het Hy aan hulle kinderlike opvoedingsregulasies gegee soos tiendes, eerste vrugte-offers, dankoffers, dae, en so meer.

Hierdie regulasies was nie die “regte wet” agter die wet nie. Nog minder was dit permanent. Dit was tydelike regulasies wat op Israel afgedwing is, totdat Christus sou kom. Die Nuwe Testament gee nie regulasies oor tiendes en offerandes en dae nie. In sy brief aan die gemeentes roep Paulus die mense op tot vrygewige bydraes en verantwoordelike rentmeesterskap. Die wet van Moses bevat wel regulasies in verband met tye en plekke van aanbidding, maar die Nuwe Testament het geen begeerte om sulke wette neer te lê nie. Dit is duidelik dat Paulus nie wil toelaat dat regulasies in verband met heilige dae en Sabbatte afgedruk word op die gewetens van die gemeente nie (Rom. 14:5; Gal. 4:10; Kol. 2:16).

Natuurlik het die kerk steeds tye en plekke van aanbidding nodig. Waar die wet van Moses egter spesifieke voorskrifte in verband met die vorms gee, het die Nuwe Testamentiese gemeenskap baie meer vryheid. Aangaande die Nagmaal sê Jesus: "*doen dit tot my gedagtenis*" (1 Kor. 11:24). Hy spesifiseer egter nie dat dit byvoorbeeld in die aand gedoen moet word nie (soos die Pasga) of op 'n sekere dag (soos die Sabbat) nie.

Ek het gesê ons kan net werklik verander as ons vryheid verstaan. Waarom kan ons net werklik verander na die beeld van Christus as ons vry is van kinderregulasies?

Kom ek verduidelik dit aan die hand van een van die Tien gebooie wat deel is van die verbondsvoorskrifte). *Jy mag nie egbreuk pleeg nie*. Onder die kinderregulasies voel ek goed as ek nie fisiese egbreuk pleeg nie. Ek het gedoen wat die kinderoppasser sê ek moet doen. Ek mag nie egbreuk pleeg nie en ek het nie. Dit is veilig. Ek hoef geensins verder te verander nie. Ek doen net dit. Dit is wat ek voorgesê word. Ek is 'n klein seuntjie.

Maar nou? Wel, ek moet my vrou liefhê soos Christus die gemeente. Terloops in Efesiërs 5:18 word dit duidelik gemaak dat ons onder die invloed van die persoon van Heilige Gees moet kom. Dit is net moontlik as ons onder sy invloed is. Dit gaan *opofferende* liefde kos! Ek gaan verder as enige iets wat vir my voorgeskryf word! Ek moet besluit ek gaan, om só lief te hê, hierdie ding los, daardie ding begin doen. Sien jy? Ja, natuurlik kom ek nou die gebod na: *Jy mag nie egbreuk pleeg nie*. Maar ek staan nie meer onder daardie gebod as deel van die ou verbondsbedeling nie. As ek daaronder was, sou ek rustig, tevrede kon aangaan met my "nie egbreuk" en nooit verder kon verander wat my sondige gedrag en emosies betref nie. Nee, ek is vry, ek is 'n volwasse seun. Ek kan nou baie verder verander! Dit geld vir dinge soos diefstal, leuens en wat nog alles.

Ons is vry vir meer! Meer verandering! Meer heiligheid.

Vry van die wet vir oorwinning oor sonde

Romeine 6:14: "*Die sonde moet nie meer baas wees oor julle nie, want julle staan nie onder die wet van Moses nie, maar onder die genade*". (Lees dit verkieslik in die 1953 Afrikaanse vertaling of een van die ander letterlike Engelse

vertalings. In Grieks beteken dit: Die wet *sal* nie oor julle heers nie). Dit is insiggewend. Ons het gesien dat die sonde nie deur sy verraaier-begeertes oor ons sal heers nie, want ons is “*dood vir die sonde*” (Rom. 6:2) en nie langer slawe van sonde nie (Rom. 6: 6b). En nou in Romeine 6:14 sien ons sonde sal nie oor ons heers nie, want ons is nie onder die wet nie. Dit beteken net een ding. Ons is ook dood vir die wet. Die mens in Adam wat ons was is dood en so ook die mens onder die wet. Die wet het dus niks meer met ons te make nie en ons het niks meer met die wet te make nie! Dit is waarna Paulus verwys in Galasiërs 2:19-20: “*Maar wat my betref, deur die wet is ek vir die wet dood sodat ek vir God kan lewe: ek is saam met Christus gekruisig, en nou is dit nie meer ek wat lewe nie, maar Christus wat in my lewe. Die lewe wat ek nou nog hier lewe, leef ek in die geloof in die Seun van God wat sy liefde vir my benyts het deur sy lewe vir my af te lê.*”

Ons het gesien dat die sonde deur begeertes heers. En hy stuur altyd sy verraaier- begeertes om teen die nuwe mens se kasteel, waar God heers. Wat baie belangrik is, is die feit dat ons nie hierdie aanvalle kan afweer deur die wet nie.

Kyk na Romeine 7:7-1: “*Wat is dan ons gevolgtrekking? Dat die wet van Moses sonde is? Beslis nie. Inteendeel, ek sou nie geweet het wat sonde is nie, as dit nie deur die wet was nie. Ek sou byvoorbeeld nie geweet het dat dit sonde is om te begeer nie as die wet nie gesê het: “Jy mag nie begeer nie.” Maar deur hierdie gebod het die sonde ’n vastrapplek gekry en elke soort begeerte in my aan die gang gesit, want sonder die wet is die sonde dood. Voorheen, toe die wet nie daar was nie, het ek gelewe, maar toe die gebod gekom het, het die sonde begin lewe, en ek het gesterf. Dit het geblyk dat die gebod wat bedoel was om vir my die lewe te bring, vir my die dood beteken. Die sonde wat deur die gebod ’n vastrapplek gekry het, het my deur die gebod mislei en my doodgemaak.*”

Sonder om te lank hierby stil te staan, en te vra of die *ek* Paulus is en of dit voor of na sy bekering is, moet ons verstaan dat Paulus wys *wat die wet doen*. Sonde en wet werk saam. Begeertes kom juis as jy onder die wet is. En dit is hoe sonde oor jou heers. Onder “mags en moenies.” Die oomblik as jy so begin leef, juig sonde en begin in jou heers!

Wat is die enigste manier waarop ons kan “nee” sê vir hierdie begeertes. Wel, as daar sterker begeertes is.

Galasiërs 5:16-18: *”Wat ek bedoel, is dít: Laat julle lewe steeds deur die Gees van God beheers word, dan sal julle nooit swig voor begeertes van julle sondige natuur nie. Wat ons sondige natuur begeer, is in stryd met wat die Gees wil, en wat die Gees wil, is in stryd met wat ons sondige natuur begeer. Hierdie twee staan lynreg teenoor mekaar, en daarom kan julle nie doen wat julle graag wil nie. Maar as julle julle deur die Gees laat lei, staan julle nie meer onder die wet nie.”*

Wat sou ons in vers 18 verwag? Jy is reg. Sonde. Maar Paulus sê dan is julle nie meer onder die wet nie.

Daar is geen vrug terwyl jy onder die wet is nie! Geen groei nie. Dit word alles baie mooi beskryf in Romeine 7: 1-6:

“Of weet julle nie, broeders want ek spreek met mense wat die wet ken dat die wet oor die mens heers so lank as hy lewe nie? Want die getroude vrou is deur die wet aan die lewende man gebonde; maar as die man sterwe, is sy ontslae van die wet van die man. Daarom dan, as sy ’n ander man s’n word terwyl haar man lewe, sal sy ’n egbreekster genoem word; maar as die man sterwe, is sy vry van die wet, sodat sy nie ’n egbreekster is as sy ’n ander man s’n word nie. So, my broeders, is julle dan ook ten opsigte van die wet dood deur die liggaam van Christus, om aan ’n ander te behoort, naamlik aan Hom wat uit die dode opgewek is, sodat ons tot eer van God vrugte kan dra. Want toe ons in die vlees was, het die sondige hartstogte wat deur die wet kom, in ons lede gewerk om vir die dood vrugte te dra. Maar nou is ons ontslae van die wet waardeur ons gebonde was, aangesien ons dit afgesterf het, sodat ons dien in die nuwigheid van die Gees en nie in die oudheid van die letter nie” (OAV).

Kan jy sien hoe kardinaal belangrik dit is om te besef dat om kind van God te wees beteken om vry van die wet te wees. Ons is dood vir die wet. Want alleen dan kan ons werklik die wet agter die wet gehoorsaam, en daaraan voldoen – *naamlik om beelddraers van God te wees soos Jesus in opofferende liefde wat verder en verder en meer en meer beteken.*

Moenie weer onder die juk van ’n lewe van “moets” en “moenies” inbeweeg nie. Bly onder die Gees. Leef die Christelike lewe soos jy dit begin het! En hoe het jy dit begin? Wel, deur geloof – jy het self geen

bydrae gelewer nie. Dan raak die Gees werksaam. Dan staan jy in die huwelik met Jesus. Dan kan jy verander. Dan word jy heilig.

Kind van God: getroud met Christus

Efesiërs 5:22-32

Ons het nou gesien ons is getroud met Christus sodat ons kan vrug dra; 'n verandering in emosies en gedra is as't ware die kinders wat uit die huwelik gebore word.

Ek wil hê ons moet nou na Efesiërs 5 kyk waar Paulus praat oor hierdie huwelik met Christus, en ek gaan probeer aandui hoekom hierdie huwelik sal lei tot verandering. Ek wil probeer aandui dat die begeertes van die sonde nie meer die nuwe mens wat in 'n nuwe huwelik staan sal verlei nie, juis omrede dit wat ons huweliksmaat, Jesus Christus vir ons gedoen het en doen, ons dryf tot veranderde gedrag en emosies.

Aan die begin van die boek Efesiërs, reeds in Efesiërs 1:23 sê Paulus dat die kerk die liggaam van Christus is. Deur geloof word 'n persoon verbind aan Jesus Christus en aan ander gelowiges, sodat ons almal *"een is in Christus Jesus"* (Gal. 3:28). Gelowiges is die liggaam van Christus – ons is die organisme waardeur Hy sy lewe manifesteer en in wie die Gees woon.

Terwyl Paulus dit weet omtrent die verhouding tussen Christus en die kerk, sien Paulus 'n parallel hier in Efesiërs 5:31-32 met die huwelik. Hy sien dat man en vrou een vlees word volgens Genesis 2:24 en dat Christus en die kerk een liggaam word. En daarom kan hy byvoorbeeld in 2 Korintiërs 11:2 die volgende van die kerk sê: *"...want ek het julle aan een man verbind, om julle as 'n reine maagd aan Christus voor te stel."*

Hy sien Christus as die man, die bruid as die kerk en die verlowing, hulle bekering, (Terloops, vir Jode verlowing was net so bindend as die huwelik). Die voorstelling van die bruid aan Christus sal waarskynlik plaasvind by die wederkoms. Dit word ook hier in Efesiërs 5:27 beskryf.

Dit is egter baie belangrik om iets raak te sien in Efesiërs 5:32. Nadat Paulus Genesis 2:24 aangehaal het van die man en vrou wat een vlees word, sê Paulus (vry vertaal): “*Dit is ’n groot geheimenis. Ek praat met die oog op Christus en die gemeente.*” Die huwelik is ’n geheimenis (verborgenheid). Daar is dus meer as wat die oog kan sien. Wat is dit? Wel ek dink dit is dit: *God het nie die eenheid tussen Christus en die gemeente gevorm volgens die patroon van die menslike huwelik nie. Dis net die omgekeerde – Hy het die menslike huwelik geskep op die patroon van die verhouding tussen Christus en die gemeente!*

Ons kan hierdie gedeelte gebruik en fokus op die menslike huwelik, wat net die afbeelding is van hierdie eintlike huwelik. Ek wil hê ons moet nou fokus op die *eintlike* huwelik tussen ons en Jesus Christus.

Want as ons dit verstaan lanseer dit ons tot verandering!

Christus het ons liefgehad voor ons aantreklik was

Efesiërs 5:25: “*Mans, julle moet julle vrouens liefhê soos Christus die kerk liefgehad en sy lewe daarvoor afgelê het.*”

Let op: Die volgorde hier is uiters belangrik. Jesus Christus het liefgehad en daardie liefde beweeg Hom om Homself te gee. En Efesiërs 5:26 sê die doel van die gee van Homself was om sy bruid (die kerk, ons as gelowiges) te reinig en te heilig, en Efesiërs 5:27 sê die effek van daardie gee van Homself is om ontslae te raak van die vlekke en rimpels en om die kerk pragtig met heerlijkheid te klee.

Hierdie liefde gaan dus verandering, die mooimaak *vooraf*. Met ander woorde Christus het nie sy vrou gekies op die manier wat ons dit doen nie. Hy het nie gekyk vir ’n aantreklike vrou of ’n intelligente vrou of ’n getroue vrou nie. Hy kies die mees onwaarskynlike vrou, die een wat niemand anders sou kies nie. En Hy doen dit met die doelwit om haar aantreklik en wys en getrou te maak ten koste van sy eie lewe.

Sy liefde vir ons, vir jou vir my het nie begin as ’n liefde van bewondering nie. Sy eerste liefde vir ons was nie ’n reaksie op ons skoonheid nie. Ons het niks gehad nie. Sy eerste liefde vir ons was gratis en onvoorwaardelik.

Dit is die liefde van onvoorwaardelike *verkieëing* soos beskryf in Efesiërs 1:4. Hy het ons nie gekies omrede Hy kon sien ons was heilig of kon sien dat ons heilig sou kon word nie; Hy kies ons omdat Hy beplan het om ons heilig te maak.

Ons is ook bemin met die liefde van onvoorwaardelike *opwekking uit die dood*, wat beskryf word in Efesiërs 2:4-5. God het 'n dooie vrou gekies om sy Seun se bruid te wees. Dooie vrouens begin nie bruide word deur aan sekere voorwaardes te voldoen nie. Hulle begin deur opgewek te word uit die dood, of as jy die term verkies, deur weer gebore te word.

Dit is wat met elke lid van die liggaam van Christus gebeur het. As jy as Christen hier lees, is dit wat met jou gebeur het. Voor ons mooi kon lyk, of slim kon klink, of getrou kon wees, het die verkiesende liefde van God ons gekies en die wederbarende liefde van God ons opgewek uit die dood.

Christus se liefde vir ons is eksklusief

In die 1953 Afrikaanse vertaling en ander letterlike vertalings sien 'n mens dat mans hulle *eie vrouens* moet liefhê, *soos Christus die kerk!*

Bedink dit vir 'n oomblik as jy as man hier lees. God het bedoel dat jou vrou 'n liefde beleef en geniet en daardeur versterk word en veilig voel – 'n liefde wat net van haar eie man kom en wat baie spesifiek en eie aan haar is, en anders is as die algemene Christelike liefde wat jy mag hê vir enige ander vrou in die wêreld. Die liefde van 'n man vir sy vrou is 'n spesifieke verbondsliefde wat deur geen ander vrou in sy lewe gedeel word nie.

Die kerk van die dag is so arm hieraan. Ons dink aan onself en die liefde wat Christus vir ons het in algemene terme. Sy liefde vir ons is kwalitatief, totaal iets anders as die liefde wat Hy vir die wêreld het. Jy kan nie die Nuwe Testament lees sonder om intens daarvan bewus te raak nie. Die hele beeld hier het geen betekenis indien dit nie so is nie.

As ons dus wil verander is die eerste ding wat ons moet vasgryp die feit dat Christus ons liefgehad het voordat ons aantreklik was. En tweedens het Hy ons lief met 'n baie spesifieke eksklusiewe verkiesende,

wederbarende, verbondsliefde. Om dit te weet en die Gees in jou hart te hê wat daarvan getuig is kosbaar en kragtig bo woorde.

Christus het Homself vir die kerk, vir jou en my gegee in opofferende liefde

Lees net weer Efesiërs 5: 25. Christus het nie sy vrou gewen op die manier wat ons dit vandag doen nie. Hy het 'n bruidskat vir haar betaal en daardie bruidskat was sy lewe. Om die bruid van Christus te wees beteken om liefgehê te wees, nie net met 'n uitverkiesende liefde wat ons net voor die grondlegging van die wêreld gekies het nie, en nie net met 'n wederbarende liefde wat ons opgewek het uit die dood toe ons dood was in ons oortredinge en sonde nie, maar Hy het ons ook liefgehad met 'n selfopofferende liefde wat vir ons gesterf het (soos Romeine 5:7-10 wys) terwyl ons hulpelose, sondige en goddelose vyande was!

Met ander woorde Hy het nie net gesterf vir 'n onwaardige of onwillige vrou nie, maar vir 'n vrou wat Hom afstootlik gevind het. Moenie die krag hiervan mis nie. Paulus sê in Efesiërs 5: 25 dat Christus Homself vir die kerk gegee het. Met ander woorde, in sy sterwe het Hy spesifiek die kerk in die oog gehad. Dit was vir haar, uniek vir haar, spesiaal vir haar – dat Hy gesterf het. Die kragtige, reddende, reinigende, heiligende, veranderende doelwitte van die kruis was gerig op 'n verloofde wat nie net onaantreklik in haarself was nie, maar sy het Christus afstootlik gevind en geen intensie gehad om met Hom te trou nie. Spesifiek vir haar gee Hy sy lewe. Het Christus net sommige dinge opgegee ter wille van ons nie? Nee, Hy gee alles, Homself. Nie net iets, nie net 'n deel, nie net iets kosbaars nie. Alles, Homself. Dit is wat dit beteken om die vrou van Christus te wees.

Christus se liefde is doelgerig, gerig op die reiniging van ons sonde

Kyk gou weer na Efesiërs 5:25-26. As jy iemand is wat daarvan hou om heuning om die mond gesmeer te word sodat jy kan goed voel, wel dan sal die huwelik tussen Christus en sy vrou, tussen jou en Christus, jou nie laat

goed voel nie! Dit is 'n hoogs *nie*-vleiende prentjie dat Hy ons moet bad om met ons te trou.

Ons was onaantreklik, nie mooi, vyande, nie vriende, en ons was vuil met die skuld en morele vuilheid van sonde oral oor ons en binne-in ons. En Hy het ons gekies en vir ons gesterf en opgewek uit die dood en ons skoongemaak. Hy het ons smet weggeneem. Hy het ons skuld weggeneem. Hy het ons gebad, gewas, voor 'n al-heilige God wat onreinheid nie kan aanskou nie.

Die water van die doop is 'n afbeelding van daardie geestelike was. Let op dat die reiniging van sonde in Efesiërs 5:26 kom van die selfopofferende offer van Christus in Efesiërs 5:25. So is dit met die doop. Dit is 'n afbeelding van 'n sterwe saam met Christus en dit is 'n afbeelding van die reiniging deur Christus se dood, soos daardie water ons reinig. So die doop is 'n kragtige afbeelding van hierdie twee dinge wat saam hoort. Die sterwe van Christus en ons reiniging. En hulle moet saam wees, want 1 Johannes 1:7 sê: *“die bloed van Jesus Christus reinig ons van alle sonde”*.

Een van die mees grafiese voorstellings van wat Christus vir ons gedoen het, word gesien in die Ou Testament as daar gewys word wat God met Israel gedoen het om haar sy bruid te maak. Gaan kry vir jou nou gou 'n rustige plekkie en lees stadig en nadenkend Esegël 16:3-9.

As ons hierdie waarheid, dat ons *so* die bruid van Christus geword het, en dit nou *is* aanvaar, is dit ontsettend transformerend.

Hoekom bring ek soms in die oggend vir my vrou 'n kopie koffie in die bed? Dit is nie omrede ek haar myne moet maak nie. Sy is alreeds my vrou, net soos Christus reeds my bruidegom is. Ek doen dit nie om seker te maak sy los my nie. Sy het haarself aan my verbind in 'n verbond met beloftes. Dit is nie eers sodat sy my goed moet behandel nie. Sy behandel my dikwels goed selfs al behandel ek haar nie so goed nie – net soos Christus altyd genadig en barmhartig teenoor my is, selfs as ek dit nie verdien nie.

Wat gee my vrymoedigheid om voor my huweliksmaat te praat en te wees wie ek is? Die feit dat hy of sy my aanvaar soos ek is, liefhet ten spyte van. En dit maak natuurlik dat ek my huweliksmaat wil behaag. Hoe meer ek daaroor dink en besef hoe onvoorwaardelik Christus se liefde vir my was en is – hoe meer verander dit my om Hom te behaag.

Hoekom doen ek enige iets vir my vrou? Ek probeer haar behaag omrede ek haar liefhet het en sy my liefhet. Ek vind vreugde daarin om haar vreugde te verskaf. So is dit met Christus. Christus is ons beminde, ons maat, ons bruidegom en daarom wil ons vir Hom lewe, Hom gelukkig maak, doen wat Hy vra. En wat 'n bruidegom is Hy nie!

Hoe meer my vrou my liefhet, hoe meer vind ek dat ek haar liefhet. Christus het my so liefgehad soos ons nou beskryf het – en dit is waarom ek vir Hom wil lewe en Hom wil liefhê.

As ons dit verstaan, verstaan ons hoekom die Bybel sonde as egbreuk beskryf (Jer. 3:7-8; 5:7, Eseg. 23:37, Matt. 12:39, Jak. 4:4, Openb. 2:22). Sonde is egbreuk want dit is die verraaing en verloëning van ons ware en beste liefde. Hoekom sal jy daardie sonde pleeg? Die liefde van 'n persoon wat jou laat egbreuk pleeg is nie liefde nie. Sonde het ons nie lief nie. Dit probeer jou gebruik, misbruik, verslaaf en uiteindelik vernietig.

Sonde vat van ons en gee niks terug nie. Dit mag wonderlike leuens gebruik. Dit mag die wêreld beloof. Maar dit is alles leuens. Sonde bring nooit ware bevrediging wat hou nie. Waarom sal jy 'n man los, wat jou so liefgehad het en elke dag nog met dieselfde kruisliefde liefhet? Waarom sal jy die een los wat beskryf word as die leeu en die lam? In wie mag en krag en teerheid verbind is? Waarom sal jy Hom verrai vir sonde?

Lees wat sê Paulus in 2 Korintiërs 11:2-3: *“Ek maak oor julle met 'n ywer wat van God kom, want julle is soos 'n jongmeisie wat ek aan een man toegesê het as sy bruid en wat ek vlekkeloos na hom toe wil bring. Die man is Christus. Maar ek is bang dat julle gedagtes weggelei sal word van die onverdeelde en suiwere toenydning aan Christus, net soos Eva verlei is deur die listigheid van die slang.”*

Wil jy nog verander om God te beïndruk? Om goed te voel oor jouself? Om ander te beïndruk? Sien jy hoe belaglik dit is? Jy staan in 'n huwelik

met die Een wat alle mag het, die Koning van die heelal – in ’n intieme huweliksverhouding!

♣ Kind van God: Tempel van die Heilige Gees

📖 1 Korintiërs 6:18-20; Efesiërs 2:19-23

Kom ons kyk na ’n laaste motief vir verandering. ’n Laaste waarheid omtrent onself wat ons moet dryf om te sê: *“Dit is hoekom ek wil verander. As dit wil ek verander waar is.”*

Ons gaan kyk na die waarheid dat ons, ek en jy as individu, maar ook ons kollektief, die tempel van die Heilige Gees is.

Nuwe Testamentiese gedeeltes wat ons posisie as tempels van die Heilige Gees beskryf

Kom ons neem 1 Korintiërs 6:18-20 as vertrekpunt. Dit is ’n uiters betekenisvolle paar verse as jy daaroor nadink. Paulus wil verseker dat sy lesers in Korinte niks met seksuele losbandigheid te doen sal hê nie. Maar let bietjie op wat hy as motivering, of as rede gebruik waarom hulle nie hierdie dinge moet doen nie. Dit was ’n baie goeie geleentheid om bloot te sê: *“Wel, julle weet mos die wet van Moses sê julle mag nie egbreuk pleeg nie”*. Maar hy doen dit nie. Hoekom nie? Want die nuwe verbondsgelowige leef onder ’n nuwe bedeling met nuwe motiverings. Onder die ou verbond kon jy nie vir mense dit sê wat Paulus hier sê nie. Onthou julle wat ons gesien het uit Galasiërs 3 en 4? Die mense onder die ou verbond was onder kindervoorskrifte, hulle was soos klein kindertjies wat in effek soos slawe was. Vir hulle kon jy nie sê: *“Besef julle nie dat julle liggaam ’n tempel van die Heilige Gees is nie”*. Vir gelowiges onder die nuwe verbond kan jy dit sê.

Kom ons dink vir ’n oomblik na oor die gedagte van ’n tempel.

Wat bedoel Paulus daarmee? Wat wil hy hê ons moet weet van onself as ons ’n tempel van die Heilige Gees is. Kyk net gou eers na nog ’n gedeelte

wat praat oor die feit dat ons nou 'n tempel is. Efesiërs 2:19-23: *"Julle is 'n gebou wat opgerig is op die fondament van die apostels en die profete, 'n gebou waarvan Christus Jesus self die hoeksteen is. In Hom sluit die hele gebou saam en verrys dit tot 'n heilige tempel vir die Here, in wie julle ook saam opgebou word as 'n geestelike huis waarin God woon...."* Lees dit gerus in meer as een vertaling.

Ek dink wat hier duidelik na vore kom, is die gedagte dat ons deur die Gees 'n woonplek van God is.

Die tempel as woonplek van God in die Ou Testament en Nuwe Testament

Om die implikasies van die feit dat ons tempels van die Heilige Gees is te waardeer, moet ons net vir 'n oomblik terugdink aan die Ou Testamentiese tempel. Ons weet die tempel is voorafgegaan deur die tabernakel. Die tabernakel is gesien as die woonplek van God. Hier moet ons 'n paar dinge raaksien. In Eksodus 35-39 kry ons die fisiese, materiële oprigting van die tempel volgens God se voorskrifte. En dan lees ons in Eksodus 39:32: *"Uiteindelik was al die werk vir die tabernakel, die tent van ontmoeting, klaar. Die Israëliete het alles gemaak presies net soos die Here vir Moses beveel het."*

Blaai nou na Eksodus 39:43. Alles is na Moses gebring, dit is geïnspekteer en hy verklaar dit waardig vir seën. Dan, in Eksodus 40:9-16 word alles in plek geplaas, gesalf en toegewys.

Kyk nou na Eksodus 40:34! *"'n Wolk het die tent van ontmoeting oordek, en die magtige teenwoordigheid van die Here het die tabernakel gevul."*

Kom ons kyk baie vinnig na die tempel wat deur Salomo opgerig is. Ná die beskrywing van die fisiese bou van die tempel in 1 Konings 6, kry ons 'n verslag van die sogenaamde inwyding van die tempel, soos ons in 1 Konings 8:10-11 lees: *"Toe die priesters uit die heiligdom kom, het 'n wolk die huis van die Here gevul. Daarom kon die priesters nie vir diens aantree nie. Dit was die magtige teenwoordigheid van die Here wat die huis van die Here gevul het "* Wat presies daar gebeur het word deur God aan Salomo verduidelik in 1 Konings 9:3: *"... en die HERE sê vir hom: Ek het jou gebed en jou smeking gehoor wat jy voor my aangesig uitgespreek het; Ek het hierdie huis wat jy gebou het,*

geheilig deur my Naam daar te vestig tot in ewigheid; en my oë en my hart sal daar altyd wees.”(OAV)

Wat moet ons sien? Die bou van die tabernakel/tempel en al die voorskrifte daarvoor is deur God geïnisieer. Hy wou dit gehad het. Hy het die voorskrifte daarvoor gegee. Eers toe alles presies was soos Hy dit wou hê, het Hy ingetrek. Dit was die plek waar die oë en die hart van God (soos die OAV dit stel), altyd sou wees.

Wat ons moet verstaan is dít: As jy in die Ou Testamentiese tyd wou weet waar God is, het jy na die tabernakel of tempel gegaan. Daar was Hy, ten volle betrokke teenwoordig. En daarom was daar sekere gedrag en optrede wat gepas was in die tempel was en ander nie. Onrein mense en dinge kon nie daar inkom.

Waar was God se woonplek of tempel in die Nuwe Testamentiese tyd, toe Jesus op aarde was? Wel reeds in Johannes 1:14 lees ons dat Jesus onder ons kom woon (letterlik *tabernakel*, het). Kyk ook na Johannes 2:19-21: “*Jesus antwoord en sê vir hulle: Breek hierdie tempel af, en in drie dae sal Ek dit oprig. En die Jode sê: Ses en veertig jaar lank is aan hierdie tempel gebou, en U, sal U dit in drie dae oprig?*”

Maar Hy het oor die tempel van sy liggaam gespreek. Toe Jesus op aarde was, was God dus in sy volheid, ten volle in Jesus teenwoordig. Maar baie interessant – wat gebeur by Jesus se doop? Ag, ons hoef nie weer daardie gedeeltes te lees nie. Julle ken dit. Daar het ’n stem uit die hemel gekom, die Heilige Gees het, baie belangrik, in die vorm van ’n duif op Jesus neergedaal en daar het ’n stem uit die hemel gekom wat sê: “Dit is my geliefde Seun...in wie Ek ’n welbehag het.”

Ons sien dus die ooreenstemming tussen wat by die Ou Testamentiese tempel gebeur het en wat by Jesus gebeur het. Belangrik is dat God het eers ingetrek as Hy tevrede was, ’n welbehag gehad het in die woonplek dan het Hy met sy volheid ingetrek.

Dink vir oomblik hieroor na. As Paulus Nuwe Testamentiese gelowiges herinner dat hulle die tempel van die Heilige Gees is, wat sê hy vir hulle en vir ons? God het ons, perfek voorbereid en geskik gevind om altyd daar in

die tempel sy oë en sy hart te wees. Hy het 'n welbehae in ons. Hoor ons dit? Ons hoef nie te verander om aanvaarbaar en aanneemlik vir God te wees om in ons te kom woon nie. Ons is aanvaarbaar. Hy wat absoluut heilig en volmaak is, Hy is 100 % gelukkig en tevrede om in ons te kom woon, soos in die Ou Testamentiese tempel en soos in Jesus self.

Op Pinksterdag word dit baie duidelik gedemonstreer, nie waar nie? Wanneer die vlamme, teken van die Heilige verterende vuur, God self, op elkeen van die mense daar kom sit. Wat sê God daarmee? Die werk wat my Seun gedoen het in julle plek was volkome. Sy werk het julle geskik gemaak vir My om in te trek, sonder om julle te verteer.

As Paulus sê: Julle liggame is 'n tempel van die Heilige Gees, dan sê hy: Julle is perfek aanvaarbaar en geskik gemaak deur die werk wat Jesus in julle plek op Golgota gedoen het. Ons kan amper sê dat, toe Jesus aan die kruis uitgeroep het: “Dit is volbring”, het dit onder andere ook beteken dat alles in die tempel gereed en in plek was sodat God kon intrek!

Die Heilige Gees as bewoner van die tempel

As die wete van dit wat ons nou gesê het jou nie lanseer om te wil verander wat jou sondige gedrag en emosies betref nie, wat sal? Maar kom ons dink nou vir 'n oomblik aan wie presies in ons woon. Let wel, nie omdat Hy nou maar móét nie, maar omdat Hy wíl. Omdat die woonplek absoluut aanvaarbaar, ja heerlik wonderlik is vir Hom.

Dit is belangrik om te hoor dat ons 'n tempel van die Heilige Gees is. As ons net gehoor het dat ons 'n tempel van God of tempel van Jesus is, kon ons maklik onbewustelik gedink het dat Hy bietjie ver is om werklik heeltyd te sien wat in hierdie tempel gebeur en bewus te wees van wat ek dink en voel en begeer. Maar nou is dit die Heilige Gees wat in die tempel woon. God die *Gees*. Hy is intens bewus van alles wat in my gees aangaan. Hy is baie-baie naby. En Hy is *heilig*. Hy kan onreinheid, valsheid, en so meer nie verdra nie. Wat weet ons nou van die Heilige Gees. Wel ons weet dat Hy uiters sensitief is en bedroef word. Die Heilige Gees het soos 'n duif op Jesus neergedaal. 'n Duif is die simbool van sagtheid en

sensitiwiteit. En ons sien dit baie duidelik in Efesiërs 4:30: “*En bedroef nie die Heilige Gees van God nie, deur wie julle verseël is tot die dag van verlossing.*”

Opvallend is die woordjie *bedroef*. Dit beteken Hy, wat in ons as sy tempel woon, het ons lief. Hoekom sê ek so? Wel, *bedroef* maak net sin in die konteks van liefde. ’n Vrou word bedroef as haar man ontrou was aan haar. Hoekom? Omdat sy hom liefhet. Dit is ook interessant *wat* die Heilige Gees bedroef nê? Kyk, dis wat gebeur in ons verhoudings. Onthou julle die gedeelte in 1 Korintiërs 6? Paulus het gesê: onthou julle behoort nie meer aan julleself nie. Ons kan nie meer dink en voel en sê en doen wat ons wil nie, want ons is nie meer die hoofkarakter in die tempel nie. Die Heilige Gees is.

Al ooit so daaraan gedink? Voel ons nie dikwels dat ons sal nou sal dink wat ons wil. Ons vloek iemand in ons gedagtes – die persoon, en niemand anders sal dit tog weet nie, maar gelukkig kan ons hier in ons gedagtes maak soos ons wil.

Wat is dit wat moet ons motiveer? Die feit dat ons die tempel is. Dat God ons, op grond van Jesus se werk perfek reg, aanneemlik, bewoonbaar ag. En tweedens omdat die Heilige, Gees is.

Maar nou moet ons verder onthou wat ons in Efesiërs 2 gelees het. Ons is ook *saam met ander gelowiges die tempel van die Heilige Gees*. Wat ek dus sê en doen teenoor my medegelowige word ook gesê en gedoen teen die tempel, en teen die inwoner van die tempel, die Heilige Gees.

Implikasies

In die lig hiervan, kan jy dus sien hoe ernstig sondige gedrag en emosies is, as ons dit koester?

Dink net bietjie oor die volgende:

- As ons met sondige gedagtes, emosies en gedrag speel en flankeer, sonder om twee maal te dink. Onthou, ons is aanneemlik, skoon, rein. Wil ons met ons spreekwoordelike vuil voete deur hierdie woning loop?

- As ons net vir onself leef en maak asof niemand anders in hierdie tempel bly nie? *“Julle behoort nie aan julleself nie...”*
- Kan julle sien hoe erg dit is as ons die Heilige Gees vergeet en sy bestaan in ons ignoreer? Julle sal weet hoe beledigend dit is om ’n ander persoon te ignoreer? Is dit dalk hoe ons met die Heilige Gees maak?
- As ek Jesus Christus nie alles in my lewe maak nie, waarvoor het die Gees dan gekom?
- Kan jy sien hoe erg dit is om die Woord af te skeep. Jou Bybel te laat stof opgaan? Die Woord wat deur die Heilige Gees ingegee is?
- As ons nie deur die Gees wandel, onder sy invloed en beheer bly nie en Hom nie vertrou nie?

Ons *is* tempels van die Heilige Gees, as individue en ook as gelowiges saam. O, as ons dit aanvaar sal dit ons lanseer tot verandering.

Ons het nou gekyk na ons nuwe identiteit. Kinders van God, bruid van Christus, tempel van die Heilige Gees. Die uitdaging is natuurlik om hierdie nuwe identiteit toe te laat om ons te definieer. Dit is maklik om te sing oor kind van God wees, of bruid van Christus, of *“Weet jy nie, weet jy nie jy’s ’n tempel...”*

Die uitdaging is om elke dag, oral só oor onself te dink – by die skool tussen ons maats, by die werk, tussen ons kollegas, in die winkel, as alles so gewoon en alledaags voel.

O, aanvaar die nuwe identiteit wat God julle gegee het. As jy dit doen, sien jy dat groei in heiligheid is nie swaargheid nie, dit is vreugde. Alles wat jy jouself verloën is minder werd as dit wat jy is. Dit is ’n lewe van vreugde en dis ’n lewe in vryheid. Leef in die vryheid waarmee jy vrygemaak is.

Sonde beloof baie. Maar as dit daarop neerkom kan dit niks werklik gee nie. En sonde vra ’n hoë prys – gebroke lewens en verhoudings, verlore hoop.

Vir jou stiltetyd:



Maandag: Romeine 5:1-11.

- Hoe kom ons in die regte verhouding met God?
- Watter verskil maak dit om in die regte verhouding met God te wees?



Dinsdag: Efesiërs 2:1-10.

- Hoe was ons voor God ons gered het?
- Wat moet ons doen om gered te word?
- Waar pas goeie werke in?



Woensdag: 2 Petrus 1:3-9.

- Wat moet ons onthou as ons vrug wil dra?



Donderdag: Galasiërs 4:4-7 en 5:13-15.

- Wat beteken dit om vry te wees van sonde?



Vrydag: Efesiërs 5:22-33.

- Wat het Christus vir sy bruid gedoen?



Saterdag: 1 Korintiërs 6:12-20.

- Wat is verkeerd met seksuele sonde?

☞ Kyk na die volgende stellings en dink bietjie wanneer sonde hierdie beloftes in jou ervaring maak. Wat het uiteindelik gebeur? As jy vrymoedigheid het, kan jy dit met die groep deel:

- Sonde beloof pret en opwinding, maar dit bring pyn en tragedie.
- Sonde beloof vryheid maar bring slawerny en verslawing.
- Sonde beloof lewe en vervulling maar dit bring leegheid, frustrasie, dood.
- Sonde beloof wins, maar bring verlies.

Hoofstuk 3

Maar hoe dan?

Die sleutel tot voortgesette en dieper geestelike vernuwing is die gedurige herontdekking van die evangelie.

(Tim Keller)



Neutedop samevatting

Dit mag wees dat jy in die verlede probeer verander het, maar misluk het. Wat doen jy verkeerd? Die antwoord is dat ons dikwels probeer om onself te verander d.m.v. geestelike dissiplines, gedragskodes of godsdienstige aktiwiteite. Niks hiervan maak ons soos Jesus nie. Ons moet trouens bekeer van ons hoogmoedige self-gerigte pogings tot geregtigheid. Slegs hartsverandering lei tot blywende verandering, omrede gedrag vanuit ons sondige harte kom. Verandering is God se werk. Die Gees gee ons 'n nuwe ingesteldheid teenoor sonde en nuwe krag om te verander deur die waarhede van die evangelie.

Ons het nou gekyk na die verstommende nuwe identiteit wat ons **as** Christene het, wat ons behoort te lanseer tot verandering. Verandering na die beeld van God soos gesien in Jesus Christus. Dit is God se agenda vir ons, niks anders nie. Maar hoekom verander baie Christene, ons ingesluit, nie soos wat ons verwag nie? Wel, deel van ons probleem is dat ons dikwels op die verkeerde manier probeer. *Hoe verander ek nie?* Dit is uiters belangrik om dit te verstaan. Implisiet het ons al in al hieraan geraak, maar kom ons kyk meer eksplisiet daarna.

Verkeerde metodes

Kolossense 2

Agtergrond

Die mense in Kolossense was net soos ons, Christene, vir wie Paulus gewys het op hulle identiteit. Lees: *”In Hom is die volle wese van God beliggaam, en in verbondenheid met Hom deel julle in sy volheid. Hy is die hoof oor elke mag en gesag”*. (Kol. 2:9-10). Maar daar was ’n probleem. Hulle het op die verkeerde manier probeer verder gaan in die Christelike lewe, en dit is waaroor Paulus hier skryf.

Daar is geweldige onsekerheid oor wie of wat presies die probleem in die Kolosse gemeente was, maar ten minste is dit duidelik dat die Christene beïnvloed is om te probeer verander en verder te kom in die Christelike lewe op maniere wat beïnvloed is deur Joodse en Heidense denke. En dit is waarteen Paulus in hierdie brief veg, en dit is uiters gepas vir ons wat nou wil vra: Hoe moet ons verander? Ons weet nou dat ons ’n nuwe identiteit het, maar wat nou? Wel, Paulus herinner die mense in Kolosse aan hul nuwe identiteit en wys dat hulle op die verkeerde maniere wou verander.

Leë rituele verander ons nie (Kol. 2:16-17)

“Daarom moet julle nie dat iemand vir julle voorskrywe wat julle moet eet en drink nie, of dat julle die jaarlikse feeste of die nuwemaansfees of die Sabbatdag moet vier nie. Dit is alles maar net die skadunee van wat sou kom; die werklikheid is Christus.”

Die dinge waarna verwys word in hierdie verse is almal ou Joodse gebruike, wat in die Ou Testament beveel is. En die ouens in Kolossense het ’n stryd hiermee gehad, want daar was diegene wat hulle veroordeel het as hulle dit nie gehou het nie, maar meer nog, hulle het geglo hulle kan op ’n hoër geestelike vlak kom, hulle kan verander as hulle hierdie dinge stiptelik nakom.

Paulus wil dit duidelik maak dat dit jou nie kan verander nie. Hoekom nie? Wel, dit is leë rituele. Hoekom? Want dit het heengewys, dit was afbeeldinge van die realiteit wat in Christus sou kom. Dit is dus belaglik om dit weer te hou, en te dink jy gaan verander en op 'n hoër vlak kom.

Ons kan baie maklik onbewustelik in dieselfde slaggat val. Leë rituele, waardeur ons die realiteit uitkanselleer. Maar ons dink tog op een of ander manier dat dit ons sal verander.

Ons kan elke Sondag besig wees met so 'n leë ritueel. As jy maar net daar staan en denkloos jou mond oop en toe maak as jy sing. Leë ritueel. As jou gedagtes ver paaie loop as daar gebed word in 'n biduur, of as jy nie saam volg en stil amen sê en die gebed jou denke laat binnedring nie – as jy nie kontak maak met Jesus Christus nie. Leë ritueel.

Om af te skakel tydens 'n preek. Leë ritueel. Jy kyk vir die prediker en dit lyk of jy luister maar jy dink aan die skaapboud in die oond. Jou kinders se probleme. Wat die en daai nou weer aan het. Jy kan die gebou verlaat, goed voel dat jy darem daar was. Maar dit was 'n leë ritueel. En die punt is: Geen so ritueel verander jou nie!

Dit verwyder jou eerder van die realiteit van Christus. Geen verandering na beeld van Christus is moontlik nie.

Mistieke belewinge verander ons nie (Kol. 2:18-19)

“Moenie dat iemand wat behae skep in danige nederigheid en in die aanbidding van engele en wat voorgee dat hy allerhande visioene gesien het, julle daarmee mislei nie. So iemand verhef hom oor wat hy in eienvaan van homself dink, en hy hou nie aan die hoof, aan Christus, vas nie. Uit Christus groei die bele liggaam, ondersteun deur die gewigte en saamgebind deur die spiere, soos God dit laat groei.”

Hier is duidelik gesoek na ontmoetings met engele en so meer, en Paulus sê dit lyk baie goed want dit gaan oor engele, en dit lyk of daar nederigheid is – maar eintlik lei dit tot geestelike hoogmoed, opgeblasenheid, vleeslikheid. Dit waarvan Christus ons juis bevry het (Kol. 2:11).

En, dit kan nie verander nie, want dit veroorsaak dat jy goed voel oor jouself, aan iets anders vashou as aan Christus. Groei en verandering kom egter net van Hom. So die punt is geestelike belewenisse, waaroor jy goed voel, maak jou los van Christus. En die gevolg? Geen verander na die beeld van Christus!

Asketiese reëls en regulasies verander ons nie (Kol. 2: 20-23)

Julle het saam met Christus gesterf en is dus dood vir die wettiese godsdienstige reëls van hierdie wêreld. Waarom lewe julle dan nog asof julle aan hierdie wêreld behoort? Waarom gehoorsaam julle allerhande voorskrifte soos: “Hieraan mag jy nie vat nie!” “Daaraan mag jy jou mond nie sit nie!” “Daaraan mag jy nie raak nie!”?

Dit gaan alles oor dinge wat bedoel is om gebruik te word en te vergaan, en dit is maar net gebooi en leerstellings van mense. Hierdie leerstellings het wel ’n skyn van wysheid met hulle selfgemaakte godsdienste, danige nederigheid en streng beheersing van die liggaam, maar dit het geen waarde vir die betueling van die sondige drifte nie.

Paulus het nou gewys dat rituele jou nie kan verander, want dit is nie die realiteit nie, dit is net ’n skaduwee (OAV). Hy het gewys dat mistieke geestelike belewing maak dat jy nie vashou aan die Hoof van die liggaam, die gemeente, Jesus Christus wat die enigste een is wat verandering bring nie. Hier wys hy dat al hierdie asketiese reëls en regulasie net ’n *skyn* van wysheid het. Dit lyk net soos wysheid, dit is nie. Hoekom lyk dit soos wysheid vir hierdie Christene?

Wel, omdat dit ’n soort godsdienst is. Sien julle? Dit is ’n mensgemaakte “godsdienst”. En Christene val baie maklik vir dinge wat soos godsdienst lyk. Die Christene uit die heidendom het daarvoor geval, want die godsdienste waaruit hulle kom was godsdienste. Jy moet sekere dinge doen om die gode tevrede te stel. En die Christene wat uit die Judaïsme gekom het, het aanklank hierby gevind. Want in die ou Testament het ons te doen gehad met ’n vorm van Godsdienst. Onthou julle Galasiërs 3? Al daardie godsdienstige voorskrifte was net vir ’n tyd. Maar goed, wat het hierdie Christene gedoen? Hulle het ’n lewe van “moets” en “moenies”, reëls en

dissiplines en taboes geleef. Dinge wat jy dink jy nie kan doen as jy Christen is nie. En dinge wat jy hoop jou sal verander as jy dit doen.

Dit *lyk* vir Christene na wysheid. En die tragedie is dat baie Christene vandag nog steeds hiervoor val vir dieselfde rede. Die grootste tragedie is dat Christene Christenskap in die eerste plek verwar met godsdiens. Want dit is wat dit is as jy so lewe. 'n *Mensgemaakte godsdiens*. Die rede hoekom baie ongelowiges nie kerk toe kom nie, en nie in die evangelie belangstel nie, is omdat ons dikwels die indruk skep dat ons weer besig is met godsdiens en hulle sien nie daarvoor kans nie.

Verder het dit die skyn van wysheid, want ons hoor van heiligmaking en ons verwar hierdie pogings tot verandering met die Bybelse begrip van heiligmaking – en dit is 'n reuse fout.

Ons maak reëls en wette. Ek moet elke oggend 5 uur opstaan en Bybel lees. En dan moet ek bid. Ek mag nie rook nie, ek mag nie drink nie. Ek mag nie televisie kyk nie. En so kan ons nog baie dinge byvoeg. Miskien sê jy: “maar wag Jacobus, wat is verkeerd daarmee, ons het dan reekse oor geestelike dissiplines gehou, nou verstaan ek nie.” Jy is reg, geestelike dissiplines en dissipline in die geestelike lewe is reg op die regte plek. Later meer hieroor. Maar as jy dit doen om jou sondige gedrag en emosies te verander val jy in dieselfde slaggat as die mense in Kolossense. Dit lyk na wysheid. Maar dit kan nie verander nie.

En nou: Die rede waarom dit ons nie kan verander nie, is omdat dit nie ons sondige drifte betoel nie. Inteendeel, dit versterk ons sondige drifte (OAV).

Maar hoekom kan dit nie?

Kyk weer na **Kol. 2:20**. Die punt wat Paulus wil maak is dít: As jy besig is met 'n mensgemaakte godsdiens, trek jy 'n streep deur dit wat met jou gebeur het as Christen. En jy leef weer volgens die wettiese godsdienstige reëls van hierdie wêreld.

En die sleutel om te verstaan waarom jy nie die sondige luste kan beteuel nie, waarom jy nie kan verander nie, lê in hierdie frase *wettiese godsdienstige reëls van hierdie wêreld*.

Kom ons let net eers op die verskillende vertalings. Die 1953 vertaling vertaal dit met “*eerste beginsels van die wêreld*”, die NIV met “*basic principles of the world*”. Die eerste *beginsels van die wêreld* is die aanneemliker vertaling van die Grieks.

Daar is redelik baie debat oor wat presies dit beteken. Letterlik beteken dit in die eerste plek, dit wat in volgorde is. Met ander woorde, die eerste beginsels van die wêreld het in die eerste plek met *lineêre denke* te maak. Wat bedoel ek? Wel dit het te maak met die beginsel dat as ek A doen dan volg B. As ek getrou my bydraes gee, dan sal God my seën en my omstandighede verander en *dan sal ek waarskynlik ’n aangename mens wees*. Mense sal van my hou. Ek kan dalk weer gewild raak.

Hierdie term word ook in Galasiërs 4:8-9 gebruik: “*Daar was ’n tyd toe julle nie vir God geken het nie en slave was van niks-werd afgode. Maar nou dat julle Hom leer ken het, of liever, nou dat Hy julle ken, hoe val julle dan nou weer terug na daardie mindervaardige en armsalige wettiese godsdienstige reëls? Wil julle van voor af weer slave daarvan wees?*”

Die punt is dít. Die Galasiëse Christene is mislei deur die sogenaamde Judaïseerders om weer al die wette en voorskrifte van die ou verbond na te kom, en die belofte was dat God dan meer tevrede sal wees met julle, dat julle geseënd sal wees.

Jy sal weer wees wat jy wil wees. En in effek het hulle dan weer terug gekeer die *eerste beginsels van die wêreld*! Maar hier sien ons iets angswekkend. As jy só begin leef, dan dien jy weer afgode. Jy is nie meer besig met die ware God nie. En ons weet wie sit agter afgode. Ja die duiwel self. Die duiwel wat wil hê jy moet in beheer van jou eie lewe wees, jy moet die middelpunt wees.

Dit is met ander woorde dodelik gevaarlik om ’n lewe te leef van dinge doen. En dit kan nie verander nie.

Wat presies gebeur hier: Die belangrike punt is as jy dinge begin doen om te verander, verklaar jy daarmee dat die ou mens wat jy was, die ou mens wat niks kan doen om God te behaag nie, dat daardie ou mens nie dood is as gevolg van wat Christus in ons plek aan die kruis gedoen het nie. Nie hulpeloos is om God te behaag nie. Nee, hy kan dan weer dinge doen om te verander, om verder te kom, terwyl die hele punt van die evangelie is dat jy nie kan nie. Daarom het jy Christus nodig.

Jy verklaar daarmee dat die ou sondige mens nog leef en op die troon is, en soos ons al gesien het, in die ou mens, of die vlees, heers sonde deur begeertes. Dit is net so. Dit is hoe die ou mens of die vlees funksioneer. Die oomblik as jy dinge begin doen om te verander begin jou sondige begeertes heers.

Die begeerte om gesien te word as geestelik, as gedissiplineerd, die begeerte om *dinge* te kry van God omdat jy so toegewyd is – groter salaris, dalk ’n nuwe huis, meer mense wat jou sal bewonder vir jou mooi lewe, en jy sal sien alles is weer daarop gemik om die ou mens te behaag (wat juis afgelê is, afgesny is volgens vers 11). Ten diepste begin jy ’n godsdiens beoefen sodat God vir jou jou afgode kan gee!

En ek dink julle sal saamstem dat ons dan baie ver van God se ideaal van verandering vir ons is? Naamlik die beeld van God soos dit sigbaar word in Jesus, nie waar nie? Wat was daardie beeld ten diepste? ’n Lewe van opofferende liefde teenoor diegene wat die teenoorgestelde verdien.

Hoe dan nou?

Maar hoe verander ons dan? Blaai na Kolossense 2:6-7: “*Soos julle dan Christus Jesus, die Here, aangeneem het, wandel so in Hom, gewortel en opgebou in Hom en bevestig in die geloof, soos julle geleer is, terwyl julle daarin oorrloedig is in danksegging* (1953, NIV). In Galasiërs 3:1-3 lees ons: “*Julle Galasiërs, is julle dan so sonder begrip? Wie het julle verstand benewel? Jesus Christus is tog so duidelik aan julle verkondig dat julle Hom as 't ware aan die kruis kon sien hang! Net een ding wil ek van julle weet: Het julle die Heilige Gees ontvang*

deur die wet van Moses te onderhou of deur die evangelie te glo? Is julle dan so sonder begrip? Julle het met die Gees begin; wil julle nou in eie krag eindig?”

Jy moet in die Christelike lewe voortgaan soos jy begin het!

Jy sien, die probleem is dat leë rituele jou nie verander nie want dit maak jou los van die realiteit, Jesus Christus. Mistieke geestelike belewinge verander jou nie, want dit het die geneigdheid om jou nie meer te laat vashou aan die Hoof, Jesus Christus nie. En al hierdie asketiese reëls en regulasies lyk na Christelike wysheid maar dit trek ’n streep deur die werk van Jesus Christus. Die Een saam met wie ons ou mens gesterf het en in wie ’n nuwe mens saam opgestaan het. ’n Nuwe mens wat terloops net wysheid kan verkry as hy vashou aan Christus die een in wie alle skatte van wysheid en kennis verborge is (Kol. 2:3).

Hierdie goed maak ons dus los van Jesus Christus en ons moet vas wees aan Hom as ons wil verander. Hoe bly ons vas aan Christus? Wel, deur die geloof. Soos toe ons aanvanklik na Hom gekom het.

Die punt wat Paulus hier maak is dat ons Christelike lewens begin wanneer ons die Gees ontvang deur te glo in Jesus Christus die gekruisigde. Dit begin *nie wanneer ons dinge begin doen nie*. En daarom is dit dwaas om te dink ons kan nou die werk oorneem en klaarmaak deur menslike pogings.

Verbeel jou iemand wat oor die Niagra-waterval gedra word deur ’n bekwame tou- looper. Halfpad oor die valle het jy ’n keuse. Jy kan toelaat dat hy jou die res van die pad dra, of jy kan vir hom sê jy dink dit is beter as jy die res van die pad op jou eie stoom loop.

Onthou: ons word Christene deur geloof in Jesus, ons bly Christene deur geloof in Jesus en ons groei as Christene deur geloof in Jesus Christus.

Luister na Jesus in Johannes 6:28-29: *“Hulle vra Hom toe: “Wat moet ons doen om te doen wat God van ons verlang?” En Jesus antwoord hulle: “Wat God van julle verlang, is dat julle moet glo in Hom wat Hy gestuur het.”*

As ons heilig wil word en wil verander, is ons pad duidelik – ons moet met Christus begin. Ons moet na Hom gaan as sonde as met geen ander pleitversoeke as ons absolute nood nie, en ons moet ons op Hom werp deur geloof. En as ons wil verder kom moet ons gedurig dieselfde doen, soos ons begin het, weer en weer vars na Christus kom.

Kyk, om weer te begin leef deur dissiplines en reëls en rituele is nie net nutteloos nie, dit is 'n stap terug na slawerny, wat genade en hoop ondermyn (Gal. 4:8-11; 5:1-5).

Die ander antwoord op die vraag: “Hoe verander ek?” is eerstens: deur geloof. Maar hand aan hand hiermee is bekering. Bekering is in die eerste plek 'n denkverandering (*metanoia*) en dan 'n wegdraai.

Waarvan moet ek wegdraai? Waarvan moet ek bekeer? In die *eerste plek* van my eie geregtigheid. Van my eie probeer reg wees voor God. Dit is iets wat nie net aan die begin van die Christen se pad moet wees nie, maar daaglik. Lees net weer wat Paulus in Filippense 3:4-9 sê.

Christene is mense wat gesien het dat beide hulle sonde en hulle beste dade ten diepste maniere was om Jesus as Verlosser te vermy. Hulle het gesien dat Christenskap nie 'n uitnodiging is om meer godsdienstig te word nie. 'n Christen is iemand wat by die punt gekom het waar hy sê: Alhoewel ek dikwels misluk het om volgens God se standarde te leef, *was my dieper probleem die rede waarom ek dit probeer gehoorsaam het!*

Selfs my pogings om te gehoorsaam, was net 'n manier om my eie verlosser te probeer wees. Met daardie uitkyk is selfs my gehoorsaamheid of my vra vir vergifnis 'n teenstaan van die evangelie en 'n poging om myself verlosser te maak. As jy die evangelie snap draai jy vanself – regverdigmaking en vertrou op Jesus se verhouding met God. Anders gestel – ongodsdienstiges bekeer glad nie, en godsdienstiges bekeer net van sonde. Christene bekeer ook van hulle geregtigheid – dit is die verskil. En ons verander soos ons dit *weer en weer* doen.

Maar *tweedens* bekeer ons ook van alles wat nie pas by die nuwe identiteit wat ons het nie. Ons bekeer van alles wat nie pas by die nuwe mens wat saam met Jesus Christus opgestaan het nie.

Sien julle die verskil? Ek doen nie *dinge* om te verander en om 'n nuwe mens te word en te wees nie. Ek bekeer van sonde wat nie pas by die nuwe mens wat EK IS op grond van wat iemand ANDERS in my plek GEDOEN het nie.

Dit is presies wat ons in Kolossense 3:1 en verder lees. Gaan lees dit rustig deur.

Miskien worstel jy nog met die vraag: Maar ons moet tog dissipline hê in ons geestelike lewens – ons moet tog gereeld Bybel lees en so meer, so ons kan tog ook nie sonder sekere rituele nie. Jy is reg. Maar daar is 'n groot verskil.

Hierdie dinge moet gebruik word, nie as middels om te verander nie, maar as strategieë om ons geloof in Jesus en wat Hy gedoen het en wie ons in Hom is, en wat Hy besig is om te doen, te versterk. Ons moet dit ook gebruik as middels om ons bekering van ons eie geregtigheid en alles wat nie pas by die nuwe mens nie, te versterk. En ons sal daarna kyk. Ons sal sien daar is sekere waarhede waarnatoe ons gedurig moet draai, wat ons geloof en bekering sal versterk, en daar is sekere leuens waarvan ons moet wegdraai om ons geloof en bekering te versterk.

Onthou: Die Christen is veronderstel om 'n vrugteboom te wees, nie 'n Kersfeesboom nie! Die pragtige dekorasies van 'n Kersfeesboom word net bo-op vasgebind, terwyl vrugte aan 'n vrugteboom groei. Met ander woorde, Christelike heiligheid en verandering is nie kunsmatige aanplaksel nie, maar 'n natuurlike proses van vrugdra deur die krag van die Heilige Gees.

Met daardie beeld in gedagte moet ons ophou om goed aan die Kersboom te plak. Ons moet bewus raak van die vrugteboom. En ons moet bewus raak van wie die vrugteboom laat groei. Ons moet alles doen om die

omstandighede vir groei gunstig te maak en om weg te draai van dit wat groei belemmer.

As jy nodig het om op hierdie oomblik weer in geloof te kom. doen dit nou. Bekeer. Doen dit nou. Dalk doen jy dit vir die eerste maal. Lees Kolossense 2:14-15 rustig deur.

☞ *Die Gees en verandering*

📖 **Galasiërs 3:1-3**

Ons het nou gesien dat die enigste manier hoe ons kan verander is as ons voortgaan in die Christelike lewe soos ons begin het. Kyk net weer na Galasiërs 3:1-3.

Paulus pleit hier, soos in Kolossense, dat Christene sal voortgaan in die Christelike lewe op die manier wat hulle begin het. Jy begin nie die Christelike lewe deur allerhande dinge te doen en deur die wet te probeer nakom nie. Nee jy glo die evangelie, dit wat God vir jou gedoen het en wat Hy in Jesus Christus is. En jy bekeer van jou eie pogings. En Paulus sê – só moet julle voortgaan.

Maar baie belangrik – *só ontvang julle die Gees van God.*

Nou gaan jy sien dat dit hierdie Heilige Gees is wat jou verander na die beeld van Christus.

'n Ou Testamentiese belofte

Dit was die verstommende belofte wat in die Ou Testament gemaak is oor die tyd waarin ek en jy leef. In Esegïel 36:27 -28 lees ons: “*Ek sal my Gees in julle gee en Ek sal maak dat julle volgens my voorskrifte leef en my bepalinge gehoorsaam en nakom...*” In Ou Verbondstaal praat God oor die tyd wat kom.

Dit is baie interessant die woord wat vertaal word met “*maak*” in die teks *ek sal maak dat julle my voorskrifte en bepalinge nakom* is die woord wat dikwels gebruik is as daar ’n oproep gemaak is op die Ou Verbondsvolk *om sekere*

dinge te doen. In effek sê God: Ek sal julle dit laat doen. Ons weet in die Nuwe Verbond word al die voorskrifte en bepalinge van God gevul tot volheid in die uitleef van die liefde soos gesien in Jesus Christus. God belooft hier – *Hy sal dit doen.* Verandering is God se werk. God die Gees.

Die groot kenmerk van die werk van die Gees

Jy sien, om te lewe onder die ou bedeling, die wetsbedeling, was om te lewe volgens die lineêre beginsel. Dit is 'n lewe onder slawerny. Daarna het ons gekyk en gesien jy is soos 'n kind onder toesig, met geen ware vryheid nie. Jy is ook onder 'n lewe van druk. As ek so en so leef en dit doen en ek word nie geseën nie, en kry nie dit of dat nie, wonder ek of ek dit goed genoeg doen. Bid ek genoeg? Voed ek my kinders reg op. Hulle draai dan nou nie goed uit nie? 'n Lewe onder druk.

Die nuwe bedeling, 'n lewe onder die Gees is 'n lewe van vryheid en een waar ons kan verander. Hoe doen Die Heilige Gees dit? Hoe verander God die Gees ons? Kom ons kyk wat sê die Nuwe Testament oor die werk van die Heilige Gees! Wat doen die Heilige Gees volgens die Nuwe Testament, want in die lig van Esegël 36 moet dit wees hoe Hy ons verander. En ons verander na die beeld van Christus (Rom. 8:29).

Hoe verander die Gees ons?

Hierdie ding is nou aan mekaar gekoppel en vloei as't ware ineen, maar vir duidelikheid gaan ons dit losmaak en apart behandel.

Hy doen dit deur ons te herinner (Joh. 14:26)

Ons leef in 'n wêreld waar dinge nie is soos ons wil hê dit moet wees nie. Ons beleef swaarkry, teenkantings, terminale siekte, moorde. En in hierdie situasies kan 'n mens maklik begin dink: “Dit is alles verniet. Wat help dit ek leef as Christen. Kyk wat gebeur. Is dit die moeite werd om te verander na die beeld van Christus? Dalk het Hy ons in elke geval gelos?” Of dalk is al die dinge wat met my gebeur 'n teken dat ek nie genoeg doen nie, Hom

nie gelukkig maak nie. Die gevolg van sulke denke, dikwels onbewustelik, is dat ons voortploeg sonder vreugde en sonder verandering.

Maar in dit alles is die Gees nie stil nie. Die Gees kom en herinner aan wat Jesus byvoorbeeld gesê het in Johannes 16:33. Lees die teksvers. As alles lyk of dit in duie stort, herinner die Gees ons aan die feit dat God se agenda nog stewig op koers is. Dat wat saak maak vas is. Dit is wat Hy doen. Dit bring vryheid. En dit is hoe Hy ons verander. Hoekom? As ons weet dat wat gebeur deel is van wat dit beteken om Christen te wees, wel dan raak ons weer deur geloof aan Hom verbind.

Hy doen dit deur Jesus te verheerlik (Joh.16:14)

Die Gees verheerlik Christus deur dit wat aan Hom behoort, die ewige waarde van sy lewe, dood en opstanding – dit wat Hy bereik het daardeur, deur dit te vat en as't ware vir my te fluister: *“Die weg is oop na God deur Jesus se lewe, sterwe en opstanding. Kom met vrymoedigheid. Kom naby genoeg om te hoor dat die Vader oor jou sing met vreugde”* (Sef.3:17).

Hy doen dit in daardie tye wanneer ek wonder of ek God nie weer gaan teleurstel nie, in die tye wat ek wonder of maak ek dit, probeer-ek-hard genoeg tye wat ek wil opgee en oorgee. Hy doen dit as ek na Hom kom, nie om my lewe te verbeter nie, nie om weg te kom van pyn nie, *maar om Hom te ken*. Dit bring vryheid. En dit verander na die beeld van Jesus

Hy doen dit deur die uitstorting van liefde (Rom.5:5)

Dit is uiters moeilik om te glo dat iemand ons werklik liefhet. Omstandighede word dikwels suur en God doen niks, en ons ervaar nie die soort liefde wat ons begeer van familie en vriende nie. En dan is dit uiters moeilik om lief te hê soos Jesus liefgehad het.

Soos met alles wat uiters belangrik vir ons siele is, is ons absoluut afhanklik van die Gees om ons te oortuig dat ons inderdaad ten volle bemin, geliefd is en kan rus in die liefde van God vir ons. Hy oortuig ons deur die Vader se liefde vir ons in ons harte uit te stort. Hieronder sal ons voortgaan om in die kern van ons wese onbeminde te voel, met die gevolg dat ons ook wegstroom van offerende liefde gee aan dié wat die

teenoorgestelde verdien. Dank God vir hierdie derde werk van die Heilige Gees. Dit bring vryheid en verandering na die beeld van Jesus.

Hy doen dit deur die bevestiging van ons kindskap (Rom.8:16)

Ons het gesien wat ons nuwe identiteit in Christus is – ons is kinders van God met alles wat dit behels. Bruid van Christus. Tempel van die Heilige Gees. Maar dit is onmoontlik vir ons om deur hierdie waarhede tot verandering gelanseer te word as ons diep binne ons nog die knaende twyfel het. Is ek regtig kind van God? Dit is die Gees se werk. Hy oortuig ons hiervan. En dit verander ons na die beeld van Jesus.

Hy doen dit deur ons te seël (Ef.1:13)

Baie van julle ken die gebruik om 'n potjie konfyt te seël. Jy seël dit met was en dan kan jy verseker wees dit gaan nie sleg word nie. Die Heilige Gees verseker dat ons nie gaan sleg word nie, maar gaan verander na die beeld van Jesus en dat ons eendag volkome in heerlijkheid met Hom sal wees. Hyself is die seël. Of ons dit weet of nie, Hy doen dit. As ons dit weet bring dit vryheid om voort te gaan om te glo en te bekeer van alles wat nie pas by ons nuwe identiteit nie.

Hand aan hand hiermee is die volgende ding wat Hy doen.

Hy doen dit deur die eerste deposito te wees van wat kom (2 Kor.1:21-22)

Die Gees self is die bewys van wat kom. Hy is die eerste deposito van alles wat vir ons bewerk is deur God. In ons lewens werk dit só: Die Gees maak by wyse van spreke sy teenwoordigheid in ons bekend. Ons raak bewus daarvan. Soms op die onmoontlikste tye. En dit veroorsaak 'n tinteling van opwinding, 'n besef van dit wat kom, wat werklik is. En dit dryf ons tot uitreikende liefde na ander sodat hulle dit ook kan ervaar. Die Gees doen dit.

Hy salf ons (1 Joh.2:20, 27)

Ons weet dat die Heilige Gees op Jesus gekom het by sy doop. Wat daar gebeur het word in Jesaja 11:1-3 beskryf. Lees hierdie verse.

Hierdie salwing van die Gees is niks anders nie as die *passie en nysheid van Christus* wat vir gelowiges onder die Nuwe Verbond gegee word om in elke situasie in die lewe, hoe negatief ook al, soos Hy op te tree nie. En dit is? Uitreikende liefde. Dit is die beeld waarna ons verander word.

Ek wil die stelling maak dat Hy op al hierdie maniere veroorsaak dat ons die vrug dra wat Jesus gedra het. Kyk na Johannes 15:1-3: “*Ek is die ware wingerdstok en my Vader is die boer. Elke loot aan My wat nie vrugte dra nie, sny Hy af; maar elkeen wat vrugte dra, snoei Hy reg, sodat dit nog meer vrugte kan dra...*”

Jesus maak dit duidelik dat Hy die ware wingerdstok is. Hoekom die klem op die *ware*? Wel, daar was ’n ander wingerdstok. Israel. Ons sien dit duidelik in Jesaja 5:1 en verder. Hulle kon nie die vrug dra wat God verwag het onder die wet, die ou bedeling nie. Toe kom Jesus, God se beeld. Hy dra die vrug wat God verwag. Hy en Hy alleen kan die vrug dra wat God verwag. En nou kan ons net die vrug dra as ons in Hom bly en let wel, Hy in ons.

Maar hoe? Dit is waar die Heilige Gees ter sprake kom. En daarom word daar in Galasiërs 5 gepraat van die vrug van die Heilige Gees. Blaai net weer na Galasiërs 5:16 en verder. Die vrug van die Gees is alles natuurlik net aspekte van liefde. Die liefde wat Christus gehad het, ook in teenkating en swaarkry. Onthou: Die Gees is Jesus in ons. Deur geloof in Jesus, kom woon Hy in ons. Hy bly in ons.

Hoe bly ons in Hom? Hoe wandel ons deur die Gees? Paulus pleit hier dat ons sal wandel deur die Gees. Wel, ons het gesien dat ons die Gees ontvang deur die geloof. En ons het gesien dat Paulus in Galasiërs 3:1-3 en in Kolossense 2:6-9 pleit dat ons voortgaan soos ons begin het – deurgeloof, ’n absolute magtelose, afhanklike werp van onself op Jesus. Weer en weer en weer. En hand aan hand ’n wegdraai van alles wat nie pas by ons nuwe identiteit nie. Dit is wat dit beteken om deur die Gees te

wandel. Ek neem God op sy Woord, elke dag, en ek draai weg van dit wat nie daarby pas nie. Dan raak die Gees werksaam en doen sy sewevoudige werk. Nie as ons begin *dinge* doen om te verander en geseën te word nie. Nee, wat ons kan doen is om as't ware die omstandighede gunstig te maak vir die Gees om sy werk te doen. Deur weg te draai van leuens en te draai na die waarhede omtrent God. Later meer hieroor.

Die lewe deur die Gees en lewe onder die eerste beginsels van die wêreld

Daar is 'n reuse-verskil tussen die nuwe lewe deur die Gees en die lewe onder die eerste beginsels van die wêreld.

As ek volgens die eerste beginsels van die wêreld lewe is my diepste kern-passie om geseën te word. My kern-belewing is: "Ek moet dit regkry, ek moet slaag, dan sal seëning kom". Die hele strategie van my lewe is om uit te werk hoe om hierdie dinge te doen en dit dan te doen. Al daardie dinge waarvan ons in Kolossense gelees het. My hoop is dat goeie dinge vir my sal volg. My *kern-ingesteldheid* is: My wil moet geskied. En dit lei tot 'n lewe van spanning en druk en geen vrug nie! As ek deur die Gees begin lewe, is my *kern-passie*: Ek lewe om Christus te ken. My *kern-belewing* is: Ek kom gedurig na Hom om sy wonderlike heerlikheid te beleef. My *kern-strategie* is: Ek sal sy voorsiening vertrou. My *kern-hoop*? Ek verwag om soos Jesus te word. En my *kern-ingesteldheid*: Laat U wil geskied. En dit lei tot vryheid en lewe en vrug!

Nodeloos om te sê: Dit is net laasgenoemde lewe wat verander na die beeld van God soos gesien in Jesus. Is jy besig met hierdie lewe?

Vir jou stiltetyd:



Maandag: Hebreërs 12:4-11.

- Wat is die rol van God die Vader in ons verandering?



Dinsdag: Romeine 5:1-5; Jakobus 1:2-4 en 1 Petrus 1:6-9.

- Hoe gebruik God lyding om ons te verander?



Woensdag: Romeine 6:1-14.

- Wat is die rol van God die Seun in ons verandering?



Donderdag: Johannes 15:1-8.

- Hoe beskryf Jesus God die Vader se rol in ons verandering?
- Hoe beskryf Jesus Sy rol in ons verandering?



Vrydag: Romeine 8:1-17.

- Wat is die rol van God die Heilige Gees in ons verandering?



Saterdag: Titus 3:3-8.

- Wat is die rol van God die Heilige Gees in ons verandering?

Dink aan al die dinge wat jy na jou verhouding met Christus bring. Deel dit op in 'n wins- kolom (waardevolle bydraes tot die verhouding) en 'n verlies-kolom (waardelose bydraes tot die verhouding)

Wins	Verlies

Lees Filippense 3:4-9 en hersien wat in die wins- en verlies-kolom moet kom. Die enigste ding in die wins kolom is “*die geregtigheid wat van God kom en deur die geloof is*” (Fil. 3:9).

“Want Hy het Hom wat geen sonde geken het nie, sonde vir ons gemaak, sodat ons kan word geregtigheid van God in Hom” (2 Kor. 5:2, OAV). Hierdie vers praat oor ons nuwe status voor God (regverdigmaking). Maar daardie status is die basis vir verandering in ons lewens (heiligmaking). Verpersoonlik dit deur 'n sonde in te voeg waarmee jy sukkel. Byvoorbeeld: “God het Hom wat geen *wellus* gehad het nie, 'n *pornografie-verslaafde*, vir

my gemaak, sodat ek in Christus seksueel rein voor God kon word”.

God het Hom_____ (voeg jou sonde in) ’n
_____ (voeg in dit wat jou sonde jou maak),
sodat ek in Christus_____ (vul die
teenoorgestelde van die sonde in) voor God kon word.

Hoofstuk 4

En die donker tye?

Die hart is die huis van ons beginsels en die fondasie van ons optrede... Die hart is die fabriek die hand en tong is net winkels. Wat in die hand en tong is, kom uit die fabriek van die hart...so as jou hart nie reg is nie, sal jou optrede begin skeef loop...

(John Flavel)



Neutedop samevatting

God gee om oor jou worsteling. Die Vader sien ons worsteling, die Seun het ons worsteling beleef en die Gees is met ons in ons worsteling. En meer nog, God doen iets omtrent ons worsteling. Daar kom 'n dag waarop Hy alles tot 'n einde sal bring. Intussen ontbloot ons worsteling ons harte. Omstandighede gee aanleiding tot sonde, maar is nie die eerste oorsaak daarvan nie. Die onderliggende probleem is altyd ons harte en die sondige begeertes van ons harte. Ons sondig omrede ons leuens omtrent God glo in stede daarvan dat ons God se Woord glo en omrede ons afgode aanbid in stede daarvan dat ons God aanbid.

☞ God gee om oor jou worsteling

Eksodus 2:23-25

Wanneer sondig jy? In watter soort situasies tree jy op 'n verkeerde manier op of beleef jy negatiewe gevoelens? Wat maak jou depressief, kwaad, bitter, geïrriteerd en gefrustreerd? Wat sit dit aan die gang, met die gevolg dat jy nie deur geloof vashou aan die evangelie en bekeer van dit wat nie pas by jou nuwe identiteit nie? Die lewe is taai. Veral in Suid-Afrika. Dit mag familie-probleme wees, of siekte, of finansiële bekommernisse. Of die bekommernis oor die politieke toestand in die land, die spanning elke aand

as die honde blaf. Dit mag mense wees wat jou verkeerd opvryf of 'n werksituasie wat in 'n doodloopstraat is. Dit mag alleenheid wees, of 'n liefdelose huwelik. Groepsdruk, of bloot net te veel werk. Ons is gebroke mense wat sukkel in 'n gebroke wêreld.

Al wat ek wil hê jy moet weet is dít: God gee om oor jou worsteling.

Kom ons staan 'n oomblik stil by Eksodus 2:23-25, – drie verse wat handel oor God se reaksie op die swaarkry, die worsteling, die lyding van sy mense. Natuurlik is hierdie verse 3500 jaar gelede geskryf. Maar as jy aan God behoort is hierdie verse ook vir jou geskryf. Jou swaarkry en beproewing bring vandag dieselfde reaksie in God na vore as wat die swaarkry van Israel in Egipte destyds. Wat ook al die konteks, die omstandighede van jou swaarkry, hierdie gedeelte is vir jou.

Agtergrond

Dink vir 'n oomblik terug aan die eerste hoofstuk van Eksodus wat vir ons vertel van die verandering in die situasie van die Israeliete in Egipte in die tyd na die dood van Josef. Soos God hulle geseën het, het hulle wat getalle betref, so gegroei dat die nuwe heersers van Egipte hulle as bedreiging gesien het. Farao gee dus drie bevele in hierdie hoofstuk:

- Hulle moes die Israeliete slawe te maak en ongenaakbare slawedrywers oor hulle aanstel.
- Die vroedvrouens moes al die babaseuntjies by geboorte dood maak.
- Toe dit nie gewerk het nie, moes al die seuntjies in die Krokodilbesmette Nyl gegooi word.

Alhoewel Israel steeds in getalle gegroei het, ten spyte van hierdie onderdrukking, het hulle uiters swaargekry en gely. Dit bring ons by die volgende teks:

Eksodus 2:23: *“En in daardie lang tyd het die koning van Egipte gesterf. En die kinders van Israel het gesug en geweeklaag vanweë die slawerny. En hulle geroep om hulp oor hulle slawerny het opgeklim tot God.”*

Dink vir 'n oomblik daaraan. Israel was nou omtrent 400 jaar in Egipte. Daar is geen Bybelse bewys dat enige profeet gedurende hierdie tyd iets vir die mense gesê het nie. God was vir alle praktiese doeleindes stil.

Daar is ook geen bewys van enige geskrifte wat vanaf Abraham na die volgende generasies gegee is oor God se handeling met die aartsvaders nie. Terwyl daar verseker 'n mondelingse tradisie was, moes hierdie stories van hulle voorvaders wat die ouers aan die kinders vertel het oor Abraham, Isak, Jakob en Josef, ver weg geklink het. Dink bietjie aan jou eie voorouers van 400 jaar gelede – in die jaar 1610. Hoe baie weet jy van hulle? Tot hoe 'n mate voel hulle na 'n realiteit vir jou?

Hier is die Israeliete: slawe van 'n koning wat hulle haat, wat probeer om hulle as volk van die aardbodem af te veeg deur al hulle babaseuntjies dood te maak. Hulle bid, hulle roep steeds uit na God – want hulle het deur geslagte heen geleer om dit te doen.

Maar: Is God daar? Is Hy bewus van wat met sy volk gebeur? Gee Hy om? Onthou Hy? Dit is dieselfde vrae wat ek en jy vra in tye van nood en swaarkry, en wanneer ons geneig is tot sonde. Hulle geroep is ons geroep. Hoe antwoord die boek Eksodus hierdie vrae? Kom ons lees eers Eksodus 2:24-25: *“En God het hulle gekerm gehoor, en God het gedink aan sy verbond met Abraham, met Isak en met Jakob. En God het die kinders van Israel aangesien, en God het hulle geken.”*

Hierdie twee kort verse antwoord hierdie vraag op 'n fassinerende wyse. Die Israeliete vra: “Is God daar? Hoor God?” In die Hebreeus gebruik die skrywer slegs 15 woorde, maar herhaal die woord *God* vier maal. Elke keer word *God* gebruik as die onderwerp van die werkwoord, wat die klem natuurlik sterk lê op God self. Kom ons kyk na hierdie vier tweewoord-frases.

God hoor

Terwyl die Israeliet gewonder het of God gehoor het of nie, het Hy gehoor. En Hy hoor altyd as ons na Hom roep. Die Een wat ons leer deur te sê: Hy wat ore het om te hoor, laat Hom hoor, is sekerlik die een wat self hoor. Ons lees in Psalm 34:16: *“Die Here sorg vir die regverdiges en luister*

na hulle hulpgeroep” en in Psalm 34:18: “As die regverdiges om hulp roep, hoor die Here hulle en red Hy hulle uit al hulle benoudhede” (NAV).

God onthou

God hoor nie net nie, maar Hy onthou ook sy verbond, dit wil sê sy belofte onder eed aan Abraham, Isak, Jakob en hulle nageslag. Om die waarheid te sê, tydens die formele bevestiging van die verbond met Abraham, het God vir Abraham presies gesê wat met sy nakomelinge in Egipte gaan gebeur.

“Daarop sê Hy vir Abram: Weet verseker dat jou nageslag vreemdelinge sal wees in ’n land wat aan hulle nie behoort nie; daar sal hulle diensbaar wees en verdruk word vier honderd jaar lank. Maar Ek sal ook die nasie oordeel aan wie hulle diensbaar moet wees, en daarna sal hulle uittrek met baie goed.” (Gen. 15:13, 14).

Die tyd in Egipte het God nie onkant gevang nie. God het dit eeue gelede al geweet – en Hy het ook hulle verlossing beplan. Die geprofesseerde verlossing moes gebeur.

God het aan Abraham, Isak en Jakob belowe dat Hy aan hulle ’n groot nageslag gaan gee, ’n land om in te woon en die nasies deur hulle nageslag sal seën (Gen. 12:3, 26:4, 28:14). Gegewe hierdie beloftes moes God onthou. Hy kon nie sy volk, die nageslag van Abraham, in Egipte vergeet nie. Hy het homself daartoe verbind met ’n eed.

En wat van ons? Hoe kan ons weet dat Hy ons gaan onthou? Julle sal die verrassende uitspraak in Galasiërs onthou. Die gelowiges onder die nuwe verbond word nie kinders van *Christus* genoem nie (dit is hulle vanselfsprekend ook), maar kinders van *Abraham* (Gal. 3:7, 29)! Ons weet dat Jesus die saad van Abraham is. Maar saad is ’n versamelnaam. Ons kan sê Jesus en almal wat aan Hom behoort is die nageslag van Abraham.

As God na die nageslag van Abraham se geroep *op grond van sy beloftes aan Abraham* geluister het, hoeveel te meer sal hy nie na ons, die ware uiteindelijke nageslag van Abraham, die geslag in wie al die beloftes tot vervulling kom, luister nie? Onthou ook 2 Korintiërs 1:20: *“Want hoeveel beloftes van God daar ook mag wees, in Hom is hulle ja en in Hom amen, tot*

beerlikheid van God deur ons.”

Jesus is die eintlike, *finale ontvanger* van die beloftes van God. Die beloftes wat reeds aan Abraham gemaak is, het Hy ontvang namens en tot voordeel van sy uitverkorenes (Gal. 3:16). Jesus is dus *die kanaal* waardeur die beloftes aan ons geskenk word. In Jesus voldoen ons aan die voorwaardes vir die beloftes. As jy, as iemand wat in Jesus is, tot God roep, onthou Hy al sy beloftes.

God sien

God sien die Israelietel! Hy sien alles wat met hulle gebeur – die slawerny waaronder hulle ly, die moord op hulle kinders, die onderdrukking. Die vyande van God, spesifiek die duivel self, probeer altyd om God se mense te laat dink dat God nie sien nie. Die psalmis haal sulke vyande aan in Psalm 94:7: *“Die HERE sien dit nie, en die God van Jakob merk dit nie.”* Ps. 94:8: *“Let op, o onverstandiges onder die volk, en julle dwase, wanneer sal julle verstandig word?”* Ps. 94:9: *“Sou Hy wat die oor plant, nie hoor nie, of Hy wat die oog formeer, nie sien nie.”* God sien altyd.

God ken

Hierdie finale frase is die belangrikste en ook die moeilikste om te vertaal. Julle sal sien dat die vertalers hiermee gesukkel het, veral die dinamies – ekwivalente vertalings. En in elke vertaling is dit verskillend vertaal. In die 1983 vertaling is dit vertaal as: “en dit ter harte geneem”. Die NIV het dit soos volg vertaal: “was concerned about them” en “took notice of them.” Die KJV se weergawe is: “had respect unto them”. Al hierdie vertalings is natuurlik pogings om die woord *ken* te interpreteer. Die Hebreeus is baie eenvoudig: “God het geken.” Die ESV verkies dan ook hierdie eenvoudige vertaling: “God knew.”

In hierdie konteks, wat is dit wat God weet? Wat bedoel die skrywer van Eksodus met hierdie frase? Die vertalers van die vertalings waarna ons gekyk het dink baie duidelik dat die primêre gedagte hier die feit is dat God die probleme van die Israeliete geken het en daarvoor besorgd was. Sekerlik is dit deel van die betekenis, soos ook duidelik word ’n paar verse

verder in Eksodus 3:7. Hierdie vers is tot 'n groot mate parallel tot Eksodus 2:24-25, en gebruik drie van die vier Hebreeuse werkwoorde waarna ons gekyk het.

En die HERE sê: Ek het duidelik gesien die ellende van my volk wat in Egipte is; en Ek het hulle jammerklagte oor hulle drywers gehoor, ja, Ek ken hulle smarte.

“Ek ken hulle smarte.” God ken dus hulle pyn, hartseer, verlies – en Hy gee om.

Maar ek is oortuig dat *ken* in hierdie konteks van ons vers, baie meer beteken. Dink 'n bietjie wat is nog relevant tot Israel se situasie wat God *ken*. Wat *ken* God nog, wat relevant is *vir jou* situasie? Ek gaan vervolgens vier dinge aandui wat God *ken* bo en behalwe die swaarkry.

God ken *hulle teenswoordige swakheid*. Hy weet hulle kan niks doen om hulleself te help nie. Hy weet dat behalwe as Hy help, hulle verlore is. Soos die Psalmis sê: “Want Hy, Hy weet watter maaksel ons is, gedagtig dat ons stof is” (Ps. 103:14). Of soos Jesus aan sy dissipels sê: “Sonder my kan julle niks doen nie” (Joh. 15:5).

God ken hulle *toekomstige mislukkings en sondes*. Dink 'n bietjie hoe rebels hierdie selfde Israeliete geword het. As God begin om sy verlossingsplan uit te voer val hulle as't ware sy diensknegte aan en verwyт hulle dat hulle sake erger maak (Eks. 5:21). God red hulle deur groot en magtige wonders – en tog so gou as hulle die Egiptiese weermag sien naderkom, wens hulle dat hulle eerder weer onder die slawerny van Egipte was (Eks. 14:11-12). Nadat God hulle weereens deur die Rooi See gered het, begin hulle honger en dors word, daarom murmureer hulle teen God (Eks. 16:1-7, 17:1-3). God vat hulle na Sinai, gee vir hulle die Tien Gebooie, en hulle reageer met “Alles wat die Here gespreek het sal ons doen” (Eks. 24:3). Maar soos julle weet – net 'n paar dae later maak hulle 'n goue kalf, 'n afgod en aanbid dit as die een wat hulle uitgelei het. God self noem hulle 'n hardnekkige volk (Eks. 32:1-10).

En dit is maar net 'n paar voorbeelde van wat in die woestyn gebeur het, soos in Eksodus opgeteken. Ons kon na die later geskiedenis van Israel gekyk het – en dieselfde prentjie van ontrou aan die God wat hulle deur genade uit Egipte gelei het, sou ontvou het.

Het God 'n fout gemaak om hulle te kies? Om hulle aan te hoor? Het God gedink hulle gaan beter wees as wat hulle was? Hoegenaamd nie! Hy ken die mens, Hy ken die hart. Hy ken selfs ons toekomstige optrede en besluite, ingeslote al ons sondes – tog roep Hy ons steeds by ons naam as syne. Lees net weer Jes. 46:10!

God het dus al die toekomstige mislukkings van Israel geken, maar kies hulle nog steeds as sy volk. Hy luister steeds na hulle gebed. As jy nou voel God kan nie na jou luister nie, want jy het Hom al te veel teleurgestel en jy gaan Hom nog so baie teleurstel – Hy ken dit – maar dit maak nie dat Hy jou nie hoor en sien nie, want Hy doen dit nie omdat jy so oulik is of omdat Hy weet jy gaan oulik wees nie, maar omdat Hy onthou. Op grond van die feit dat jy die nageslag van Abraham is, omdat jy in Jesus is.

God ken die *krag van die vyand*. Of dit die krag die van 'n fisiese siekte, of 'n onderdrukkende situasie, of dit 'n menslike vyand of die duivel self is, God ken die krag daarvan. Hy ken al die planne en strategieë van Satan Hy ken die geslepenheid en valsheid van elke menslike vyand. Hy weet wat hulle môre gaan doen – Hy weet hoe jou siekte môre gaan lyk, hoe die inbrekers beplan om in breek, en hoe die kapers beplan om 'n motor te kaap – en vir wie Satan môre met sy vurige pyle gaan beetkry. Soos die skrywer van die Hebreërbrief dit stel: *“En daar is geen skepsel onsigbaar voor Hom nie, maar alles is oop en bloot voor die oë van Hom met wie ons te doen het”* (Heb. 4:13).

Laastens – *God ken sy planne vir die Israeliete*. God het reeds vir Moses gered van 'n Nyldood. Hy het reeds vir Moses in die huishouding van Farao geplaas, sodat hy kon leer wat nodig was vir sy toekomstige rol. Hy het reeds in die hart van Moses 'n begeerte geplaas om sy volk uit Egipte te verlos. Binnekort sou hy aan Moses verskyn in 'n brandende bos, sou Hy sy mag vertoon aan Egipte en sy gode deur die plaë en die bevryding van sy volk uit slawerny. God het al hierdie planne geken. Luister wat sê die Here vir Jeremia: *“Want Ék weet watter gedagtes Ek aangaande julle koester, spreek die HERE, gedagtes van vrede en nie van onheil nie, om julle 'n hoopvolle toekoms te gee”* (Jer. 29:11). En die Here bring sy planne tot stand: *“My raad sal bestaan, en al wat my behaag, sal Ek doen”* (Jes. 46:10). Dink ook aan Psalm 1:6 *“Want die HERE ken die weg van die regverdiges, maar die weg van die goddelose sal vergaan.”*

Ek dink hier het die Nuwe vertaling een van die betekenisse goed vasgevat. “*Waarlik die Here lei die regverdiges op hulle pad*”. Maar dit is ook meer as dit: Hy weet wat vir ons wag, wat Hy as’t ware in die oog het vir ons. Net soos wat dit die geval was met die Israeliete. Hy weet van die Koninkryk wat vir ons wag. Hy het reeds vir ons ’n plek gereed gemaak. Hy weet waarheen ons op pad is ten spyte van al die vervolgings, mislukkings, siektes, rampe en Rooisee wat ons nog moet oorsteek.

Daar is twee Nuwe Testamentiese waarhede wat maak dat ons hierdie waarheid wat ons nou gesien het nog meer as die Israeliete ons eie kan maak.

Eerstens: Jesus se Middelaarskap (Heb. 2:14-18; 4:14-16). Die Een wat hoor, onthou, sien en ken is die Een wat net soos ons versoek is, en medelye het met al ons swakhede, aangesien Hy ’n mens was – soos ons!

Tweedens: Die Heilige Gees as Trooster (Joh. 14:16-17). Hierdie Een waarvan ons nou gepraat het, is ook nie ver nie. Hy is in ons, deur die Heilige Gees. En Hy vertroos ons!

Wanneer sukkel jy? Wat is jou hartseer? Wat is jou pyn? Waaroor roep jy uit na God? Wat ook al jou hartseer, wat ook al jou pyn, waaroor jy ook al uitroep na God. Hoe lank God gaan neem om te antwoord weet ons nie, want Hy werk met ’n ander tydskema, maar weet dít:

Jou God hoor! Elke woord wat jy uitroep, asook elke onuitgesproke gedagte hoor God.

Jou God onthou! Al die beloftes van God is “Ja en Amen” in Jesus Christus.

Jou God sien! Hy sien wat verby is, Hy sien wat voor lê. Hy sien jou.

Jou God ken! Hy ken jou. Jou sonde, swakhede, mislukkings. Hy ken jou vyande, jou beproewings, die dinge wat jou pad gaan kruis. Hy ken die pad waarop Hy jou gaan lei, en Hy gaan al hierdie beproewings gebruik om jou na die beeld van Christus te verander.

☞ God doen iets omtrent jou stryd en worsteling

📖 Romeine 8:28 & Genesis 45:1-8

God gee om oor jou donker tye, wat dit ook al mag behels. Of dit jou familie, huwelik, fisiese of finansiële nood, of wat ook al is. Ons het gesien God hoor jou, God sien jou, God onthou al sy verbondsbeloftes in Jesus as Hy na jou kyk en God ken jou. Hy ken jou omstandighede, jou swakheid, ja selfs jou toekomstige sonde en mislukkings. Hy ken die krag van jou vyande, maar Hy weet wat Hy vir jou in die oog het: Verandering na die beeld van Christus, binne jou huidige situasie en eendag volkome herstel en heerlikheid.

Die groot waarheid wat ons nou moet aanvaar is dít: God *doen* ook iets omtrent ons, stryd en worsteling. En die eerste ding wat Hy doen is om ons omstandighede te *gebruik*.

Lees weer Romeine 8:28. Eerstens moet ons sien hier staan nie: *Ag moenie bekommerd wees nie, alles sal op die einde goed uitwerk*. Nee, ons sien hier iets totaal anders en verreweg meer diepgrondig en wonderlik.

Kom ons kyk na die frase: “*Alles werk ten goede mee*.” Sommige Engelse vertalings vertaal dit met: “*God works for the good*”. Uiteindelik maak hierdie verskille in vertaling egter nie werklik verskil nie, omrede ons weet dat dit *God* is wat alle dinge ten goede laat meewerk. “Alle dinge” werk nie op hulle eie nie. Daar is geen misterieuse onpersoonlike beginsel wat aan die werk is in die wêreld nie. Dit is God wat oral aan die werk is.

Die Bybel leer dat God nie net alle dinge gemaak het nie, Hy onderhou ook alle dinge. Die heelal werk nie outomaties nie. Die heelal is nie soos ’n horlosie wat deur God opgewen is en nou loop dit rustig af nie. Nee, dit is steeds onder die beheer van God. Deur Jesus Christus. Lees net weer Kolossense 1:17: “*Voor alles was Hy al daar, en deur Hom bly alles in stand*.”

As jy natuurlik glo dat alles op sy eie werk met 'n paar misterieuse beginsels wat daarin aanwesig is, wel, dan sal jy natuurlik nie in staat wees om enige verskil tussen die goddelose en die Christen raak te sien nie. Inderdaad sal jy selfs tot die slotsom kan kom dat die goddelose die gunsteling is, en dat alle dinge in hulle guns werk.

En as die heelal outomaties gewerk het sou daar nie die geringste verskil gewees het tussen wat met die Christen gebeur en wat met die nie-Christen gebeur nie. Hulle sou almal absoluut gelyk wees.

Maar dank God dat hierdie gedeelte (Rom. 8:28) wat ons gelees het, se hele punt juis is om te beklemtoon dat daar hierdie wonderlike verskil is tussen dié wat God liefhet en dié wat God nie liefhet nie. Lees dit net weer.

God oorspeel en deurkruis alle dinge op so 'n wyse dat dit uiteindelik uitdraai tot die voordeel van sy mense. Dit is die basiese aanname.

Maar kom ons beweeg nou nader aan die Apostel Paulus se stelling om te sien wat dit presies beteken, want dit is inderwaarheid een van die heerlikste dinge wat ons ooit omtrent onself kan verneem.

Weet jy op hierdie oomblik waar jy nou sit en lees, soos Paulus, dat alle dinge ten goede meewerk vir jou? Weet jy dat God alle dinge in die kosmos, beweeg en deurkruis – tot jou voordeel.

As jy dit weet en dit jou eie maak, dan kan jy nie werklik depressief wees nie. Jy kan dit nie weet en terselfdertyd terneergedruk wees nie, want dit is wedersyds uitsluitlik. Hierdie stelling dus is uiters prakties. Dit is nie dooie teologie nie.

Kom ons fokus eers op die “alle dinge.” Wat beteken dit? Wel, ek dink nie daar is enige rede om dit nie letterlik as *alles* te interpreteer nie. Dit beteken dat dit goeie dinge, slegte dinge, versoekings, beproewings, moeilikhede, siekte, dood, vervolgings, ongelukke, teleurstelling, ja selfs mislukkings en sonde insluit.

Josef en jy

Om dit te demonstreer, kom ons kyk na 'n Ou Testamentiese voorbeeld. Kom ons kyk na die lewe van Josef. Josef se lewe is geweldig belangrik want sy lewe is 'n soort afbeelding van Israel se lewe, en ook weer van Jesus se lewe. As ons dus nou dink dat God ons verander om gelykvormig aan Christus te word, Christus die ware Israel, is dit uiters gepas en belangrik om na Josef te kyk.

Lees Genesis 45 en Genesis 50. Ons moenie dat die gelukkige einde van Josef se verhaal ons verlei om te vergeet van die smart wat dit voorafgegaan het nie. Dit is 'n lang en pynlike pad wat lê tussen die velde van Dotan en die onderkoningskap van Egipte – lank en pynlik genoeg om van Josef 'n verbitterde, siniese mens te kon maak.

Op die een of ander wyse kry ons dit mos meestal reg om te glo in die bestaan van 'n God van liefde al lees ons die koerante – solank dit met my voor die wind gaan. Maar die oomblik as dinge teen my draai, kan ek maklik verbitterd raak. Gevolglik kan ek nie meer daaglik glo en my bekeer nie. Die rede hiervoor is klaarblyklik dat my wêreld net so groot is as wat toegemaak word deur my eie vel.

Van skeptisisme en sinisme vind ons egter geen spoor by Josef nie. Hoe weet ek dit? Wel uit sy optrede gedurende die moeilike dae blyk nie dat Josef sy rug op God en sy wêreld gedraai het nie. Josef bly geïnteresseerd en betrokke by sy medemens. Hy dien Potifar na die beste van sy vermoë. In die gevangenis word hy een twee drie die tronkbewaarder se regterhand. Nadat sy medegevangenes, die skinker en die bakker, die nag hul onstellende drome gehad het, merk Josef dadelik dat daar iets haper en wil hy weet: “*Waarom lyk julle vandag so bedruk?*” (Gen. 40:7). Nadat hy die Farao se drome uitgelê het, is hy dadelik gereed met praktiese noodlenigingsvoorstelle met oog op die dreigende droogte.

Hoe op aarde is dit moontlik? Waarom stort Josef se wêreldjie nie in duie onder die harde houe van die lewe nie? Diep in sy hart het Josef geweet dat, ten spyte van allerlei twyfelvrae wat hom seker ook maar geteister het, God self op een of ander wyse betrokke is by wat met hom gebeur. Ook

in die donker was God digby. Ons lees in Genesis 39:21 dat God Josef sy troue liefde selfs in die tronk laat ondervind het.

Te midde van vertwyfeling het Josef geweet die situasie is onder beheer. Dinge kan nie Hand-uit ruk nie (nie uit God se Hand nie). En toe sy broers die dag kom koring koop, pas die legkaartstukkies skielik in mekaar: *“God het my voor julle uit gestuur om vir julle ’n oorblyfsel in hierdie land te laat oorbly, om julle aan die lewe te hou en sodat baie aan die dood sal ontkom. Dit is nie julle wat my hierheen gestuur het nie, maar God”* (Gen. 45:7, 8).

Let egter op dat, hoewel Josef sy broers troos, hy hulle hoegenaamd nie verontskuldig nie. Dit is wel nie hulle wat hom na Egipte gestuur het nie, maar God, maar hulle het iets anders met hom gedoen: hulle het hom verkoop. In Genesis 45:4 sê hy uitdruklik dat hulle hom verkoop het en hy herhaal dit in Genesis 45:5. Let wel: Josef sê nie dat God hom verkoop het nie. Sy broers het hom verkoop, maar God het hom gestuur. En laasgenoemde is geen verontskuldiging vir eersgenoemde nie. Wat hulle gedoen het, was TEEN God se wil. Dit was verkeerd, dit was sonde.

Kyk nou na Genesis 50:20: *“Want julle het wel kwaad teen my bedink, maar God het dit ten goede gedink om te doen soos dit vandag is, om ’n groot volk in die lewe te hou.”* (OAV). Ons kan sê God dink die kwaad ten goede. Met ander woorde, hoewel God se daad hulle daad kruis en dit histories selfs saamval met hulle daad, is dit tog twee totaal verskillende dae. *Verkoop* is heeltemal iets anders as *stuur*.

Wat God doen en wat Josef se broers doen is nie net verskillend nie, maar ons moet selfs sê dit is twee teenoorgestelde dae. Die motief vir hulle daad is haat; die motief vir God se daad is liefde. Die doel van hulle daad is om hom smart te berokken; die doel van God se daad is redding. Hulle daad is ’n onheilsdaad, God se daad is ’n heilsdaad.

God se daad kruis nie net hulle daad nie; Sy daad deurkruis selfs nie net hulle daad in die sin dat Hy dit uitkanselleer, of tot niet maak nie; Sy daad deurkruis hul daad in die sin dat hy die minus van hulle daad deurkruis tot ’n plus. Die negatiewe van hulle daad word verander tot ’n positiewe. *“Om ’n volk in die lewe te hou.”*

Jy sê jy verstaan nie. Wel ek ook nie. Hier word ons trotse denke se nek gebreek. Ons verstand steier hier. Maar hier word ons ook verlos van angs. Spekulasie het nie hier 'n plek nie. Aanbidding en 'n loflied is hier meer toepaslik.

Maar wat ons baie duidelik moet sien is dít. Die pad wat God met Josef loop is die pad van God na redding, om heil te berei vir Israel en deur hulle, vir vele ander. Ja, dit sou eers baie-baie later gebeur – maar dit het. Via die nikswaardige posisie van 'n slaaf en 'n lewe begrawe in die gevangenes, word Josef heer oor Egipte en 'n vader van Farao (Gen. 45:8). Ja, deur alles het God natuurlik Josef self verander van 'n verwaande seuntjie tot 'n wyse maar gebroke leier. Maar meer as dit, deur dit alles kom daar uiteindelik verlossing, nie net vir Egipte en Israel nie, maar baie later vir die wêreld. Sien, deur Josef se swaarkry is Israel gered en spesifiek ook sy broer Juda uit wie se nageslag Jesus gebore sou word deur Josef se nageslag – Jesus. En as 'n mens dink dat God dit doen deur die gevange en uitgelewerde Josef, dan dink mens natuurlik dadelik aan die pad wat God met Jesus self geloop het tot heil vir die wêreld. Ja, slegte dinge is slegte dinge. Ons kan dit nie goed noem nie, maar God gebruik dit.

Terug by Romeine 8:29

Hy gebruik dit om ons te verander *na die beeld van Jesus Christus*. En dit is tog waarnatoe ons wil verander – is dit nie die hele punt van ons studie nie? Al hierdie dinge maak dat ons nou al meer soos Jesus word te midde van swaarkry en ons omstandighede. Hoe het Jesus opgetree te midde van sy omstandighede? Wel, met opofferende uitreikende liefde. Hy gebruik dit om ons te verander. En eers as jy dit werklik aanvaar het, kan jy begin praat soos Paulus en Jakobus en Petrus. Lees net die volgende gedeeltes.

Romeine 5:3-5: *“Dit is egter nie al nie. Ons verheug ons ook in die swaarkry, want ons weet: swaarkry kweek volharding, en volharding kweek egtheid van geloof, en egtheid van geloof kweek hoop; en dié hoop beskaam nie, want God het sy liefde in ons harte uitgestort deur die Heilige Gees wat Hy aan ons gegee het.”*

Jakobus 1:2-4: *“My broers, julle moet baie bly wees wanneer allerlei beproewings oor julle kom, want, soos julle weet, as julle geloof die toets deurstaan het, stel dit julle in staat om te volhard. En die volbarding moet enduit volgebou word sodat julle tot volle geestelike rypheid kan kom, sonder enige tekortkoming.”*

1 Petrus 1:6-7: *“Verheug julle hieroor, selfs al is dit nodig dat julle ’n kort tydjie bedroef gemaak word deur allerhande beproewings sodat die egtheid van julle geloof getoets kan word. Julle geloof is baie kosbaarder as goud, goud wat vergaan. Selfs die suiverheid van goud word met vuur getoets, en die egtheid van julle geloof moet ook getoets word, sodat dit lof en heerlikheid en eer waardig mag wees by die wederkoms van Jesus Christus. Hom het julle lief, al het julle Hom nie gesien nie. Deur in Hom te glo, al sien julle Hom nou nie, het julle reeds deel aan die saligheid wat die einddoel van julle geloof is. En dit vervul julle met ’n onuitspreeklike en heerlike blydschap.”*

Het julle dit raakgesien? Wat ’n mens tref as jy hierdie gedeeltes lees is die feit dat almal begin met ’n oproep om ons te verheug en bly te wees oor swaarkry? En ons kan net verheug wees, ons verbly oor swaarkry as ons die verbintenis maak tussen ons lyding en swaarkry en ons eie groei na gelykvormigheid aan Jesus, en ons eie bruikbaarheid tot heil van ander. Let wel: soms sien ons dit; soms kan ons net daaraan vashou deur geloof. Maar ons verheug ons omdat ons vertrou dat God alle dinge gebruik om ons soos Jesus te maak.

Ons het nou gesien God doen iets omtrent ons swaarkry en omstandighede, naamlik dat dit Hy gebruik. Maar Hy gebruik nie net ons swaarkry nie, Hy beloof om dit tot ’n einde te bring.

Die feit dat Hy ons verander na die beeld van Jesus hou implisiet hierdie belofte in, nie waar nie? Ons *sal* eindig waar Jesus geëindig het.

Hoe kan ons dit weet? Wel, Hy het ons lyding op Homself geneem om ons lyding te beëindig. Moet dit nooit vergeet nie. Aan die kruis neem Jesus God se toorn op Homself in ons plek, en bevry ons van God se vervloeking en die ewige smart wat dit bring. En Hy belowe ’n nuwe wêreld sonder pyn en sonde. Sy opstanding is die begin van ’n nuwe skepping, wat tot ’n einde sal kom aan die einde van die geskiedenis – ’n nuwe skepping waarin God self elke traan sal afvee, en daar geen dood en

hartseer gehuil of pyn sal wees nie (Op. 23:3-4). Verheug jou in wat ook al jou omstandighede is. God gee om, en God doen iets daaromtrent.

Ons worsteling openbaar ons harte

Ons het nou gesien dat God *omgee* oor my moeilike tye van worsteling en dat God iets daaromtrent *doen*. Hy gebruik dit, Hy deurkruis alles wat met ons gebeur sodat selfs al die minusse plusse word, deurdat dit ons verander na die beeld van Christus. En ons het gesien dat ons kan weet Hy gaan uiteindelik 'n einde bring aan al ons worsteling.

Nou wil ek hê ons moet sien dat ons tye van sukkel en swaarkry en lyding ons harte openbaar. Of dan – sulke tye wys wat nog in ons harte is.

Ons gedrag en emosies kom uit ons harte

Hoekom doen jy die dinge wat jy doen? Hoekom raak jy kwaad, gefrustreerd, geïrriteerd, depressie, of aan die ander kant gelukkig, opgewonde en vergenoegd? Hoekom, lieg jy, veg jy en skinder jy? Hoekom droom en fantaseer jy en is jy jaloers en beplan jy om ander op hulle plek te sit? Hoekom oorwerk en ooreet jy? Hoekom kan jou kinders hulle nie gedra nie? Hoekom het mense buite-egtelike verhoudings? Hoekom is ons so bekommerd oor wat mense dink? Hoekom misluk ons daarin om ouers, huweliksmaats en werkgewers te wees soos ons behoort te wees? Waarom praat ons wanneer ons nie moet praat nie en bly stil wanneer ons nie moet stilbly nie? Waar kom bose gedagtes, seksuele immoraliteit, diefstal, egbreek, gierigheid, afguns en al hierdie dinge vandaan?

Markus 7:15-22: *“Niks wat van buite af in ’n mens ingaan, kan hom onrein maak nie; maar die dinge wat uit ’n mens uitkom, dit maak hom onrein... “Maar,” het Hy verder gesê, “wat van binne af uit ’n mens kom, dit maak ’n mens onrein. Van binne af, uit die hart van die mens, kom die slegte gedagtes: onkuisheid, diefstal, moord, overspel, hebsug, kwaadwilligheid, bedrog, losbandigheid, afguns, kwaadpraterij, hoogmoed, ligsinnigheid.”*

Dit is geweldig as jy daaraan dink: Wat Jesus in effek sê is dat as dit moontlik sou wees om rekenaarskerms aan elkeen van ons te koppel en as dit moontlik sou wees om dit wat in ons harte aangaan in woorde om te sit, sou dit wat ons hier in Markus lees, dit wees wat ons sou lees op mekaar se skerm, selfs al sit ons mooi skoon, met glimlagte of ernstige uitdrukkings.

Let op dat Jesus sê: nie dinge van buite, maar van binne! Niks van buite kan die skuld gegee word nie. Baie duidelik leer die Here Jesus *dat die oorsprong van ons optrede* en emosies nie teruggevoer moet word na 'n slegte omgewing en nog minder na foutiewe opvoeding (alhoewel beide 'n kragtige kondisionerende effek op jong ontvanklike mense kan hê) maar eerder tot die hart. Dit is hierdie dinge, sê Jesus, wat ons onrein maak. Van binne. Nie dinge van buite nie.

Ek dink dit is duidelik, volgens Jesus, volgens die Bybel, dat die bron en oorsaak van menslike gedrag die hart is! En soos jy sekerlik weet, die hart verwys nie na die vuigrootte orgaan in die middel van jou borskas wat bloed pomp nie. Dit verwys na die innerlike persoon, daardie diepste jy, die mens wat jy is as jy alleen op jou bed lê en dink.

Lees Spreuke 27:19: “*Soos jy jou eie gesig sien as jy in die water kyk, so sien jy jouself in wat jy dink* (NAV) *Soos in die water aangesig teenoor aangesig is, so is die hart van die mens teenoor die mens*” (OAV).

Ons kan ook sê die hart is 'n afkorting vir ons denke en begeertes. Die punt is: die wortel-oorsaak van my gedrag is altyd my hart. Wat ons sien, is altyd gedrag en emosies. Maar blywende verandering word net bereik deur die bron te verander.

Lees Lukas 6:43-45: “*Dit is nie die goeie boom wat slegte vrugte dra nie, en ook nie die slegte boom wat goeie vrugte dra nie. Elke boom word aan sy eie vrugte geken. Van doringstruik pluk 'n mens mos nie rye nie, en van 'n doringbos oes jy ook nie druive nie. Die goeie mens bring die goeie te voorskyn uit die oorvloed goeie dinge in sy hart, en die slegte mens bring die slegte te voorskyn uit die oorvloed slegte dinge. Waar die hart van vol is, loop die mond van oor.*”

As jy 'n doringbos sien, weet jy dit is nie 'n perskeboom nie. Dit het die DNS van 'n doringbos en dit is daardie DNS wat veroorsaak dat die bos dorings dra en nie perskes nie. En dit is dieselfde met ons. Ons sondige gedrag en emosies reflekteer die sonde in ons harte. Luister mooi: Elke sondige gedrag en negatiewe emosie openbaar 'n probleem in ons harte. En dit is waarom Spreuke 4:23 so belangrik is: *“Wees veral versigtig met wat in jou hart omgaan, want dit bepaal jou hele lewe.”*

My omstandighede aktiveer my hart

Maar nou mag jy vra: wat nou van my omstandighede? Waar pas dit in my gedrag en optrede in? Wel, net as jy die rol van jou hart verstaan kan jy werklik die rol van jou omstandighede in sonde verstaan.

Ons omstandighede en versoekings gee aanleiding tot sonde; dit is die vonk in die kruitvat, maar is nooit die diepste oorsaak daarvan nie. John Stott beskryf die hart soos volg: *“The thick deposit of mud at the bottom is usually unseen, and even unexpected. But when the waters of the well are stirred by the winds of violent emotion, the most evil-looking, filth bubbles up from the depths and breaks the surface -rage, hate, lust, cruelty, jealousy and revenge.”*

Die wortel, die diepste oorsaak is egter altyd die hart en sy sondige begeertes. Het jy geweet, *jy kies* hoe om te reageer teenoor omstandighede, en wat daardie keuses bepaal, is dit wat in ons harte is. Wat ons dink en begeer. Ongelukkig sien ons dit nie altyd so nie.

Dink 'n bietjie aan die laaste keer toe jy kwaad was. Alle kwaadwees is nie verkeerd nie. God self is kwaad oor sonde. As jy kwaad is oor sonde en onreg op 'n beheersde manier terwyl jy die regte dinge begeer, is dit nie verkeerd nie. Ek praat egter nou van kwaadwees op 'n destruktiewe manier. Dink aan die laaste keer toe jy só kwaad was.

Wat het jou kwaad gemaak? Ons wys normaalweg na uiterlike faktore nê? *Hulle het my nie met respek behandel nie. Iemand het in my motor vasgejaag. Hulle sien nooit my punt in nie.*

Maar blaai nou na Jakobus 4:1-2: “ *Waar kom die stryd vandaan, waar kom die rusies onder julle vandaan? Kom dit nie van julle selfsugtige begeertes wat gedurig binne-in julle woed nie? Julle wil dinge hê, maar kry dit nie en wil dan moord pleeg; julle is jaloers op ’n ander man se goed en kan dit nie in die hande kry nie en dan maak julle rusie en baklei julle. Julle kry nie, omdat julle nie bid nie.*”

Jakobus sê dat gevegte en rusies die begeertes in my is wat met mekaar veg. Woede ontstaan byvoorbeeld as my begeertes bedreig of gedwarsboom word. Eksterne faktore het ’n impak op ons harte via ons harte. Ons kan nie ons omstandighede blameer nie.

Kyk na hoe Jakobus begin in hoofstuk 1:13-15: “*Iemand wat in versoeking kom, moet nooit sê: “Ek word deur God versoek” nie; want God kan nie verlei word nie, en self verlei Hy niemand nie. Maar ’n mens word verlei deur sy eie begeertes wat hom aanlok en saamsleep. Daarna, as die begeertes bevrug geraak het, bring dit die sonde voort; en as die sonde ryp geword het, loop dit uit op die dood.*”

Jakobus praat met Christene wat allerhande beproewinge in die gesig staar (1: 2). En hy sê as ons volhard sal God ons die kroon van die lewe gee. Die punt wat hy wil maak in die verse wat ons geles het, is dat ons God nie kan blameer as ons as ons nie volhard nie. Dit is nie God se fout nie.

Ek kan nie sê dit is hoe ek grootgeword het, of my biologiese samestelling, my persoonlike geskiedenis of my omstandighede nie. Nee. Jakobus sê wat veroorsaak dat ’n persoon toegee aan sonde is sy eie slegte begeertes. Begeertes lei tot sonde, sê Jakobus, en sonde lei tot die dood. Die dodelike gevolg van sonde in ons lewens, emosies en verhoudings kom van die slegte begeertes van ons harte.

Jy sien, dit is belangrik om nie as ons sondig die indruk te gee dat ons verslaan is nie; ons moet nie die indruk gee dat ons oorweldig is deur eksterne faktore nie. Want dan is ons mos nie te blameer nie. Die punt is, in die lig van wat Jakobus hier sê: *ons sonde is die gevolg van ongehoorsaamheid.* Dit was nog altyd, en dit is nog steeds so. Dit ontstaan as gevolg van my begeertes.

Natuurlik kan ons agtergrond, die manier waarop ons grootgeword het, ons sondige reaksie op ons begeertes 'n sekere vorm gee. Sommige mense druk hulle woede uit deur hulle voete te stamp en 'n geskreeu, ander onttrek in stilte. Hoe jy dit doen hang baie af van die voorbeeld wat jy gehad het, hoe jy grootgeword het.

Maar dit maak nie saak of jy uitbars en of jy onttrek as jy kwaad word nie, die wortel-oorsaak van daardie woede lê in ons harte.

As jy my sou sien in die oggende terwyl ek besig is om voor te berei vir preke, en ek is besig om te bid en my Bybel te lees sal jy dink ek is die wonderlikste geestelike ou. Daar is ek, kalm, vredevol, vol vertroue. Maar hou my dop as daar een of ander druk-situasie in ons gesin is en ons is effens laat – wel dan sien jy 'n man wat ver van geestelik is.

Dit is lekker om aan myself te dink as die kalm, vredevolle ou in die oggend in my studeerkamer – want dan kom ek tot die slotsom dat ek redelik geestelik is. As ek verlei word tot sonde moet die probleem lê by dit wat my verlei het. Ek en jy moet egter begin besef dat die regte *ek* die een is wat ek is as dinge *nie* so rustig is nie. Die persoon wat na vore kom wanneer die sondige begeertes van my hart openbaar word deur omstandighede en mense. Die ware ek word geopenbaar wanneer ek te moeg is om aan te hou voorgee.

Ons sondig as ons God nie vertrou en aanbid nie

Ons het nou gesien ons worsteling openbaar ons harte. Maar dit beteken, positief gesien, dat hierdie omstandighede 'n wonderlike geleentheid is om die wortel- oorsaak van ons sondige gedrag en negatiewe emosies aan te pak.

Wat gaan werklik aan in ons harte? Die Bybel sê twee dinge vind altyd plaas in ons harte. Kyk weer na Hebreërs 4:12 *“Die woord van God is lewend en kragtig. Dit is skerper as enige swaard met twee snykante en dring deur selfs tot die skeiding van siel en gees en van gewrigte en murg. Dit beoordeel die bedoelings en gedagtes van die hart.”*

Hier word gepraat van die bedoelinge en gedagtes van die hart. Ons sou dit kon vertaal met die gedagtes en begeertes van die hart.

Ons dink, interpreteer, glo, vertrou.

Ons begeer, aanbid, hunker, koester.

Ons is altyd interpreteerders en altyd aanbidders.

Ons is interpreteerders wat verduidelikings vorm omtrent wat met ons gebeur. En ons is deur God gemaak om Hom te aanbid, daarom is aanbidding deel van ons wese.

Daar is dus 'n tweeledige probleem in die hart: wat ons dink of vertrou en wat ons begeer of aanbid. Sonde vind plaas wanneer ons God nie vertrou bo alles nie (ons interpreteer dinge dus op die verkeerde manier) en wanneer ons nie God begeer bo alles nie (wanneer ons dus die verkeerde dinge aanbid).

Sonde gebeur wanneer ons leuens omtrent God glo in stede van dít wat die Woord sê omtrent God en sonde gebeur wanneer ons afgode aanbid in stede daarvan om God te aanbid.

Destruktiewe sondige *gedrag* soos leuens, manipulasie, geweld, diefstal, egbreuk, verslawing en eetversteurings, en negatiewe of sondige *emosies* soos angs, afguns, skuld, sommige depressies, bitterheid, hoogmoed ensovoorts, kom alles na vore wanneer ons harte God nie vertrou nie en ons God nie aanbid soos ons moet nie.

Wat is die oplossing? Wel, weereens geloof en bekering. Ons het nodig om God te vertrou in stede daarvan om leuens te glo – dít is geloof en ons het nodig om God te aanbid in stede daarvan om afgode te aanbid – dít is bekering.

Dit is van kardinale belang om die verbintenis te sien tussen spesifieke sonde en die leuens of afgode in ons hart. En daarna sal ons nou begin kyk.

Ek vertrou jy het ten minste sekerheid oor hierdie een saak: ons slegte omstandighede, daardie tye van stryd en worteling doen ons 'n guns. Dít

openbaar ons harte. Dank God daarvoor. Gaan lees ook Deuteronomium 4 en jy sal sien dat die hele pad wat God Israel gelei het met een doel was, naamlik om te wys wat in hulle harte is. Hulle kon nie die warm son, die min kos en water die skuld gee nie.

Dit wys ons dat ons nodig het om weer in geloof en bekering na God te draai soos nooit te vore nie. Dit alleen is die antwoord vir ons sondige gedrag en emosies. As ons God glo vir wie Hy is, sal ons nie gehoor gee aan die begeertes in ons hart nie, en sal ons begeertes van ons hart verander. As ons God sal sien vir wie Hy vir ons is in Christus Jesus, sal ons bekeer van ons bewondering, ons aanbidding ons begeerte na minderwaardige dinge, ja, sal ons nie meer begeer om dit te doen nie.

Vir jou stiltetyd:



Maandag: Eksodus 2:23-3:10

- Watter verskil maak dit om te weet dat God die Vader ons worsteling sien?



Dinsdag: Hebreërs 2:14-18 en 4:14-16

- Watter verskil maak dit om te weet dat God die Seun ons worsteling verstaan?



Woensdag: Jesaja 43:1-5 en Johannes 14:16-17

- Watter verskil maak dit om te weet dat God die Heilige Gees met ons is in ons stryd?



Donderdag: Jeremia 17:5-10 en Luk 6:43-45

- Hoe kan ons goeie vrugte in ons lewens produseer?
- Hoe beskryf hierdie gedeeltes ons harte?



Vrydag: Spreuke 4:18-27

- Hoe behoort ons deur die lewe te gaan?



Saterdag: Jakobus 1:1-18

- Wat is die rol van lyding in die Christen se lewe?
- Wat is die begin van sonde? Wat is die einde van sonde?
- Hoe sal jy die volgende stellings voltooi:
- Wanneer ek kwaad word, is dit gewoonlik omdat...
- Wanneer ek “af” is, is dit gewoonlik omrede...
- Wanneer ek aan God ongehoorsaam is, is dit gewoonlik omdat...
- Dink mooi oor jou antwoorde. Beskryf hulle dinge wat jou gedrag as’t ware aan die brand steek, of beskryf dit die wortel oorsaak van jou gedrag? Beskryf dit die dinge wat in jou hart aangaan?

Hoofstuk 5

Waarhede wat werk!

Hoe soet was dit ewe skielik vir my om ontslae te raak van daardie vrugtelose plesiere wat ek eens gevrees het om te verloor...! U het dit van my weggedryf, U wat die ware, die soewereine vreugde is. U het dit van my weggedryf en die plek daarvan ingeneem, U wat soeter as alle plesiere is, alhoewel nie vir vlees en bloed nie, U wat helderder skyn as enige lig en tog dieper versteek is as enige geheime in ons harte, U wat alle eer oortref, alhoewel nie in die oë van mense wat alle eer in hulleself sien nie... O Here my God, my Lig, my Rykdom en my Verlossing.
(Augustinus)



Neutedop samevatting

Agter elke sonde en negatiewe emosie lê 'n leuen. Natuurlik is daar nie baie mense wat aan hulleself dink as individue wat leuens glo nie! Maar elke keer wanneer ons God of sy Woord nie vertrou nie, glo ons iets anders - 'n leuen. Lewe en vryheid word gevind deur in die waarheid omtrent God te vertrou en ons daarin te verheug. Ons probleme word geskep deur die gapings tussen wat ons glo in teorie en wat ons glo in praktyk. Ons moet leer om die waarhede omtrent God vir onself (ons harte) te preek. Hier is 4 lewensveranderende waarhede: God is groot - so ons hoef nie in beheer te wees nie. God is heerlik en magtig - so ons hoef nie vir enige iets bang te wees nie. God is goed - so ons hoef nie elders te soek vir goedheid nie. God is genadig - so ons hoef nie onself te bewys nie.

Ons het nou gesien dat daardie moeilike omstandighede, daardie tye wat dinge nie loop soos dit moet loop nie – daardie tye openbaar wat in ons harte is. Ons het gesien dat die Bybel dit duidelik maak dat ons geen uiterlike omstandighede, persone, biologiese faktore of opvoeding die skuld vir ons gedrag kan gee nie. Nee, ons kies om op 'n sekere manier te reageer teenoor ons omstandighede en wat daardie keuse bepaal is dit wat in ons harte is. Verder het ons gesien dat ons harte twee dinge doen. Dit

dink, interpreteer vertrou of glo *en* dit bewonder, aanbid, hunker en koester. Daarom is ons diepste probleem een van geloof en aanbidding. Ons sondige gedrag en emosies is die gevolg van die feit dat ons God nie vertrou en glo en ook nie aanbid en bewonder nie. Ons glo leuens en ons aanbid afgode. En dit is wat in ons harte is en wat dan ons gedrag en emosies bepaal. Ons het nodig om as gelowiges na sekere waarhede te draai, en van sekere begeertes weg te draai as ons wil verander.

Nou wil ek hê ons moet begin kyk na die waarhede waarna ons moet draai. Voor ons daarmee begin moet ons absoluut oortuig wees dat *agter elke sonde 'n leuen lê, 'n leuen omtrent God* (Rom. 1:24-25).

Om dit eenvoudig te stel: ek raak kwaad as ek in die verkeer vassit omrede ek God nie vertrou nie. Ek glo die leuen dat God nie in beheer is nie, of dat sy doelwitte met my nie goed is nie. As ek my oorwerk is dit omrede ek God nie vertrou nie, miskien omdat ek die leuen glo dat ek myself moet bewys. Wanneer ook al ons bitter of terneergedruk is, is dit omrede ons glo God is nie goed vir ons nie, of dat Hy nie in beheer is nie. Jy sien dit is 'n radikale siening van sonde nê? Elke sondige gedrag en emosie is simptome van ongelooft!

Nie baie Christene hou daarvan om aan hulleself te dink as ongelowiges nie. Ons gebruik dit om die nie-Christene te beskryf. Baie van ons wat hier lees sal met graagte enige regsinnige belydenisskrif onderskryf. Maar dit is nie waar ons grootste probleem lê nie. Ons grootste probleem in die kerk van die Here is nie 'n gebrek aan geloof in 'n belydende of teoretiese sin nie. Nee, meer dikwels is ons probleem funksionele of praktiese ongelooft. Ons probleem is die gaping tussen wat ons in teorie glo en wat ons in praktyk glo.

Ek sing op Sondag oor my geloof in regverdigmaking deur geloof, maar op Maandagoggend voel ek steeds ek moet myself bewys. Of ek glo dat ek op die oordeelsdag regverdig sal staan, maar Maandag wil ek my steeds self regverdig in my argument. Ek bely met alle mag God se soewereiniteit, maar is steeds angstig wanneer ek nie stewig in beheer van alles is nie.

Heiligmaking is die progressiewe krimping van die gaping tussen belydenisgeloof en funksionele geloof.

Kom ek stel dit anders. Ons is slawe van leuens. En dit is spesifiek waarhede omtrent God wat my vrymaak van hierdie leuens. As ek 'n slaaf van my bekommernisse is, word vryheid gevind in die vertroue in die soewereine sorg van my Hemelse vader. As ek 'n slaaf is van die behoefte om myself te bewys, dan word vryheid gevind in die geloof dat God my werklik vry verklaar in Christus, ensovoorts.

Ons moet die waarhede van die Woord vir ons eie harte preek. Ons moet dit doen tot ons God sien, ons in Hom verheug, Hom begeer – ja Hom begeer meer as sonde.

☛ *Onthou: Agter elke sonde is 'n leuen omtrent God (Rom. 1:24-25).*

♣ Waarheid 1: God is so groot, ek hoef nie in beheer te wees nie

📖 Jesaja 40:12; Jesaja 43:10-13

Kom ons bedink die waarheid: *God is so groot, ek hoef nie in beheer te wees nie.* Ek wil hê ons moet dit sien, sodat dit ons begeertes en ons vertroue omkeer.

Die boek Jesaja is die volledigste, mees uitgebreide selfverheerliking van God in die hele Bybel. Hoofstuk 43 en 44 se roem in die absoluutheid van God slaan jou asem weg: “*Ek, Ek is God en daar is geen ander God, geen ander Verlosser, geen ander rots! Ek is die Here, die heilige van Israel!*” Weer en weer weergalm die boek met God se roem in sy eie grootheid.

Hoe groot is Hy? Wel Hy het dit in Jesaja 40:12 uitgespel: Dink vir 'n oomblik hieraan: as jy teen die spoed van lig beweeg (plus minus 190,000 km per sekonde, sal jy sewe keer om die aarde beweeg in een sekonde en verby die maan beweeg in twee sekondes. Teen hierdie spoed sal dit jou 4.3 jaar neem om ons naaste ster te bereik en 100 000 jaar om ons

sterrestelsel oor te steek. Daar word bereken dat daar ten minste 100,000,000,000 sterrestelsels in die heelal is. Dit sou 2,000,000 ligjare neem om die volgende naaste sterrestelsel te bereik en 20,000,000 ligjare om die volgende groep van sterrestelsels te bereik. En dan het jy nog net begin om die hemelruim te ontdek. En dit alles is deur God geskep. Om die waarheid te sê, in Jesaja lees ons dat Hy die hemel afmeet met die breedte van sy hand (Jes. 40:12). Dit is 'n ruimtelike metafoor vir 'n God wat buite ruimte bestaan, maar dit gee ons tog iets van bewustheid van die skaal van God: die hele heelal pas in sy hand. Hou jou hand op. Die heelal waarvan ons nou gepraat het, is só groot vir God!

Terug na Jesaja 43. Wat kan ons anders hiervan sê as dat God absoluut in ekstase is om God te wees. Daar is 'n soort van 'n vulkaniese uitbundigheid in God oor die feit dat Hy God is. Hy bars as't ware uit met die verhoging van sy eie glorie. God is opgewonde om God te wees. Jesaja is in verrukking weggevoer deur die waarheid dat God God is.

Die vraag is natuurlik: Is jy? Is daar enige uitbarsting van bewondering en verbystering en verbasing in jou, dat God bloot *is*. Dat Hy *God* is?

Die teksgedeelte is bedoel om hierdie ervaring te voed en dit te verander in wêreldwye getuienis. Om *ons* te verander in wêreldwye getuies.

Die gedeelte is bedoel om ons gevoel van verbystering en verbasing dat God God is, te voed.

Hoe voed dit ons verwondering en verbasing oor die blote *Godheid* van God? Wel, deur ons te vertel *wat dit beteken* om God te wees.

Die laaste deel van Jesaja 40:12 en begin van vers 13 is 'n uitleg van wat dit beteken: Ek is God, ook van vandag (beter vertaling *van ewigheid af*) af is ek dit. Hier is wat Ek bedoel: "*niemand red uit my hand nie; Ek werk en wie kan dit keer?*" God lig as't ware die feit op dat Hy God is: "Ek is God" en dan vul Hy dit met die mees basiese betekenis "Ek werk, en wie kan dit keer", (as ek 'n ding wil doen kan niks My stop nie).

Wanneer God sê: "Ek is God", dan verklaar Hy sy Godheid. Wanneer Hy sê "Ek werk, wie kan dit keer" verklaar Hy sy wonderbaarlike

soewereiniteit. Om God te wees, is om soewerein te wees; God voed ons bewondering oor sy Godheid deur ons te vertel dat dit soewereiniteit beteken.

Onafskeidbaar tot die heilige lofprysing van God is 'n soort van verbysterde kyk na sy absolute soewereiniteit. "Ek werk en wie kan dit keer." Hy wil hê ons kakebene moet val.

Ons sien dit weer in Jesaja 45:5-7 waar God die koms van Kores eeue later, beskryf. Hy sê: *"Ek is die HERE, en daar is geen ander nie; buiten My is daar geen God nie; Ek omgord jou, hoewel jy My nie geken het nie, sodat hulle kan weet van die opgang van die son en van sy ondergang af dat daar buiten My geeneen is nie; Ek is die HERE, en daar is geen ander nie; wat die lig formeer en die duisternis skep, die heil bewerk en die onheil skep: Ek, die HERE, is dit wat al hierdie dinge doen"* (OAV).

God verklaar dat Hy God is en Hy alleen. En om dit as't ware vas te slaan praat Hy van sy soewereiniteit. Hy is gewillig om so ver te gaan as om finale verantwoordelikheid te neem vir dit wat met sy volk gebeur. Die konteks hier is natuurlik die ballingskap. Die gedeelte beteken nie dat die oorsprong van kwaad en sonde by God lê nie. Ons weet Hy het juis in Christus gekom om ons daarvan te bevry. Maar Hy neem hier verantwoordelikheid vir wat met sy volk gebeur. Hy het onheil oor hulle gebring via die goddeloosheid en wreedheid van die Babiloniërs, vir wie God weer veroordeel. Maar Hy neem verantwoordelikheid daarvoor. Hy bring die heil via Kores wat hulle laat terugkeer. Maar Hy neem hier die verantwoordelikheid daarvoor. Hoekom neem God finale verantwoordelikheid vir wat met sy mense gebeur in die wêreld. Omdat Hy ons met bewende ontsag wil vul met die feit dat Hy God is. Dit alles beteken dat Hy soewerein is. Hy werk en niemand kan dit omkeer nie.

Kyk na Jesaja 46:9-10 (NAV): *"Dink aan wat vroeër gebeur het, lank gelede; Ek is God, daar is geen ander nie; Ek is God, daar is niemand soos Ek nie. Ek kondig vantevore aan wat later sal kom, lank tevore al wat nog nie gebeur het nie. Ek sê wat Ek besluit het en dit gebeur, wat Ek wil, doen Ek."*

Hier kom dit weer bymekaar: “Ek is God” en “wat Ek wil doen, doen Ek”. Godheid en soewereiniteit. God voed ons bewondering oor sy Godheid deur ons aandag te vestig op sy soewereiniteit. Hoekom? Omrede daar sonder soewereiniteit geen ware God is nie. Die God van Jesaja definieer Homself met passie in terme van soewereiniteit: “*EK werk en wie kan dit keer.*” “*My raad sal bestaan en al wat My behaag sal Ek doen.*” “*Die heil bewerk en die onheil skep: Ek die Here is dit wat al hierdie dinge doen.*”

Die eerste punt van ons teks is dat God God is, wat beteken dat Hy soewerein is – Hy werk en niemand kan dit keer. Hy is in ekstase oor sy eie Godheid en soewereiniteit en so behoort ons te wees.

Maar nou moet ons vra: voed God hierdie bewondering in ons bloot vir *private ervaring*? Sodat ons kan goed voel in ons stiltetyd? Het ons die klimaks van ons vreugde en Goddelike roeping bereik wanneer ons ’n oorweldigende, private ervaring van God se glorie en krag het?

Nee, dit is nie die toppunt van ons vreugde en ook nie die klimaks van ons roeping nie, omdat God juis die vuur van ons aanbidding aansteek om ons te laat skyn in die wêreld. En dit bring ons by die tweede punt van ons teks. God het bedoel om ’n getuienis uit die verwondering te maak.

Die gedeelte is bedoel om daardie verwondering in getuienis te verander.

Getuienis deur ons praktiese funksionele geloof in Wie God is voor die oë van die wêreld.

Jesaja 43:10 is hier uiters belangrik: “*Israel, julle is my getuies, sê die Here, en ook my dienaar wat Ek uitverkies het sodat julle My kan ken en in My kan glo en kan besef dat Ek die Here is. Voor My was daar geen god nie, en na My sal daar ook nie een wees nie.*”

Let op drie dinge hier in Jesaja 43:10-13: “*Israel, julle is my getuies, sê die Here, en ook my dienaar wat Ek uitverkies het sodat julle My kan ken en in My kan glo en kan besef dat Ek die Here is. Voor My was daar geen god nie, en na My sal daar ook nie een wees nie, Ek, Ek is die Here, buiten My is daar geen redder nie. Ék het die redding aangekondig, Ék het gered en dit laat verkondig, Ek, nie ’n ander god onder*

julle nie. Julle is my getuies, sê die Here, en Ek is God. Ook hierná is Ek nog God. Uit my mag kan niemand gered word nie. Wat Ek doen, kan niemand ongedaan maak nie.”

a) As jy God ken en Hom glo en verstaan dat Hy God is, is dit omdat Hy jou gekies het om te ken en gekies het om te glo en gekies het om te verstaan dat Hy God is. Met ander woorde die teks leer nie net dat ons in verwondering moet staan oor die soewereiniteit van God nie, maar ook dat ons in verwondering staan *deur* die soewereiniteit van God. God het ons gekies om te ken, God het ons gekies om te glo, God het ons gekies om te verstaan dat Hy God is.

b) Maar dit is net die helfte van die sin. Hoekom steek God die vuur van ons kennis van Hom aan en ons glo in Hom en ons verwondering oor die feit dat Hy God is? Hy het die vuur aangesteek *sodat ons kan skyn*. Dit is die tweede ding om te sien in Jesaja 43:10: Hy het bedoel om ons verwondering in getuienis te verander. “*Julle is my getuies en my dienskneg wat ek gekies het.*”

Gekies nie net om te ken nie, gekies nie net om te glo nie, gekies nie net om die heerlijkheid van die feit dat God God is te begryp nie, MAAR gekies as dienskneg getuies. “*Julle is my getuies spreek die Here, en my kneg wat Ek gekies het.*”

Niemand steek ’n lamp aan en sit dit onder ’n emmer nie. En God verstom nie mense met sy Godheid en soewereiniteit vir private plesier nie. God steek ons verwondering aan om ons getuies te maak.

c) Die derde ding om te sien is dat die inhoud van ons getuienis, GOD is. Dit is die onmiskenbare klem van hierdie teks. God steek die vuur van ons verwondering aan sodat ons getuig oor God se bestaan: “*Ek is God*”.

Ons getuig oor sy soewereiniteit (Jesaja 43:13) “*Wat Ek doen, kan niemand ongedaan maak nie?*”

Ons getuig oor die *feit dat God alleen God is* (Jesaja 43:10): “*Voor My was daar geen god nie, en na My sal daar ook nie een wees nie*”.

Ons getuig oor die *waarheid dat God ewig is*: “*Ook hierná is Ek nog God*”.

Ons getuig oor die *waarheid dat God gepraat het* (Jesaja 43:12) *en dit laat verkondig*.

Ons getuig tot die waarheid dat hierdie groot onvergelykbare God red: *“Ék het die redding aangekondig”* (Jesaja 43: 11).

Vir ons wat nou leef is dit natuurlik baie duideliker as vir die volk in Jesaja se tyd. Ons weet dat God, ja God self, ons Heiland geword het in die persoon van Jesus van Nasaret. Ons kan getuig oor God ons Heiland – Jesus die gekruisigde!

Kom ons maak dit nou alles bietjie meer prakties. Hoe lyk hierdie getuienis? In en teenoor die wêreld waarin ek en jy leef?

Het jou rekenaar se hardeskyf al opgepak, of ’n virus al jou inligting laat verdwyn? Het jy uitgeroep: “Ag nee man! (of iets sterker). Met wie het jy gepraat? Die realiteit is, al wil ons dit nie erken nie. Jy roep ’n NEE uit teenoor God en sy soewereiniteit. Jy verwerp prakties sy soewereine regering oor jou lewe. Nee, God, jy weet nie die beste nie! Jou heerskappy is nie goed nie. Die tragiese is natuurlik dat jy weereens kognitief dít wat ek nou sê kan beaam en dit tog in die praktyk verwerp. Ek is persoonlik hierop getoets: Net nadat ek ’n lesing hieroor by die Lynnwoodrif Bybelskool gegee het, gebeur presies dit met my toe ek my voete in die huis sit. My skootrekenaar pak onverklaarbaar op! Dank God dat wat ek in die lesing geleer het nog baie vars was en ek het gebuig. Dit was ’n bevryding!

Het jy al êrens heen gery en ewe skielik gaan staan die verkeer stil sodat jy nie jou afspraak kan nakom nie? Het jy kwaad geword omdat jy dit mis? Jou kollega as ongelowige sit langs jou?

Die nuwe motor wat jy moes koop omrede die ander een onklaar geraak het en jou fondse is uitgeput. Bekommer jy jou oor hoe jy die einde van die maand gaan oorleef? Jy borrel dit uit waar ongelowige vriendinne is?

Daardie sperdatum by die werk. Jy raak geïrriteerd met die kinders, want jy kom nie by die werk uit nie. Jou kinders vertel dit vir hulle maats?

Wat gebeur as ons nie God se soewereine beheer vertrou nie? Jy mag probeer om self beheer te neem deur manipulering of dominerings. Jy mag

jouself moeg maak met besig wees of frustrasie. Jy mag jou sekuriteit en welvaart 'n groter prioriteit maak as God se Koninkryk. Of net bloot stres oor alles. Jy raak so besig met die rekeninge, en geld raak 'n obsessie. Alles omrede ons nie glo dat ons Vader weet wat ons nodig het nie. Dit is kleingeloof.

Lees weer Jesus se woorde in Lukas 12:25-31: *“En wie onder julle kan, deur hom te kwel, een el by sy lengte voeg? As julle dan selfs nie die geringste kan doen nie, waarom kwel julle jul oor die ander dinge? Kyk na die lelies, hoe hulle groei: hulle arbeid nie en hulle spin nie; en Ek sê vir julle, selfs Salomo in al sy heerlikheid was nie bekleed soos een van hulle nie. As God dan die gras van die veld wat vandag daar is en môre in 'n oond gegooi word, so bekleed, hoeveel meer vir julle, kleingelowiges! Julle moet ook nie soek wat julle sal eet of wat julle sal drink nie, en julle nie ongerus maak nie; want al hierdie dinge soek die nasies van die wêreld, en julle Vader weet dat julle hierdie dinge nodig het. Maar soek die koninkryk van God, en al hierdie dinge sal vir julle bygevoeg word.”*

Ek hoop ons sien die geloof in die beheer van God. Sy soewereiniteit is nie iets vir teologiese debatte nie. Dit is 'n daaglikse keuse. Ek moet kies tussen 'n fantasie waarin ek soewerein is, en die regte wêreld waarin God soewerein is, tussen my vals soewereiniteit en God se werklik soewereiniteit. Maak jou keuse. God is in beheer. Jy hoef nie in beheer te wees nie. Preek dit elke oggend vir jouself.

Ten slotte: C.S. Lewis het eenmaal gesê dat die oomblik as jy in die oggend opstaan, kom al jou begeertes en hoop vir die dag soos wilde diere op jou afgestorm. Ons eerste taak elke oggend is om hulle terug te druk, om na daardie ander stem te luister, daardie ander gesigspunt te neem, daardie ander sterker, rustiger lewe te laat invloei.

☞ Waarheid 2: Die heerlike God gee om – so moenie vir enige iets bang wees nie

📖 Markus 4:35-41

Ons het nou gekyk na die waarheid: God is groot jy en ek hoef nie in beheer te wees nie. As jy dit vir jou self preek, dit glo, gaan jou gedrag radikaal anders lyk wanneer jou planne nie uitwerk nie. Nou wil ek hê ons moet besin oor die volgende waarheid omtrent God. Dit sluit aan by die vorige, maar gaan bietjie verder: Die heerlike God gee om – so moenie vir enige iets bang wees nie. Moet niks en niemand vrees nie.

Nou ek wil hê ons moet hierna kyk aan die hand van Markus 4:35-41. Want hierin sien ons ook hoe al die ander waarhede wat ons reeds gesien het omtrent God en ons omstandighede hierby inskakel.

As jy al Markus bestudeer het, sou julle opgelet het dat 'n sekere frase, of tema soos 'n refrein deur Markus weerklink. In Markus 8 vra die Here Jesus vir sy dissipels: “Wie sê julle is ek” en dan aan die einde as Jesus voor die Hoëpriester staan, in Markus 14 vra die Hoëpriester vir Hom: “Wie is u Jesus. Is u die Christus die seun van die geseënde God?”, en dan antwoord Jesus “Ek is”. En na sy kruisiging roep die Romeinse soldaat die antwoord op hierdie vraag uit: “Waarlik hy was die Seun van God.”

En is dit nie die groot vraag waarmee ons nou besig is nie? Wie is God? In 'n sekere sin is dit al waaroor die Christelike lewe gaan. Die Christelike lewe is om uur na uur, dag na dag en jaar na jaar weer en weer uit te vind, *wat dit beteken om saam met Jesus te wees*. Anders gestel: wat beteken dit om God by jou te hê. Wie is hierdie Een wat my Verlosser is? Dit is die antwoord wat elke gemeente weer en weer moet ontdek. Wie is ons Hoof en Meester werklik?

Wat Jesus hier doen is om die dissipels op 'n pad te lei waarop hulle nog nie geloop het nie, sodat hulle kan weet wat dit beteken om deur Hom geroep te wees, om Hom as Koning, Here, Meester te hê. En dit is wat ek saam met julle wil ontdek, meer en meer: Wat beteken dit om aan Jesus

verbind te wees? Want as ons dit werklik verstaan, sal ons harte anders glo en anders aanbid met, as uitvloeisel hiervan ander optrede en ander emosies.

Maar kom ons kyk na die verskillende stadiums waardeur die Here Jesus as as't ware die dissipels neem om hierby uit te kom.

Jesus bring hulle in die moeilikheid

Ons is dikwels by die lees van hierdie gedeelte so gefassineer deur die storm, dat dit ons aandag dikwels aflei van die ware boodskap. Die rede waarom die dissipels in hierdie storm was, is *omdat die Here Jesus hulle daarin gebring het*. Lees weer Markus 4:35. Dit is kardinaal vir ons verstaan van wie Jesus is. Dit was in gehoorsaamheid aan Jesus dat hulle in die boot geklim het. Ja, dit was 'n terloopse gehoorsaamheid, maar tog regtig. Hulle was gehoorsaam al het hulle nie geweet wat dit sou beteken nie. En dit is as gevolg van hulle gehoorsaamheid dat hulle uiteindelik uitroep. *Meester gee u nie om dat ons vergaan nie?*

En hierdie uitroep is geweldig betekenisvol, eerstens vir die eerste lesers van Markus se brief. Want sien, as Markus die memoires van Petrus neerskryf, dan doen hy dit met die oog op die Romeinse gemeente (Daar is geen twyfel dat Markus hierdie stof by Petrus gekry het, wat 'n ooggetuie van dit alles was nie. Die feit dat hy ooggetuie was, word duidelik uit klein besonderhede soos die feit dat Jesus met sy kop op 'n kussing gelê het, dat die boot amper vol was, en dat daar ander bote ook was. Net 'n ooggetuie sou dit so kon oordra).

En die wonderlike ding is dít: soos Markus as't ware Petrus se memoires neerskryf vir die kerk in Rome van wat dit beteken om Jesus te volg, selfs in moeilikheid, is hulle juis besig om deur 'n vloedgolf van vervolging te beweeg. Hulle was as't ware in 'n put van pyn, smarte, rou en die kreet van hulle hart was: *“Here gee u nie om vir ons situasie nie? Verstaan u nie waardeur ons gaan nie?*

Ja, dit wat hier uit die memoires van Petrus kom, is dieselfde as wat hy later skryf in sy Brief as hy sê in 1 Petrus 4:12: *“Geliefdes, verbaas julle nie oor*

die vuurgloed van vervolging onder julle wat tot julle beproewing dien, asof iets vreemds oor julle kom nie”.

Hoe kan Petrus dit sê? Omdat Petrus reeds aan die begin van sy lewe geleer het dat gehoorsaamheid aan Jesus beteken dat Hy jou in die tande van die storm bring.

Hierdie boodskap was dus uiters relevant vir Markus se eerste lesers. Dit is net so relevant vir ons. Wat ons as individuele Christene, maar ook as gemeente, as kerk van die Here Jesus omtrent ons Verlosser moet weet is dít: *Hy huiwer nie om sy mense in die bek van die storm in te lei nie, sodat Hy sy krag en genade en majesteit kan toonstel.* Ja, dit is in die storm waar ons agterkom dat Hy ver meer is as die Jesus wat ons so terloops volg.

Om deur Hom in die storm gelei te word, is om dieptes te ontdek wat ons nooit geken het nie. As ons ooit sekere heerlike dieptes van Jesus wil leer ken, is dit nodig dat Hy ons in die bek van die storm moet lei, sodat ons daar terwyl ons die tande van die storm in ons vlees voel, hierdie dinge kan ontdek.

Dit beteken nie dit is ’n maklike ervaring nie. Die pyn en die smart van ’n kind van God is nie minder in sulke situasies nie. Maar dit beteken dat as die situasie van so aard is dat dit lyk asof alles gaan ineenstort en ons wil uitroep: *Gee u nie om!* Dan bring Hy ons by die punt waar Hy ons sy mag en majesteit in die bek van die storm wys, en dan kan ons saam met Job van ouds uitroep in Job 42:5.

Die vraag is: Is dit die soort Christus wat ek en jy volg. Die Christus wat groot genoeg is om hierdie tipe dinge te doen? Die eerste stadium se les is dus: Jesus bring hulle in die moeilikheid.

Jesus bring hulle nie net in moeilikheid nie, maar bring hulle in moeilikheid met ’n spesifieke doel

Die definitiewe doel is dít: Hy toets hulle trou en egtheid. Hy toets of hulle al in hulle harte oortuig is van wie Hy is. Daar is geen twyfel dat die Here Jesus geweet het wat Hy gaan doen nie. Soos in die Johannes evangelie in

die gedeelte van die vermeerdering van die brode. In Johannes 6: 5 vra Jesus aan Filippus: *“Waar gaan ons brode vandaan kry?”* maar in vers 6 sê Johannes vir ons, dat Hy dit gesê het “om hom op die proef te stel”, want *Hy het self geweet* wat Hy wou doen. Geen twyfel by my dat die Here Jesus dieselfde hier doen nie.

’n Mens kan nou spekulêr watter gedagtes deur Jesus se kop gegaan het net voor Hy aan die slaap geraak het: *“Ek wonder wanneer hulle my gaan kom wakker maak?”*

Wat gaan die Here Jesus doen? Hy toets of hulle in hulle harte Hom vertrou. Glo. Dat dit so is, word duidelik uit die vrae wat Hy hulle vra nadat Hy die storm bestraf het: *“Waarom is julle bang? Het julle dan nie geloof nie?”*

Aan die elemente rondom hulle gee Hy ’n bevel van outoriteit. Aan sy dissipels stel Hy twee vrae: Die eerste het te doen met hulle vrees, hulle negatiewe emosie, die tweede, met hulle ongeloof.

Ons kry hier ’n prentjie van hoe die tweesnydende swaard van God se Woord deurdring tot die *hart van die saak*, naamlik aan die een kant ’n gebrek aan vertroue in sy sorg, Sy omgee vir hulle, en aan die ander kant die feit dat hulle *nie absoluut oortuig was van die feit dat Hy kan red nie*.

Kortweg kan ons sê: *Jesus ly hulle in die situasie om hulle hul geestelike toestand te wys*. Jy wat sal weet hoe akkuraat Jesus die groot mislukking in jou Christelike lewe kan uitwys deur omstandighede – nie waar nie? Jou gebrek aan geloof, jou angste oor die toekoms, as dinge begin druk, ensovoorts.

Oor en oor ontdek ons hierdie twee dinge:

1) Ons ongeloof oor of Hy regtig omgee 2) Ons vrees of Hy kan red

Kan enigiets meer wreed wees teenoor Hom? Die dissipels het geweet Hy gee om. Hy was juis daar by hulle omdat Hy omgee. Maar hulle het dit nog nie besef nie. Hulle het dit nog nie gesien nie. En die omstandighede maak dit duidelik.

Dit is vandag nog 'n groot pastorale probleem. Dit is Satan se taktiek om mense van sekerheid te beroof. “God gee nie regtig om vir jou nie, so is jy regtig sy kind?” Dit begin al in die tuin van Eden: Het God gesê? Is dit die soort God waarmee julle te doen het. Hier is al die pragtige bome en julle mag nie van almal eet nie? Watter soort God is dit? Hy gee nie om vir julle nie!

Dieselfde gebeur hier. Deur die omstandighede word hulle weggelei van die feit: “*Hy gee om vir julle!*.” Hulle uitroep ontbloot die swakheid van hulle vertroue dat Hy genoeg omgee om hulle veilige oor te neem.

Luister as die Here Jesus sê: “Kom ons vaar oor na die ander kant”. Watter dinge jy ook al mag deurgaen, Hy bedoel wat Hy sê – Hy sal jou aan die ander kant bring.

Die hele Skrif is vol daarvan dat God nie net sy beloftes hou nie, maar dat Hy sy beloftes hou in die bek van die storm. Gaan lees maar in die Ou Testament. As die volk na God roep is Hy reeds op weg om te verlos. Dink aan Egipte. Toe die volk *uitroep* “Gee U nie om dat ons so behandel word nie”, toe is Hy reeds besig om Moses voor te berei in die woestyn, selfs terwyl hulle roep. Hy hou sy belofte, en hulle beleef Hom op 'n manier in die uittog, soos hulle Hom nooit sou beleef het as Hy hulle nie eers in die storm van Egipte ingelei het nie.

Mag ons God nooit beoordeel op wat ons sien nie, maar vertrou op sy woord. Begin daardie perspektief en besef kry, dat jy nooit sal besef wie Hy is, as Hy jou nie toets nie. En weet dit: *Hy gee nie net genoeg om jou altyd ander kant te bring nie, maar Hy het die krag om dit te doen*, soos ons sien in die derde stadium.

Hy bring hulle dus in die moeilikheid. Hy bring hulle in die moeilikheid met die spesifieke doel om hulle geestelike toestand te ontbloot en wat gebeur nou?

Hy manifesteer sy heerlike identiteit aan hulle

Kom ons kyk presies hoe doen Hy dit: Lees Markus 4:39. Wat beteken hierdie woorde? Wel, dit is interessant dat dit die taal is wat op ander plekke in Markus gebruik word vir die uitdryf van demone (let op, op ander plekke *bestraf* Hy demone). En dit is belangrik. Ons het dus hier te doen met baie meer as net die stilmaak van 'n storm. Markus wil hê ons moet sien dat wat ons hier kry die *uitoefening is van outoriteit oor die hele skepping wat dit self as as't ware opstel teen Jesus en sy koninkryk*.

Hy gee dus hier weer vir die dissipels as die kerk van die nuwe Koninkryk, die versekering dat die Koninkryk gekom het. Ons kry hier reeds 'n voorsmakie van wat gaan gebeur in die eeue wat kom. Hy laat by wyse van spreke die kragte van die nuwe Koninkryk hier los – om hulle te laat besef dat die Koning van die nuwe Koninkryk deur sy Woord al sy vyande 'n voetbank van sy voete maak, soos ons in Psalm 110:1 lees.

Wat hier gebeur kan vergelyk word met dit wat gebeur as jy in 'n donker bos loop en geen rigting meer het nie, en skielik slaan die weerlig en jy kan in daardie vlietende oomblik jouself weer oriënteer en die vraag beantwoord van waar jy is en waarheen jy op pad is. Dieselfde gebeur as jy in 'n donker kamer is en jy brand vir 'n oomblik 'n vuurhoutjie. Ewe skielik weet jy wat gaan aan. Jesus gee hier vir ons so kykie van Wie Hy is: die Hoof van die skepping en van sy kerk. Sy heerlikheid word in hierdie storm gesien.

En dit is die eintlike boodskap van hierdie gedeelte: want ja, dit is wonderlik om te sê Jesus maak die storm in die natuur stil en Hy maak ons storm stil. Maar dit is veel meer! Ons moet nie so vinnig hierby uitkom nie.

Onthou: Hy veroorsaak eers daardie storm en let op, die storie eindig nie met vrede nie. Alles eindig nie soetsappig nie.

'n Vrees oorval hulle. Wie is hierdie Jesus? Dit beteken nie dat hulle nie geweet het nie, maar hulle is verbyster deur die nuwe ontdekking van sy heerlikheid en mag. Hy is meer as wat hulle ooit gedroom het.

En nou eers kom ons by die stilmaak van ons storms! Baie belangrik: *Omdat Hy so heerlik is, kan Hy die storm in hulle harte stil maak, en in ons harte.*

Dit is fassinerend om te sien dat die Petrus wat altyd so baie te sê gehad het, bv. op berg van verheerliking, nou stil is. Wat het hom teruggehou om te sê: “Jesus jy het nie op die see grootgeword nie, ruik jy nie die storm nie?” Dank God, sy mond was gesluit en hy het gegaan – wat sien ons as dieselfde Simon Petrus in Handeling in die gevangenis gegooi word veroordeel tot 'n sekere dood. Wat vind die engel as hy by hom kom? Hy vind Petrus aan die slaap in sy sel (Hand. 12:7)!

Petrus het deur al sy mislukkings geleer. Hy het die les van die see van Galilea geleer. Ons sien dit alreeds as hy op Pinksterdag opstaan om te preek vir al daardie duisende, met die gevaar wat dit vir hom kon bring, dat hy geen mens meer vrees nie.

Petrus het gesien die heerlike Jesus is die God wat by hom is. Hy het gesien dat, wat ook al Hy vrees, vrees vir God! Soos die storm Jesus gevrees het.

Kom ons bedink die implikasies van wat ons hier gesien het vir ons gedrag en emosies. Is jy al oortuig dat die heerlike God, soos hier geopenbaar in Jesus, *omgee*. Vir jou. En die krag het, in staat is, om jou te kan red uit watter gevaar of omstandigheid ook al?

Hoeveel van jou sondige gedrag en emosies is die gevolg van die feit dat jy omstandighede en mense vrees? En ek praat nie net van vreeslike en groot omstandighede, en gevaarlike wrede mense nie.

Is dit nie hoekom Christen-tieners toegee aan groepdsruk, hoekom ons nooit *nee* kan sê nie, en dikwels te veel op ons kerfstok neem. Dit is hoekom ons klein wit leuentjies vertel om beter te lyk. Ons is jaloers, kwaad, depressief of angstig, ons vermy mense, ons vergelyk onself met

ander, ons is bang om betrokke te raak in evangelisasie – en so kan ek aangaan. Hoekom? Ons vrees mense. Ons is nie oortuig dat God regtig vir ons omgee, aan ons kant is en dat Hy die krag het om ons te red uit watter omstandigheid ook al nie.

Die antwoord hiervoor is *'n nuwe vrees vir Jesus*. Het julle dit gesien? Nadat die storm gestil is, is hulle met ontsag, letterlik vrees gevul. *Vrees* hier beteken nie 'n blote bang wees nie, maar 'n bewende, absolute ontsag vir die grootheid en heerlikheid en krag van God in Jesus Christus. 'n Ontsag vir die een wat die duiwels en die storms kan bestraf. Ons gesels later meer oor die verband tussen oortuig wees van die goedheid van God en vrees vir God.

Ek wil afsluit met die volgende: Preek vir jouself só: Hierdie omstandigheid wat ek so vrees – God is groter; hierdie omstandigheid, hierdie storm vrees God. Hierdie persoon wat ek so vrees, my baas, of wie dit ook al mag wees – God, my God wat by my is, in my deur die Heilige Gees, is groter, heerliker, sterker. En hierdie God gee om – vir my. En as jy twyfel bedink net weer die kruis. Die dissipels het nog nie die kruis gehad nie. Ons het. Kan ons nog twyfel dat Hy omgee, en dat Hy mag het om te red.

♣ Waarheid 3: God is goed- moenie dit op enige ander plek soek nie

📖 Johannes 4

Kom ons kyk nou na 'n volgende waarheid wat jy elke dag vir jouself moet preek – tot jou hart daarvan vol is. God is goed – moenie dit op enige ander plek soek nie. En ons gaan weer kyk na die optrede van die Een wat vir ons wys *hoe* God is, om dit te sien. Jesus.

Ek hoop Johannes 4 is voor jou oop. Ek wil hê ons moet eerstens kyk na die wyse waarop Jesus hierdie vrou gebring het tot die punt waar sy gesien het: Ek hoef nêrens anders te soek vir vervulling en bevrediging nie. Ek vertrou ons sal reeds in die manier waarop Hy te werk gaan verstom wees

oor sy goedheid. Die eerste punt: Jesus se werkswyse. En dan wil ek hê ons moet kyk na 'n paar basiese waarhede uit die gedeelte wat ons moet aanvaar om te kan sien hoe goed, hoe wonderlik bevredigend Hy is.

Jesus se werkswyse

Kyk na Johannes 4:4: “*Hy moes deur Samaria gaan*”. Hoekom? Die meeste Jode het Samaria vermy, alhoewel dit die meer direkte roete was. Jesus gaan deur Samaria. Sien, die Jode het alles gedoen om die gehate Samaritane te vermy.

Julle sal weet daar was 'n diep vyandigheid tussen Jode en Samaritane, – dit gaan terug na die tyd van ballingskap. Die Samaritane was Jode wat met die Assiriërs getrou het (2 Kon. 17:24-41). Samaritane was halfbloede. Maar meer as dit, hulle het gepoog om die Here te aanbid en sommige van die heidense praktyke na te kom. As gevolg daarvan is hulle nie naby die tempel toegelaat nie. Die Samaritane bou toe hulle eie tempel vir die Here op 'n ander plek. Die diep historiese haat en skeiding tussen Jode en Samaritane was baie meer as enigiets in ons land. Die feit dat Hy deur Samaria moes gaan, is geweldig. Hy hou sy afspraak in Samaria.

'n Volgende klein besonderheid waarop ons moet let, is die tyd waarop Jesus by die put gekom het. Johannes sê: dit was die 6de uur. (OAV)¹ Dit was op die hitte van die dag. En dit verklaar 'n paar dinge. Eerstens, Jesus is dors en reg om te drink. Tweedens, dit is 'n ongewone tyd van die dag vir iemand om die daaglikse roetine van water optrek uit te voer. Dit is nie op hierdie tyd gedoen nie. Terloops, om water uit 'n put te trek was gewoonlik die vrouens se werk, en dit was dikwels 'n sosiale tyd. En dit vertel ons alreeds iets van die Samaritaanse vrou. Sy was op die punt waar sy mense begin vermy het.

Gegewe hierdie inligting, wat dink julle was haar gevoel toe sy na die put aangestap kom, met die verwagting dat sy alleen gaan wees, om as't ware daar haar wonde te lek, en daar sit 'n Jood. 'n Paar dinge sou haar onmiddellik getref het:

- Sy is 'n vrou, en hy is 'n man.
- Sy is 'n Samaritaan en hy 'n Jood.
- En soos ons al uitvind, sy voel vuil en skaam, en hy is 'n rabbi, 'n Heilige man.

Goddelike afspraak

Ek dink dit is duidelik dat Jesus se afspraak met die vrou by die put geensins toevallige was nie. Die teks sê Jesus was moeg en het by die put gesit. 'n Mens kan jou voorstel dat Hy moontlik op die grond aan die teenoorgestelde kant van die lae putmuurtjie, buite sig van die Samaritaanse vrou gesit het. Sy het Jesus waarskynlik nie gesien tot sy by die put was nie. Die rede waarom ek so dink is omdat sy duidelik mense vermy het. Sy het na hierdie put buite die dorp gekom en nie na die een in die dorp nie. Sy het op die hitte van die dag gekom, nie die normale tyd vir water trek, naamlik in die koelte van die dag nie. Dus dink ek dat as sy Jesus vroeër gesien het, sou sy omgedraai het en later gekom het. Nee, ek is oortuig dat sy Hom eers gewaar het toe sy begin het om water op te trek.

Dit was geen toevalligheid dat die ontmoeting presies op die tyd spesifieke tyd plaasgevind het nie. Met Jesus buite sig, moeg en dors op presies daardie tyd, die dissipels presies op daardie tyd weg om kos te kry, sodat Jesus alleen was met die vrou wat op die “verkeerde” tyd kom water skep het.

'n Ongelooflike *toevalligheid*. Jy sien, Goddelike afsprake is nooit beplande afsprake nie – nie uit ons perspektief nie. Maar God het 'n plan. Kyk uit vir Goddelike afsprake. As gevolg van omstandighede, probleme, pyn en swaarkry, wat dikwels die gevolg van die feit dat ons bevrediging elders as in God gesoek het, vermy ons dikwels mense rondom ons. Ek hoop ons gaan nou sien dat God in sy goedheid voortdurend besig is om Goddelik afsprake te maak. Maak jou oë oop daarvoor.

Die goedheid van God – Hy kom om jou te ontmoet

Dit is onwaarskynlik dat die vrou Jesus op haar eie sou kom soek het. Sy het nie meer gedink goedheid kan by enige mens gevind word nie. Sy het dit gesoek in verhoudings met mans, maar dit het misluk. Toe begin sy dit soek in vermyding van mense en wie weet wat nog.

Is dit nie dikwels so met ons nie? Sou jy aanvanklik as ongeredde persoon op jou eie vir Jesus gesoek het? En as dinge verkeerd loop en jy reageer met sondige gedrag en negatiewe emosies, soek jy Hom op? Of soek jy goedheid op 'n ander plek omrede jy nie oortuig is oorvloed, vervulling, bevrediging, kan by Hom gevind word nie?

Hy ontmoet jou waar jy is

Ons kan nie op sy vlak kom nie, daarom kom Hy na ons. Of jy Hom soek of nie, dit is steeds waar dat Jesus kom om ons te ontmoet op ons eie turf. Dit is die evangelie, is dit nie? Maar ons moet besef dat dit ook 'n altyd-geldende waarheid is omtrent God. Hy soek ons altyd op, ook as ons Hom vermy, omrede ons nie glo Hy is goed nie, en ons leuens omtrent Hom glo.

Toe hierdie vrou Jesus ontmoet, of moet ons sê, toe Hy Homself na haar toe bring, sien sy hom progressief meer en meer vir wie Hy is. Sy het Hom eers

- as 'n dors man gesien,
- toe as 'n Jood,
- toe as 'n buitengewone Jood,
- toe as 'n Rabbi,
- daarna as 'n profeet,
- en toe as die Verlosser van die wêreld wat so goed is dat Hy lewende water gee.

Gaan lees net weer die gedeelte met die oog op hoe Jesus Homself openbaar. Is dit nie fassinerend nie?

Kom ek vra jou twee vrae waarop daar geen definitiewe antwoord is nie: Dink jy hierdie vrou was aantreklik of onaantreklik? Waarom dink jy het sy vyf keer getrou? Ek vra dit net want dit laat 'n mens dink aan haar en haar verlede.

Hier is 'n paar aannames. Ek dink hierdie vrou was aantreklik. Dit lyk nie of dit vir haar moeilik was om 'n man na haar toe aan te trek nie. Verder ek dink nie haar ander mans het gesterf nie, anders sou sy die simpatie van die dorpsmense gehad het. Sy vermy mense omrede haar gedrag onaanvaarbaar is. Dit lyk my sy was vyf keer geskei, en waarskynlik as gevolg van ontrouheid. Dit is alles raaiwerk; al wat ons voor ons het, is 'n eensame vrou met baie mislukte verhoudings agter haar.

Stel jou voor hoe dit moes wees om hierdie vrou te wees en Jesus te ontmoet. Mense sou sê sy gaan deur 'n proses. Jy gaan deur hierdie proses as jy eerste keer 'n Christen word. En dikwels gaan ons wat alreeds Christene is weer en weer deur hierdie proses as ons deur moeilike tye gaan en goedheid buite Hom soek.

Wat is die proses waardeur sulke mense gaan. Kom ons dink daaroor. Dalk sien jy jouself hierin raak:

- Eerstens probeer hulle Hom ontwyk.
- Dan hou hulle nie van Hom nie, as gevolg van hulle vooropgestelde idees oor Hom.
- Dan probeer hulle met Hom redeneer as die Rabbi.
- Dan is hulle verras, selfs geskok met sy relevansie as profeet.
- Dan bewonder hulle Hom as Verlosser.
- En dan word hulle die beste kandidate, deur veranderde gedrag en emosies om ander aan Hom voor te stel.

Hulle vooropgestelde idees omtrent God of Jesus, of Christene, en die leuens veroorsaak 'n vooropgestelde idee oor Hom, net soos dít wat bestaan het tussen Jode en Samaritane. Net soos hierdie vrou argumenteer hulle met die waarhede wat hulle hoor. Hulle argumenteer en dit is gewoonlik nie vir antwoorde nie, maar om van die hoek af te bly.

Gewoonlik is daar in hierdie progressiewe openbaring van Jesus aan 'n persoon 'n punt van verrassing as hulle sy relevansie ontdek.

Die waarheid omtrent God is relevant. God is relevant. God in Christus is uiters relevant.

Wanneer 'n persoon sien hoe relevant dit is, begin hulle voel wat die vrou gevoel het toe alles ewe skielik baie persoonlik was. God weet. Jesus weet. Sy het geantwoord, en sekerlik nie te kalm nie; haar hart het vinniger geklop, haar stem effens bewerig: Meneer, ek kan sien jy is 'n profeet. En die volgende ding wat sy sê is om die druk van haar af te vat.

Let op hoe Jesus nie verdoem nie, maar met sagtheid hierdie vrou lei tot 'n geloof, tot water wat versadig, wat haar lewe, haar gedrag sou verander. Hierdie Jesus, God met ons, wil dit weer en weer met ons doen.

Die punt is dít: God is goed. Waarom soek jy enige plek anders na goedheid, simpatie, herstel?

Wat jy moet raaksien!

Hy weet alreeds omtrent jou omstandighede en jou verlede

Jesus het alreeds alles van hierdie vrou geweet. Daar was nie langer enigiets wat weggesteek kon word nie. Hy weet alles van ons. Jy het ook niks wat jy van Hom kan wegsteek nie. Hierdie waarheid kan ontstellend wees, maar tog bevrydend. Hoe affekteer hierdie waarheid jou? Voel jy om weg te kruip wanneer jy ontdek daar is geen geheime vir Hom nie? Die vrou wou eers, maar sy het nie lank daar gebly nie.

Hy aanvaar jou in elk geval

Jesus hanteer hierdie vrou sag en sensitief. Sonde kan ons nie skei van sy liefde nie. Jy mag nou vra: “Hoe kan Hy dit doen?” Wel omrede Hy reeds gesterf het vir daardie sonde van jou. Daardie gedrag, daardie emosies van jou wat nie die beeld van God weerspieël nie. Hy het hier reeds geweet wat Hy vir hierdie vrou aan die kruis gaan doen. Maar meer as dit, Hy werk sag

en sensitief met jou, want Hy kyk deur jou en sien wat jy kan word as beeld van God. Hy weet hoe jou gedrag en emosies in moeilike omstandighede kan verander as jy eers gesien *het hoe goed Hy is*. Bo alle ander dinge wat goedheid beloof.

Hy is te goed, Hy gee te veel om jou te los soos jy is

Hierdie vrou het baie probleme gehad, en omrede Jesus goed is en haar liefhet, wou Hy gehad het sy moet 'n beter lewe hê as die een wat sy geken het. Alhoewel Hy haar liefgehad het net soos sy was, het Hy haar te lief gehad om haar daar te los. Daarom noem Hy die pynlike waarheid wat sy self probeer ignoreer.

Sy ignoreer die probleem dat sy goedheid gesoek het op 'n ander plek as in God self.

Let op wat Hy bied! Hy bied *lewende water* – bevrediging wat nooit droog word nie, lewe vir ons droë en dorstige siele. En weereens – Hy doen dit aanvanklik, maar Hy kan dit weer en weer vir ons gee. En wat is die lewende water? Wel, dit is Hyself. Dit is die Heilige Gees. God in ons. Hy gee nie net dinge wat goed is nie. Hy is goedheid self.

Maar let ook op: Jesus behandel mense wat weet hulle het probleme anders as die wat dit nie weet nie. As jy dink jy het geen probleme nie konfronteer Hy jou hoogmoed. Hy is hard op diegene met harde harte. Maar Hy is ontsettend teer en sag met die wat gebroke harte het. Dit is hoekom belydenis so belangrik is. Om God die waarheid te vertel is so belangrik.

Hy vervul jou diepste behoeftes

Ons diepste behoefte is God. Moenie die leuens van die duiwel glo dat dit enigiets anders is nie. En let op: God wil dit gee as 'n geskenk. Moet dit nie mis nie. Niemand anders gee geskenke soos Hy nie.

Johannes 4:10: “*As jy geweet het wat God gee, en wie dit is wat vir jou sê: ‘Gee My ’n bietjie water om te drink,’ sou jy Hom gevra het, en Hy sou vir jou lewende water gegee het.*”

Jesus, God met ons, gee vervulling, verlossing, ’n ware verhouding met God, die hoogste goed as geskenk. Jy kan dit nie verdien nie. En ons wat reeds Christene is, moet dit weer en weer hoor; daar kom nooit ’n punt waar jy dit eweskielik moet verdien nie. Onthou Hy het dit verdien in ons plek, sodat ons dit kan hê. Dit kom deur Hom. Moenie op ’n ander plek soek daarvoor nie.

En baie belangrik: Hyself is die diepste vervulling van jou behoeftes. Hyself is die geskenk. Elke verlange wat ek en jy het, is ’n uitdrukking van ons verlange na God. Ja, dit mag verwronge wees, maar dit is steeds ’n verlange na God.

Een van ons probleme is dat ons net aan oomblikke dink. In die oomblik dink ons dat die plesier van sonde werklik is en die vreugde van God onbevredigend of ver is. Maar in werklikheid is dit andersom: elke vreugde wat ons beleef is net ’n skadu van die bron van alle vreugde, wat God self is. Die huwelik, byvoorbeeld, is ’n refleksie van die vreugde van eenheid met God. Egbreuk is ’n verwronge refleksie. As jy die huwelik verafgoed of egbreuk pleeg, dan het jy gekies om tevrede te wees met minder as lewende water.

Sonde is soos die verwronge refleksie van ’n sonsondergang wat verskuif met elke beweging van die windjie oor die water. God is die son self in al sy skoonheid, heerlikheid en energie.

C.S. Lewis sê: *Daar was tye wat ek gedink het ons begeer nie hemel nie; maar meer dikwels het ek gevind dat ek wonder of ons in ons diepste harte ooit enige iets anders begeer het.* Dit is die geheime handtekening van elke siel, die nie-kommunikeerbare begeerte wat nie gevul word nie.

En dit is hoekom niks anders op ’n ware en standhoudende manier nie tevrede stel nie. Ja, ander dinge kan ’n oomblik lank jou dors les, maar jy sal weer en weer dors word. Hierdie vrou het gesoek na ware betekenis,

vervulling, betekenis en ware goedheid in huwelike, seks en intimiteit. Maar dit was soos water wat jou weer laat dors word. Geen twyfel, daar was ware plesier. Maar dit het nie gehou nie, dit was nie die ware artikel. Jy word weer dors.

Daar was 'n duidelike patroon in haar lewe – vyf mans. Wat is die patroon in jou lewe? Is die frase: *As ek net...* 'n refrein wat jy ken? Wat kom daarna? Glo jy werklik dat God goed is?

Belangrik: toe die vrou probeer om Jesus in 'n aanbidding dispuut in te trek, herdefinieer Jesus *aanbidding*. *Aanbidding* gaan nie oor 'n plek nie. *Aanbidding* gaan oor dit wat jy die meeste begeer, dit wat jy dink die meeste waarde het.

Elke keer wanneer ons na God kyk om ons begeertes te bevredig, aanbid ons Hom in gees en waarheid. Elke keer as ons elders soek, pleeg ons egbreuk. Selfs ons goeie werk kan afgodery wees. As ons nie verheug in God vir Wie Hy in Homself is nie en Hom nie pragtig, heerlik vind nie, dan dien ons Hom vir wat ons kan terug kry, naamlik sekuriteit, ontvlugting van hel. So wys ons dat ons grootste liefde eintlik reputasie is, ons sekuriteit, ons selfbehoud, onself.

Ons kan so maklik aan gehoorsaamheid dink as die prys wat ons moet betaal vir die toegang tot die hemel. En daarom dink ons dat dit beter is om te leef vir plesier. Ons moet nou weer sien en besef: Die lewe van gehoorsaamheid is nie die slegte lewe nie, dit is die goeie lewe. Lewe met God en vir God is die beste lewe wat jy kan leef. Verandering vind plaas wanneer jy die vryheid van sonde en die vreugde in God wat Hy jou gee deur Jesus Christus geniet.

Luister: As jy nog dink die Christelike lewe is, vervelig glo jy die leuen van alle leuens. God is 'n God wat nooit verveeld of vervelig raak nie. Hy is vol lewe. G.K. Chesterton het gesê God is in 'n sekere sin soos 'n klein kindjie wat iets oor en oor kan doen sonder om verveeld te raak. Hy laat die son elke dag opkom – en hy vind dit vreugdevol en opwindend. Dit is ons wat oud en verveeld raak met alles en alles raak vervelig, daarom moet ons altyd iets anders kry. In die ewigheid saam met God sal ons nooit

verveeld en moeg raak nie. Dit sal 'n lewe van ekstase wees. Ons sal roep: *Doen dit weer, doen dit weer.*

God is goed – moenie elders daarvoor soek nie. As jy dit ontdek soos die vrou by die put dit ontdek het sal jy nie kan wag om ander te vertel van die put van borrelende water wat jy in hierdie lewenswoestyn gevind het nie.

♣ Waarheid 4: God is genadig, moenie probeer om jouself te bewys nie

📖 Lukas 15

'n Volgende waarheid waarheen jy moet draai is dít: *God is genadig, moenie probeer om jouself te bewys nie.* Ek gaan na hierdie waarheid kyk aan die hand van die gelykenis van die verlore seuns. 'n Wonderlike gedeelte om te bestudeer. Ons wil egter net hierna kyk uit die oogpunt van bogenoemde waarheid.

Kom ons kyk baie kortliks net na die Vader en die eerste seun en dan gaan ons bietjie meer stilstaan by die tweede seun. Dit is waarna ons eintlik wil kyk. Die jongste seun het by die punt gekom waar hy besef het dat hy vryheid gesoek het waar dit nie gevind kan word nie. Hy het besef daar is geen vryheid en vreugde buite die vader se huis nie. Interessant is die feit dat dit juis die gedagte aan die goedheid en guns in die vader se huis was, wat hom tot hierdie omdraai laat kom het.

Hy erken teenoor homself dat hy verlore is (ek sal opstaan en na my vader gaan). Maar uiters belangrik is dat hy erken dat hy is skuldig is (teen Hemel en teen u). Dit is so belangrik dat ons ook verstaan wat hy verstaan het. God is nie 'n soort kosmiese verkeersman wie se onpersoonlike wette jy oortree nie. Nee, nee ons staan om aan te sluit by die beeld, op die verkeersman se voet. Ons oortree teen Hom persoonlik. Hy kry seer en is uiters ongelukkig oor die toestand. As jy enige twyfel hieroor het, kyk na die kruis.

Maar, ek dink nie ons moet vaskyk ten die seun se “kom tot homself” asof dit die groot kruis van die saak is nie. Nee, ten spyte van hierdie

“bekering” van hom, het hy juis ook nog nie genade verstaan nie, alhoewel hy korrek was in die feit dat hy verlore en skuldig was. Wat iemand wat soos hy redeneer in effek sê is dít: Wel, ek kon dit nie op my eie maak nie. Ek sal God om vergifnis vra, in die hoop dat ek ’n minimale straf sal ontvang en dat ek toegelaat sal word om te oorleef op die voorwaarde van harde diens. God bly dus ’n harde, verdoemende God. Hierdie God laat my skuldig en bekommerd voel en roep my op tot selfdienende verskonings. Sulke onderwerping aan God gee nie ware innerlike vryheid nie, maar is die broeiplek van bitterheid en gegriefdheid. Die vader se optrede wys vir ons dat sy denke verkeerd was. Die vader se optrede wys ons wat ware bekering en geloof moet wees.

Nee, die seun se “kom tot homself”, sy bekering is nie prysenswaardig nie. Wat wel prysenswaardig is, is die Vader se optrede. Want ten spyte van die feit dat hierdie seun eintlik vir hom gesê het: ek wens jy is dood (dit is wat dit in daardie konteks beteken het as jy jou erfdeel wou hê) – kyk en luister na hom! *“Maar sy pa roep sy werksmense: ‘Maak gou! Bring klere, die beste, en trek dit vir hom aan; sit vir hom ’n ring aan sy vinger en trek vir hom skoene aan! En bring die vetgemaakte kalf, slag hom, en laat ons eet en feesvier! Hierdie seun van my was dood, en hy lewe weer; hy was verlore, en ek het hom teruggekry.’ Toe het hulle begin feesvier.”* (Luk. 15:22 e.v.)

Onthou: die vader sou heeltemal korrek opgetree het indien hy ’n *verskoning* van die seun sou vereis, ’n *verduideliking* vir sy onverantwoordelike optrede en dan *voorraades* en *duidelike reëls* sou neerlê indien die seun weer in die huis sou wou bly. Hy sou korrek wees om te sê, ja goed, kom ons toets jou vir ’n tydperk – werk elke dag saam met die huurlinge. Maar kyk! Dit lyk asof die vader gewag en uitgekyk het vir hierdie seun selfs toe hy sy rug op hom gedraai het. Het julle gesien hoe hardloop hy na hom toe?

In die antieke wêreld was dit iets wat ’n senior man net eenvoudig nie gedoen het nie. Dit was onwaardig. Hierdie pa tel sy lang kleed op en hardloop. Hy gooi sy arms om sy seun. Die Grieks impliseer dat hy hom met liefdevolle soene bedek het. Hy gee die seun geen kans vir verskonings en verduidelikings nie; hy stel nie belang nie. Dít is ons God. Hy omhels, verwelkom, eer ons.

Is dit nie so dat ons, dikwels dink dat as ons God bietjie te na gekom het, dan gaan ek 'n slegte dag hê nie? Of dan gaan Hy nie my gebede beantwoord nie? Jy sien ons neem aan God gaan op die manier optree waarop ons optree wanneer mense ons in die steek gelaat het, of 'n koue skouer gegee het. Of dink ons nie dikwels ons kan dinge weer regstel deur bietjie langer gebed en stiltetyd nie? So asof Jesus se plaasvervangende dood nie regtig die ding gedoen het nie? Wat gebeur as ons dit doen is dat ons op 'n afstand van God gaan staan. En al die tyd is Hy op die uitkyk vir ons. Gereed om ons te omhels, gereed om ons in die huis in te neem. Hy neem altyd die inisiatief.

Maar goed, as die gedeelte van die jonger broer God se genade openbaar, sien ons in die ouer broer hoe lyk iemand wat *nie glo* God is genadig nie. En ons wil dit verander. Kom ons kyk dus hoe dit lyk. Wat hoor ons as ons na die hierdie oudste seun luister: “*Kyk, al die jare werk ek soos 'n slaaf vir Pa. Nog nooit het ek 'n opdrag van Pa verontagsaam nie, en vir my het Pa nog nooit eers 'n bokkie gegee sodat ek saam met my vriende kan feesvier nie.*” (Luk. 15:29)

Baie duidelik is daar 'n gegriefdheid en 'n vreugdeloosheid. Waarom? Wel, *ten diepste omrede hy nie meer oortuig was van sy vader se onvoormoedlike liefde nie.* Ja, hy het op blaamlose wyse die vader gedien. Moenie 'n fout maak nie. Hy is reg as hy sê hy dien hierdie vader vir soveel jare en hy het nooit sy gebod oortree nie. Geen rede om dit te betwyfel. Maar hy het kontak verloor met hierdie liefde, terwyl hy in die vaderhuis was. Hy was in die huis net so uit kontak met die vader as wat die jongste seun in die ver land was. Hy was vreugdeloos in sy getrouheid, steriel in sy respektabelheid.

En dit is hier waar die gelykenis óns raak. Want dit is moontlik dat ons, terwyl ons deel is van die vader se huis, wat volgens die Nuwe Testament die gemeente is (nie die gebou, die mense), ons onself geestelik gesproke in die ver land bevind.

Kenmerke van mense wat nog *nie werklik glo* God is genadig nie.

Hulle is ongelukkig en kan nie rus vind nie

Lees Lukas 15:28. Die oudste broer is kwaad omrede die jonger broer geëer word asof hy reg was om te doen wat hy gedoen het. Al jy harde werk lyk verniet, dit tel nie. Dit is natuurlik die skandaal van God se genade. Sonder genade beskou ons die lewe as 'n kontrak tussen ons en God: ons doen die goeie werk en in ruil sien Hy ons. As dinge goed gaan is ons gevul met hoogmoed. Maar as dinge sleg gaan blameer ons of onself en voel skuldig, of ons blameer God en voel bitter.

Wat ek en jy moet verstaan is dit: die kontrak of verbond tussen ons en God lees: *Ten volle betaal deur die bloed van Christus*. Net as ons God begryp, is ons vry om hom te dien vir Wie Hyself is, en nie vir belonings nie.

Hulle Christelike lewe is een van plig sonder plesier

In Lukas 15:29 sien ons hoe die seun praat. Hy sê letterlik: ek was 'n slaaf vir u. Stel jou voor 'n vrou wat kosmaak vir 'n ondankbare familie. Vir haar is die werk soos slawe-arbeid. Stel jou voor 'n jong bruid wie se man liefdevol sensitief, versoenend is. As sy vir hom kosmaak, al is dit half verbrand, dink hy sy is wonderlik. Vind sy haar werk 'n swaar las? Jy sien vreugdelose pligsuitvoering sal ons houding kenmerk as ons aan God dink as 'n baas wat nie omgee nie. Maar, as ons Hom sien as 'n genadige Vader sal ons houding een van vreugdevolle diens wees.

Hulle voel die heel tyd hulle moet presteer

Ek was nooit ongehoorsaam nie (Luk. 15:29). Die ouer broer wou gehad het mense moet weet van sy goeie werke omrede hy homself probeer bewys. Daar is mense wat probeer om dag na dag te presteer: Ouers wat probeer om hul kinders goed groot te maak, werkers wat lang ure werk, alles in 'n desperate poging om hulself te bewys. Soms mag hulle voel hulle het dit reggekry. En ander kere weer voel alles tevergeefs. Hulle leef dus in 'n konstante toestand van gespanne wees en besig wees en angstigheid en probeer altyd 'n volgende goeie vertoning lewer, altyd bekommerd dat die fasade gaan verkrummel. Ons kan nie onself regverdig nie, en ons hoef nie. God is genadig. Hy gooi sy arms om ons.

Hulle voel goed as hulle hulself vergelyk met ander

In Lukas 15:30 word daar vir die eerste keer melding gemaak van prostitute. Maar sien, die oudste seun neem die ergste aan, sodat hy sy broer in die slegste lig moontlik kan stel. Ons beklemtoon ander mense se foute sodat ons beter kan lyk. Ons dink aan geregtigheid as 'n leer en ons posisie op die leer is wat saak maak.

Maar God se genade draai ons vergelykings op die kop. Ons staan saam aan die voet van die kruis: gelyk beskaamd, gelyk aanvaarbaar. Julle sal onthou dat Jesus hierdie hele gelykenis vertel omrede die Fariseërs murmureer het oor die feit dat Hy tollenaars en sondaars verwelkom het en saam met hulle geëet het (Lukas 15:1-2). Jy sien dit is duidelik in Jesus dat God nie geïnteresseerd is in respektabelheid of selfgeregtigheid nie. Hy is geïnteresseerd in terugkerende sondaars. Jesus is gereed om fees te hou met beroemde sondaars want die hemel is 'n fees vir sondaars (Luk. 15:7, 10, 23-24). Baie van ons is baie seker dat ons op die laaste dag vrygespreek sal word deur God op grond van Jesus se sterwe in ons plek.

Maar wat omtrent regverdiging vandag en môre? Probeer jy jouself bewys? Word jy ooit kwaad omdat jy wil bewys jy is in die reg?

Voel jou Christelike diens soos vreugdelose plig?

Voel jy ooit die druk om te presteer?

Dien jy ander mense sodat jy goed kan voel omtrent jouself of om ander te beïndruk?

Kyk jy neer op ander of beklemtoon hulle tekortkominge?

Is jy bekommerd dat jy nie sal slaag in die lewe nie?

Geniet jy gesprekke oor die tekortkominge van ander mense?

Wesley het op 'n stadium gesê: *“I had the religion of a servant, not a son.”* O, as dit so is met jou, as jy doof geword het vir sy onvoorwaardelike liefde, sy liefde wat geen teenprestasie verwag nie – besef dan jy is in dieselfde bootjie as die jongste seun. En daarom is die Vader se houding teenoor jou dieselfde. Hy wag vir jou, Hy kyk uit, Hy wil na jou hardloop, jou omhels en saam met jou feesvier. Hy verwyt jou nie vir jou koudheid en vreugdeloosheid nie. Nee, Hy sê vir jou: *My kind* (Luk. 15:31). Soos Paulus

in 2 Korintiërs 5:20 sê: Laat jou met God versoen – moenie in sy pad staan nie, los jou verduidelikings, keer terug!

Waarom hoef ons niks, ja niks te verduidelik, of by te dra nie? Wel, omrede die Een wat hierdie gelykenis vertel het, in ons plek hierdie pad geloop het. As die Vader sê: *“Hierdie seun van ons was dood en lewe nou”*, is dit veelseggend. Hierdie Jesus het in ons plek die pad van die verlore seun geloop. Dink daaraan. Hy verlaat die Vader se huis, vrywilliglik, nie as rebel nie, om die pad van rebelle te loop. Hy word uitgekryt as ’n vraat en wynsuiper. Uiteindelik hang Hy aan ’n houtkruis onder die warm Palestynse son en roep: *“Ek het dors.”* Dit word donker, die aarde bewe en Hy roep uit: *“My God, my God, waarom het u My verlaat.”* God tree anders op teen Jesus, as wat die Vader in die gelykenis doen, nie waar nie? In daardie oomblikke van duisternis word Hy op die kosmiese ashoop, buite lig, buite die skepping gegooi – maar God aanvaar dit wat hy in ons plek gedoen het, en Hy word opgewek. En Filippense 2 sê vir ons God gee Hom ’n naam bo alle name. Die fees moes onbeskryflik wees.

Verstaan jy hoekom God geen verduidelikings soek nie? Hy het ons verteenwoordig. Ons het klaar gesterf. Die ou mens is vernietig aan die kruis, die nuwe het opgestaan! Aanvaar dit! En omdat Jesus hierdie pad geloop het, verstaan hy jou só goed. Wil jy weet of jy in die Vader se huis sal bly? Jesus was ook die oudste seun in jou plek. Hy het altyd die Wil van die Vader gedoen. Maar met vreugde, sonder gegriefdheid, in jou plek! Jy kan volhard!

Wat van die oudste seun in die gelykenis geword het, weet ons nie. Die verhaal eindig waar hy weier om in te gaan, *al het die vader die partytjie verlaat en by hom aangedring*. Sy trots het hom daarvan weerhou.

Gaan jy glo dat God genadig is? In die tempel was die werk van versoening nooit klaar nie. Die priesters moes dag na dag dit doen (Heb. 10). Maar Jesus het gaan sit. Hy het alles gedoen wat nodig is. Daarom kan jy ook gaan sit. Ons hoef nie gedurig te staan en versoening te doen, onself bewys, God se seëning deur prestasie kry nie.

Preek vir jouself: God is genadig: Ek hoef myself nie te bewys nie.

Vir jou stiltetyd:



Maandag: Johannes 8:31-36.

- Hoe word ons verslaaf? Hoe maak die waarheid ons vry?



Dinsdag: Psalm 27.

- Hoe behoort die waarheid dat God groot is ons gedrag en emosies te beïnvloed?



Woensdag: Psalm 31.

- Hoe behoort die waarheid dat God heerlik kragtig is, ons gedrag en emosies te beïnvloed?



Donderdag: Psalm 84.

- Hoe behoort die waarheid dat God goed is ons gedrag en emosies te beïnvloed?



Vrydag: Psalm 73 en Hebreërs 11:1-12:3.

- Hoe behoort die waarheid dat God vir ewig is ons gedrag en emosies te beïnvloed?



Saterdag: Psalm 103.

- Hoe behoort die waarheid dat God genadig en vir ewig is ons gedrag en emosies te beïnvloed?

Hoofstuk 6

Bekeer!

Hoe kan ons verantwoordelik wees vir wat ons nie gesit en kies het nie? Die Bybel dink anders hieroor. Die onbewustelike en halfbewustelike aard van baie sonde getuig van die feit dat ons daarin gedompel is. Sondaars dink, begeer en tree sondig op van nature, deur opvoeding en oefening.

(David Powlison)



Neutedop samevatting

Ons sondig omrede ons afgode, in plaas van God begeer of aanbid. Die Bybel praat van die "sondige begeertes van die vlees/hart." Wanneer ook al 'n begeerte ons hart beheer, het dit 'n afgod geword. Dit kan 'n begeerte vir 'n goeie ding wees, wat groter as God geword het. Ons het nodig om weg te draai van ons sondige begeertes, om God te aanbid en te dien. Dit is bekering. Bekering is die lewenslange, voortgaande aktiwiteit van die uitroei van die wortels van sonde uit ons harte. Ons bekeer deur die geloof wanneer ons glo God is groter en beter as ons sondige begeertes.

God se agenda vir ons lewens is om heilig te wees soos Hy heilig is. Om te verander na die beeld van God, soos gesien in Jesus. Hierdie heiligheid is die vrug van wat ons in ons harte *bedink* of *vertrou*, aan die een kant en wat ons in ons harte *begeer* of *aanbid*, aan die ander kant.

Ons het gesien dat sondige gedrag of negatiewe emosies ontspring wanneer ons leuens omtrent God glo in stede daarvan om God op Sy woord te neem vir wie Hy is. En daarom het ons gekyk na verskillende waarhede omtrent God, wat ons vir onself moet preek. As ons dít doen sal ons in die lig van hierdie waarhede begin keuses maak oor hoe ons gaan reageer in die lig van hierdie waarhede, en dus sal ons gedrag en ons emosies verander.

Maar ons het gesê daar is nog iets wat in ons harte aangaan. Ons begeer, aanbid en koester. Kortweg: ons sondig omrede ons afgode in stede van God begeer of aanbid.

Wat is afgode: Ons afgode is daardie dinge waarop ons reken om ons lewens betekenis te gee. Dit is die dinge waarvan ons sê: *"Ek het dit nodig om my gelukkig te maak"*. Of waarvan ons sê: *"As ek nie dit het nie, is my lewe waardeloos en betekenisloos."*

Ontstellende gedeelte

Jeremia 2:13

Kom ons kyk na hierdie Ou Testamentiese gedeelte wat op 'n wonderlik grafiese manier afgodery beskryf, en wat ons daaromtrent moet doen. Kom ons begin hier, om ons dan as't ware aan die gang te kry.

"My volk het twee sondes begaan: Hulle het My, die bron van lewende water, verlaat, en hulle het vir hulle waterbakke uit klip gekap, waterbakke wat gebars is en nie water hou nie."

In Israel was daar drie bronne van water. Daar was fonteine, wat as lewende water beskryf is, dan was daar putte, en derdens was daar wat ons vertalings as reënbakke beskryf. In Engels word dit vertaal met "cisterns". Dit was eintlik gate wat in die kalk gegrawe en toegepleister is, sodat dit 'n soort bak vorm, om water wat van hoogtes afloop, op te vang.

Ek dink julle kan die prentjie sien – die absolute gekheid van iemand wat 'n bron van lewende water, 'n vars opborrelende stroom water met sy varsheid, sy verfrissende heling, verruil en in stede daarvan hierdie waterbakke gebruik, wat vuil kan word, vol blare en goggas; meer nog, dit is gestagneerde water en dan lek dit nog uit ook sodat die bak heel leeg kan wees – met net al hierdie afval daarin. Dit is die dwaasheid van iemand wat die Here verruil vir afgode. Die lewende water, vir gebarste reënbakke.

Om dit anders te stel, dit sou wees soos iemand wat die sonlig verruil en iewers in 'n grot gaan sit rondom kerslig en jouself op daardie manier probeer behaag. Of soos iemand wat ophou eet het en probeer om homself te versadig deur te kyk en te kwyl oor kos-advertensies in tydskrifte. Dit is wat jy doen, sê God, as jy van die lewende God wegdraai om jou hart te bevredig met leë afgode.

Hoekom sou enigiemand so iets doen? Omrede hulle hul bewustheid van die waarde van God verloor het. Die grootheid van sy wese, die krag tot sy beskikking, die vermoë wat Hy het om die hart met vreugde te vul.

Om daarvan weg te draai na ander dinge wat jy dink jou betekenis gaan gee, gelukkig gaan maak, waarsonder jy dink jou lewe waardeloos en betekenisloos is, hoe wonderlik, en goed dit in sigself mag wees – geld, goedkeuring, mag. Dit is om jouself te bevredig, om te drink uit gebarste reënbakke wat nie water hou nie. God sê: *"Dit is wat julle gedoen het"*.

'n Verruiling van God vir 'n begeerte. Vir 'n afgod. Terloops, waar daar in die Ou Testament baie gepraat is oor afgode, praat die Nuwe Testament baie oor begeerte.

Dit is die kern van sonde. Onthou julle wat in die tuin gebeur het? Toe die vrou die vrug gesien het, het sy gesien dat dit goed was, en mooi en begeerlik. Ons keuses word dikwels bepaal deur wat ons dink goed is, wat vir ons mooi en begeerlik is.

Die waarheid omtrent ons keuses is dat ons altyd kies wat ons glo die beste is. Ons kies wat ons glo vir ons die meeste vreugde gaan bring. Kyk, Eva het gedink die vrug kon haar meer gee as God, daarom het sy die vrug begeer. Daardie begeerte het haar hart beheer en haar gedrag bepaal.

Dit was waar van die eerste sonde en dit is waar van ons sonde. Lees net weer Jakobus 1:14-15.

Voordat jy dink daar is geen gevaar by jou nie, onthou die volgende: 'n sondige begeerte is enige begeerte wat vir jou groter is as God. Geen

probleem nie. Wag! Dit kan 'n begeerte vir 'n goeie ding wees, wat belangriker geword het as God.

Jy sien, die probleem is dikwels nie die ding wat ons graag wil hê nie, maar die feit dat ons dit meer as God wil hê. Die begeerte is nie in sigself sleg nie.

Kom ek stel dit so: om byvoorbeeld graag getroud te wil wees, of suksesvol, of om gesond te wees, is goeie begeertes. Maar as my enkellopendheid, of my siekte my bitter maak, dan het my begeerte te groot geraak, groter as my begeerte na God. En die gevolg is dat ek nie meer tevrede, vergenoeg kan wees met God se soewereiniteit oor my lewe nie.

Die lewe is vol goeie dinge wat God gee. Lees 1 Timoteus 4:1-5. Die probleem kom wanneer die gawe belangriker as die gewer word.

Onthou julle Johannes 6? Lees vers 26: *“Dit verseker Ek julle: Julle soek My, nie omdat julle die wondertekens gesien het nie, maar omdat julle van die brood geëet en versadig geword het.”*

Die tekens wat Jesus gedoen het, het almal ten doel gehad om te wys Wie Hy werklik is, sodat mense Hom en Hom alleen sou soek as die finale openbaring van God. Hierdie mense het Hom egter nie gesoek vir Wie Hy is nie. Nee, Jesus moes in hulle behoeftes voorsien.

Dit kan so maklik met ons gebeur. Ons kyk na God om te voorsien in ons materiële en emosionele behoeftes. En dikwels doen Hy dit. Maar God het altyd 'n groter agenda. Hy wil hê ons moet Hom ken en Hom dien.

Hy wil hê ons moet soos sy Seun word. Wanneer ons begeertes belangriker word as Jesus en gelykvormigheid aan Hom, sal God by sy groter agenda bly.

Die hart is bedrieglik bo alle dinge! (Jer. 17:9; Ef. 4:22). Een manier hoe ons begeertes ons mislei is wanneer dit ditself voordoen as behoeftes, as dinge wat ons nodig het. Ons sê nie ek het “afgodiese begeerte om liege hê

te word nie”, ons sê “ek het *nodig* om liefgehê te word”. Ons vat ’n goeie begeerte (om liegehê te word) en draai dit tot ’n begeerte na ’n afgod en dan *noem ons* dit ’n behoefte, iets wat ons nodig het.

God en sy heerlikheid is nie meer die middelpunt van my uitkyk nie. Ek is in die middelpunt, en beveel as’t ware mense om my te aanbid deur my lief te hê en te bewonder.

Jy sien, God belowe om in ons behoeftes te voorsien, maar ons kan nie verwag dat Hy ons selfsugtige begeertes gaan bevredig nie. God is nie ’n Goddelike kelner, gereed om vir ons te bring wat ook al ons wil hê nie.

God is nie die sleutel tot die goeie lewe, tot lewende water nie, Hy *is* die lewende water. Hy definieer die goeie lewe. God moet begeer word ter wille van Wie Hyself is, naamlik ’n waterbak sonder barste.

Maar terug na Jeremia. As ons nog nie besef hoe erg en hoe gevaarlik dit is wat ons doen nie, sê Hy in Jeremia 2:20-21: *“Jy het my gesag lankal verwerp, jou van My losgemaak, geweier om My te dien; jy het op elke hoë heuwel en onder elke groen boom aan tempelprostitusie deelgeneem en so die afgode gedien. Toe Ek jou geplant het, was jy ’n goeie wingerdstok, opreg gekweek, maar hoe het jy nie verander in onkruid, in ’n wilde wingerdstok nie!”*

Dit is wat gebeur as jy die lewende God verlaat. Dit is nie lank voordat agteruitgang plaasvind nie. Die bron van lewende water is verlaat. Die gebarste reënbak is uitgekap. En nou. Degenerasie. Geestelike atrofie. En dan begin jy beskikbaar word vir enige en elke trekkrag en mag rondom jou. En God noem dit geestelike prostitusie.

Hy vra ’n deurpriemende vraag in Jeremia 2:23-24: *“Hoe kan jy dan sê: ‘Ek het my nie verontreinig nie, ek het nie die Baäls gedien nie’? Kyk hoe het jy jou gedra in die Hinnomdal. Besef tog wat jy gedoen het! Jy was soos ’n kameelkoei wat bul soek, wat kruis en dwars hardloop, soos ’n wilgedonkie wat tuis is in die woestyn. Jy was soos ’n bronstige kameelkoei wat die wind opsnuif, wat onkeerbaar is in haar bittigheid. Die bulle wat haar soek, hoef hulle nie moeg te hardloop agter haar aan nie; wanneer sy wil paar, kry hulle haar maklik.”*

Sien julle die prentjie? As jy al bietjie te doen gehad het met perde sal jy weet waarvan hy praat. Hier is 'n merrie op hitte. In hoofstuk 5 praat hy ook op hierdie manier. God gee hierdie skokkende prentjie om te wys hoe is ons as ons eers God by wyse van spreuke verruil het, gedryf word deur ons luste vir enige iets anders wat ons opgewonde maak, enige iets buiten God.

God hou hierdie prentjie op en sê vir die volk: Dit is soos julle is. In julle wellustigheid hardloop julle agter elke ding aan wat verbykom. Julle lewe vir enige iets wat jou opwindend kan gee, wat julle op een of ander manier tevrede kan stel.

Enigiets van lê voor die televisie of heeldag se kuier op die internet, of rekenaarspeletjies, of elke dag se gholף, of behepthed met rugby, of net aangaan met elke dag se roetine sonder gedagtes aan God of enige tyd vir Hom; of voorhuwelikse seks, heroïen, haat, geld en geweld. As die hart begin wegdwaal van God, en Hom nie meer aanbid nie, is dít wat gebeur.

Miskien dink jy: *nee wat ek is darem nie daar nie*. Wel, dit is nie waar dit begin nie. Kom ek stel dit so: die duidelikste bewys dat ons besig is met afgodery, dat ons reeds die bron van lewende water verlaat het en 'n waterbak self uitgekap het, is as ons dink aan ons lewens as 'n storie, en as ons Christene is, is God net een van die karakters in ons storie. Dit is waar dit begin. Ons soek Hom op as ons wil, en ons verwag dat Hy dankbaar moet wees as ons Hom dien. Hy is 'n pragtige deel van ons storie, maar dit is steeds ons storie.

Die punt is: dit is God se storie. En dit is wat die volk in Jeremia se tyd nie besef het nie. Natuurlik is God tot 'n sekere mate daar vir ons, maar die groter realiteit is dat ons daar is vir Hom. Ons bestaan om Hom sigbaar vir ander voor te stel, te verheerlik. Hy skuld ons niks nie, nie eers verduidelikings nie. Ons skuld alles vir Hom, as Skepper en Verlosser.

En om 'n kleiner karakter in God se storie te wees, is om Hom as die bron van lewende water te hê. Dit is die beter lewe.

Hoe sal jy weet? Wel, dink aan selfbejammering. As iemand jou sleg behandel, of iets gaan verkeerd. En jy raak knorrig en brommerig. Jy tree op asof al wat saak maak in jou lewe, jyself is. Asof jy die as is waarom die wêreld draai.

Jy sien, wat ons moet besef is dat ons geen reg het om te verwag dat dinge moet loop soos ons wil nie. Dit is genoeg om te weet dinge gaan God se manier, en sy manier is altyd goed. Dit is natuurlik vernerend aan die een kant, maar bevrydend aan die ander kant. Vernederend, want dit sit jou op jou plek. Ek is nie die middelpunt van die wêreld nie. Nie eers van my wêreld nie.

Maar dit is ook bevrydend. Ek het nie langer nodig om in beheer te wees nie. Om waterbakke te kap nie. Laat God God wees. Laat die fontein die fontein wees. Ons reputasie is nie belangrik nie. Ons hoef nie beheer te word deur die goedkering of verwerping van ander nie. Ons is vry om in liefde ander te dien.

Wat is die enigste antwoord? In Jeremia 3:12 lees ons: *“Gaan roep hierdie woorde na die noorde toe uit en sê: Trouelose Israel, kom terug, sê die Here. Ek sal nie langer vir julle kwaad wees nie, want Ek is getrou, sê die Here, Ek bly nie vir altyd kwaad nie. Kom terug.”* Hy sê dit weer in Jeremia 3:22: *“Kom terug, kinders wat afgedwaal het, Ek wil ’n einde maak aan julle afdwaling.”* En in Jeremia 4:1: *“As jy jou wil bekeer, Israel, moet jy jou tot My bekeer, sê die Here. As jy jou afskuwelike afgode voor My wegvat, moet jy nie meer dwaal nie.”*

Is jy dalk een wat die bron van lewende water verlaat het? Is jy op die punt waar jy nie net leuens omtrent God glo nie, maar besig is om afgode te aanbid? Begeertes. Wel, die logiese ding as jy op ’n verkeerde pad is, is om te draai en terug te gaan nê? Maar dit is wat ons dikwels so moeilik vind om te doen. Weet jy hoekom? Wel, as gevolg van die stap wat beskryf word in Jeremia 3:13: *“Erken net jou skuld, dat jy teen die Here jou God in opstand gekom het deur onder elke groen boom vreemde gode te gaan dien en so aan My ongehoorsaam te wees, sê die Here.”*

God het nie jou erkenenis nodig nie, maar jý het. Sodat jy mag sien wat verkeerd was en daaruit leer. Die pad tot terugkeer, bekering begin met erkenning van ons skuld. Doen dit nou.

Bekering en die doodmaak van sonde

Romeine 8:12-13; Romeine 6

Ons het nou gesien dat as ons wil hê ons gedrag en emosies moet verander, moet ons wegdraai van ons hartsafgodery, of dan begeertes, dit is sonde. So ek wil hê ons moet nou bietjie stilstaan by hierdie “bekering van sonde.”

Bekering is die lewenslange taak van die Christen

Ek dink nie ek is verkeerd as ek sê dat wanneer ons aan die 16de-eeuse Reformasie dink ons veral dink aan die sogenaamde vyf sola's en veral die feit dat regverdigmaking deur die geloof alleen voorop gestaan het en weer herontdek is nie.

Maar ek wonder hoeveel van ons weet wat die eerste stelling van die 95 stellings wat Luther teen die kerk deur van Wittenberg vasgekap het, was. Wel dit lui min of meer so: *Ons Heer en meester Jesus Christus wil hê dat die hele lewe van gelowiges een van bekering sal wees!*

Op die oppervlak lyk dit bietjie vaal nie waar nie? Dit lyk asof Luther sê dat gelowiges nie eintlik vordering maak in die geestelike lewe nie. Maar dit is hoegenaamd nie wat hy bedoel nie.

Nee, wat hy sê is dat bekering die manier is waarop ons groei in die geestelike lewe. Om die waarheid te sê, deurgrondige allesomvattende bekering is die beste teken dat daar lewe by ons is en dat ons verander na die beeld van Jesus Christus.

Hierdie bekering waarvan ons praat is natuurlik nou nie “conversion” nie. Dit is nie die aanvanklike kom na Jesus, die aanvanklike verandering van

denke wat plaasvind nie. Hierdie bekering waarvan ons praat is iets wat net Christene kan doen. Dit is die bekering waartoe die profete in die Ou Testament ook altyd geroep het. Dit is nie die terugkeer na 'n vreemde ver God nie, maar die terugkom na hulle God.

Bekering as die doodmaak van sonde

Hoekom klem op die feit dat dit die lewenstaak van die Christen is? Wel omrede een manier waarop die Bybel die voortgaande aktiwiteit van bekering beskryf is die doodmaak van sonde (“mortification”).

Romeine 8:12-13 het baie oor die saak te sê. Ons kan dit neem as vertrekpunt vir ons nadenke hieroor. In Romeine 8:12 word melding gemaak van 'n verpligting *“Daarom dan, broers, staan ons onder 'n verpligting, maar nie teenoor ons sondige natuur om daarvolgens te lewe nie.”* (NAV) Dit word opgevolg deur 'n stelling in Romeine 8:13 wat die verpligting verder uitspel. *“As julle julle lewe deur die sondige natuur laat beheers, gaan julle die dood tegemoet, maar as julle deur die Gees 'n einde maak aan julle sondige praktyke, sal julle lewe.”*

Hierdie stelling impliseer die opdrag: maak dood (OAV), maak 'n einde aan! Paulus verwys hier spesifiek na die werke van die liggaam (nie vlees nie). Dit verwys na sondige praktyke (NAV). Wat bedoel hy? Nie dat die liggaam, of alle materiële dinge op sigself inherent sondig is nie. *Dit beteken dat ons steeds, so lank ons hierdie sterflike liggame het, 'n stryd teen sonde sal hê.*

Maar baie belangrik in die lig van wat ons vroeër gesien het. Lees weer na Romeine 6:12. Sonde heers in hier die liggame van ons deur *begeertes*, wat ons gesien het die Nuwe Testamentiese naam vir *afgode* is.

Dit is met ons liggame wat ons dink, sê en doen. Anders gestel: dit is in hierdie liggame waar sondige gedrag en negatiewe emosies gesetel is. Hoekom? Want ons liggame is nog nie finaal verlos en verheerlik nie. Dit sal eers eendag gebeur (Rom. 8:11), nou is ons liggame nog aan die dood onderworpe (fisies en moreel), al is ons geestelik gewederbaar (vgl. Rom. 8:10). Hierdie opdrag word meer direk gestel in Kolossense 3:5: *“maak dood julle lede.”* (OAV)

Ek wil hê dat ons binne die breër tema sal fokus op hierdie spesifieke saak van *die doodmaak van ons sondige praktyke*. Nie iets vreemds of buitengewoons nie, dis bloot ’n praktiese aspek van *heiligmaking*.

Die stelling in Romeine 8:13 volg logies op vers 12. Romeine 8:12 op sy beurt is ’n logiese afleiding wat gemaak word vanuit die voorafgaande verse en die hele hoofstuk en die inhoud van die brief tot dusver. Daarom dan is ons *skuldenaars* (staan onder ’n verpligting) (NAV). Dit verwys eerstens na Romeine 8:11. Die vaste wete dat ons gaan opstaan met nuwe liggame soos Jesus. Al die waarhede van die boek tot dusvêr vorm egter weer die agtergrond daarvan.

Die punt wat Paulus hier in Romeine 8:12 maak is: as julle hierdie dinge glo en weet hoe op aarde kan julle aangaan om te leef volgens die vlees, die sondige natuur? Onthou, dis hierdie einste sondige natuur (vlees) wat in die eerste plek al die ellende, hartseer, en ewige gevaar van verlorenheid veroorsaak het. Wil julle dan nou voortgaan om so te leef?

As Christen glo jy tog dat die sonde van die mens, meer nog, *jou sonde* die onbeskryflike lyding van Jesus veroorsaak het. Ja my sonde het die worsteling in Getsemane en die pyn aan die kruis teweeggebring. Kan jy sê dat jy al hierdie dinge glo en maar doodluiters en houtgerus aangaan met sonde, voortgaan met sondige praktyke? Dis tog onmoontlik, ondenkbaar, daarom sien ons dan in Romeine 8:12: Vanweë die genade van God, wat Hy in Jesus vir ons gedoen het, is dit net *die logiese ding* om te doen – om sonde uit te roei.

Die “as” van Romeine 8:13

In Romeine 8:13 word die rede vir negatiewe opdrag wat in vers 12 gegee word, bevestig en duideliker uitgewerk. Die verskriklike gevolg, naamlik die dood verwys hier na die finale dood, die ewige skeiding van God.

Hierdie “as” kan mens pla. Bedoel Paulus hier dat die doodmaak van my sondige praktyke ’n voorwaarde is vir verkryging van die ewige lewe?

Sê Paulus nou maar net hier wat alle gewone mense dink en sê: slegte mense gaan hel toe – hou dus op om sleg te wees. Goeie mense gaan hemel toe, daarom moet ons hard probeer om goed te wees? Dit sou neerkom op die regverdiging deur werke en nie deur geloof nie. Nee, Paulus bedoel dit nie so nie; dit sou indruis teen die hele bedoeling van die brief. Die eerste vyf hoofstukke, gaan in geheel juis oor geloof alleen en nie deur werke van die wet nie. Aan die ander kant: beteken dit dat die Christen weer verlore kan gaan?

Wat bedoel Paulus dan hier? Ons het hier te doen met 'n *vasstaande algemene beginsel*. Paulus stel hierdie beginsel op 'n spesifieke manier, soortgelyk wanneer mens vir 'n kind sou sê: “as jy jou vinger in die vlam druk sal jy brand”. Jy sê tog nie, “as 'n mens sy vinger in 'n vlam druk sal hy waarskynlik brand nie”. Nee jy sê dit direk, konkreet binne in die situasie: “as jy jou vinger in die vlam druk sal jy brand!” 'n Algemene waarheid in persoonlike konkrete terme. Hy sê nie hiermee dat dit moontlik is vir 'n ware Christen om weer verlore te gaan nie. Hy weerspreek nie die leerstuk van die volharding van die heiliges nie.

Wat sê Paulus hier? *“Ek en julle staan onder 'n verpligting om nie volgens die sondige natuur te leef nie, want mense wat volgens die vlees leef soos ek julle alreeds gesê het leef in die sfeer van die dood”* (Rom. 8:6). Hy herhaal dus wat hy reeds in vers 6 gesê het, net op 'n ander manier.

Ook in Galasiërs 5:19 sien ons dat iemand wat net kan aanhou leef volgens die vlees wat nie besig is om sy sondige praktyke dood te maak nie, is nie 'n Christen nie; so 'n persoon is nie geestelik lewend nie. Paulus sê: *“Kinders van God besef dis nie waar van julle nie, en daarom kan julle hoegenaamd nie aangaan met julle ou lewe nie, ou sondige praktyke nie. Om te leef volgens julle ou lewe, gewoontes, praktyke, selfsug, dis heeltemal uit! Maak dit dood!”*

Om sondige praktyke uit te roei is 'n inherente bestanddeel van Christenwees. Mens sou kon sê: dis 'n veronderstelde, 'n feit sowel as 'n opdrag. 'n Christen, iemand wat deur die Heilige Gees wederbaar is, is iemand wat nie verlore kan gaan nie (dis waar, 'n feit), maar net so is dit 'n feit dat 'n Christen iemand is wat 'n einde sal maak aan sondige praktyke, besig sal

wees met die voortdurende uitroei daarvan. Daar kan dus nie sprake wees van Christen wees sonder dat erns maak. Christene moet en sal erns maak.

Hierdie stelling “as” gaan dus streng gesproke nie oor ’n voorwaarde waaraan ons moet voldoen om ewige lewe te bereik nie (die enigste voorwaarde is geloof in Jesus) maar dit is *die weg waarlangs kinders van God* by die eindpunt sal uitkom. Dit gaan dus nie oor oorsaak en gevolg nie; dit gaan oor die middel (manier) en eindpunt.

Die doodmaak van sondige praktyke is die manier waarop ons die pad na die lewe loop. Ons besit reeds die lewe in Jesus. Iemand wat nie op hierdie manier loop nie, wys duidelik dat hy nie oppad is na die lewe nie, maar na die dood. Daarom kan die Hebreër-skrywer sê: jaag die heiligmaking na. Hy sê nie dat ons deur heiligmaking die ewige lewe verwerf of verdien nie maar dis die manier waarvolgens kinders van God *sal* en *moet* handel.

Deur die Gees

Die Gees hier is dieselfde as in Romeine 8:11. Hy leef in ons as Christene (Rom. 8:9) en gee ons lewe (Rom. 8:11). Hy is die Gees van kindskap (Rom. 8:15). Hy help ons in ons swakheid (Rom. 8:26). Ons moet deur Hom die sonde doodmaak. Doodmaak? Dit is natuurlik, beeldspraak. Stel jou voor die doodmaak van ’n dier. Om ’n dier dood te maak beteken dat jy die krag, die lewe uit daardie dier haal sodat dit nie meer kan doen wat dit wil doen nie. Dit is die prentjie wat hier geskilder word.

Die krag en lewe van die begeertes wat in die praktyke van ons liggame na vore kom (met ander woorde wat ons dink, sê en doen) moet deur die Gees weggeneem word.

Let mooi op: Die Gees lei ons so (Rom. 8:14).

Die Heilige Gees gee aan ons ’n nuwe hart met nuwe Godsverheerlikende begeertes. Sonder die Gees sal jy nooit so ver kom om sonde dood te maak nie. Bekering (die wegdraai) van sonde of die doodmaak van sonde is dus gegrond op Christus se werk vir ons en die Heilige Gees se werk in ons. Daarom is dit sinneloos om vir nie-Christene te sê dat hulle moet ophou sondig. Hulle kan nie.

Maar baie belangrik. Ons is aktief hierin betrokke. Ons doen dit, deur die Gees wat ons daartoe beweeg. Die Gees is in ons, dit is wat Hy wil hê ons moet doen, ons moet dit nou net doen.

En wat ons doen kan vergelyk word met wat 'n mens in jou tuin doen. Daar is voortdurend werk nodig. Die oomblik as 'n bossie sy kop uitsteek moet jy dit met worteltjies en al uittrek, anders groei dit net weer.

Die doodmaak is dus die voortdurende “*nee*” sê vir die oog wat wil dwaal, die gedagtes wat verkeerd wil dink, die gevoelens wat wil hardloop agter enigiets wat ons wil wegtrek van Christus.

Die doelbewuste verwerping van enige sondige gedagte, suggestie, begeerte, aspirasie, daad – die *oomblik* as ek bewus word van die teenwoordigheid daarvan. Die sleutel hier is die *oomblik*. Ons probleem is so dikwels dat ons met hierdie dinge speel.

Die sleutel is om die wortels van sonde dood te maak. Ons moet die begeertes doodmaak, nie net die gedrag nie, anders groei dit net weer en weer. En dit moet dadelik gedoen word. Miskien wonder jy: Hoe sal ek weet 'n begeerte is sondig? Wel, watter gedrag het dit tot gevolg? Watter emosies het dit tot gevolg? Dit is die vrae wat jy moet vra.

Belangrike onderskeid

Jy weet nou watter begeertes uitgeroei moet word. Dit is egter belangrik om nou as Christen hiermee te handel en nie as bloot as 'n godsdienstige mens nie. As Nuwe Testamentiese mense is dit uiters belangrik dat, as ons van bekering praat, ons sal onderskeid maak tussen evangeliese bekering en wat ek sommer wil noem “godsdienstige” bekering. Dit is nou daardie bekering wat alle ouens van ander godsdienste ook doen.

Dit is belangrik om te verstaan hoe die evangelie die hele handeling van bekering verander. In “godsdienste” is die doel van bekering basies om God gelukkig te hou sodat Hy sal voortgaan om jou te seën en jou gebede te beantwoord. Godsdienstige bekering is dus *selfsugtig* selfgeregtig en dit is 'n bittere belewing. Maar onder die evangelie is die hele doel van bekering

om weer gekoppel te word aan Jesus, om ingeënt te word in Hom en sy vreugde, sodat die begeerte om in enigiets anders ons behoeftes te vervul, vervaag.

In godsdienstige bekering is ons net bekommerd oor sonde as gevolg van *die gevolge* wat dit vir ons sal hê. Dit gaan vir ons straf inhou, ons wil dit vermy, dus bekeer ons. Maar die evangelie vertel ons dat sonde ons nie meer kan verdoem en veroordeling tot gevolg hê nie (Rom. 8:1). Die rede waarom ons dus nie wil sondig nie is omdat dit God bedroef. Dit bedroef Jesus, die Een wat Homself vir ons opgeoffer het. Dit maak Hom ongelukkig en doen sy Naam oneer aan.

Ek het gesê dat godsdienstige bekering *selfgeregtig* is. Bekering kan baie maklik 'n manier word versoening te verkry vir my sonde. Dit kan so maklik 'n vorm van selfkastyding word waarin ons God (en onself) probeer oortuig dat ons so miserabel en vol berou is dat ons verdien om vergewe te word.

In die evangelie weet ons dat Jesus gepynig is en miserabel was vir ons sonde. Ons hoef nie onself te laat pynig sodat ons vergifnis kan kry nie, ons moet die vergifnis wat Jesus verkry het bloot vat, ontvang, aanvaar.

In 1 Johannes 1:8 lees ons dat God ons vergewe omdat Hy regverdig is! Dit is 'n geweldige stelling! God sal onregverdig wees indien Hy ons nie vergewe nie, aangesien Jesus klaar ons aanvaarding verdien het!

In *godsdienst* verdien ons vergifnis deur bekering, maar in die *evangelie* ontvang ons dit.

Ek het gesê dat in *godsdienst*, bekering 'n *bitter proses* is. In godsdienst is ons enigste hoop om goed genoeg te lewe dat God ons kan seën. Daarom is elke geval van sonde en bekering traumaties, onnatuurlik en verskriklik bedreigend. Slegs onder groot druk en stryd sal 'n godsdienstige mens erken dat hy skuldig is, aangesien sy enigste hoop morele goedheid is.

Maar onder die *evangelie* maak ons aanvaarding deur Jesus Christus dit vir ons makliker om te erken dat ons misluk en gefaal het, aangesien ons weet

dat die erkenenis van die diepte van ons sonde nie gaan veroorsaak dat ons verwerp word nie. Ons hoop is in Christus se geregtigheid, nie in ons eie nie. Dit is daarom nie so traumaties om ons foute en valle en swakhede te erken nie.

In *godsdiens* bekeer ons minder en minder gereeld. Maar hoe meer aanvaar en geliefd in die evangelie hoe meer die begeerte om te bekeer. En alhoewel daar natuurlik altyd 'n mate van bitterheid in enige bekering is, is daar in die evangelie uiteindelik natuurlik “soetheid.”

En dit skep 'n radikale nuwe dinamiek vir groei, nie waar nie? Hoe meer jy jou eie swakhede en tekortkominge en sonde raaksien, hoe meer kosbaar en kragtig en verstommend word God se genade vir jou.

En aan die ander kant, hoe meer jy bewus is van God se genade en aanvaarding in Christus, hoe meer is jy in staat om jou selfverdediging te laat vaar en die ware dimensies van jou sonde te erken.

En vir ons as Christene is die sonde van alle sondes die gebrek aan vreugde in ons verhouding met Jesus!

As jy dit alles weet, begin dus by jou nuwe posisie wat jy het *as Christen*.

Anders gestel: Bekeer vanuit jou nuwe posisie! Dink weer oor jou nuwe posisie, soos in Romeine 6:1-14 uitgelig. Lees dit weer.

Kom ek probeer 'n prentjie skets wat kinders ook kan onthou: Ons liggaam (die liggaam wat daar op die stoel sit) is nou soos 'n kasteel met God as die heersende Koning. Ons begeertes is soos diensknegte (werkers) in die kasteel. Maar nou: Wat van sonde? Sonde is 'n rebelse, misleidende aanspraakmaker op die troon. Hy wil heers oor die kasteel. Die strategie van sonde se ondermyning van die Koning is om ons “dienskneg”-begeertes gevange te neem, hulle te mislei, te bederf, en dan as verraaiers in die kasteel in te stuur, om uiteindelik die Koning van sy troon te kry. Hoe? Wel deur een deel van ons liggaam, byvoorbeeld ons tong gevange te neem en dit te verander in 'n wapen teen die Koning vir ongeregtigheid.

Hoe veg sonde nou teen ons?

Kom ons dink weer hoe veg die vyand, die ou slawedrywer nou teen ons?

Wel, die belangrikste manier is deur diensknegte in verraaiers te verander. Hy verander dienskneg-begeertes in sameswerings teen die troon. Begeertes wat deur God aangestel is om ons te dien – soos die begeerte vir kos, drank, seks, rus, vriende, goedkeuring – dít word aangeval deur sonde en gevange geneem en bederf en in verraaiers verander. En wat hierdie begeertes, wat nou in diens van sonde staan in plaas van in diens van God, dan doen is om ons weg te lok om hulle te gehoorsaam. Wat gebeur is dat ons ons lede (dele van ons liggaam) oorgee. Ons ore, oë, tong, hande, voete, seksuele organe, stem ensovoorts word gebruik om hierdie begeertes te dien en hul baas, die sonde. So word ons lede wapens van ongeregtheid.

Hoe kry sonde dit reg om suksesvol te wees? Hoe gebeur dit dat die begeertes wat hy gevange neem en in verraaiers verander ons slawe van sonde maak? Wel deur gehoorsaamheid aan hierdie verraaier-begeertes baie lonend voor te stel. Hulle lieg vir ons met halwe waarhede soos: “dit sal goed voel”. Om verraaier-begeertes te gehoorsaam, laat mens goed voel. Maar net vir ’n baie kort rukkie. Later kom ellende en vernietiging.

Ja, ons begeertes beloof bevrediging en geluk en hulle gee ons goedkoop, verbygaande, vlak stimulasie wat ons minder vergenoeg en minder vredevol en minder hoopvol en meer skuldig laat. Meer rusteloos meer ontmoedig, meer verslaaf. Uit-eindelik, as ons nie veg op die manier wat die teks sê nie, wat gebeur? Lees Romeine 6:21.

Daar is ’n oorlog vir jou siel aan die gang. Sonde veg vir die troon van jou siel en dit gebruik jou begeertes as verraaiers, en verander jou liggaamsdele in wapens van ongeregtheid. En as jy net aan growwe sonde dink, dink jy

verkeerd. Die tong is byvoorbeeld die mees vernietigende wapen in diens van ongeregtheid.

Hoe moet ons nou veg teen sonde, veg vir verandering?

Hoe veg ek? Wel dit is die punt wat ek nou wil aanraak. Veg as iemand wat vry is. Veg as iemand wat nie na die sonde nie hoef te luister. Sonde is nie meer op die troon nie. Sonde lieg. Die geveg is om te vat wat ons gesien het! Die ou mens is dood, dus gaan sonde my gaan nie bluf nie. Ek gaan nie luister nie, ek hoef nie. Ek het 'n ander heerser op die troon. Veg as iemand wat 'n ander identiteit het.

Dit is belangrik om hierdie prentjie van jouself te hê. As kind van God is God die heersende Koning in jou lewe. Die geheim tot verandering, tot oorwinning, tot vry wees van sonde, is om hierdie nuwe waarheid, hierdie nuwe identiteit te aanvaar en in die lig daarvan op te tree.

Let op hoe veg ek. Lees Romeine 6:11. Ons het hier te doen met 'n vrywillige denkproses, voor ons direk betrokke raak by die versoeking. En dit is belangrik. Let op twee dinge:

1) Dit is iets wat jy doen met jou rede en wil. Jy “reken” jy ag, iets om so te wees. Wat? Wel dit wat in vers 10 gesê is!

2) Let egter op dat die dood vir sonde en lewend wees vir God “in Christus” is. Paulus is hier besig met die objektiewe waarheid, met dit wat waar is buite jouself. Dit is nog nie iets in jou beleving nie. Paulus sê as't ware dat jy jou denke en hart in lyn met die objektiewe realiteit, naamlik dat Christus vir jou gesterf het, moet bring; dat jy met Hom gesterf het, verenig is met Hom, dat jy soos Hy nou 'n nuwe lewe vir God leef. Dink oor jouself op hierdie manier. Gryp hierdie realiteit as die realiteit van hoe jy werklik is. Verwelkom en omhels dit as die kosbaarste ding wat daar is. Dit is jou nuwe identiteit!

En nou is jy reg vir direkte kontak met versoeking.

Wanneer sonde, die verraaier-begeertes stuur om jou te versoek om jou liggaamsdele as wapens van ongeregtheid beskikbaar te stel, sê vir sonde: “ek kies en ek verkies die Heerser wat nou op die Troon is. Dankie.”

Let op die: “Moet dan”, of die “daarom” van Romeine 6:12 (OAV). Die aktiewe betrokkenheid van jou wil in vers 12 kom na en is gebaseer op wat waar is van jou nuwe identiteit wat in Romeine 6:11 beskryf word.

Jy sien, as dit kom by verandering, as dit kom by veg teen sonde, gaan dit nie oor: Sê net “nee” nie. “Jy moet net nee sê vir sonde man.” Dit is nie Christelik nie. Jy sê nie net, “nee” nie. Daar is ontsaglike waarhede wat gegryp moet word voor jy “nee” sê.

Ja, natuurlik moet ons “nee” sê. Ja, ons moet kies om “nee” te sê vir hierdie verraaier-begeertes, van wellus tot oorvreet.

Maar daar is soveel meer. Dit is gebaseer op wat God in Christus gedoen het, en wat met ons in Christus gebeur het, en wie ons nou in Christus is. En wie God daarom nou vir ons is.

Ons omhels dit alles as ons skat, en as gevolg daarvan sê ons “nee”.

Daar is nog een ding wat ek moet beklemtoon. Ons het reeds gewys op die feit dat sonde ons aanval deur begeertes. Verraaier-begeertes. Ons word opgeroep om ten diepste teen daardie begeertes te kies. Moenie dat sonde regeer nie. Moenie jou oë en tong beskikbaar stel en so daardie begeertes vervul nie. Moenie daardie begeertes kies nie.

Maar nou. Baie belangrik. Wat is hierdie “kies”? Dit is ten diepste ’n *verkies*. Om te kies is om een ding bo iets anders te verkies. Indien God verheerlik, opgelig wil word in ons “kies” teen sonde, moet dit wees

omrede ons God en wat Hy is en vir ons gedoen het in Christus en beloof het – omrede ons dit verkies.

Om te kies is om een ding verkieslik bo iets anders te vind. Ons *kan* die geveg negatief beskryf. Sê “nee” vir die verraaier-begeertes op grond van wat God vir jou gedoen het en wie jy in Christus is. Jy is dood vir sonde en sy begeertes. En hulle lyk nie meer verkieslik vir jou nie.

Of jy kan die geveg positief beskryf. Wanneer sonde sy verraaier-begeerte instuur om jou te versoek, verkies God en sy werk en sy weë en sy beloftes. Sien God as begeerlik bo die verbygaande, kortstondige plesiere van sonde. Onthou, jy is lewend vir God, soos Jesus is, en Hy lyk verkieslik, begeerlik bo enige iets anders.

As Satan jou aanval met misleidende begeertes, val aan met begeertes wat nie kortstondig is nie, wat jou nie in die steek sal laat nie, en wat tot ewige vreugde lei.

Met ander woorde, die geveg wat God verheerlik, die geveg om verandering, teen sonde, is gebaseer op ons nuwe identiteit as kinders van God. Dit is gebaseer op wat God vir ons in en saam met Christus gedoen het en dit word geveg deur die beleving van die doodwees vir verraaier-begeertes en die lewend wees vir nuwe begeertes, nuwe voorkeure, naamlik God en lewe vir Hom!

Ons het vroeër kortliks gesien hoe ek kan onderskei of ’n begeerte sondig is of nie. In aansluiting daarby wil ek nou ten slotte onderstreep dat dit uiters belangrik is om te weet waarvan jy bekeer.

Hoe meer deeglik die kennis, die bewustheid van sonde, hoe meer volkome die bekering. Ons moet ons harte ondersoek vir al daardie gevoelens en emosies in ons verhoudings. Dit moet uitgelig word en gemeet word in die lig van hartsliefde teenoor God en my naaste.

Natuurlik is dit so dat ons onself nooit presies sal sien soos ons is voordat ons in die hemel is nie – dit is dus goed om te bid dat God ons sal reinig van onbewustelike sonde. Maar dit mag nooit as ’n verskoning gebruik word om ons eie probleem met sonde nie te ondersoek nie.

Hoe moet ek doodmaak? ’n Praktiese voorbeeld

Ek gaan nou probeer om ’n voorbeeld te gee van hoe hierdie aan die lig bring van sonde en die verwoording daarvan behoort te lyk in evangeliese bekering (vgl. Hos. 14).

Ons is geneig om te dink aan erge dinge, daarom gaan ek ’n voorbeeld gebruik van sonde wat net so verdoemend is, wat net so die dood bring as daarmee voortgegaan word. Sonde wat minder ernstig lyk.

Vra jouself af: Het ek vandag neergekyk op enigiemand? Was ek te veel platgeslaan deur kritiek wat vir my gegee is? Het ek geïgnoreer gevoel, eenkant geskuif gevoel?

Bekeer/maak dood, ontnem van lewe op die volgende wyse: Bedink die vrye genade van Jesus Christus (jou God) tot (wie) jy kan sê: *“Here ek beseef ek kan nie neerkyk op iemand nie, want ek is en het ook niks voor U nie (gedink ek is middelpunt nie U), maar U was my genadig! Here vergewe dat ek so platgeslaan was deur die kritiek dat ek weggeskram het van uitreikende liefde – ek het menslike goedkeuring bo U goedkeuring geag (wortel begeerte). Ek bely dit: In die lig van U genade kan ek die noodsaaklikheid om ’n goeie beeld voor te hou laat vaar.”*

Kyk dus na gedrag en emosies en bewoord dit vir jouself: Wat het dit veroorsaak? Wat was die kernbegeerte of afgod wat veroorsaak het dat my “lede”, die ou self, se gedrag en emosies sondig was? Noem dit, bely dit, in die lig van die waarhede van die evangelie. Doen dit in die lig van wat Christus vir jou gedoen het.

Ek hoop julle sien dat geloof en bekering (doodmaak) nooit los van mekaar staan nie. Bekering (doodmaak) is in sigself ’n handeling van geloof. Ek moet glo dat wat ek het in Jesus, wat die Gees gee, meer en beter is.

Onthou altyd: God is groter en beter as jou sondige begeertes!

Vir jou stiltetyd:



Maandag: Genesis 3:1-7.

- Hoekom het Adam en Eva die eerste sonde gepleeg?



Dinsdag: Esegïel 14:1-8.

- Waar vind ons ons afgode?



Woensdag: Jakobus 4:1-10.

- Wat is die oorsaak van ons woede en gevegte? Wat is die genesing?



Donderdag: Johannes 6:25-35.

- Wat wou die skare gehad het? wat het Jesus gegee?



Vrydag: Efesiërs 4:17-24.

- Wat is die oorsaak van sonde? Wat is die genesing?



Saterdag: Romeine 8:1-17.

- Watter rol speel Jesus en die Gees in ons vrymaking van sonde?
- Watter rol moet *ons* speel om vry van sonde te leef?

Hoofstuk 7

Benodig: Regte hartseer!

We don't have to rationalize and excuse our sins. We can say we told a lie instead of saying we exaggerated a bit. We can admit an unforgiving spirit instead of continuing to blame our parents for our emotional distress. We can call sin exactly what it is, regardless of how ugly and shameful it may be, because we know that Jesus bore that sin in his body on the cross. With the assurance of total forgiveness through Christ, we have no reason to hide from our sins anymore.
(Jerry Bridges)



Neutedop samevatting

Die hoofrede waarom ons nie verander nie is ons hoogmoed en ons vertrou op onself. In ons hoogmoed maak ons verskoning vir ons sonde, of minimaliseer dit, of steek dit weg. Om verantwoordelikheid vir ons sonde te neem, lei tot bekering, wat weer lei tot vergifnis en vryheid. Nog 'n rede waarom ons nie verander nie, is omdat ons nie regtig wil nie! Ons wil graag die gevolge of skande van ons sonde vermy, maar het steeds die sonde self lief. Ons het nodig om steeds terug te kom na die kruis. Die kruis maak ons nederig en bring ons na aan God. Dit veroorsaak ware hartseer en net hierdie ware hartseer lei tot ware bekering en uiteindelijke verandering.

Kom ons kyk na iets wat dikwels nie baie aandag in ons Christelike lewens kry nie...

Om hartseer te wees op die regte manier

2 Korintiërs 7:8-10

Jy weet nou dat daaglikse bekering die pad van die Christelike lewe is. Ons het daarna gekyk, ons weet nou wat dit is, hoe belangrik dit is as ons wil hê dat ons sondige gedrag en negatiewe emosies moet verander. Die vraag op die tafel is nou: Hoekom verander ons nie meer nie? Wat verhinder bekering wat tot verandering lei in ons lewe? Ek reken dat die groot rede dít is: 'n liefde vir onself en 'n liefde vir sonde, wat daartoe lei dat ons nie Goddelike hartseer oor sonde het nie. En hoekom verhinder dit ons verandering? Wel omrede net Goddelike hartseer tot ware bekering lei. Blaai na 2 Korintiërs 7:8-10. Sien julle dit?

Kom ons kyk na hierdie gedeelte, en my gebed is dat dit deur die Gees gebruik sal word om ons verandering te bespoedig.

Die situasie in Korinte

Paulus het 'n brief aan die gemeente in Korinte (nou verlore) geskryf. Daardie brief was 'n reaksie op 'n situasie wat veroorsaak is deur 'n opponent wat die toegeneentheid van die Gemeente van Paulus af weggedraai het. Miskien is sy gesag en karakter aangetas, en die Gemeente het hiervoor geval en het hulle respek en gevoel vir Paulus verloor (dus evangelie). Paulus skryf dan 'n ernstige brief om hulle te wys op hul verkeerde gedrag en weer hulle ondersteuning te wen. Hy het waarskynlik die brief saam met Titus iewers vanuit Asië gestuur. Hy was duidelik bekommerd dat hulle vervreemd mag word deur hierdie brief en dat sy bediening onder hulle vir altyd geruïneer sou wees. Volgens hoofstuk 2:13 het hy gehoop om Titus in Troas te ontmoet, met die nuus oor hulle reaksie. Maar Titus het nie opgedaag nie. In hoofstuk 7:5 lees ons dan dat Paulus al die pad geworstel het met innerlike sorg en uiteindelik daag

Titus op met die nuus van Korinte (verse 6 en 7). Die brief het gewerk. Hulle ywer vir Paulus is herstel (evangelie). En dan skryf Paulus hierdie ryk gedeelte waarna ek wil kyk in verse 8-10. Lees dit gou weer.

Definisie van Goddelike hartseer

Voor ons verder kan gaan moet ons eers hierdie “Goddelike hartseer/droefheid” definieer. Die term word twee keer gebruik. Een maal in vers 9 en een keer in vers 10. Sien jy dit? Die hartseer waarom dit spesifiek hier gaan is die hartseer oor hoe hulle vir Paulus se opponent geval het en Paulus sleg behandel het. En dit is niks anders as die hartseer en droefheid oor sonde van die verlede. Dit word Goddelike droefheid (“Godly sorrow”) genoem – droefheid volgens die wil van God.

Hierdie droefheid is die pyn van die skielike bewuswording van iets omtrent jouself wat voorheen vir jou verborge was. Dit is ’n oomblik van selfbewuswording, ’n “oomblik van waarheid”, wat ’n vermenging van gevoelens, saam met tranes ontketen. Het jy dit al beleef? Jy gaan dag vir dag aan, jy dink jy doen goed, en iemand kom en vertel jou iets omtrent jouself. En selfs terwyl die persoon praat, is daar ’n steek in jou hart wat sê: “Dit is waar, is dit nie?” Jy mag tot selfverdediging oorgaan, jy mag argumenteer, terugveg, maar diep in jou weet jy dat dit waar is. Dit maak seer, maar dit is van God en dit lei tot bekering en verandering. Miskien is dit jou sensitiwiteit, die feit dat jy maklik kwaad word, waarvan jy op ’n dag pynlik bewus word – dit is die sonde van selfsug.

Maar let wel: in vers 10 is die teenoorgestelde van Goddelike droefheid nie die gevoel van geen hartseer nie, maar wêreldse droefheid.

Maar wat is die verskil?

Dit is geweldig belangrik om hierna op te let: die teenoorgestelde van Goddelike droefheid of berou is nie altyd geen droefheid of berou nie. Die

magte van die duisternis in hierdie wêreld is baie meer subtiel as dit. Daar is 'n hartseer, droefheid, berou wat “van die wêreld” is, en nie “volgens God nie”. Jy kan hartseer wees oor iets en daaroor berou hê, maar op 'n wêreldse manier wat na die dood lei. Ek dink julle sal saamstem dat dit uiters belangrik is om Goddelike droefheid en berou te onderskei van wêreldse droefheid.

Kom ons kyk net na twee maniere om tussen wêreldse droefheid of berou en Goddelike droefheid en berou te onderskei.

Wêreldse droefheid is wanneer jy jammer voel oor iets wat jy gedoen het omrede dit begin terugplof op jou en tot vernedering of straf lei. Dit is die nadenke van 'n trotse en bang ego. Hoogmoed sal altyd bedroef wees en berou hê oor die feit dat hy 'n aap van homself gemaak het. En vrees sal altyd bedroef wees oor dade wat hy gepleeg het en die veiligheid wat hy verongeluk het. Maar *Goddelike berou* is die nadenke van 'n gewete wat God se ego gewond het, nie sy eie nie. Goddelike berou is bedroef oor die feit dat God se Naam, sy reputasie, oneer aangedoen is. Die fokus van Goddelike hartseer is God self. Die gevaar as ons praat oor verandering, bestaan altyd daarin dat ons meer besorgd is oor die mislukking van ons eie “oorwinning oor sonde”, as oor die feit dat ons sonde God se hart grief, en sy Naam sleg maak.

Goddelike droefheid is te danke aan God se Woord (direk of indirek of die beginsels) wat by wyse van spreke sy vinger op sonde in ons lewens geplaas het. *Wêreldse droefheid* daarenteen is te danke aan die houding of optrede van mense wie se lof ons nie wil verloor nie. Ons kan besonder jammer voel oor iets wat ons gedoen het as ons ontdek dat mense rondom ons dink dit is dom, belaglik, afstootlik. Met ander woorde die woord van mense, en nie God nie, word die kriterium van skuld. *Wêreldse droefheid* lei dan ook daartoe dat ons in trotse selfregverdiging verskoning soek vir ons sonde: Konteks: Hy het my so kwaad gemaak, jy sou dieselfde gedoen het

in my situasie. Opvoeding: Ek aard na my Pa, hy het kwaad geword, en het dit van hom geleer. Biologie: Dit is maar net soos ek is, ek het 'n vinnige humeur.

Hierdie wêreldse hartseer sal slegs lei tot “jammer as ek”, in plaas van “vergewe my ek het”. As daar *Goddelike droefheid* is, is daar geen maar's nie, geen asse. Geen begeerte om te sê: “Ja, maar weet jy wat hy gedoen het, of sy gedoen het nie”.

Wêreldse droefheid oor sonde veroorsaak dat ek as't ware nog my sonde wil wegsteek. Ten diepste het ek my eie reputasie voor mense nog net so lief as wat ek sonde haat. Sommige Christene is banger vir mense se opinies as wat hulle die hel vrees.

As God egter droefheid in ons gewek het deur sy vinger deur die Woord en die werking van die Gees op sonde te plaas, steek ons nie meer sonde weg nie en maak die sonde nie meer minder ernstig nie. Ons kan dan sê: “Ek het 'n leuen vertel” eerder as: “Ek het bietjie vergroot” ensovoorts. In die lig van God se Woord en die evangelie weet ek mos dat ek maar kan erken wie ek is, want ek word gered op grond van Jesus se lewe, nie myne nie. Jy weet alles, en Hy het daarvoor gesterf.

Om op te som: *Goddelike droefheid* is die pynlike bewuswording van skuld wanneer die Woord van God jou wys dat wat jy gedoen het, sonde is en sodoende skande op God se Naam gebring het en dat dit wat Jesus Christus aan die kruis vir jou gedoen het minag. Goddelike droefheid is die droefheid van 'n God-deurweekte hart, nie 'n wêreld-deurweekte hart nie.

Kom ons kyk nou na die feit dat hierdie droefheid, goed is.

Goddelike hartseer is goed

Paulus het aan die einde van vers 7 gesê en aan die begin van vers 9 dat hy hom verbly oor wat die Korintiërs beleef het. Dit was 'n goeie ding. Maar dit is soos om te sê pyn is goed. Ons bedoel nie regtig dat pyn op sigself goed is nie. Nee, ons bedoel in 'n wêreld waar jy kan doodbloei, is dit goed om pyn te voel as jy raakgesny is. Dit is goed om pyn te voel voordat 'n gewas nie meer geopereer kan word nie. Dit is goed om pyn te voel voordat infeksie tot gangreen lei.

Vals skuld bestaan

Goddelike droefheid is vir sonde soos wat pyn vir 'n siekte is. 'n Sensitiewe gewete is 'n gawe van God, net soos jou senuweepunte wat gevoelig is. En daarom is dit verstommend dat so baie mense vandag verkondig en beraad dat skuldgevoelens ongesond en skadelik is. Natuurlik is daar skuldgevoelens wat ongesond is, net soos daar pyn is wat psigosomaties is. Met ander woorde dit wys op geen werklike siekte nie. Daar is iets soos vals skuld. Ek dink dit is juis wat Paulus in vers 8 beleef het. Paulus het homself vir weke as't ware self kasty met die skuldgevoel dat hy miskien nie die brief moes stuur nie, maar als tevergeefs. Sy brief was van God. Sy berou en droefheid was ongegrond en onnodig. Daar was geen siekte nie. Dit was 'n vals alarm. Ons moet altyd probeer om sulke vals skuldgevoelens te oorkom.

Werklike skuld = 'n goeie simptoom

Maar daar is vandag 'n baie groter gevaar en dit is dat mense se negatiwiteit oor skuld, 'n verwerping van sonde en die ontsaglikheid daarvan in die lig van Wie God is en wat Christus aan kruis gedoen het. Werklike skuld en droefheid, is goed en moet nie vermy word nie. Fisiese pyn en morele droefheid en berou is altyd 'n aanduiding van iets anders. Na ander probleme wat opgelos moet word. Die pyn en droefheid is net

simptome en hulle is goed vir daardie doel. In stede daarvan om weg te hardloop daarvan, moet ons dit in die gesig staar, die siekte erken en dieper genesing in Christus soek.

Dit bring ons by die volgende punt.

Slegs Goddelike hartseer lei tot bekering

Vers 9 sê dat Paulus se vreugde nie net gebaseer is op die skuld wat die Korintiërs beleef het nie, maar op die bekering wat dit produseer het. Dan stel vers 10 die algemene waarheid: "*Goddelike droefheid bring bekering*". Die eerste ding om op te let is dat bekering nie identies is met die droefheid oor sonde nie. Dit is die gevolg van hierdie emosies. Om jammer te voel, hartseer te wees, berou te hê oor sonde in die verlede is nog nie bekering nie. Bekering is die verandering van houding of gedrag, in die lig van die evangelie, van wat Jesus gedoen het, en dit vloei uit die gevoel van droefheid oor sonde. Ons sou kon sê dit is die eerste stap in bekering. En bekering volg en voltooi hierdie verandering van hart.

Die toets van Goddelike hartseer

Die toets van Goddelike droefheid is dus bekering. Die toets of ons droefheid van God is of van die wêreld is die volgende: *bring dit verandering?* Bekering is die wegdraai en verwerping van een pad en rigting en die beweging in 'n ander rigting. In verse 7 en 11 beskryf Paulus die verandering in die Korintiërs waarvan hy gehoor het. Hulle gebrek aan belangstellendheid met betrekking tot sy teenwoordigheid het verander in 'n verlange daarna. Hulle verwerping van sy gesag het verander in ywer. Hulle liggelowigheid het verander in heilige toorn teen die opponente. Hierdie goddelike droefheid is 'n geweldige vrugbare emosie. Dit immobiliseer jou nie tot die dieptes van depressie nie. Dit is tydelik en effektief. Let op die laaste frase in vers 8.

As die gevoel van droefheid jou in sy greep hou, week in en week uit, lank nadat die sonde verby is en jy daarvan weggedraai het, is dit nie die droefheid van God nie, maar van die wêreld. Dit is Satan se aanval. As hy jou nie kan weghou van die droefheid oor jou sonde nie, sal hy jou probeer weghou van die genieting van jou vergifnis. As hy misluk in sy pogings om jou weg te hou van treur oor jou sonde, sal hy sy bes probeer om jou Goddelike droefheid te verander in 'n voortgaande gebondenheid aan onegte skuld. As daar een werk van die duiwel is waarvoor die Seun van God gesterf het om dit te vernietig, is dit hierdie een, naamlik om God se kinders te beroof van die genieting van hulle vergifnis.

Goddelike droefheid werp ons aan die voet van die kruis. Die sterwende Christus vernietig die draak van skuld en bevry ons om met vrymoedigheid weg te draai van sonde, die verslane duiwel te bestraf, en vol vreugde weg te loop met God in die nou pad van geregtigheid wat na die lewe lei.

Goddelike hartseer lei daarom tot uiteindelijke lewe en veranderde gedrag

Lees weer vers 10. Dit help ons om die diepte van Paulus se worsteling in vers 5 te verstaan. Waarom was hy so? Hy het gevrees dat sy werk te vergeefs was en dat sommige van die belydende gelowiges in Korinte verhard sou word deur die misleiding van die sonde, en die weg sou volg wat tot die dood sou lei, nie tot uiteindelijke verlossing nie.

Lees 11:2–3: *“Ek waak oor julle met ’n ywer wat van God kom, want julle is soos ’n jongmeisie wat ek aan een man toegesê het as sy bruid en wat ek vlekkeloos na hom toe wil bring. Die man is Christus. Maar ek is bang dat julle gedagtes weggelei sal word van die onverdeelde en suiwere toenyding aan Christus, net soos Eva verlei is deur die listigheid van die slang.”* Aan die einde van die boek, in 13:5 roep hy hulle op om hulleself te toets. *“Stel julleself op die proef en ondersoek julleself of julle in die geloof lewe. Besef julle dan nie self dat Christus Jesus in julle is nie? So nie, het julle die toets nie deurstaan nie.”*

Die toets van egte geloof

Wat is die toets? Wat is die bewys dat geloof eg is? Die antwoord van vers 7-10 sou wees: daar is 'n pad wat lei tot verlossing en een wat lei tot die dood. Die manier om jou geloof te toets is om te toets op watter pad jy is. Die pad na uiteindelijke verlossing is die pad van sondelose volmaaktheid nie. Nee, dit is die pad van Goddelike droefheid en egte bekring wat daaruit vloei. Goddelike droefheid produseer bekering wat tot verlossing lei. Die toets vir ons geloof en die bewys dat Christus in ons is, is dit: word ons bedroef met 'n Goddelike droefheid en draai ons weg daarvan?

Wat staan ons prakties te doen?

Hoe moet ons dus hierdie Goddelike droefheid inspan vir verandering?

- a. Wees gewillig om Goddelike berou te bewerkstellig
 - b. Wees gewillig om Goddelike berou en droefheid te aanvaar.
- a. As ek sê: veroorsaak Goddelik droefheid, bedoel ek nie laat jou broer of suster sondig nie; nee, indien nodig, help hulle om hulle sonde te herken en raak te sien. Dit is nooit maklik nie. Ons kan verseker wees dat Paulus dit nie maklik gevind het nie. Toe hy sy brief geskryf het, het dit hom ontsettende ongemak veroorsaak totdat hy gehoor het dat die Korintiërs dit positief beleef het. Ons neem die risiko om verwerp en gekritiseer te word wanneer ons genoeg vir iemand omgee om ons vinger op hulle sonde te lê. Maar belangrik: Moet dit doen soos Paulus in 2 Korintiërs 2:4 gedoen het nie. Dit mag wees dat hier iemand is wat as broer of suster bekend staan en wie se uiteindelijke verlossing op die spel is en dat jy God se manier is om die persoon terug te bring na die pad van bekering, die pad van verandering van sondige gedrag en negatiewe emosies, die pad wat na die lewe lei.

b. Ons moet gewillig wees om Goddelike droefheid te aanvaar. Plaas jouself in die plek van die Korintiërs. Jy kry 'n ernstige brief van iemand. Dit is 'n vermaning en 'n oproep tot bekering sowel as 'n uitdrukking van liefde. Hoe sou jy reageer het? Sou jy gewriemel het in selfverdediging en begin het om die ander persoon se foute uit te wys om jou eie te verberg? Of sou jy soos die Korintiërs jouself laat beweeg tot Goddelike droefheid en bekering wat lei tot veranderde gedrag en positiewe Christus-verheerlikende emosies?

Hoe kan ons dit prakties toepas? Verneder jouself; hou op om verskoning te maak, te minimaliseer, weg steek. Begin om sonde te haat, nie die gevolge daarvan nie.

Dit is die pad na verandering, dit is die pad na uiteindelijke verlossing. Natuurlik is dit nodig om die evangelie en die Woord te ken, en daarby kom ons in 'n latere hoofstuk.

Vir die wat nou besef dat hulle weer misluk het om te verander en 'n gemors gemaak het: As jy na die kruis gaan, sien jy ons God wat vir ons sterf. As jy enige ander God in die steek laat of te nakom, sal hy jou vernietig. As jy vir mense se goedkeuring of vir jou beroep of besittings of beheer of enige iets anders leef, en jy maak dit nie en jy verbrou, sal jy bang wees, of terneergedruk of bitter. Maar as jy Christus te nagekom het, het Hy jou steeds lief met kruisliefde. Hy slaan jou nie, Hy sterf vir jou.

Vernuwe jou liefde vir Hom, en jy sal Goddelike droefheid hê oor sonde, as Hy Sy vinger daarop druk. Dit lei tot ware bekering en verandering.

Vir jou stiltetyd:



Maandag: Genesis 3:8-15.

- Hoe het Adam en Eva die verantwoordelikheid vir hulle sonde vermy?

 **Dinsdag:** 1 Samuel 15.

- Watter verskoning maak Saul? Wat dink Samuel van daardie verskonings?

 **Woensdag:** Korintiërs 7:10-11.

- Wat is die karakterkenmerke van ware bekering?

 **Donderdag:** Psalm 51.

- Wat is die kenmerke van Dawid se bekering?

 **Vrydag:** 1 Petrus 4:1-11.

- Wat is die wêreld se houding teenoor sonde? Wat behoort ons houding te wees?

 **Saterdag:** 1 Korintiërs 10:1-13.

- Watter waarskuwing is daar vir ons in die lewe van die volk in die Ou Testament?
- Watter hoop is daar vir ons as ons versoeking in die gesig staar?

In die Christelike lewe is:

- vernedering die weg na verhoging
- sterwe die weg na nuwe lewe
- armoede die weg na rykdom
- hartseer die weg na vreugde
- honger die weg na bevrediging
- selfloosheid die weg na selfvervulling
- skaamte en skande die weg na heerlikheid
- dwaasheid die weg na wysheid

Hoofstuk 8

Saai!

Ons moet met die grootste felheid oorblyfsels van die ou, sondige mens in ons uitroei. Maar in plaas daarvan dat ons hom versuip, leer ons hom swem!

Martin Luther (1483-1546)



Neutedop samevatting

Alhoewel ons onself nie deur wette en dissiplines kan verander nie, is daar strategieë wat ons kan en moet aanneem om ons geloof en bekering te versterk. Ons moet nie saai volgens die vlees nie - dit is: vermy enigiets wat sondige begeertes versterk. Nee, saai volgens die Gees - dit is: versterk jou begeerte vir God. Ons doen dit deur die genademiddele - dit is: die Bybel, gebed, gemeenskap, aanbidding, diensbaarheid, lyding en die hoop op die ewigheid.

☞ *Die groot beginsel: “Wat jy saai sal jy maai”*

📖 **Galasiërs 6:6-10**

Waarom is daar so min daaglikse bekering wat tot veranderende gedrag en emosies by ons lei? Jy het nou geleer dat ons liefde vir onself en ons liefde vir sonde maak dat ons nie die droefheid/hartseer volgens die Wil van God beleef, wat tot ware bekering en verandering lei nie. Droefheid is egter iets wat net in die konteks van liefde bestaan. Ons moet dus alles doen wat moontlik is om hierdie liefde te versterk en alles doen om dinge te vermy wat hierdie liefde kan bedreig.

Ons het gesien dat as ons wil verander in ons gedrag en emosies, moet ons na sekere waarhede draai (geloof) en ons moet van sekere afgode wegdraai (bekering).

Nou gaan ons kyk na die strategieë wat ons moet volg om ons geloof in God te versterk en ook ons bekering van afgode in ons harte te versterk. Dit sal weer veroorsaak dat ons liefde vir God versterk word, wat sal maak dat ons droefheid oor sonde sal hê, wat sal lei tot bekering en verandering.

Daar is 'n beginsel in die wêreld wat God gemaak het. 'n Mens maai wat jy gesaai het. Dit is waar op die gebied van landbou en dit is waar in ons geestelike lewens. Dit is net in sprokies waar jy boontjies saai en 'n magtige wonderplat met skatte aan die eindpunt maai. Dit is die punt wat Paulus wil maak in Galasiërs 6:vers 7 en 8.

"Moenie dwaal nie"; "Moenie julleself mislei nie" en in gewone Afrikaans (NAB), *"moenie 'n fout maak nie"*. Hierdie is 'n ernstige beginsel! God kan nie geflous word nie, Hy is God. Moenie dink jy kan kanse vat met God nie. Jy kan nie aanspraak maak dat jy die evangelie en sy eise gehoorsaam en terselfdertyd aan die vlees gehoorsaam wees in plaas van aan die Gees nie.

En die rede waarom ons nie met God moet spot nie en hom nie ligtelik moet opneem nie kry ons juis in die beginsel waarna ons nou verwys het: saai-maai of dan die beginsel van oorsaak en gevolg wat verskeie kere in die Skrifte gemeld word: Job 4:8, Spreuke 22:8, Hosea 8:7 ens. Paulus self gebruik 'n soortgelyke beginsel in 2 Korintiërs 9:6 om die ruim gee van aalmoese aan behoeftiges aan te moedig.

Wat ons vandag in ons geestelike lewe sien is die direkte resultate van wat ons in die grond van ons lewens ingesit het tot nou toe. Die verskil tussen 'n persoon wat groei in heiligheid en die wat nie groei in heiligheid nie, is nie 'n saak van persoonlikheid, opvoeding, of begaafdheid nie – die verskil is wat elkeen geplant het in die grond van sy of haar hart en siel. Heiligheid is met ander woorde nie 'n misterieuse geestelike toestand wat net 'n paar uitgesoektes kan bereik nie. Dit is meer as 'n emosie, of 'n voorneme, of 'n gebeurtenis – *dit is 'n oes*.

Dit is die punt wat Paulus wil maak in Galasiërs 6:8. En dit is waarna ons moet kyk as ons ons liefde wil aanwakker en bekering en geloof wil versterk, waardeur God ons verander.

In die konteks van Galasiërs 6:1 het saai en maai in die eerste plek betrekking op die dra van mekaar se laste, die ondersteuning en herstel van mekaar as een in sonde geval het.

Verder het die saai en maai te doen met dit wat in Galasiërs 6:6 genoem word. Die een wat voltyds die Skrif leer, moet finansiële deur die ander ondersteun word. Hierdie is dus die direkte dinge waarop die saai- maai beginsel van toepassing is.

Jy kan net hierdie *spesifieke dinge* wat Paulus hier noem doen as jy nie in die vlees saai nie, maar in die Gees (op die akker).

Paulus noem net hierdie twee gebiede, naamlik die dra van mekaar se laste en die ondersteuning van hulle wat onderrig gee in die Woord.

Maar sy stelling is omvattend: Vir *alle* ander goeie dinge, waarvan Galasiërs 6:9 praat is dit nodig om in die Gees te saai, of dan anders gestel, vir al die ander goeie dinge in die Christen se lewe waarin jy moet volhard, is dit noodsaaklik dat jy nie in die vlees saai nie, maar in die Gees.

Onthou, ons sien in Galasiërs 5:19 en verder waartoe lei die saai in die vlees en die saai in die Gees. En ons sal baie ander sondige gedrag en emosies kon byvoeg.

Kom ons staan bietjie stil by hierdie beginsel. Ons kan bietjie prakties raak daaroor.

Hoe verhoed ek dat ek in die vlees saai? Ons sondige natuur (vlees) het begeertes na ander afgode wat sondige gedrag en emosies veroorsaak, soos ons reeds gesien het.

Die Gees, aan die ander kant, het in die hart van elke gelowige 'n nuwe begeerte geplaas – 'n begeerte na heiligheid.

Ons saai dus na die vlees wanneer ons iets doen wat ons sondige begeertes aanhits of versterk. Ons saai volgens die Gees wanneer ons die Gees-gegewe begeerte vir heiligheid versterk en ons liefde vir God aanhits.

Maar ons kan nie onself verander nie, dit is God wat ons verander. Ons het egter deel aan die proses deur geloof en bekering. Geloof en bekering is die enigste ware evangeliese dissiplines.

Dit is baie belangrik om “nie saai op die sondige vlees en saai op die Gees” in hierdie konteks te sien. *Dit is nie weer reëls of dissiplines of wette om by die agterdeur in te kom nie.*

Nee, dit spreek ons harte en ons begeertes aan. Om nie op die sondige natuur (vlees) te saai nie het alles te make met die versterking van bekering. En saai op die akker van die Gees het alles te make met die versterking van geloof, en daarmee saam die liefde vir God.

Om nie te saai op die akker van die sondige natuur nie, beteken eerstens om “*nee*” te sê vir wat ook al my sondige begeertes gaan versterk en dus my liefde gaan laat afkoel.

Om op die akker van die Gees te saai beteken om “*ja*” te sê vir wat ook al my Gees -geïnspireerde begeertes gaan versterk.

Hoe doen ek dit prakties? Hoe saai ek nie op die akker van die vlees, in die vlees nie.

Om nie op die akker van die sondige natuur te saai nie, beteken om situasies te vermy waar my sondige natuur aangewakker sal word.

Ons kan nie onself verander deur bloot versoeking te vermy nie. Verandering moet in ons harte begin. Maar die vermyding van versoeking speel ’n rol. Dit is nooit die hele oplossing nie, maar dit is deel van die oplossing.

Soms voel ons sondige begeertes sterk. Maar as daar geen stimulasie vir daardie begeertes is nie, is daar tyd vir die Waarheid om in ons harte te bly. En dit is hierdie tydspeling wat ons nodig het.

Moet ook nooit vergeet dat jy veral vatbaar vir versoeking is as jy honger, kwaad, alleen of moeg is nie. In hierdie situasies sal jy miskien bloot moet sorg dat jy genoeg slaap kry, of vermy alleen-wees.

Die Bybel praat soms, van “vlug” vir die versoekings (1 Kor. 6:18-20; 1 Tim. 6:9-11; 2 Tim. 2:22). Ons moet in die teenoorgestelde rigting hardloop van enigiets wat ons sondige begeertes mag versterk of aanhits.

Tieners is veral geneig om te vra: Hoe ver kan ek gaan? En ons vra dit bewustelik of onbewustelik in baie ander areas. Is dit darem aanvaarbaar? Is dit sonde as ek net dit doen. God se antwoord is. Hardloop. Moenie vra: Hoe ver kan ek gaan, hoe naby aan sonde nie. Nee, vra eerder: Hoe ver kan ek weghardloop van sonde af?

In 1 Korintiërs 10:13-14 sê Paulus dat God ’n pad sal gee om versoeking te ontvlug. Maar dit beteken nie dat jy kan rondhang in situasies van versoeking nie, of met sondige gedagtes mag flankeer nie. My eie grootste probleem is negatiewe gedagtes. Paulus sê: Ja, God het ’n weg geskep om te ontsnap, daarom moet jy dit gebruik.

Iets wat ons ook moet onthou, is dat die meeste van ons sondige begeertes gevoed kan word deur dinge in ons kultuur. Nie dat ons eintlik meer ’n kultuur het nie, dit is maar die wêreldwye Amerikaanse kultuur. Maar die leuens agter ons sondes is die leuens wat op gemeenskapsvlak lê.

Die Bybel noem dit die wêreld. In Johannes 3:16 word dié term(wêreld) gebruik vir die voorwerp van God se liefde, maar dit word ook gebruik vir die menslike gemeenskap in opposisie teen God (1 Joh. 2:15-17).

“Ek wil hê” en “ek het.” Hoe vlug ek vir hierdie begeertes wat gevoed word deur die kultuur? Kom in die gewoonte om die televisie af te skakel. God laat Hom nie bespot nie – net wat jy maai sal jy saai. Moenie dinge op die internet gaan soek wat jy nie kan hanteer nie.

Christene het tradisioneel gepraat van die wêreld, die vlees en die duiwel as die drie gevare vir die Christen. Hulle werk natuurlik al drie saam. Die wêreld is onder die beheer van die bose een, so hy versprei sy leuens deur die kultuur van die wêreld (1 Joh. 5:19). En hierdie leuens, resoneer met en versterk ons sondige begeertes (1 Joh. 2:16).

Die vraag is: na wie luister jy? Die stem van die wêreld, die vlees, die duiwel? Of die Woord van God? Om nie te saai nie begin soms baie prakties: skakel die televisie af. Skakel jou rekenaar af. Vermy sekere geselskap.

Kom ons kyk na 'n paar baie praktiese voorbeelde van hoe om “nee” te sê vir wat ook al jou sondige begeertes mag aanhits of versterk. Hoe verhoed ek dus die saai in die vlees deur middel van die vermy van *situasies waar my sondige natuur aangewakker sal word?*

As jy 'n stryd het met wellus, wat sal dit vir jou beteken om nie op die akker van die vlees te saai nie? Wel, dit sal onder andere beteken dat jy nie laataand op jou eie televisie kyk nie. Dit sal beteken dat jy anti-pornografie sagteware op jou rekenaar installeer en dat jy iemand sal hê wat jou gereeld sal bel en vra hoe dit met jou gaan.

As jy 'n dame is wat 'n stryd het met die begeerte om geliefd en bemind te wees, wat sal dit beteken om nie op die akker van die vlees te saai nie? Wel gooi jou laehals toppies en jou kort rompies weg. Maak 'n keuse om op te hou om vir die pret te flirteer. Hou op om romantiese films te kyk, romantiese fiksie te lees en te dag-droom oor getroud wees.

As jy 'n stryd het met die begeerte om altyd in beheer te wees, hou op om alle werk wat jy gedelegeer het te monitor. Gooi al jou lyste weg.

As jy geneig is om jou uitkoms in inkopies te vind, hou op om winkelsentrums rond te dwaal. Hou op om deur al die tydskrifte en advertensies te blaai. Dit sal jou help om op te hou op om onnodige goed te koop.

As jy geneig is om heeltetal met jouself behep te wees, hou op om 'n *facebook* te hou, want dit moedig jou miskien aan om aan jouself te dink as die sentrum van die heelal. Hou doelbewus op om te fantaseer oor verhale waarin jy die held is, en raak betrokke by iets soos die uitdeel van kos aan armes, of om gevangenes te besoek.

As jy geneig is om morbid of depressief te raak, moenie op jou bed gaan lê en broei nie – doen iets fisies.

Dalk het jy 'n stryd met drank. Sorg dan dat daar geen drank in jou huis is nie.

Dit is maar 'n paar voorbeelde, maar hierdie is van die areas waar Christene op die akker van die vlees saai en nie nee sê vir sondige begeertes nie!

Onthou, ons almal worstel met verskillende sondige begeertes. Iets wat een persoon moet vermy mag “veilig” wees vir die volgende persoon.

Om met sonde te handel gaan vir jou dikwels voel dat jy iets geweldig belangrik verloor. Nog meer – dit gaan voel asof jy sterf. Of te minste asof 'n deel van jou sterf. Dit gaan voel asof jy iets moet afsny of uitsny.

Dit klink hard, maar dit is. Ons sal verlies voel. As jy jou sondige begeertes laat vergaan, gaan jy dit voel. Jy gaan dalk voel of jy iets van jou hart verloor. En dit is presies die punt. Dit is om iets van jou hart te verloor. Daar is 'n stuk van my hart wat vasgeknoop is aan my sondige begeertes en ek het hartchirurgie nodig om dit los te maak.

Maar baie belangrik:

Ons het nou dinge genoem wat gestaak moet word. Maar baie belangrik – om nie in die vlees te saai nie, beteken meer as dit.

Ons moet terselfdertyd ons begeertes, wat sonde beloof om tevrede te stel, draai na dit wat werklik tevrede stel en bevry: God self.

'n Nuwe passie. Vir God is die enigste ding wat sondige begeertes wegdryf werklike liefde vir Hom.

Ons is soos kinders wat 'n geroeste mes vashou. Wat ons vashou is gevaarlik vir ons en ons bedreig. As jy lank genoeg op die kind gaan skree,

gaan hy die mes waarskynlik onwillig, los. Maar bied hom 'n pragtige nuwe speelding aan en die mes is gou vergete.

Sê vir iemand om op te hou sondig en die beste wat sal gebeur is dat dit gedeeltelik en teësinnig gedoen sal word.

Maar gee hom 'n nuwe visie naamlik om God te ken en te beleef, om verlief te wees op God en sy heerlikheid en daardie persoon sal met blydschap alles uitroei wat in die pad van hierdie verhouding staan.

En dit waarom die saai in die Gees die beste manier is om die saai in die vlees teen te staan! Die beste manier om nie onkruid te oes nie, is om groente saai. Ons is besig om te kyk na strategieë wat ons moet volg om ons geloof en bekering te versterk, sodat dit wat ons bedink, vertrou en glo en dit wat ons bewonder en aanbid uiteindelik in ons harte, in daardie diepste wese van ons, so vol sal wees van die waarhede omtrent God, en so leeg sal wees van die leuens van die wêreld dat ons gedrag en emosies, ook onder moeilike omstandighede, onder druk, sal lyk soos die gedrag en emosies van Jesus Christus.

Ons moet erns maak met hierdie stelling van Paulus in Galasiërs 6:4. Ons kan nie verwag dat ons heiligheid en uiteindelik die ewige lewe gaan oes as ons op die akker van die sondige natuur saai nie. En met saai bedoel ons as jy die sondige dinge doen wat die sondige begeertes aanhits en versterk. Dit is absurd om so te dink. En om te dink God gaan val vir so 'n siening is om Hom te bespot.

Ons het nou gekyk na hoe ons nie saai op die akker van die vlees nie. Nou gaan ons kyk hoe saai ons op die akker van die Gees.

Om op die akker van die Gees te saai beteken dat jy daardie nuwe begeerte na God *geleentheid gee om te groei*. Daardie nuwe begeerte met al die krag daaraan verbonde.

Die beste manier om te voorkom dat onkruid groei is om nuwe plante in hulle plek te saai. Dit is dieselfde in die geestelike lewe. Die beste manier

om ons sondige begeertes in toom te hou, is om op die akker van die Gees te saai.

Toe Paulus vir Timoteus waarsku om vir die sondige begeertes te vlug het hy ook aan hom gesê om geregtigheid in die plek daarvan na te jaag (1 Tim. 6:10-11; 2 Tim. 2:22).

Om in die Gees te saai beteken om “ja” te sê vir wat ook al Geesgeïnspireerde begeertes versterk. Ons weet dat ons eintlik sondig as ons leuens omtrent God glo. Om in die Gees te saai beteken dat ons ons harte vul met die waarheid omtrent God. Ons sondig omrede sondige begeertes vir ons meer saak maak as wat God vir ons saak maak. Ons saai in die Gees wanneer ons ons liefde vir God laat groei.

En as ons die liefde vir God laat groei, sal ons nie moeg raak om goed te doen nie (Gal. 6:9) en in die spesifieke konteks is die dra van mekaar se laste, en die gee vir die wat voltyds vir die Here werk. Maar ons sou die lys van dinge kan uitbrei.

As ons nie in die Gees saai nie, sal ons liefde vir God nie groei nie, met die gevolg dat ons liefde vir mekaar nie daar sal wees nie, ons sal nie mekaar se laste dra nie, nie finansiële help nie. Ons sal eerder vir onself, vir die vlees lewe, en op die akker van die vlees saai. En al die voorbeelde waarna ons vroeër verwys het, al daar die sondige gedrag sal heerlik groei.

Ek herhaal: *Ons saai in die Gees wanneer ons ons liefde vir God laat groei.*

Daar is verskillende middele van genade wat hiermee help. Ons het al gepraat oor die sogenaamde geestelike dissiplines. Miskien is dit nie 'n goeie term nie, want dit laat dit lyk asof groei iets is wat ons bereik. In realiteit is dit God wat ons verander deur sy genade. Die enigste ware geestelike dissipline in die geestelike lewe is eintlik geloof en bekering. Dit is optrede wat ons aandag vestig op God se genadige aktiwiteit. Kom ons praat dus eerder van middele van genade. Dit is daardie middels wat God gebruik om ons geloof in Hom te voed. Die maniere waarop God genadig is teenoor ons en waardeur Hy sy werk van genade in ons harte versterk.

Die Bybel

In 1 Samuel 3:21 lees ons: “*Die Here het toe weer in Silo verskyn, want Hy het Hom in Silo aan Samuel geopenbaar deur die woord van die Here.*”

Die Here openbaar Homself deur sy Woord, die Bybel in jou hand. Dit alleen is genoeg rede om die Bybel te lees. Daar is verskeie redes wat in die Bybel self gegee word oor die belangrikheid van die inneem van hierdie Woord van die Here. Die inneem van die Bybel is vir die volgende redes baie belangrik:

- ✓ Dit wek en versterk geloof (Rom. 10:17).
- ✓ Dit is deur die Heilige Gees gegee (Gal. 3:5; 1 Tess. 1:6 en Ef. 5:18-19 met Kol. 3:16).
- ✓ Dit skep en onderhou LEWE (1 Pet. 1:23-25; Joh. 6:63; Joh. 20:31 en Matt. 4:4).
- ✓ Dit gee hoop (Rom. 15:4)
- ✓ Dit lei tot vryheid (Joh. 8:32; Joh. 17:17)
- ✓ Dit is die sleutel tot beantwoorde gebed (Joh. 15:7)

En juis omrede bogenoemde waar is, is die Woord van God waarskynlik die primêre manier om ons te verander. In Johannes 17:17 bid Jesus: “*Laat bulle aan U toegeny wees deur die waarheid. U woord is die waarheid, of dan meer letterlik, Heilig bulle in u waarheid; U woord is die waarheid*” (OAV).

Dit is die *water* waardeur ons gewas word, die *wapen* waarmee ons veg, die *gereedskapstas* waarmee ons toegerus word, en die *melk* waardeur ons groei.

Die Bybel openbaar ons harte

Die verbintenis tussen jou hart en gedrag is oulik in teorie, maar miskien is dit so dat, as jy na jou eie hart kyk, jy net troebel water en verwarring sien. Jy kan nie bepaal wat die begeertes is wat in jou hart heers nie, of die leuens raaksien wat jou gedrag bepaal nie.

Maar, die Woord van God is lewend en aktief. Dit is skerper as enige tweesnydende swaard. Gaan lees gou Hebreërs 4:12-13.

Die Bybel is soos God se skalpel. Dit is in staat om deur al die lae van wie ek is en wat ek besig is om te doen, te sny, om sodoende my hart bloot te lê. Die Bybel is in sy diepste aard, hart-openbarend. En daarom moet dit ons basiese, sentrale stuk gereedskap wees in persoonlike groei en bediening.

Lees hoe Jakobus die Bybel in Jakobus 1:22-25 beskryf. Geweldig!

Baie belangrik: Ons moenie die Bybel in die eerste plek lees om dit uit te lê nie, maar sodat dit ons kan uitlê!

Die Bybel openbaar Christus se heerlikheid

Belangriker as die feit dat die Bybel ons harte openbaar, is die feit dat dit Christus se heerlikheid openbaar. Ons word verander as ons die heerlikheid van God in Christus sien (2 Kor. 4:4-6).

In Eksodus 33:18 vra Moses om God se heerlikheid te sien. God reageer deur sy heerlikheid te openbaar in die verkondiging van sy naam. Kyk na Eksodus 34:6-7: *“Ek, die Here, is die barmhartige en genadige God, lankmoedig, vol liefde en trou. Ek betoon my liefde aan geslagte en geslagte. Ek vergewe ongeregtigheid, oortreding en sonde, maar Ek spreek niemand sonder meer vry nie. Ek reken kinders en kleinkinders die sondes van vaders toe selfs tot in die derde en vierde geslag.”*

Die Bybel spreek bevrydende waarheid tot ons verslaafde harte, as ons dit vir onself lees en ook as ons dit met mekaar deel.

Die Bybel is die bron van waarheid wat die leuens van sonde teëstaan, daardie leuens wat ingeweef is in die wêreld waarin ons leef.

As ons nie dag vir dag “in die Bybel is nie”, sal ons harte net in leuens onderdompel word.

As jy heilig wil wees, moet jy jouself verdiep in die Woord en elke dag baai in die sonskyn wat uit elke bladsy, skyn.

Jy mag voel dat jou siel siek verward, neergewerp is. Jy mag gepla word deur bekommernis, probleme, lyding, vrees of skuld.

In die Woord van God vind jy egter medisyne vir die siel. Maar voorsorg is beter as genesing. Die Bybel voorsien 'n gesonde dieet van waarheid wat kan sorg dat sekere probleme nie hul kop sal uitsteek nie. Lees Psalm 119:11: “*Aan u beloftes hou ek vas, dit weerhou my van sonde teen U.*” Hoe meer die Bybel as't ware in ons harte, gedagtes, siel en bloedstroom vloei, hoe moeiliker sal jy dit vind om gemaklik te sondig.

Die Bybel skerp ons gewete op en dryf ons terug na God in bekering en 'n begeerte om 'n lewe te leef wat Hom gelukkig maak. Deurdadig die Bybel die heerlikheid van Christus openbaar, versterk dit ons nuwe Gees-gegewe begeertes.

Weer en weer sal jy in staat wees om 'n verband te vind tussen die verwaarlosing van God se Woord en geestelike swakheid in jou lewe. Dit is nie 'n geval dat die Bybel 'n wondergeneesmiddel vir sonde of 'n voëlverskrikker teen versoeking is nie. Dit is omdat die Bybel die waarheid omtrent God se grootheid en goedheid bevat dat sonde ondermyn word. Want sonde wil aan jou leuens verkoop oor hierdie dinge.

Moenie die Bybel elke dag lees as 'n plig wat jy kan “afmerk” nie. Koester die waarheid van God, wat daarin geopenbaar word. Soek na die heerlikheid van Christus. Laat jou hart dit interpreteer. Bid deur die Woord; moet dit asseblief nie net lees om inligting te kry nie, maar om verandering, na die beeld van Christus te ondergaan.

Praktiese wenke

Jy mag dalk vra: Watter tyd van die dag moet ek Bybel lees en hoe lank? Die volgende kan as algemene riglyne voorgelê word:

- ✓ Die beskikbaarheid van stilte.
- ✓ Wanneer jou denke die “helderste” is.

- ✓ Wanneer die druk van die dinge wat jy moet doen, dit moontlik maak. (Bespreek)
- ✓ Jou eie geestelike vlak speel ook 'n belangrike rol. 'n Jong Christen sal minder kan verteer as een wat al jare lank 'n Christen is.

Onthou: *Genoemde riglyne sal van persoon tot persoon verskil. Waak teen wettisisme, wat sekere tye (soos die oggend) as geestelik en ander (soos die aand) as ongeestelik voorhou! As jy op grond van bogenoemde riglyne 'n tyd vasgestel het, waak daarvoor met alles wat jy het! (vgl. Dan. 6:11)*

En onthou: *Selfverloëning is deurlopend deel van die Christen se lewe. (Dit is baie makliker om die koerant te lees!) Onthou, die duivel sal dit so moeilik as moontlik vir jou maak!*

Voordat ons egter met ondersoekende, aktiewe denke, in afhanklikheid van die Gees die Bybel lees, moet ons tog eerstens weet *waar* ons gaan lees. Weereens daar is geen spesifieke voorskrifte oor hoeveel gedeeltes jy moet lees en hoe lank dit moet duur nie.

Ongeag watter sisteem jy ook al gebruik, lees gelyktydig kontrasterende gedeeltes.

Lees byvoorbeeld een hoofstuk in die Ou Testament, een in die Nuwe Testament, een Psalm, een Spreuke. Sodoende kan jy in een jaar deur Psalms, Spreuke, die Nuwe Testament en groot gedeelte van die Ou Testament lees!

Hoe moet ek lees sodat ek werklik op die Woord kan 'voed'?

Twee dinge is hier belangrik: Lees in absolute afhanklikheid van die Gees en lees met oop, helder en ondersoekende denke.

Baie belangrik: Daar is geen teenstrydigheid tussen die twee nie! (2Tim. 2: 7; Psalm 119:18; Spr. 2:1-6 en Fil. 2:12-13).

Die twee gevare wat vermy moet word, is dus altyd koue rasionalisme, waarin jy alles tot op die been wil ontleed sonder afhanklikheid van die Gees, en wilde mistisisme, waar jy sommer net die Bybel enige plek

opslaan en 'woorde van die Here kry', buite enige konteks, op die klank af.

Nee, ons moet altyd in afhanklikheid van die Heilige Gees lees (Ef. 1:16-23; Ef. 3:14-21; Kol. 3:9-12).

Om die Bybel net te lees kan vergelyk word met 'n bootvaart op 'n meer. Om die Bybel te bestudeer is om met 'n boot met 'n glasbodem te vaar. Kan jy die verskil sien?

Gaan kyk bietjie na die volgende drie voorbeelde in die Bybel wat vir ons wys dat die bestudering van die Skrif belangrik is: Esra 7:10; Handeling 17:11 en 2 Timoteus 4:13.

As Paulus, wat die hemel gesien het (2 Kor. 12:1-6) en die opgestane Christus, en die Heilige Gees se krag vir wonders beleef het (Hand. 14:10), groot dele van die Bybel geskryf het (2 Pet. 3:16) steeds voortgaan om die Skrif te bestudeer, hoeveel te meer het ons dit nie nodig nie?

VRAAG: Waarom doen ons dit dan nie? Ons misluk in ons plig om die Woord van God te bestudeer, nie omrede dit so moeilik is om te verstaan nie, nie omrede dit so oninteressant en vervelig is nie, maar omdat dit werk is. Ons probleem is dus nie 'n tekort aan intelligensie of passie nie. Ons probleem dat ons lui is.

Behalwe vir luiheid is daar natuurlik ook dikwels by ons 'n onsekerheid oor *hoe* om te studeer en waar om te begin

Daar is natuurlik baie maniere en baie boeke oor hierdie onderwerp. Ek sou voorstel dat jy 'n hele boek of hoofstuk van die Bybel vanaf 'n Bybelprogram, soos E-Sword, uitdruk. Haal alle versnommers en hoofstuk-opskrifte uit. Nou kan jy dit regtig lees! Pak dit so aan:

- Bid en vra dat die Heilige Gees jou sal help om hierdie gedeelte te verstaan.
- Lees die hele brief of boek 'n paar maal deur, om oorsig te kry (gebruik verskillende vertalings).
- Terwyl jy lees probeer vra: wie?, wat?, wanneer?, hoekom?, waar?, hoe?

- Breek die gedeelte op in natuurlike afdelings of paragrawe (soek hoof gedagtes).
- Skryf vrae neer wat by jou opkom, om dit later te beantwoord (nie verstaan)
- Soek veral vir die volgende: herhaling, vergelyking, kontras, spasie afgestaan, progressie, klimaks, dominansie, oorsaak en gevolg.
- As jy met 'n kleiner gedeelte werk, soek i) woorde wat moeilik is om te verstaan ii) woorde wat uiters belangrik is vir 'n gedeelte en sy betekenis
iii) woorde wat diepgaande konsepte uitdruk.

Gebed

Laat ons nie doekies omdraai nie. Dit is nie maklik om te bid nie. Ek moet erken, ek preek makliker as wat ek bid. Bidders word nie gesien nie. Hulle kry nie medaljes nie en word nie geprys nie. Jy praat met iemand wat jy nie kan sien nie. Is dit dalk waarom ons so min bid? Of het ons nie genoeg tyd nie? Maar almal het natuurlik 24 ure elke dag. Mense wat meer bid het nie 25 uur per dag nie. Nee, dit is nie die probleem nie; ons probleem is dat ons besluit dat ander dinge belangriker is. Maar as ons besef dat God is die groot agent van verandering in ons lewens is, sal gebed onvermydelik hoër op ons prioriteitslys wees. Vir sommige sal dit beplande verwaarlosing, van ander aktiwiteite beteken.

J.C. Ryle, 'n groot Godsman uit die vorige eeu en 'n kenner op die gebied van heiligmaking het die volgende uitspraak gemaak: *"Praying and sinning will never live together in the same heart. Prayer will consume sin, or sin will choke prayer... Diligence in prayer is the secret of eminent holiness. Without controversy there is a vast difference among true Christians ... I believe the difference in nineteen cases out of twenty arises about different habits about private prayer. I believe that those who are not eminently holy pray little, and those who are eminently holy, pray much."*

Ek dink in die lig hiervan is dit belangrik om te verstaan hoe belangrik gebed in tye van versoeking is. As ek iets sien wat my wil laat struikel, as ek mismoedig wil word, as woede in my hart opkom. In al hierdie situasies en baie meer, moet ons bid! 'n Kind sal gelukkig speel in sy eie klein

wêreldjie. Maar sodra hy of sy bewus raak van gevaar, sal hulle vir pa of ma soek. Dit is hoe dit behoort te wees vir die kind van God. Sodra ons bewus raak gevaar, moet ons opkyk na ons hemelse Vader vir hulp. En so saai ons in die akker van die Gees.

Gemeenskap

Een van die redes waarom God ons in Christelike gemeenskappe en gemeentes geplaas het, is om ons te help. Die kerk is veronderstel om 'n gemeenskap van verandering te wees. In die volgende hoofstuk gaan ons hieroor praat.

Aanbidding

Dink só daaraan: as ons God aanbid deur sang, herinner ons onself daaraan dat God *groter en beter* is as enige iets wat sonde kan bied. Aanbidding is nie net 'n bevestiging dat God goed is nie, nee dit is 'n bevestiging dat God *beter* is! In aanbidding roep ons nie by wyse van spreke mekaar net op tot die aanbidding van God nie, ons roep mekaar weg van die aanbidding van ander gode.

Ons herinner ons harte aan God se goedheid, majesteit, liefde, genade, heiligheid en krag. Dit is nie net 'n intellektuele speletjie nie. God het vir ons musiek gegee om ons emosies aan te raak. Ons sing die waarheid met die hulp van musiek, sodat dit ons beweeg, inspireer, opwek, bemoedig en uiteindelik transformeer.

Het jy al ooit ervaar dat die wysie van 'n eenvoudige ou liedjie wat jy iewers gehoor het in jou kop vassteek. En dat jy die liedjie waarvan jy nie eens hou nie, neurie.

Die wêreld rondom ons sing by wyse van spreke 'n lied en daardie lied steek vas in ons koppe. Ons besef dat ons dit saamsing. Wat die wêreld dink en begeer word wat ons dink en begeer. Om te aanbid beteken dat ons ons harte *her-* instel.

'n Ander aspek van aanbidding is die Nagmaal. Die brood en wyn herinner ons aan die feit dat Christus sy lewe gegee het. So proe en sien ons weer dat die Here goed is (Ps. 34:8). As ons op Hom voed, raak die kos van die wêreld smaakloos. En so saai ons in die Gees.

Christelike diens

Ons dink dikwels dat Christelike diens die teken of vrug van verandering en van heiligmaking is. Maar baie belangrik: dit is ook 'n middel van genade waardeur God ons verander.

Sonde is ten diepste 'n gerigtheid op jouself. Baie van ons ly aan self-absorpsie. Ons is so besig met ons eie probleme en suksesse. Ons bring elke gesprek weer en weer na ons gunsteling onderwerp: ek. Of ons ontwikkel selfgesentreerde gewoontes waar ons vir ons eie gemak en sekuriteit leef.

Diens aan God en ander mense help ons uitwaarts te buig, en om ons aandag van onself weg te neem. Dit is 'n geweldige belangrike voorskrif vir mense wat aan negatiewe emosies ly.

Paulus se raad aan 'n dief is nie net om op te hou steel nie (Ef. 4:28). Hy wil hê mense moet ophou om aan hulle eie behoeftes te dink en begin om aan ander mense se behoeftes te dink.

Allerhande dinge kan gebeur as ons begin om ander te dien. Ons sien God aan die werk in hulle lewens. Ons vind vreugde daarin om God te dien. Ons sien gebed beantwoord word. Ons kom in aanraking met situasies wat ons nie kan hanteer nie en ontdek God se krag. Ons ontdek die opwindende om te sien hoe God verheerlik word in mense se lewens (Jes. 58:10-11). En so saai ons op die akker van die Gees.

Lyding

Onthou: Jesus en wat met Hom gebeur het, is die sleutel tot die verstaan van die werklikheid. Hy is die *Alfa* en die *Omega* van die geskiedenis. God

skep met Hom in gedagte (Kol 1:16). Dieselfde Gees wat in Christus was, is in ons. In jou, as jy 'n Christen is. Glo jy dit? En hoe werk daardie Gees? Daardie Gees is die Gees wat langs die weg van pyn, smart en oënskynlike Godverlatenheid ons na verhoging ly.

Dit is die pad wat die prototipe van die nuwe mens, Jesus, gestap het. Hy het eerste hierdie pad gestap, na die nuwe heelal en werklikheid. Ons volg Hom, want Hy is die eersteling van die broeders.

Is dit nie 'n geweldige troos vir ons as Christene in ons lyding nie? Dit is die pad. God se mense op pad na heerlikheid is *nie* die “ideale” gesonde, gespierde, rimpelloos welvarende mense nie – nee dit is die veragte, bloeiende mense wat dikwels uitroep: “My God my God, waarom?” Ek weet nie van jou nie, maar dit vertroos my.

En omdat bogenoemde waar is, kan ons weet: Die dinge wat in ons lewens gebeur lyk wel dikwels betekenisloos en irrelevant, maar God is die hele tyd besig om ons te oefen in genade en godsvrug.

Lyding is 'n middel van genade in God se hand. Interessant, in Rigters 3:1-2 het God ander nasies in die beloofde land gelos, letterlik om hulle oorlog te leer. Soos hulle gekonfronteer is met die vyande, het hulle besef hoe nodig dit is om God te vertrou. Teenkanting toets, versterk en maak geloof persoonlik.

Dit is God se diagnostiese middel wat Hy gebruik om die ware toestand van ons harte te wys, en ons so reg te maak vir die ontvang van die medisyne van evangeliese waarheid.

Lees Deuteronomium 8:2: “*En jy moet dink aan die hele pad waarlangs die HERE jou God jou nou veertig jaar lank in die woestyn gelei het tot jou verootmoediging en beproewing, om te weet wat in jou hart is, of jy sy geboorte sal hou of nie*” (OAV).

Ons sien dus dat lyding ons altyd voor 'n keuse stel. Ons kan gefrustreerd word, kwaad, bitter of depressief omrede ons begeerte na beheer, sukses, liefde of gesondheid bedreig word. Of ons kan God vasgryp op 'n nuwe

wyse, ons vreugde in Hom vind en vertroosting in sy beloftes vind. En so saai ons op die akker van die Gees en wandel ons deur die Gees.

Hoop

Hoekom is hoop 'n genademiddel? Die punt wat ek wil maak is dit: ons het nodig om onself te herinner aan die 'ewige heerlijkheid' wat vir ons wag en wat al ons beproewing hier oortref (2 Kor. 4:17-18 en Rom. 8:17-18). Dit beteken dat ons moet onthou dat ons pelgrims in hierdie wêreld is, op pad na 'n beter land (Heb. 11:13-16; 1 Pet. 1:1, 2:11). Hoe help dit ons om nie op die akker van die vlees nie te saai? Wel, ons weet dat ons skat in die hemel is; ons hoef dit nie hier na te jaag nie (Matt. 6:19-20; 1 Tim. 6:17-19).

En as ons meditasie, ons oordenking by die opgestane Jesus is, daar waar ons binnekort gaan wees, wel wat gebeur? Gaan lees maar net Kolosense 3:1, 3:5. Om oor Christus te dink, verswak die greep wat die wêreld op ons het, en dit inspireer ons om te verander (2 Pet. 3:10; 1 Joh. 3:2-3).

Vir jou Stiltetyd:



Maandag: Galasiërs 5:16-17 en 6:7-8.

- Wat beteken dit om op akker van die sondige natuur te saai?
- Wat beteken dit om op die akker van die Gees te saai?



Dinsdag: Matteus 5:29-30 en 1 Korintiërs 6:18-20.

- Watter tipe aksie moet ons volgens Jesus neem?
- Wat beteken dit om te vlug van seksuele immoraliteit en ander sondige begeertes?
- Hoe sal dit in jou lewe lyk?



Woensdag: 1 Johannes 2:15-17.

- Wat behoort ons houding teenoor die wêreld rondom ons te wees?

 Donderdag: Psalm 1.

- Wat is die gevolge van die luister na leuens omtrent God?
- Wat is gevolge daarvan om jou te verlustig in die waarhede van God?
- Watter “stemme” is daar in jou lewe? Watter het die meeste invloed op jou?

 Vrydag: Psalm 19.

- Hoe beskryf Dawid die Woord van God?
- Hoe beskryf Dawid die effek van die Woord van God?
- Waarvoor bid Dawid?
- Hoe sal Dawid bewaar word van sonde?

 Saterdag: Kolossense 3:1-10.

- Hoe help nadenke oor die nuwe skepping ons om nou te lewe?

☐ Kyk ook na die volgende verse: Josua 1:8; Deuteronomium 8:3; Psalm 1:2-3;

Jeremia 15:16; Johannes 6:48-51; 17:17.

Watter optrede word deur die gedeeltes aanbeveel? Hoe kan jy dit doen?

☐ Kyk na die volgende lys van Paulus se gebede: Waarvoor bid Paulus? Hoe vergelyk dit met die soort ding waarvoor jy bid?

Romeine 15:5-6,13; **2 Korintiërs** 13:14; **Efesiërs** 1:17-19;3:16-21; **Filippense** 1:9-11; **Kolossense** 1:9-14; **1Tessalonisense** 3:9-13; **2 Tessalonisense** 1:11-12; 2:16-17; **Filippense** 1:4-6

☛ Benut jy die “genademiddele”? Is daar enige van die volgende dinge wat jy kon doen? Identifiseer 3 dinge wat jy wil begin doen of anders wil doen om jou geloof te versterk.

Merk vir jouself:

☐ maak die Bybel deel van jou daaglikse roetine

- ☐ gebruik die Bybel wanneer jy versoek word of onder druk verkeer
- ☐ luister na die Bybel op CD of internet
- ☐ bestudeer die Bybel gereeld saam met ander Christene
- ☐ skryf verse uit om gedurende die dag oor te mediteer
- ☐ memoriseer Bybel verse – spesifiek die wat die leuens agter jou sonde weerspreek
- ☐ dra 'n Nuwe Testament saam met jou sodat jy dit in ledige tye kan lees
- ☐ lees 'n boek wat jou help om die Bybel te verstaan of jou inspireer om as Christen te leef
- ☐ maak gebed deel van jou daaglikse roetine
- ☐ bid wanneer jy versoek word of onder druk verkeer
- ☐ bid gereeld saam met ander Christene
- ☐ woon byeenkomste van die gemeente by
- ☐ maak die meeste van die Bybel lering in jou gemeente
- ☐ kuier met ander Christene deur die week
- ☐ praat met ander Christene oor jou stryd met sonde
- ☐ bemoedig ander Christene met die waarheid
- ☐ maak lofprysing deel van jou daaglikse roetine (selfs al kan jy glad nie sing nie!)
- ☐ luister na Christen musiek wat jou geloof versterk
- ☐ dank God deur die dag vir jou seëninge
- ☐ vind maniere om mense te dien
- ☐ bied jouself aan vir 'n Gemeente of gemeenskap projek
- ☐ beskou jou swaarkry/lyding as 'n gawe van God
- ☐ bemoedig ander met die bemoediging wat jou bemoedig het in swaar tye
- ☐ dink en praat dikwels oor die hemel

Hoofstuk 9

Help mekaar!

Die enigste genesing van die wêreld se pyn lê in gemeenskap met mekaar.
M. Scott Peck



Neutedop samevatting

God het vir ons mede-Christene gegee om ons te help om te verander. Ons versterk *geloof* deur mekaar te herinner aan die waarheid. Ons versterk *bekering* deur mekaar verantwoordelik te hou. Om die *misleiding van sonde* te beveg, moet ons dit op 'n daaglikse basis doen deurdat ons ons lewens saam deel. Verder moet ons *gemeenskappe van genade* wees waarin ons oop teenoor mekaar kan wees.

☞ *Verandering is 'n gemeenskapsprojek!*

📖 Efesiërs 4

Ons het nou gekyk na wat ons kan doen om ons geloof in die waarhede van God aan die een kant en ons wegdraai van afgode aan die ander kant, kan versterk. En ons het gesien daar is net een manier. Jy moenie op die akker van die sondige natuur nie saai nie, met ander woorde jy moenie dinge doen wat jou sondige natuur aanhits en versterk nie. Moenie onnosel wees nie! Hoe op aarde dink jy kan jy elke dag die idees van die wêreld indrink, die wêreld se idee oor geluk, sukses, liefde seks – noem maar op, en dink jy gaan verander wat jou gedrag en emosies betref. Dink baie prakties en tree op.

Maar hand aan hand daarmee, saai op die akker van die Gees. Dit is die beste manier om te verhoed dat jy op die akker van die vlees saai. Gebruik

die genademiddele wat God gee. Die Woord, gebed, aanbidding, dienswerk en hoop volkome op dit wat ons deel gaan word. En jy sal meer en meer verander, om soos Jesus, die beeld van God, te word, omrede jou geloof in die waarhede omtrent God versterk word en jou begeerte na leuens en afgode al swakker word en jy sal begin optree op grond van die waarhede in jou hart!

Die vraag is nou: Is ek bedoel om op my eie, in my klein hoekie, só te verander. Kom ons kyk na Efesiërs 4. Ek wil die stelling maak dat Paulus in hierdie hoofstuk wys dat ons nie bedoel is om alleen te verander nie; nee Paulus sê die kerk is die plek waar ons saam met mekaar verander.

Jy sal sien hy begin in Efesiërs 4:1 om ons op te roep “om ’n lewe waardig ons roeping te leef!”

Efesiërs 2-3 het daardie roeping beskryf. Deur die dood van Jesus het ons ’n huis vir God geword (Ef. 2:22) en ’n vertoonvenster vir sy Wysheid (Ef. 3:10).

Jou gemeente is daardie vertoonvenster waar julle geleë is.

En dit beteken dat verander ’n gemeenskapsprojek is.

Kom ons kyk nou net baie vlugtig na Paulus se beskrywing van Kerklewe. Lees Efesiërs 4: *“... en uit Hom groei die hele liggaam. Die verskillende liggaamsdele pas by mekaar en vorm saam ’n eenheid. Elkeen van hulle vervul sy funksie, en so bou die liggaam homself op in liefde.”* (NAV)

Hier het ons ’n beskrywing van hoe die kerk, die liggaam van Christus “groei veroorsaak” en in liefde opgebou word.

Let op twee dinge: Eerstens begin die vers met die woorde “uit Hom”. Die groei en opbou van die liggaam is “van iemand.” Na wie verwys dit? Wel die antwoord is in die laaste woord in vers 15 *“... groei na Christus toe. Hy is immers die hoof...”*

Die *eerste* en belangrikste ding wat ons kan sê oor hoe die liggaam verander is dat dit “van Christus” kom. En daarom is dit bonatuurlik. Christus het eens geleef, gesterf vir ons, is opgewek en het opgevaar na die hemel. Hy regeer vandag daar, en soos Hy belowe het, bou Hy die kerk op. *Hy is nie*

passief en op 'n afstand nie. Hy is die lewende, dinamiese, aktiewe hoof van Sy liggaam. Hy is die voorsiener en Hy lei deur sy Gees.

Die vraag is: sal ons sy voorsiening ontvang? Sal ons dit verwag en dit kanaliseer na mekaar toe?

Die eerste ding om te sien is dít: Christus is die lewende bron van kerklewe en groei. Hou daaraan vas. Nie aan die predikant nie!

Die *tweede* ding om te sien is Efesiërs 4:16. Alhoewel die groei en opbou van die liggaam “van Christus” af kom, *is dit die liggaam self wat die onmiddellike aktiewe oorsaak daarvan is*. Ons lees: “... uit wie die hele liggaam...” Dit is die onderwerp van die sin, maar waar is die werkwoord? Wat doen die hele liggaam. Die werkwoord is heel onder: Kyk. Die hele liggaam veroorsaak *die groei van die liggaam*! Al die ander dinge in die sin verduidelik hoe, maar die basiese sin is: *Die hele liggaam veroorsaak die groei van die liggaam* (NAV).

Selfs al is groei en opbou van Christus, die hoof, is dit die hele liggaam wat die liggaam bou. En die woordjie “hele” is belangrik. Die hele liggaam bou die liggaam. Hierdie punt word beklemtoon in die woorde: Elkeen van hulle vervul sy funksie “*volgens die werking van elke individuele lid*”. Die hele liggaam, dit beteken elke individuele deel wat behoorlik funksioneer in die liggaam – veroorsaak groei in die liggaam.

Kyk na Efesiërs 4:7: “*Aan elkeen van ons is 'n genadegawe gegee volgens die mate waarin Christus die gawes uitgedeel het.*”

Kom ons som nou op wat Efesiërs 4:16 beteken: Wanneer dit sê dat die “*hele liggaam die groei van die liggaam bevorder, wanneer elke lid behoorlik funksioneer*” dan bedoel dit dat al die lidmate gawes het, en al daardie gawes is daar om gebruik te word in die opbou van die liggaam in liefde. En *dit* is hoe Christus, die alles voorsienende, bonatuurlike Hoof van die Liggaam, sy liggaam opbou en daarvoor sorg. Ook *hy* bou die liggaam op.

Maar kom ek stel die negatiewe sodat julle kan beseftig hoe belangrik hierdie gesamentlike element is: Jou sonde het 'n effek op die groei van die hele liggaam. Selfs jou diepste privaatsonde het 'n effek, of jy dit wil weet of nie. En jou gebruik of nie gebruik van jou gawes het 'n effek op almal rondom jou.

Wat is die *einddoel* van ons gesamentlike groei? Efesiërs 4:15 sê: “... *ons sal in liefde by die waarheid bly en so in alle opsigte na Christus toe groei.*”

Sien julle dit? Dit is die doel van Kerk-wees, van lidmaat wees. Dit is waarvoor jy in jou gemeente is. Ons moet soos Jesus word. Ons saam moet word dit wat Jesus was in sy Persoon. In Hom was al die gawes saamgevat in een Persoon. In ons is dit versprei, maar dit moet so saam gebruik word dat ons een liggaam is. En as dit gebeur dan begin ons natuurlik 'n sendingkerk, missionêr word want dan kan ons beweeg in watter dorp of stad ons ook al is, soos Jesus hier sou beweeg het en verandering sou bring.

Maar ons moet verander, en ons moet mekaar help om na die beeld van Christus te verander.

Ken julle daardie kinderspeletjies? Dit is 'n boksie met drie stelle kaartjies met verskillende koppe, lywe en bene. Jy kan die verskillende kombinasies bou. Paulus sê die kerk is 'n liggaam met Christus as hoof. Ons werk is om die liggaam te verander sodat dit by die kop pas. En ons kan nie op ons eie daardie liggaam wees nie. Ons kan nie op ons eie volwasse wees nie.

Verandering na die beeld van Christus is 'n Gemeenskapsprojek.

Kom ons kyk na nog 'n paar implikasies hiervan: *Gemeenskap of saam wees in 'n gemeente* is die *Christus- of Godgegewe* konteks vir ons verandering.

Dink net eers oor die Godgegewe / Christusgegewe konteks. God weet wat Hy doen. Hy wil ons verander na sy beelddraers; Hy wil ons soos Christus maak en Hy weet wat die beste manier is om ons te verander. Hy plaas ons in 'n gemeente. 'n Gemeenskap, soos ons hier is, is die *beste konteks vir verandering*, omrede Christus/God dit gegee het. Dit is beter as 'n sielkundige se spreekkamer, of 'n plek van afsondering. Dit is binne

hierdie gemeenskap waar jy so veel moontlik tyd moet deurbring, as jy wil verander.

Efesiërs 4:16 sê letterlik dat die hele liggaam *perfek inmekaar pas* (goed saamgevoeg). Dit is te verwagte as die gemeente die Godgegewe konteks van verandering is. 'n Gemeente is nie 'n toevallige klomp mense wat byeenkom nie. Christus self kies spesiaal elkeen om uiteindelik 'n perfekte legkaart te vorm. Ek en jy sou dalk ander mense gekies het. Maar God het hierdie mense hier geplaas en Hy het hulle onder andere spesifiek hier geplaas en jou by hulle geplaas om jou te verander.

Elkeen van ons moet oortuig wees van dit wat ons in Efesiërs 3:18 sien: *“Mag julle in staat wees om saam met al die gelowiges te begryp hoe wyd en ver en hoog en diep die liefde van Christus strek.”*

Jy is bedoel om *saam met al die heiliges* die hoogte en diepte en breedte en lengte van die liefde van Christus ten volle te begryp. Die waarheid omtrent Christus, wat ons gesien het, bring verandering teweeg. En as ons nou na Efesiërs 4:7-13 kyk sien ons dat Hy aan almal gawes gee.

Hoe groei ons saam?

Eerstens, deur wat ons in mekaar sien. En let wel ons groei nie soseer deurdat ons perfekte Christene rondom ons het wat ons heeltyd reghelp nie. Nee, wat het ons heel aan die begin van hierdie boek gesien? Onthou julle 2 Korintiërs 3:18? *“Ons almal weerspieël die heerlijkheid van die Here, want die sluier is van ons gesig af weggeneem. Ons word al meer verander om aan die beeld van Christus gelyk te word. Die heerlijkheid wat van ons uitstraal, neem steeds toe. Dit doen die Here wat die Gees is.”*

Ons het gesien dat ons in mekaar die heerlijkheid van Christus, dit wil sê sy liefde en nederigheid en ontferming te midde van swaarkry het, en dit verander ons. Maar wat ons ook in mekaar sien is groei en genade. Met ander woorde ons sien dat ander met sonde worstel en na geloof draai, en dit verander ons.

Tweedens, deurdat elkeen 'n funksie vervul.

Kyk na Efesiërs 4:16b, elkeen vervul 'n funksie. Die gawes wat Hy jou gegee het dra by, maar ons moenie eng hieraan dink nie, alles wat jy is en mee stoei en jou mislukking en jou groei dra by tot die gesamentlike groei.

Die punt is eenvoudig dit: Ons het mekaar ontsaglik nodig om 'n gesonde, groeiende gemeente te wees. Almal het jou nodig en jy het almal nodig. Jy moet help om ander te verander. En ander moet help om jou te verander.

Ons besing as't ware saam Christus se lof aan mekaar en elkeen bring 'n unieke stuk harmonie tot die lied. Dink aan 2 Korintiërs 1:3-7: *“Aan God, die Vader van ons Here Jesus Christus, kom al die lof toe! Hy is die Vader wat Hom ontferm en die God wat in elke omstandigheid moed gee. In elke moeilikheid bemoedig Hy ons. Daarom kan ons ook ander bemoedig wat in allerlei moeilikhede verkeer. Ons kan hulle bemoedig met dieselfde bemoediging waarmee God ons bemoedig, want net soos daar vir ons 'n oorvloed van hyding is ter wille van Christus, is daar ook vir ons 'n oorvloed van bemoediging deur Christus. As ons dus in beproewing kom, is dit dat julle bemoedig en gered kan word. As ons bemoedig word, is dit om julle te bemoedig en te versterk, sodat julle met geduld dieselfde hyding kan verduur wat ons ook verduur. En wat julle betref, het ons 'n vaste verwagting: ons weet dat net soos julle saam met ons deel het aan die hyding, julle ook aan die bemoediging deel het.”*

Ons beleef dus God se genade verskillend. En so word elkeen deel van die ryk berading wat ons in die kerk vir mekaar het.

Dink aan 'n koor. Al die koorlede saam is nodig om die koorstuk uit te voer. Jy hoef dit nie op jou eie te doen nie. Jy kan dit nie doen nie. En jy sal moeg raak. Wat ons in die kerk en in 'n gemeente kry, is dat daar volgehou kan word met die koorlied van die waarheid. Ons kan aangaan om die waarheid op te bou en uit te lig, op 'n manier wat geen individu dit kan doen nie. Kom ek verduidelik: As ek moeg word om die waarheid in 'n sekere situasie in te spreek, dat neem iemand anders by my oor. Ons is soos 'n koor wat die lof van Jesus besing. Niemand kan heeltyd die lied voluit op hulle eie sing nie, maar saam kan ons dit doen.

Ons verander natuurlik verder deurdat God mense in die gemeente gegee het wat die Woord kan uitlê, verduidelik (Ef. 4:11). Ons het dit nodig. En dit is hierdie Woord waarmee elkeen toegerus word vir sy/of haar werk

van verandering in die liggaam plaasvind (Ef. 4:12). Die dominee is nie veronderstel om elkeen te gaan verander nie. In die gemeente is daar nie sprake van 'n "one man show" nie. En prediking is maar net een afdeling, die stimulant tot al die ander dienswerk van elke lid.

Ons moet met alles in ons wegbeur van die gedagte van die kerk as iets waaraan ek maar moet behoort want dit is maar die ding wat Christene behoort te doen. Breek met enige sulke gedagtes. Breek met enige gedagte wat kerkwees beperk tot Sondae se bywoning van een diens. Ons moet met alles in ons wegbeur van die gedagte van die kerk as 'n plek waar ek vanoggend kan kom sit en kyk of ek hou van die dominee en van wat hy sê, en kyk of ek van die musiek hou. Ek moet ophou kyk of ek hou van wat almal doen, en as ek nie daarvan hou nie, sê ek net, kyk wat doen die kerk, ek gaan 'n ander kerk soek. Breek daarmee, en dink aan die kerk soos wat in Efesiërs 4 beskryf word. Die kerk is 'n plek waar Christus my gebruik om ander te verander en ander gebruik om my te verander sodat ons saam soos Jesus kan word en begin doen wat Hy gedoen het as mens op aarde. Dít is kerkwees.

As ons daardie denkverandering ondergaan, gaan ons nooit sukkel om mense te kry vir ons verskillende dienswerk nie – vir die musiek, vir barmhartigheidsdiens en noem maar op nie; besoeke en saambid en berading sal oral blom.

As Paulus in Efesiërs 4 praat, praat Hy van jou gemeente. Jy kan nie sê: *"Wel dis oulik in teorie, maar my gemeente gaan nooit so wees nie"*.

God het hierdie mense in jou gemeente gegee – vir jou gegee, sodat jy vir hulle kan sorg en hulle vir jou.

Wat as hierdie gemeente nie is wat dit moet wees nie? Wel dit begin by jou. Begin om jou worsteling te deel en begin om die waarheid in liefde te praat.

Kyk na Efesiërs 4:31: *"Moet nooit verbitter of oprlieënd wees of woedend word nie; moenie vloek of skel nie; moet niks doen wat sleg is nie."* Al hierdie gedrag het twee dinge in gemeen: 1) Ander mense is betrokke. 2) Dit is alles

simptome van sondige begeertes, begeertes wat gedwarsboom is of bedreig word. Ons kan dikwels nie sondige begeertes raaksien nie. Maar as hulle deur ander mense geskaad word of bedreig word, wel dan antwoord ons met bitterheid, woede, skinder, ensovoorts.

Een van die wonderlike dinge om deel te wees van 'n gemeenskap, is dat mense oor jou afgode loop. Mense druk jou knoppies. Hulle wen jou op. En dit is wanneer ons reageer met bitterheid, kwaadheid, geïrriteerdheid, en nog vele meer. Dit gee ons die wonderlike geleentheid om ons afgode raak te sien.

Christus gebruik verskillende mense, die kontrasterende persoonlikhede in ons gemeente om ons harte te verander. Hy gebruik “moeilike” mense, irriterende, sondige mense. Hy het ons saam gesit, sodat ons mekaar se growwe kante kan afwerk.

Dit is asof God ons soos klippe in 'n sak gesit het, en nou skud Hy ons saam sodat al die skerp punte afgebreek word en die klippe glad gemaak word. Somtyds spat die vonke, maar geleidelik word ons pragtige gladde edelgesteentes.

As iemand jou dus weer verkeerd opvryf, dink so daaraan: God is besig om my te poleer! God het daardie persoon vir jou gegee in sy liefde, as 'n gawe om jou heilig te maak.

Dus skep geleenthede om kontak te maak en te skouers te skuur met gemeentede! (deel, kuier, praat – so veel as moontlik!). Kan ons ooit genoeg programme skep dat elke persoon betrokke sal wees en een of ander gawe gebruik? Maar dit is waarskynlik nie die regte vraag om te vra nie. Is dit nie meer waarskynlik dat Paulus 'n soort gereelde bymekaarkom van die liggaam in klein groepe gehad het nie? Is dit nie presies wat ons in Handeling kry nie?

Is dit alles so belangrik om te weet? Ek wil sê JA! As ons nie so funksioneer nie, dan gee ons 'n wanvoorstelling van God self! Jy sien, kerkwees hier gaan oor 'n eenheid te midde van verskeidenheid. Dit gaan oor gemeenskap tussen meer as een, op so 'n wyse dat hulle een is.

Wie is God? Hy is drie in een. Vader, Seun en Heilige Gees in perfekte gemeenskap, perfekte kommunikasie, perfekte eenheid. Ons is geskape na sy beeld. Christus is die volkome beeld van God en ons is Christus se liggaam. Die beeld van God in ons word al meer en meer herstel namate ons as 'n verskeidenheid een word. Dit word skeef en krom voorgestel en verbreek as ons nie saam een word nie, en om so een te word dat ons die liggaam van Christus in aksie word, beteken dat ons saam moet verander.

Praat die waarheid en verander!

Ons weet nou: Die hele liggaam laat groei die hele liggaam. En *dit* is hoe Christus ons laat groei om soos Hy te word. Dit is God se plan. Dit is wat Hy wil. Die implikasie is geweldig. Alles wat jy is en doen beïnvloed óf die groei positief óf negatief. Jou sonde, jou gebruik of nie gebruik van jou gawes. Jou groei en ander se groei word geraak. As jy lyf wegsteek, jou gawes wegsteek omrede jy te lui is, veroorsaak jy dat ander nie groei soos hulle moet nie, en jy groei nie soos jy moet nie. Jy het almal nodig, en almal het jou nodig. Dit is dus ontsaglik belangrik dat ons mekaar gereeld sal sien, in mekaar se lewens inbou deur die gawes wat ons ontvang het en deur dit wat God in ons doen in en deur ons eie worstelings. Ons het afgesluit verlede keer deur klem te lê op die feit dat die beeld van God in ons al meer en meer herstel word namate ons as 'n verskeidenheid een word. Soos God as verskeidenheid, Vader, Seun en Gees, een is. Hierdie eenheid word skeef en krom voorgestel en verbreek as ons nie saam een word nie, en om só een te word dat ons die liggaam van Christus in aksie word, beteken dat ons saam moet verander.

Kom ons vra vervolgens die vraag: “Maar hoe sal hierdie eenheid lyk. Waarin moet ons een word?” Wel kyk na Efesiërs 4:13: “*So sal ons uiteindelik almal kom tot die werklike eenheid in ons geloof en in ons kennis van die Seun van God. Dan sal ons, sy kerke, soos 'n volgroeiende mens wees, so volmaak en volwasse soos Christus.*” Jy sien dit behels 'n volwasse word in wat jy weet en glo omtrent Jesus, en dit is lewensveranderend. So ons almal moet volwasse word in wat ons weet en glo omtrent Jesus.

Onvolwassenheid behels wat Efesiërs 4:14 beskryf: “*Dan sal ons nie meer kinders wees nie; ons sal nie meer soos golwe op en af en heen en weer geslinger word deur elke wind van dwaalleer as vals leraars ons met hulle slinksheid en listigheid op dwaalweë wil wegvoer nie.*”

Ons dink dikwels baie eng aan hierdie leuens as groot leerstellige dwalinge. Maar dit gaan oor leuens omtrent God in Christus Jesus (soos die leuen dat Hy nie verstaan nie, nie omgee nie, nie in beheer is van my swaarkry nie, nie krag het omdat Hy my nie liefhet nie dat Hy nie genadig is nie en so meer. Dit maak dat ons ons afgode, in beheer plaas en gewildheid en geld, ensovoorts begin vereer. Gevolglik begin ons met sondige gedrag en negatiewe emosies optree.

Ons moet onthou die wêreld, die vlees en die duiwel fluister vir ons leuens wat baie goed lyk. Volwassenheid is in staat om te sê: ”Nee, wag ’n bietjie, dit is nie die waarheid omtrent God nie. Ek gaan nie so dink of optree nie!”

Maar hoe groei ons saam met mekaar binne die konteks van ’n gemeente? Hoe verander ons saam, sodat ons al meer volwasse kan word in wat ons dink en glo en een sal wees in kennis omtrent wat ons oor Jesus glo en weet.

Kom ons kyk spesifiek na die feit dat ons groei wanneer ons die *waarheid* in liefde spreek. Sonder om ’n lang verduideliking vir te gee, aanvaar asseblief as ek sê dat die ESV die gedagte van die Griekse teks dit die beste weergee, en so ook die NIV. Lees Efesiërs 4:15: “*Rather, speaking the truth in love, we are to grow up in every way into Him who is the head, into Christ...*”(ESV).

Die eerste belangrike punt wat ons moet raaksien is die volgende: *Ons bou mekaar op deur die woorde wat ons sê. Kommunikasie is ontsaglik belangrik.*

Ons moet baie meer bewustelik omgaan met ons woorde. Lees net Efesiërs 4:29. Jy sien, as ons wil verander binne die gemeente, as gemeenskap, moet ons ’n gemeenskap word wat mekaar bemoedig,

mekaar gesond uitdaag, berispe, beraad, vermaan en met die waarheid vertroos.

Ons moet 'n gemeenskap wees waar *elkeen* die waarheid met *elkeen* praat.

Waarom is dit so belangrik om die waarheid te praat? In Efesiërs 4:17-24 herinner Paulus ons *waarom* “die praat van die waarheid in liefde” so sentraal is wanneer dit gaan oor verandering. Hoe doen hy dit? Eerstens herinner hy ons in Efesiërs 4:17-19 dat die onderliggende oorsake van sondige gedrag en negatiewe emosies nuttelose denke is, 'n verstand wat verduister is, 'n onkundige verstand en verharde, afgestompte harte vol losbandigheid.

Met ander woorde, ons bedink of glo leuens in stede daarvan om God se Woord te vertrou. In Efesiërs 5 word daar meer hieroor uitgebrei. In Efesiërs 6 word meer breedvoerig geskryf oor ons begeerte na en aanbidding van afgode, in stede daarvan om God te aanbid.

Lees Efesiërs 4:20-24: “Maar dit is nie hoe julle Christus leer ken het nie. Julle het tog van Hom geboor, en omdat julle sy volgelinge is, is julle onderrig volgens die waarheid wat in Jesus is. Hou dan op om te lewe soos julle vroeër gelewe het; breek met die ou, sondige mens in julle wat deur sondige begeertes verteer word. Julle gees en gedagtes moet nuut word; lewe as nuwe mense wat as die beeld van God geskep is: lewe volkome volgens die wil van God en wees heilig.”

Sien julle dit? *Wat ons verander is die waarheid.* Die probleem is “misleidende begeertes” (Ef. 4:22). Begeertes wat lyk asof dit meer bied as wat God is, maar in werklikheid is dit verslawend. Die antwoord hierop is “die waarheid wat in Jesus is”. Die waarheid van Jesus maak ons vry deur vir ons nuwe begeertes vir God te gee.

Wat Paulus in effek vir hierdie Gemeente en daarom vir my en jou sê is dit: “Noudat julle die valsheid afgelê het, moet julle onder mekaar die waarheid praat, want ons is lede van dieselfde liggaam” (Ef. 4:25).

Paulus sê nie net: “Moenie wit leuentjies vertel nie”. Ons moet valsheid aflê, soos ons die ou self (Ef. 4:22) aflê. Ons moet ophou om leuens te

duld wat tot sondige begeertes lei. Want dit is wat ons dikwels doen. Mense bring hulle misleidende begeertes na ons en ons streel dit. Hulle sê: *“Jig vandag het daai ou by die werk my kwaad gemaak!”* Of: *“Jig vandag het my tuinwerker my woedend gehad. Ek is so kwaad oor die krap op my BMW ek kan slange vang”*.

En in stede daarvan om te vra of hierdie woede nie dalk ’n refleksie is van sondige begeertes wat gedwarsboom of bedreig is nie, wat doen ons? “Haai siestog ou Piet, jong ek sou dieselfde gevoel het en dieselfde opgetree het”. Mense kom kla en murmureer by ons, net soos die gekla van klein kindertjies wie se speelgoed (hul afgode) afgevat of gebreek is, en wat doen ons? Ons kla saam met hulle.

Moenie my verkeerd verstaan nie. Ons moet mense om die lyf vat, hulle laat verstaan dat ons verstaan. Dat ons onder dieselfde versoekings staan. Maar dit moet nie daarby bly nie! Mense vertel vir ons wat hulle begeer en ons bevestig die waarde daarvan vir hulle. Ons sê dikwels in effek: “Ja, dit is ’n afgod wat die moeite werd is om te aanbid!”

Nee, ons moet die waarheid wat in Jesus is met mekaar praat. Ons moet mekaar herinner aan die grootheid en goedheid van God soos geopenbaar in Jesus. Ons moet mekaar herinner aan die Skat in die saailand, waarvoor dit die moeite werd is om alle ander dinge te verkoop.

Ons was eers deur begeertes van die sondige natuur gedomineer, maar nou is ons nuwe skeppings met nuwe begeertes. Ons was eens onder die Satan se beheer, maar nou word ons deur die Gees gelei. Daar was ’n tyd toe ons die stem van die wêreld gehoor het, maar nou het ons die stem van die Christengemeenskap.

Lees Hebreërs 10:24-25: *“Laat ons ook na mekaar omsien deur mekaar aan te spoor tot liefde en goeie dade. Ons moenie van die samekomste van die gemeente af wegbly soos party se gewoonte is nie, maar mekaar eerder aanmoedig om daarheen te gaan, en dit des te meer namate julle die oordeelsdag sien nader kom.”*

Hier sien ons dit weer: Ons kom bymekaar, sodat ons mekaar kan bemoedig. Ons kom bymekaar om die Woord van God “aan mekaar” te verkondig. Ons moet dit wat ons sing, vir “mekaar” sing (Ef. 5:19-20).

Wanneer ons ook al bymekaar is, moet ons mekaar herinner aan die grootheid en goedheid van God, sodat ons in ons harte musiek maak vir God in stede van afgodsbegeertes aanbid.

Wat moet gebeur as ons wil hê dit moet gebeur? Wel eerstens moet ons Sondae by die byeenkoms wees. So eenvoudig soos dit. Maar dit behels meer as net dit. Ons moet ons lewens begin deel. Ons moet omvattend begin kommunikeer. Die wêreld, die vlees en die duiwel kom elke dag op ons afgestorm met misleidende begeertes wat ons vergiftig. En daarom het ons elke dag ’n stewige dosis waarheid nodig om ons geestelike immuniteit op te bou. Hoe? Lees Hebreërs 3:12-13: *“Broers, julle moet toesien dat daar nooit by een van julle ’n verkeerde gesindheid van ongeloof ontstaan en hy van die lewende God afvallig word nie. Maar solank daar nog ’n “vandag” is, moet julle mekaar elke dag aanspoor sodat niemand van julle deur die misleiding van die sonde verhard word nie.”*

Ons harte beweeg elke dag op die rand van ’n toestand van verharding, ongeloof, misleiding. Ons het elke dag mense nodig wat die waarheid met ons kan praat. Tot ons kan spreek.

Ons het mekaar nodig, nie omdat ons pateties is nie, maar omdat God dit so besluit het. En onthou altyd: Die waarheid is die waarheid wat in Jesus is (Ef. 4:21). Ons praat nie van waarheid as blote teenpool van leuens nie.

Ons moet hierdie waarheid *in liefde* spreek. Liefde sonder waarheid is om hartchirurgie met ’n nat vis te doen. Maar waarheid sonder liefde is om hartchirurgie met ’n hamer te doen.

Ons spreek die waarheid effektief slegs in die konteks van liefdevolle verhoudings. Meer nog, ons kommunikeer waarheid nie net deur woorde nie. Ons moet dit ook in ons lewens beliggaam.

Lees 1 Johannes 4:12: “*Niemand het God nog ooit gesien nie, maar as ons mekaar liefhet, bly God in ons en het sy liefde in ons sy doel volkome bereik.*” Ons maak die onsigbare God sigbaar aan mekaar deur ons optrede. Ons moet mekaar vergewe ”soos God ons in Christus vergewe het” (Ef. 4:32). Ons moet mekaar liefhê, “soos Christus ons liefgehad het” (Ef. 5:2).

Onthou weer. Ons is die liggaam van Christus. Daardie oproep, daardie ete – jy is net Christus se hande en voete.

Baie belangrik: jy moet die waarheid verpersoonlik deur vir ander te vertel hoe dit jou lewe affekteer het. As jy iemand by die hospitaal besoek, dan vertel jy vir die persoon hoe jy in jou tyd van nood beleef het dat Romeine 8:28 waar geword het. Hoe die lyding jou verander het om soos Jesus te word.

Hierdie omvattende, liefdevolle kommunikasie is die hart van wat menswees veronderstel is om te wees en daarom aan die hart van Christene moet wees. En dit verander ons na die beeld van die God wat ons gemaak het om soos Hy te wees. Aan die hart van wie God is lê die feit dat Hy nie ’n swygende God is nie. Hy praat. Hy het gepraat en daar het ’n skepping in plek gekom. En as Hy die eerste mens skep praat Hy weer met die mens en gee opdragte en bevele – daarsonder sou die mens nie geweet het wie hy is en wat om te doen nie.

Regdeur die Ou Testament praat God. Sy Woord kom weer en weer na mense. Dit is baie interessant dat die wortel vir die term “woord,” *dbw*, in Hebreeus baie meer as bloot “gesproke woorde” aandui. Die woord kon “kom”, “gesien” word, en is sinoniem met “dade.”

Ons weet dat *Jesus in Persoon* uiteindelik die *Woord van God* genoem word. Hy is God se laaste finale kommunikasie aan die wêreld. En dit is effektief. Jesus bereik presies wat God wil. Hy en die Vader was een. Wat Hy doen het die Vader gedoen. Deur Jesus, God se finale Woord, bereik God wat Hy wil. Baie interessant is natuurlik dat Jesus as die Woord, nie net na mense kom as een wat praat nie. Hy kon gesien word. Hy raak ook mense aan. Hy kom ook nieverbaal as Woord. Hy het ook geweet wanneer om te swyg.

En hierdie Woord sê van Homself: Ek is die Waarheid. En Hierdie Woord kom wys en sê vir ons: God is Liefde.

Laat ons in liefde die waarheid met mekaar praat. En bely.

Dit sal net moontlik wees om die waarheid tot mekaar in liefde spreek, wanneer daar 'n klimaat van openlike belydenis van sonde" in 'n gemeente heers. Dit is d n wanneer daar genesing plaasvind wat tot uiteindelijke verandering lei. Lees wat s  Jakobus: *“Bely julle sondes eerlik teenoor mekaar en bid vir mekaar, sodat julle gesond kan word. Die gebed van ’n gelowige het ’n kragtige uitwerking”* (Jak. 5:16).

Om eerlik met mekaar te wees oor ons sonde is nie so maklik nie. Ons wil geken wees as vreeslik geestelik, as mense wat vreeslik ver op die pad van heiligmaking is. As ons egter wil verander moet ons leer om eerlik te wees met mekaar waar ons werklik geestelik is.

Dit beteken weer dat daar ’n klimaat van genade moet heers. Daar moet ’n klimaat heers waar ek weet dat as ek eerlik gaan wees gaan ek nie verstoot gaan word nie, maar omhels gaan word. Alleen dan kan ons saam verander.

Vir jou stiltetyd:



Maandag: Hebre rs 3:7-19.

- Hoe en hoekom het ons nodig om mekaar daaglik te bemoedig?



Dinsdag: Hebre rs 10:19-25.

- Hoekom kom Christene bymekaar?



Woensdag Efesi rs 4:1-13.

- Hoe en hoekom moet ons die eenheid van die Gees bewaar?

- Hoekom het Christus aan ons elkeen gawes gegee?



Donderdag Efesiërs 4:11-16.

- Wat beteken dit vir ons om saam te groei?
- Hoe moet ons saam groei?



Vrydag Ef. 4:14-25.

- Wat beteken dit om die waarheid in liefde te spreek?
- Hoekom is dit belangrik om die waarheid met ons naaste te praat?



Saterdag Ef. 4:26-5:2.

- Hoe behoort ons mekaar te dien in die Gemeente (Christen gemeenskap).

□ Is jou gemeente 'n gemeente van genade?:

- *Is mense openlik oor hulle sonde of bestaan daar 'n kultuur van voorgee?*
- *Word gebroke mense aangetrek na ons gemeente?*
- *Word konflik onderdruk of mee gehandel?*
- *Word vergifnis en versoening aktief nagejaag?*
- *Draai ons gereeld weer na die kruis in ons gesprekke, gebede en lofprysing?*

Hoofstuk 10

Laaste gedagtes...

Om “heilig” te word beteken nie om hoe langer hoe sondeloser te word nie. Dit beteken juis om hoe langer hoe meer bewus te word van ... hoe sondig ons diepste gedagtes en motiewe en standpunte en strewes in werklikheid is.

(Dirkie Smit)



Neutedop samevatting

Die Christelike lewe is ten diepste die najaag van eenheid met Jesus Christus. Dit beteken die krag om swak te wees. Krag om swak genoeg te wees om lief te hê. Barmhartig te wees. Hierdie lewe van barmhartigheid, prakties deur middel van alles wat ons met ons liggame doen, is die geestelike lewe wat God van ons soek. Dit is hoe ons God aanbid op 'n manier wat Hom behaag.

☞ *Hoe sal ek weet ek het verander?*

📖 Filippense 3

“Hoe sal ek weet dat ek verander het?” Heel aan die begin van hierdie boek het ons implisiet, maar net baie vlugtig daarna gekyk, toe ons gekyk het na wat die doel is waarom ons verander. Ek wil hê ons moet nou bietjie dieper daarop ingaan. Ek wil hê ons moet kyk na hoe iemand wat verander het dink. Hoe dink hy/sy oor homself /of haarself. Hoe redeneer hy. Wat is sy hele uitkyk op die lewe? En ek dink nie dat daar 'n beter plek is om te gaan kyk hoe ek sal weet of ek verander het, as juis Filippense 3 nie.

In Filippense 3:15 maak Paulus die volgende stelling: *“Ons almal wat geestelik volwasse is, moet hierdie gesindheid hê.”* Hy sê dus mense wat geestelik volwasse is, moet die *gesindheid* hê wat hy het. Sien julle dit? Die 1953 vertaling lees soos volg: *“Laat die wat volmaak is hierdie gesindheid hê”*. As jy dus hierdie gesindheid het waarvan Paulus praat kan jy verseker wees dat jy

verander het, of hoe? Geestelike volmaaktheid, geestelike volwassenheid! Dit is tog die hele doel van verandering.

Kom ons probeer eers vasstel wat die gesindheid is waarvan Paulus praat. Kyk na Filippense 3:12: *“Ek sê nie dat ek dit alles al het of die doel al bereik het nie, maar ek span my in om dit alles myne te maak omdat Christus Jesus my reeds Syne gemaak het.”*

Ons sien dat hierdie gesindheid wat dui op verandering, ja op volwassenheid, in die eerste plek een is van geestelike nederigheid of realisme. Lees: *“Ek sê nie dat ek dit alles al het of die doel al bereik het nie ... Broers, ek verbeel my nie dat ek dit alles al het nie”* (Fil. 3:12a & 13a).

As jy dus wil weet of jy verander het: Iemand wat verander het, is diep bewus van die feit dat hy nog nie verander het soos hy moet nie. Dit is dus uiters gevaarlik om by 'n plek te wees waar jy voel daar is geen verandering meer nodig nie. En in die konteks van Filippense was daar waarskynlik mense wat die indruk geskep het dat as jy sekere uiterlike dinge soos besnydenis ensovoorts nagekom het, jy volwassenheid bereik het. Dan het jy dit. Paulus sê egter: Nee, die volwasse Christen het nie daardie tipe denke nie. En as 'n mens dink aan alles wat Paulus beleef het. Hy het die opgestane Jesus ontmoet, hy is weggeruk tot in die derde hemel, hy het wonders en kragte, wonderlike bekerings beleef, gemeentes geplant. Maar hy sê: Ek is nog nie daar waar ek moet wees nie. Jy sien, die Christen wat verander het, die volwasse Christen, is iemand wat nooit dié gesindheid het van “ek is nou daar” nie.

Hy sê nie “ek kan nou net rustig dryf” nie. Ook nie “wat ek is en het, is al wat daar in Christenskap is” nie. En dit waarsku ons dat ons nooit moet dink dat daar so iets is soos 'n enkele krisisbeleving wat my eensklaps op 'n vlak bring waar ek volmaak is en niks verder nodig het nie. Waar ek nie verder hoef te verander nie. Nee, die Christelike lewe is 'n lewenslange wedloop. Dit is natuurlik ook geweldig bemoedigend aan die ander kant om te weet dat Paulus se volwassenheid het nie beteken dat hy 'n punt bereik het waar hy alles het nie. Dit gee ons dus hoop.

Maar baie belangrik, alhoewel die Christen wat verander het, nie voel dat hy alles al bereik het nie, het hy nie die gesindheid van: “ag, ek dink nie ek

sal ooit verander nie”. Hy dink nie dat jy maar net so aangaan met hierdie middelmatige Christenskap nie. Nee, as mens verander het, moet jy jou inspan om meer te verander.

Geestelike volwassenheid het alles te make *met ’n ingesteldheid van inspanning. ’n Soek na alles wat vir my as Christen moontlik is.* Die Christen wat volwasse is, wat verander het, het nie die tipe denke wat vandag baie gewild is nie naamlik: Iemand moet net Christus aanneem dan is alles reg. Jy moet net mense kry dat hulle ’n gebed bid en Jesus aanneem. En dit is dit. Nee, die Christen wat verander het, weet dat daar baie meer is en hy/sy wil dit hê!

Maar hoe soek Paulus dit, hoe jaag hy na meer? Wel, deur *een* ding op sy brein te hê, naamlik dit wat ons in Filippense 3:13b lees: “*Maar een ding doen ek*”. Hy is nie dan besig met dan dit en dan weer met dat nie. Hy het een ding waarmee hy besig is in sy lewe. Hoe lyk dit as jy met hierdie een ding besig is?

Vergeet wat agter is

Iemand wat verander het, wat met een ding besig is, *vergeet wat agter is* (NAV). Hy maak hom los van wat agter is (Fil. 3:13b). In die eerste plek verwys “dit wat agter is” verseker na dit wat Paulus se lewe gekenmerk het voor hy tot geloof gekom het. En wat was dit? Gaan lees maar weer... “*Tog sou ek ook op uiterlike dinge kon vertrou. As iemand meen dat hy op uiterlike dinge kan vertrou, ek nog meer: ek is op die agste dag besny, van geboorte ’n Israeliet, uit die stam Benjamin, ’n egte Hebreër, in wetsopvatting was ek ’n Fariseër, in my ywer ’n vervolger van die kerk, in onderhouding van die wet van Moses om vryspraak te kry, onberispelik.*”

Met ander woorde, die hele lewensuitkyk, die hele waardesisteem wat die *wêreld* het moet jy vergeet. Vergeet die sisteem waar dit saak maak wie jy is, waar jy vandaan kom, wie jou ouers is, wat jou beroep is, hoe ver jy gestudeer het. Die hele waardesisteem wat die *godsdienstige* mens het, moet jy agter jou los. Vergeet van “ek moet dit, ek moet dat, dan sal...” Vergeet van al die dinge wat jy gedoen het en gedink het jou betekenisvol maak, en maak dat jy eintlik iets werd is. Die persoon wat verander het, vergeet dit!

Omrede Paulus nie eksplisiet sê wat dit is wat hy vergeet nie, beteken die dinge wat agter is, wat hy vergeet, verseker alle *geestelike suksesse en mislukkings*. Herinnering aan sukses kan jou selftevrede en gemaklik maak. Die ou wat verander het besef hoe gevaarlik dit is vir verandering. Herinnering aan mislukkings kan jou hopeloos en verlam maak in jou najaging van God. Moet nooit op daardie manier terugkyk nie. Dank God nederig vir jou sukses, bely nederig jou mislukkings van die verlede. Onthou, jou sondes van die verlede is weggewerp in die dieptes van die see. Moet nou nie weer 'n duikpak aantrek en agter dit aan duik nie! Nee, los dit. Ten diepste moet jy dit los, want solank jy agtertoe kyk kan jy nie vorentoe kyk nie!

En dit bring ons by die tweede manier hoe Paulus jaag na meer:

Strek uit na wat voor is

'n Goeie teken dat jy verander het, is dat jy jou *uitstrek* na wat voor is. Wat is dit waarna hy presies uitstrek? Wel, kyk na Filippense 3:10. Wat jy wens is wat voor jou is, nie waar nie. En wat is dit? Om Christus te ken. Die persoon wat verander het, het nie in die eerste plek 'n begeerte om anders te wees ter wille van anders wees nie. Hy wil nie verbeter omdat hy weet hy moet verbeter nie. Hy wil nie net meer openbaring en meer belewings hê nie. Nee, hy wil Christus ken. Hierdie ken is 'n baie intieme ken. Julle sal weet in die Bybel is die woord vir seksuele gemeenskap ook ken. Dit is 'n intieme ken, 'n belewingsken, dit is om een te word met iemand. Die Christen wat verander het en volwasse is, het 'n begeerte om een te word met Jesus Christus.

Dit is maklik om hier te sê: “O, natuurlik. Dit is my passie.” Maar toets jouself. Hoekom? Want hierdie passie, om een te word met Jesus, is nie 'n natuurlike passie nie, dit is nie 'n natuurlike begeerte nie, daarom moet jy jouself toets.

Ons almal weet wat dit beteken om as't ware beweeg te word deur misterieuse dwingende magte, wat iewers vanuit ons diep binneste opkom. Ons noem dit begeerte of passie.

Die vraag is dit: wat is jou begeerte of passie, want dit is wat jy sal najaag. Wat is dit regtig? Vir sommige mense verskyn die mees dwingende begeerte aan die *etenstafel*, waar die “opwelling” om hulle te ooreet (of deesdae, niks te eet) hulle op ’n irrasionele manier verteer. Is dit jou passie?

Vir ander ontspring hulle begeerte *om te koop en te besit* by die winkelsentrum, waar winkels elke denkbare materiële fantasie ten toon stel. Is dit jou passie, is dit wat jy najaag?

Vir ander kom die kragtigste begeertes na vore in die *eensame privaatheid van hulle hotelkamers*, waar die eenvoudige druk van ’n knoppie die televisieskerm vul met magnetiese vulgariteit. Val jy dalk in daardie kategorie?

Vir ander weer is begeerte na sukses die sterkste begeerte en passie. Gevoelens van jaloesie, aangehits deur die nuus van ’n ander persoon se sukses, veroorsaak ’n obsessie om dit te “maak”. Dalk is dit waar jou passie lê.

Vir nog ander is *woede* die sterkste passie. Mans voel of hulle kan ontplof as hulle die tjekboek oopmaak en sien dat daar al weer ’n kontantjek uitgemaak is. Vrouens kook stilweg wanneer hulle mans meer met besigheidsvriende as met hulle praat.

Daar is natuurlik ook die wat *voorgee dat hulle geen sterk begeertes* het nie.

Ek wil waag om te sê dat mense wat geen diep begeertes het nie, het *dit bloot begraaf*; daar is verskillende metodes om dit te doen. Hoe dit ook al na buite mag lyk, elke mens is passievol betrokke in die najaag van iets. Jy ook. Ons mag dit dalk niks meer voel as wat ons voel dat die aarde onder ons voete draai nie, maar dit is daar, en dit affekteer ons lewens sedert die tyd toe Adam en Eva uit die paradys gejaag is.

Wat is dit? Ons mees natuurlike begeerte is om lewe buite die tuin van Eden ’n bietjie meer te maak soos wat ons dink die lewe binne sou wees.

En daarom is die kans goed dat van ons dalk meer toegewyd en toegespits daarop is om hierdie lewe te laat werk as om God en Christus te ken. Ons natuurlike geneigdheid is om Christus net te gebruik om ons teenswoordige lewens te verbeter. Dalk is jy nog 'n burger van hierdie wêreld, met twee doelwitte, naamlik (1) om 'n manier te vind om hierdie teenswoordige lewe van jou te verbeter en (2) om mense en dinge te beïnvloed om saam te werk hierin.

Maar hoe lyk die persoon wat geestelik volwasse is, wat verander het? Hy het een passie, naamlik om een te word met Jesus Christus: Is dit hoe jy is? Het jy al verander?

Maar wat beteken dit? *“Al wat ek wens, is om Christus te ken, die krag van sy opstanding te ondervind”* (Ef. 3:10).

Om die krag van sy opstanding te ondervind. En ek dink ons almal sal sê “Ja! Ek wil daardie krag ondervind wat Jesus vanaf 'n lewenslose liggaam tot 'n lewende kragtige middelaar verander het.” Ons wil sterk wees, ons wil oorwinnaars wees. Maar dit kan so maklik weer wees om hierdie krag te sien as iets wat my gaan help om hierdie teenswoordige lewe van my te verbeter en tweedens om mense en dinge te beïnvloed om saam te werk hierin.

Maar let op: Die sin is nie klaar nie, *“en deel te hê aan sy lyding deur aan Hom gelyk te word in sy dood”*. Geweldig. Die opstandingskrag is die krag om te ly en te sterf. Daar is heelwat ander gedeeltes wat dit duideliker maak wat dit hier en nou beteken. Kyk na die volgende tekste:

- 2 Korintiërs 13:4: *“want al is Hy gekruisig in die swakheid van 'n mens, Hy leef uit die krag van God. En in Hom is ons ook swak, maar saam met Hom sal ons uit die krag van God lewe. Dit sal julle sien”*
- Kolossense 1: 11: *“Mag God deur sy wonderbare krag julle alle sterkte gee om in alle omstandighede geduldig te volhard.”*
- 2 Timoteus 1:7-8: *“Die Gees wat God ons gegee het, maak ons immers nie lafhartig nie, maar vul ons met krag en liefde en selfbeheersing. Jy moenie*

skaam wees om die boodskap van die Here te verkondig nie; en moet jou ook nie skaam vir my wat om sy ontwil 'n gevangene is nie. Intendeel, dra jou deel van die ontberings vir die evangelie met die krag wat God jou gee."

Dit beteken alles per definisie die *krag om swak* te wees. Iemand wat verander het, het die krag om swak te wees. Is dit die krag wat jy al hoe meer beleef, in die tyd wat jy besig is om hierdie boek te lees? Die krag om swak te wees. Want om lief te hê en te dien soos Jesus beteken om die krag te hê om swak te wees.

Dit beteken twee dinge vir ons:

- 1) Dit beteken om ons krag, ons regte, ons status eenkant toe te skuif. Ons word slawe, diensknegte van ander. Ons kyk nie meer rond om gedien te word nie. Nee, in stede daarvan kyk ons uit om te dien en ons lewens vir ander te gee. Ons jaag nie meer bevoorregting en status en invloed na nie. Nee, ons ag ander beter as onself en plaas hulle belange bo ons belange.
- 2) Krag om swak te wees beteken dat God ons swakheid, gebrokenheid en dwaasheid gebruik. Hy gebruik nie supersterre nie. Hy gebruik gewone, swak breekbare mense soos ek en jy. Gaan lees en bedink net weer 2 Korintiërs 4:7-9; 12:9.

Gemeet aan wat Paulus hier sê: Het jy al verander?

As jy nou bely dat jy kind van God is, dan het jy per definisie teen al die begeertes van die wêreld en van godsdiens gekies. Jy het gesê ek draai my rug daarop. Maar miskien, stadig maar seker het jou passie, jou najaag verskuif vanaf Jesus na die dinge wat nou genoem is. Wel, dan kom die oproep nou hard en duidelik. Jaag God na, jaag Jesus na. Ontwikkel 'n passie vir Hom. Dit sal beteken dat baie van ons op ons knieë moet kom, skuld moet bely, moet regmaak voor die Here.

En as jy skuld bely het en jou bekeer het, onthou: Die Christelike lewe is bedoel om al heerliker en heerliker te word, ja hier op aarde, selfs te midde van die lyding en sterwe saam met Christus.

☞ *Veranderde lewens is offers vir God*

📖 **Romeine 12:1-2**

Jy het nou gesien hoe jy kan toets of jy wel al verander het, of jy 'n volwasse Christene is. Ons het Filippense 3 onder die loep geneem. Ons het gesien iemand wat volwasse is, wat verander het, weet hy/sy het nog nie gearriveer nie, maar so 'n persoon het een passie, en dit is om Christus te ken met 'n belevingseenheid. Om een te word met Hom, in sy opstanding. Om sy opstandingkrag te beleef. Maar, hierdie krag het ons gesien, is 'n krag om swak te wees. Die persoon wat verander het, het die krag om swak te wees, om dus in plaas van om gedien te word, te dien, barmhartig te wees, liefhê te hê, soos Christus die Een aan wie alle krag en mag behoort, swak was ter wille van ons.

Ek wil nou ten slotte net seker maak dat jy sal verstaan dat hierdie barmhartigheid, hierdie opofferende liefde waarvoor ons krag ontvang, *alles te make het met ons aanbidding van God*. Ons moet nie ons aanbidding van God, ons “geestelike lewe” en hierdie veranderde gedrag van barmhartigheid, opofferende liefde *los* van mekaar sien nie. Met ander woorde, hier is my veranderde gedrag, maar dan soek God *ook nog* geestelike aanbidding van my nie. Ja, dit is goed vir 'n Christen om te verander, maar jy moet daarom jou geestelike aanbidding ook bybring. Ek wil verhoed dat ons worstel met: “Wat is nou die belangrikste?”

En ek wil verhoed dat iemand sal sê: “*Ag, ek dink nie die verandering-ding is vir my nie, ek geniet my stiltetyd met die Here!*”

Nee, ek wil hê ons moet iets wonderliks raaksien hier in Romeine 12.

Inleidend

Paulus kom hier en hy doen 'n oproep, 'n beroep op sy lesers in die lig van die groot ontferming, letterlik, die groot barmhartighede van God. Die groot barmhartighede van God is dit wat ons kry in die eerste 11 hoofstukke

Die opsomming van Romeine 1-11 is die barmhartighede van God. Die onvoorwaardelike liefde aan diegene wat die teenoorgestelde verdien. God was barmhartig teenoor ons, Hy het onvoorwaardelike liefde aan ons bewys, ons wat die teenoorgestelde verdien. Hy was ons barmhartig deur die dood en opstanding van Jesus. En as gevolg daarvan, as gevolg van Christus, is diegene wat in Hom glo geregverdig en het die hoop van ewige vreugde.

'n Lewe van barmhartigheid

Bou dus jou lewe op hierdie barmhartigheid. Dit is waarvoor ons opgeroep word. Sink jou wortels in hierdie barmhartigheid in – en wat sal gebeur? Jou lewe sal oorfloei met barmhartigheid. Romeine 12 is vol van barmhartigheid. Kyk: *“Die liefde moet opreg wees. Verafsku wat sleg is en hou vas aan wat goed is. Betoon hartlike broederliefde teenoor mekaar; bewys eerbied teenoor mekaar en wees mekaar daarin tot voorbeeld Help die medegelowiges in hulle nood en lê julle toe op gasvryheid. Seën julle vervolgers, ja, seën hulle, moet hulle nie vervloek nie”* (Rom. 11:9-10, 13-14 en verder)

Dit is die verandering waarna ons smag. Is dit nie? Paulus wys dat as jy jou lewe bou op barmhartigheid, sal dit gebeur. En ons het gesien ons moet ons harte vul met die waarhede omtrent God se barmhartigheid, sodat ons in die lig daarvan sal begin reageer in moeilike tye.

Maar eerstens, 'n lewe van aanbidding

Daar is iets baie betekenisvol in Romeine 12:1. Voordat Paulus ons nuwe lewe as barmhartig beskryf, beskryf hy dit as *aanbiddend*. Voor jy dink dat die Christelike lewe alles te doen het met barmhartig wees, liefde bewys teenoor die wat die teenoorgestelde verdien, besef dat dit alles te doen het met aanbiddend wees teenoor God. Dit beteken letterlik “*spiritual worship*.” Voor ons onself weggee in barmhartige liefde aan mense, gee ons onself weg in aanbidding van God.

Dit is baie belangrik om dit raak te sien. Ons moet nooit toelaat dat die Christelike lewe wegdryf tot bloot 'n sosiale agenda nie. As God uitgelaat word, sal ons barmhartigheid bloot 'n sosiale agenda wees. Ons doen op die einde geen goed as ons nie aanbiddend is en ander tot aanbidding lei in die handeling van barmhartigheid wat ons doen nie. Wat beteken dit? As ons goeie dae nie die waarde van God uitdruk nie, is ons dae nie aanbiddend nie, en sal op die ou end nie barmhartig wees nie. Om mense gemaklik te maak of om hulle te help om goed te voel op die weg na ewige verdoeming, sonder die hoop en bedoeling dat hulle Christus in ons goeie dae sien, is nie barmhartigheid nie. Barmhartigheid moet ten doel hê om baie van Christus te maak. Hoekom? Want niemand word gered wat nie baie maak van Christus nie. En om nie om te gee oor redding nie, is nie barmhartig nie.

Dit is daarom absoluut noodsaaklik dat Paulus aanbidding voor barmhartigheid plaas en dat hy die Christelike lewe definieer as aanbiddend voor hy dit as barmhartig definieer. As ons nie aanbiddend in ons gedrag is nie – dit wil sê as ons nie baie maak van God se barmhartigheid in Christus en saam met ons gedrag nie – wel dan gee ons nie vir mense wat hulle die nodigste het nie. En dit is nie barmhartig nie. 'n Barmhartige lewenstyl is afhanklik van 'n aanbiddende lewenstyl.

Voor Paulus die Christelike lewe definieer as 'n lewenstyl van veranderende gedrag vol van barmhartigheid, definieer hy dit as aanbiddend.

Kom ons kyk nou van naderby na wat Paulus bedoel met 'n lewenstyl van aanbidding. Ek dink die ESV het die gedagte van die Grieks hierdie beste weergee (vgl. ook die NIV): *“I appeal to you therefore, brothers, by the mercies of God, to present your bodies as a living sacrifice, holy and acceptable to God, which is your spiritual worship.”* (Rom.12:1)

Wat is geestelike aanbidding dan nou?

Geestelike aanbidding: die gee van 'n offer aan God

Eerstens sê Paulus dat dit die gee van 'n offer aan God is. *Gee julle liggame... offer.* Dit is die taal van aanbidding vanuit die Ou Testament. In die toenadering tot God bring die aanbieder 'n skaap of bul of duif en offer dit op die altaar as 'n offerande aan God. Daar was verskillende soorte offers, maar aan die hart daarvan lê die feit dat sonde *straf vereis* en dat die geslagte dier staan vir God *se gewilligheid* om 'n plaasvervangende offer te aanvaar, sodat die aanbieder mag lewe en 'n voortgaande verhouding van vergiffenis en vreugde met God kan geniet.

Al die Ou Testamentiese gelowiges het geweet dat die bloed van bulle en skape nie sonde kan wegneem nie (Hebreërs 10:4). Hulle het as't ware verby hulleself gewys na Christus, wat die finale offer vir sonde was. Paulus sê in 1 Korintiërs 5:7: *“Christus, ons Paaslam is vir ons geslag.”* Dit was die finale offer vir sonde, omrede dit perfek en genoegsaam was vir almal wat glo. Hebreërs 10:12 stel dit die duidelikste: *“Maar Jesus Christus het één offer vir die sondes gebring en vir altyd aan die regterband van God gaan sit.”* Christus het al die Ou Testamentiese offerandes vir sonde tot 'n einde gebring. Hy het die groot werk van versoening voltooi. Daar kan nie verbeter word op sy dood nie. Al wat ons te doen staan is om Hom te vertrou vir daardie groot werk. Ons voeg nie by nie.

As Paulus sê dat ons aanbidding is om ons liggame as 'n offer te gee bedoel hy *nie dat ons op enige manier kan versoening doen vir ons sonde nie*.

Wat bedoel hy dan? Wel kom ons kyk na die 4 woorde wat hy gebruik en kyk wat elkeen bydra tot die verstaan van 'n lewenstyl en veranderde gedrag van daaglikse aanbidding: *liggame, lewend, heilige, God -aanvaarbare*

Liggaam

Dit gaan hier nie om jou liggaam vir God te gee en nie jou denke en hart of gees nie. In Romeine 12:2 praat hy duidelik van die vernuwing van jou denke. Die punt wat hy wil beklemtoon is dat jou liggaam belangrik is. Jy behoort aan God, siel en liggaam, of jy behoort glad nie aan Hom nie. Jou liggaam is belangrik.

Iemand mag dink: Hoekom sal God belangstel in my liggaam? Dit is oorgewig, of ondergewig, verkeukel, vol vlekke, en spatate, styf, vol blou kolle, vol pyne, vol skete, senuweeagtig, impulsief, onaantreklik, lui, gebreklik, bysiende, hardhorend. Watter soort offerande is dit? Die Ou Testament beveel 'n lam sonder gebrek. Ek maak dit nie.

Daardie soort denke mis natuurlik die punt. Die offer van ons liggame aan God is nie 'n offer vir sonde nie. Dit is alreeds gedoen in die offer van Christus. En dit is juis hoekom liggame soos ons s'n aanvaarbaar is. Petrus maak dit baie duidelik in 1 Petrus 2:5 waar hy iets soortgelyks as Romeine 12:1 sê en dan voeg hy by: "*deur Jesus Christus*". Dit is as gevolg van Jesus dat ons offers aanvaarbaar is voor God.

Kry dus enige gedagte dat jou liggaam ooit enige aanvaarbaarheid voor God kan verdien uit jou kop. As jy aanvaarbaar is, is dit deur Jesus Christus. Deur sy volmaaktheid, nie joune nie.

Maar hierdie soort denke mis die punt op nog 'n wyse. Die offer van ons liggame het nie te make met die voorkoms van ons liggame se nie, *maar ons liggame se gedrag*. In die Bybel is die liggaam nie betekenisvol as gevolg van hoe dit lyk nie, maar as gevolg van dit wat dit doen en hoe dit optree. Die liggaam is vir ons gegee om die skoonheid van Christus sigbaar te maak.

En onthou dat Christus in die uur van sy grootste skoonheid, aaklig was om na te kyk. Jesaja 53:2-3 beskryf Hom: *"Die skoonheid van Jesus Christus is die skoonheid van liefde, nie die skoonheid van voorkoms nie. Sy skoonheid en prag was die skoonheid en prag van offerande, nie vel nie."*

God doen nie 'n oproep vir ons liggame omrede Hy modelle wil hê vir Huisgenoot of watter tydskrif ook al se voorblad nie. Hy doen 'n oproep om ons liggame omrede Hy modelle van barmhartigheid wil hê. Ek dink ons moet bid dat God se perspektief op ons liggame diep ingebed sal word in ons seuns en dogters – en onself – as 'n teenvoeter vir al die soorte eetversteurings wat so baie jong meisies en selfs jong manne pla. Wat God van ons wil hê is 'n liggaam wat barmhartigheid beoefen, nie die liggaam van Ryk Neetling of Britney Spears nie.

God wil sigbare, uitgeleefde, liggaamlike bewyse hê dat ons lewens gebou is op sy barmhartigheid. Net soos aanbidders in die Ou Testament hulleself sekere aardse skatte ontsê het, byvoorbeeld 'n skaap, bok of bul en hulle offer na die altaar van bloed en vuur gedra het, so verloën ons onself sekere aardse skatte van gemak, of veiligheid, of aansien, en dra ons self – ons liggame – vir Christus onthalwe na die plekke en die verhoudinge en die krisis in die wêreld waar barmhartigheid nodig is. Dit mag ons eie huis wees, of dit mag Indië wees.

Lewend

'n Lewe van sigbare, uitgeleefde, fisiese optrede van barmhartigheid mag lei tot die dood van 'n gelowige. Daar was nog altyd martelare. Maar dit is

nie hoofsaaklik wat Paulus hier in gedagte het nie. Hy het 'n lewenstyl in gedagte. Gee julle liggame as lewende offers. Dit is jou lewe wat die handeling van aanbidding is.

Laat elke ding wat jou liggaam doen 'n handeling van aanbidding wees. Dit beteken, laat elke handeling, elke ding wat jy doen met jou lewende liggaam 'n demonstrasie wees van die feit dat God jou skat is. Laat elke handeling van jou liggaam wys dat Christus meer kosbaar is vir jou as enige iets anders. Laat elke optrede van jou liggaam 'n doodsvonnis wees oor alles wat Christus onteer.

Heilig

Waarskynlik die beste verduideliking van heilige liggame kom uit Romeine 6:13 waar Paulus basies dieselfde ding sê wat hy hier sê oor lewende offers: *“Julle moet geen deel van julle liggame in diens van die sonde stel as 'n werktuig om goddeloosheid te bedrywe nie. Nee, stel julle in diens van God as mense wat dood was maar lewend gemaak is, en stel elke deel van julle liggame in diens van God as werktuig om te doen wat God wil.”*

“Gee julleself as lewende heilige offers aan God,” beteken gee jou ledemate – jou oë, jou tong, jou hande en voete – gee jou liggaam vir geregtigheid, nie vir sonde nie. Dit is wat 'n liggaam heilig maak. 'n Liggaam is nie heilig op grond van hoe dit lyk nie, of in watter toestand dit is nie, maar op grond van wat dit doen. Is dit 'n fisiese instrument van 'n honger na geregtigheid? Is dit die fisiese instrument van sagmoedigheid en barmhartigheid en vrede?

Hier is drie voorbeelde waar die liggaam gebruik word as instrument van geregtigheid en barmhartigheid (uitreikende liefde) en 'n offer genoem word.

Filippense 4:18:” *Maar ek het alles ontvang en ek het meer as genoeg. Noudat ek van Epafroditos ontvang het wat julle gestuur het, het ek alles wat ek nodig het. Julle gawe is voor God ’n offer met lieflike geur, vir Hom aanneemlik en welgevallig.*” Met ander woorde, julle werk en bydrae en Epafroditos wat hierdie geskenk vir my gebring het, is ’n offer van aanbidding tot God. Dit wys God se waarde in julle harte.

Hebreërs 13:15: “*Laat ons dan onophoudelik deur Jesus aan God ’n offer van lof bring, dié lof wat aan Hom gebring word deur die lippe wat sy Naam bely.*” Wanneer die lippe die hart bystaan in die lof aan God, word die liggaam ’n heilige, lewende offer.

Hebreërs 13:16: “*Moenie nalaat om goed te doen en mededeelsaam te wees nie, want dit is die offers wat vir God aanneemlik is.*” Wanneer jy dinge, in Jesus se naam, met jou mond, of jou hande, of jou teenwoordigheid bely, word jou liggaam ’n heilige, lewende offer van aanbidding. ’n Liggaam word ’n heilige offer van aanbidding wanneer dit toegewyd is aan God se doelwitte van geregtigheid en barmhartigheid, opofferende liefde.

Aanvaarbaar voor God

Voeg dit enige iets by die woord “heilig”? As die offer van jou liggaamlike lewe heilig is, is dit tog aanvaarbaar voor God? Wat voeg hierdie woorde by? Wel dit voeg *God* by. Dit maak God eksplisiet. Dit herinner ons dat die rede waarom heilighouding en verandering saak maak, is as gevolg van God! Hierdie woorde *herinner* ons dat al hierdie woorde ’n handeling van aanbidding beskryf en God is die middelpunt van aanbidding.

Dit is dus gepas dat ons eindig, soos ons begin het en beklemtoon dat voor Romeine 12 ons oproep tot ’n barmhartige lewe van uitreiking, liefde teenoor diegene wat dit nie verdien nie, roep dit ons op tot ’n lewe van aanbidding

In die oproep om 'n barmhartige lewe, 'n veranderde lewe (wat gebaseer is op die barmhartighede van God in Christus) is die doelwit om 'n aanbiddingsvolle lewe te wees. Nog meer: 'n Lewe vol veranderde gedrag en emosies van barmhartigheid, opofferende liefde waarin ons lewende, fisiese liggame gebruik word, is ons geestelike aanbidding van God.

Die doel van barmhartigheid, en van 'n veranderde lewe, is om God ten toon te stel. Die doel van die hê van liggame is om die heerlikheid van God meer sigbaar te maak. En Hy skyn nie deur ons spiere en kurwes nie, maar deur ons barmhartige gedrag. Dit is ons gedrag van opofferende liefde aan diegene wat die teenoorgestelde verdien.

Kom ons eindig met twee stellings van die apostel Paulus:

Eerstens, sy eie getuigenis van wat sy begeerte is: Filippense 1:20: *“Dit is my vurige verlange, en daarna sien ek uit, dat ek niks sal doen waaroor ek my sal hoef te skaam nie. Ek wil ook nou, soos nog altyd, met alle vrymoedigheid deur my bele wese Christus verbeerlik in lewe en in sterwe.”*

Tweedens, sy vermaning aan ons uit 1 Korintiërs 6:19-20: *“Of besef julle nie dat julle liggaam 'n tempel van die Heilige Gees is nie? Julle het die Heilige Gees, wat in julle woon, van God ontvang, en julle behoort nie aan julleself nie: julle is gekoop, en die prys is betaal. Julle moet God dus in julle liggaam verbeerlik.”*

Die verandering van gedrag en emosies het alles te make met aanvaarbare, geestelike aanbidding voor God. Moenie jou verandering en aanbidding in jou kop of in jou gedrag skei nie. En moenie aan verandering van gedrag net dink as jou woorde nie – dit het te make met alles wat jy as lewende wese is. Dit is waarvoor jy geskep is. Dit is die doel van jou lewe. Dit is die toppunt van die verandering waarvoor jy bedoel is. En dit is moontlik!

Bronne

- Bonar, H. 1979. God's Way of Holiness. Evangelical Press.
- Bridges, J. 1994. The Disciple of Grace. NavPress.
- Chester, T. 2008. You can change. IVP.
- Flavel, J. 1999. Keeping the Heart. Christian Heritage.
- Keller, T. 2006. The Sufficiency of Christ and the Gospel in a Post-Modern World. Desiring God.
- Luther, M. 2004. *In: Die groot aanhalingsboek*. Lux Verbi.
- Piper, J. 2004. When I Don't Desire God. Crossway.
- Powlinson, D. 2007. *In: The Journal of Biblical Counselling* 25:2.
- Scott Peck, M. 2004. *In: Die groot aanhalingsboek*. Lux Verbi.
- Smit, D. 2004. *In: Die groot aanhalingsboek*. Lux Verbi.